# MAATSKAPLIKE GROEPWERK EN DIE VOORSIENING IN MAATSKAPLIKE BEHOEFTES VAN DIE MENS -

'n Ontleding van die behoeftes van die kliënt in Maatskaplike Werk en die keuse van 'n behandelingsmetode, met besondere aandag aan maatskaplike groepwerk

---

deur Jacoba M.C. Joubert

Verhandeling voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad MAGISTER ARTIUM in Maatskaplike Werk in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

Potchefstroom
September 1974

Opgedra aan my Moeder

BEDANKINGS

Hiermee wil ek graag my opregte dank en waardering uitspreek teenoor die volgende:

1. My leier, prof. D.J. Eloff vir sy leiding, onderskraging en aanmoediging.
2. Mnr. O.G. Kahl en ander dosente aan die PU vir CHO vir gesprekke, raad en wenke wat gelei het tot verheldering en motivering ten opsigte van die studie.
3. Al die studente van wie ek so baie kon leer in verband met die onderwerp van hierdie verhandeling.
4. Mev. Rina Kahl vir die tikwerk.
5. Faan en my moeder.
6. Aan God al die eer.

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK I INLEIDING

1. DIE KEUSE VAN DIE ONDERWERP 1
2. DIE DOEL VAN DIE ONDERSOEK 3
3. DIE METODE VAN ONDERSOEK 5
4. BEGRIPSOMSKRYWING 6
5. DIE AANBIEDING VAN DIE MATERIAAL 15

HOOFSTUK II DIE MENS IN SY VERHOUDINGS 17

1. DIE MENS IN SY VIER BASIESE VERHOUDINGS 18
   a. Die mens tot sy God 18
   b. Die mens tot sy medemens 20
   c. Die mens tot homself 22
   d. Die mens tot sy geheelomgewing 23
2. DIE SIENING EN BENADERING VAN DIE MENS IN SY VERHOUDINGS 24
   a. Mensbeskouing in die algemeen 24
   b. Die Christelike mensbeskouing 26
      (i) Die mens as unieke wese 29
      (ii) Die mens as eenheidswese 30
      (iii) Die mens as gebroke wese 32
      (iv) Die mens as ewigheidsbestemde wese 33
      (v) Die mens as geroepe wese 34
      (vi) Die mens as antwoordgewende wese 36
      (vii) Die mens as gespreksw‌ese 39
      (viii) Die mens as verbandswese 40
3. SAMEVATTING 41

HOOFSTUK III DIE MENS EN SY MAATSKAPLIKE FUNKSIONERING 43
1. MAATSKAPLIKE FUNKSIONERING 43
a. Rolvervulling en rolverwesenliking 45
b. Tussen-menslike verhoudings, handelinge en gebeur=tenisse 48
2. ENKELE ROLLE VAN DIE MENS IN DIE SAMELEWING 50
a. Die mens se rol in die huisgesin en die huwelik 50
b. Die mens as opvoedeling en opvoeder 51
c. Die mens as arbeider 51
d. Die mens as kultuurbeoefenaar 52
e. Die mens in sport en ontspanning 52
f. Die mens as staatsburger 52
g. Die mens as lidmaat van 'n kerk 52
3. DIE MENS IN NOOD 53
a. Die oorsprong van nood 56
b. Die betekenis van nood 57
c. Fasette van nood 59
d. Lyding 64
e. Die gevolge van nood en lyding 67
f. Medelye 68
g. Die mens as hulpbehoewende 69
h Maatskaplike nood 71
4. SAMEVATTING 73

HOOFSTUK IV MAATSKAPLIKE WERK AS HELPENDE PROFESSIE 76
1. DIE TERREIN EN AARD VAN MAATSKAPLIKE WERK 77
2. DIE DOEL, TAAL EN FUNKSIE VAN MAATSKAPLIKE WERK 79
3. MENSBESKOUING IN MAATSKAPLIKE WERK 86
a. Die invloed van mensbeskouing in maatskaplike werk 86
b. Die mensbeskouing en uitgangspunte in maatskaplike werk 87
(i) Elke mens is van die hoogste waarde 90

(ii) Elke mens moet aanvaar word soos hy is. 91
(iii) Die mens het nie net regte nie, maar ook pligte en ver=antwoordelikhede 92
(iv) Elke mens het selfbeslissingsverantwoordelikheid 93
(v) Elke mens is veranderlik 95
(vi) Alle mense behoort gelyke geleenthede tot selfontwikke=ling te hê, maar binne perke van sy eie moontlikhede en vermoëns 97
(vii) Toepassing van die basiese uitgangspunte in maatskap=like werk 98
4. DIE METODES IN MAATSKAPLIKE WERK 99
a. Die instaatstellende metodes 101
b. Die terapeutiese metodes 102
(i) Maatskaplike gevallewerk 105
(ii) Maatskaplike groepwerk 107
(iii) Maatskaplike gemeenskapswerk 108
(iv) Die groepering van die terapeutiese metodes in onder=linge skakeling 112
5. SAMEVATTING 114

HOOFSTUK V MAATSKAPLIKE GROEPWERK AS TERAPEUTIESE METODE 116
1. DIE TERREIN EN AARD VAN MAATSKAPLIKE GROEPWERK 116
2. DIE DOEL VAN MAATSKAPLIKE GROEPWERK 121
3. DIE GROEPPROSES EN DIE MAATSKAPLIKE GROEPWERKPROSES 128
4. DIE TERAPEUTIESE PROSES IN MAATSKAPLIKE GROEPWERK 133
5. GROEPSFASETTE IN DIE MAATSKAPLIKE GROEPWERKPROSES 143
a. Groepvorming 144
b. Groepstrukturering 145
c. Ontwikkeling van atmosfeer, moreel en klimaat 146
d. Ontwikkeling van groepsgebondenheid 147
e. Ontwikkeling van groepswaardes en groepsnorme 148
f. Ontwikkeling van groepskontrole en -beheer 151

g. Ontwikkeling van groepsverhoudinge en groepsinter= aksie 152
6. KENMERKE VAN 'N GROEP 154
7. SOORTE GROEPE IN MAATSKAPLIKE GROEPWERK 155
a. Inligtingsgroepe 156
b. Onderriggroepe 156
c. Onderlinge ondersteuningsgroepe 156
d. Groei-georiënteerde groepe 157
e. Probleemgesentreerde groepe 157
f. Taak-georiënteerde groepe 157
g. Maatskaplike aksiegroepe 157
8. SAMEVATTING 158

HOOFSTUK VI DIE MENS IN NOOD IN DIE MAATSKAPLIKE GROEPWERK= SITUASIE 161
1. DIE BASIESE BEHOEFTES VAN DIE MENS 162
2. DIE INDIVIDU EN SY PROBLEEM 164
3. GEVOELENS EN VERWAGTINGS VAN DIE KLIËNT IN MAATSKAPLIKE WERK 165
4. INDIVIDUALISASIE IN MAATSKAPLIKE GROEPWERK 167
5. INSKAKELING VAN DIE KLIËNT BY 'N BEPAALDE GROEP 172
6. DIE KLIËNT SE AANPASSING EN EENWORDING MET DIE GROEP 173
7. DIE KLIËNT SE AANWENDING VAN DIE GROEP TOT SY VOORDEEL EN SY AKTIEWE DEELNAME AAN GROEPSAKTIWITEITE 178
8. DIE KLIËNT SE BEVREDIGENDE MAATSKAPLIKE ROLVERVULLING EN LOSMAKING VAN DIE GROEP 186
9. SAMEVATTING 188

HOOFSTUK VII DIE MAATSKAPLIKE GROEPWERKER AS PROFESSIONELE HELPER 191

1. DIE MAATSKAPLIKE GROEPWERKER AS TERAPEUT 192
2. VAARDIGHEDE EN BEDREWENHEDE VAN DIE MAATSKAPLIKE GROEPWERKER 195
3. DIE ROL, TAAK EN FUNKSIE VAN DIE MAATSKAPLIKE GROEPWERKER 203
   a. Die rol van die maatskaplike groepwerker in die aanvangsperiode van die terapeutiese proses 204
   b. Die rol van die maatskaplike groepwerker in die middelperiode van die terapeutiese proses 212
   c. Die rol van die maatskaplike groepwerker in die afrondingsfase van die terapeutiese proses 216
4. ADMINISTRATIEWE AANPASSING WAT NODIG IS VIR DIE GEBRUIKMAKING VAN DIE MAATSKAPLIKE GROEPWERK METODE 227
5. SAMEVATTING 229

HOOFSTUK VIII SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKINGS EN TOEKOMSPERSPEKTIEF 233

BRONNELYS 242

# HOOFSTUK I

# INLEIDING

## 1. DIE KEUSE VAN DIE ONDERWERP

Gedurende die afgelope paar jaar is daar 'n toename in belangstelling, teoreties sowel as prakties, in maatskaplike groepwerk as metode van die maatskaplike werk. Hierdie toename in belangstelling word onder andere aangewakker deur nuwe benaderings soos byvoorbeeld, dat 'n persoon alleen 'n maatskaplike werker is as hy meester is in die toepassing van maatskaplike gevallewerk, maatskaplike groepwerk en maatskaplike gemeenskapswerk in die behandeling van sy kliënte.

Reeds vanaf studentejare het maatskaplike groepwerk as metode van die maatskaplike werk, die besondere belangstelling van ondersoeker gewek. Ook die belangstelling in en deelname aan jeugwerk, waar groepwerk 'n uiters belangrike rol speel, het belangstelling versterk en die oortuiging gebring dat maatskaplike groepwerk as terapeutiese metode van maatskaplike werk nie tot sy reg kom in die praktyk nie.

Die hantering van groepe en die dosering van maatskaplike groepwerk, asook die waarneming van supervisie van studente wat besig was met praktiese maatskaplike groepwerk aan die PU vir CHO, het insig in die metode, maar ook die besef gebring dat 'n intensiewe studie van hierdie terapeutiese metode van maatskaplike werk 'n noodsaaklikheid is. Dit het dan ook direk aanleiding gegee tot die keuse van die onderwerp.

As gevolg van akademiese agtergrond (met besondere verwysing na die Christelike lewens-, wêreld- en mensbeskouing) en opvoeding, was dit vreemd om op konferensies en simposia te ervaar dat aan

behoudende mensbeskouing dikwels so min waarde geheg word - ook en veral in die maatskaplike werk. Dit het aanleiding gegee tot meer navorsing oor die Christelike mensbeskouing in die besonder.

In die verhandeling word na die maatskaplike werker as "mens" en die kliënt as "mens" gekyk vanuit die Christelike lewens-, wêreld- en mensbeskouing. Verder word die invloed van hierdie beskouing op die maatskaplike werk en die benadering van die maatskaplike werker tot sy kliënt, bepaal. Dit is ten doel gestel om die kliënt voorop te stel en 'n behandelingsmetode te vind wat by sy besondere nood sal aanpas.

Met die vinnige ontwikkeling van maatskaplike groepwerk in Suid-Afrika en die ontwikkeling van terapie in groepsverband in baie ander dissiplines, vereis hierdie metode baie navorsing. Gedu=rende die afgelope tyd het verskeie bronne oor maatskaplike groep=werk verskyn - ook in Suid-Afrika. In hierdie verhandeling word die kliënt as mens, met sy besondere nood voorop gestel en word die geskikste maatskaplikewerk-metode gekies vir die leniging van sy nood. Die uitgangspunt in hierdie verhandeling is die Chris=telike lewens-, wêreld- en mensbeskouing.

Die vertroue word uitgespreek dat hierdie ondersoek veral die stu=dente in maatskaplike werk en die kollegas in die professie, tot voordeel sal strek.

## 2. DIE DOEL VAN DIE ONDERSOEK

Evaluasie van die praktyk is nodig om vas te stel of die dienste wat gelewer word effektief is.[1] Dit word gedoen deur die effek wat 'n bepaalde optrede tot gevolg gehad het, te vergelyk met dit wat ten doel gestel is. Dit kan egter ook gedoen word deur die doelstelling te vergelyk met die aard en inhoud, maar veral met die effektiwiteit van die metodes wat toegepas word om hierdie doelstelling te bereik.

Sonder om die inhoud van die verhandeling vooruit te loop, word hier reeds daarop gewys dat die professie ten doel het die verbe= tering van die maatskaplike funksionering van die mens. Dit be= teken die maksimum rolvervulling van elke individu binne sy vermoë en sy gesonde tussen-menslike-verhoudings. Hierdie doel word verwesenlik deur die voorkoming en opheffing van maatskaplike nood en die daarstelling van die nodige hulpbronne.[2]

Om hierdie doel te verwesenlik het die professie verskillende me= todes tot sy beskikking naamlik die drie erkende primêre of tera= peutiese metodes, maatskaplike gevallewerk, maatskaplike groepwerk, maatskaplike gemeenskapswerk, asook die sekondêre of instaatstel= lende metodes.

Soos reeds in 'n mate uit die benaming van die verskillende meto= des afgelei kan word, verskil die metodes hoofsaaklik daarin dat met die kliënt gewerk word in verskillende omstandighede.

---

1) Vgl. Winckler, A.T. *Maatskaplike werk-navorsing met besondere verwysing na die Republiek van Suid-Afrika.* Ongepubli= seerde M.A. verhandeling. Pretoria, Unisa, Jan. 1964. pp. 13-20.

2) Vgl. Boehm, W.W. *Objectives of the social work curriculum of the future, Vol. I.* New York, Council of Social Work Educa= tion, 1959. p. 54.

In hierdie verhandeling gaan dit om maatskaplike groepwerk as 'n besondere metode in die praktyk van die maatskaplike werk, en hoe daardeur voorsien kan word in die behoeftes van die persoon (kliënt) wat deur dié metode behandel word. Die onderwerp het dus te make met maatskaplike werk as helpende betrekking, maat=skaplike groepwerk as een van die metodes waardeur gehelp (behan=del) word, maar dan veral gesien vanuit die oogpunt van die kliënt en sy probleem.

Elke kliënt wat die aandag van 'n maatskaplike werker benodig, verskil uit die aard van die saak in mindere of meerdere mate van elke ander kliënt. So verskil ook die omstandighede van elke kliënt asook die probleme wat deur hom ondervind word. Soos la=ter meer in besonder aangetoon sal word, kom alle probleme van maatskaplikewerk-kliënte in dié sin ooreen, dat dit te doen het met 'n wanverhouding tussen die kliënt en sy verskillende verhou=dings en gebrekkige rolvervulling in sy maatskaplike funksionering.

Die doel van die ondersoek is om te bewys dat:

- dit noodsaaklik is om die kliënt met sy bepaalde probleem in die sentrum te stel in die behandelingsprogram;
- die effektiefste behandelingsmetode(s) van maatskaplike werk vir die hulpverlening gekies moet word;
- deur die toepassing van die besondere behandelingsmetode(s), die nuttigste gebruik gemaak word van die dienste van die maatskaplike werker en die organisasie; en
- die kliënt op hierdie wyse die maksimum voordeel uit die be=handeling trek vir sy onmiddellike probleme, maar ook vir die hantering van sy toekomstige nood.

## 3. DIE METODE VAN ONDERSOEK

Vir oriëntering en rigtinggewing ten opsigte van die onderwerp is van die literatuurstudie as navorsingsmetode gebruik gemaak. Die bestudering van toepaslike literatuur wat handel oor maatskaplike groepwerk as terapeutiese metode, die Christelike mensbeskouing, en veral die maatskaplike nood van die mens, was 'n noodsaaklikheid. Daar is hoofsaaklik van Amerikaanse, Engelse, Nederlandse en Afrikaanse literatuur gebruik gemaak, waarin uiteenlopende sienings oor die onderwerp aangetref is.

Ondersoek is ook gedoen deur persoonlike waarneming tydens die hantering van groepe by verskillende instansies soos 'n inrigting vir swaksinniges, 'n kinderhuis, 'n spesiale skool. Nuttige waarnemings is gedoen tydens die praktiese maatskaplike groepwerk van studente aan die PU vir CHO oor 'n tydperk van drie jaar en veral die hantering van supervisie. Besoeke is gebring aan en onderhoude is gevoer veral met maatskaplike groepwerkers verbonde aan verskillende instansies wat maatskaplike groepwerk beoefen.

Maatskaplike groepwerk is nog maar 'n redelik nuwe metode van die maatskaplike werk, veral in Suid-Afrika en tot 'n groot mate nog onontgin. Buitelandse bronne kan nie net so op Suid-Afrikaanse toestande toegepas word nie, maar moet aangepas word omdat die benadering, uitgangspunte, omstandighede en die ontwikkeling van die maatskaplikewerk-beroep van land tot land verskil. Maatskaplike groepwerk word byvoorbeeld in Amerika tot 'n groot mate gebruik om onder andere ook rasse-integrasie te bewerkstellig. Daar bestaan dus verskillende beklemtonings en benaderingswyses.

Veral by die mensbeskouing en begronding van maatskaplike werk, was 'n verdere probleem wat ondervind is met die navorsing, die ondersoeker se beperkte kennis aangaande die wysbegeerte en die vrees om in verskillende wysgerige strominge te beland.

'n Tekort aan bronne behoort nie vir navorsing 'n probleem te wees nie, want as alles reeds oor 'n onderwerp gesê is, is verdere na=vorsing nie nodig nie. Hoewel die beperkte bronne oor bepaalde aspekte van die ondersoek die studie tot 'n groot mate bemoeilik het, was dit, saam met die besondere belangstelling, juis die aan=sporing tot die studie.

## 4. BEGRIPSOMSKRYWING

'n Eiesoortige terminologie is een van die vereistes waaraan 'n wetenskap en professie moet voldoen. In die maatskaplike werk in die Republiek van Suid-Afrika is 'n aanvang gemaak met die omskry=wing van die mees algemene terme in die Woordeboek vir Maatskap=like Werk.[1)]

Sekere begrippe is wel omskrywe maar nog nie definitief duidelik omlyn nie. Ten opsigte van andere is daar weer in sekere opsigte 'n oorvleueling van betekenis. Ten einde verwarring uit te ska=kel, sal die volgende begrippe wat telkens in die verhandeling ge=bruik word, omskryf word, naamlik: "maatskaplik", "maatskaplike sorg", "maatskaplike werk", "maatskaplike werker", "maatskaplike groepwerk", "maatskaplike groepwerker" en "maatskaplike funksione=ring".

Maatskaplik: Die Verklarende Afrikaanse Woordeboek gee die vol=gende omskrywing van die begrip 'maatskaplik': "Betreffende die maatskappy, sosiaal". Maatskappy word deur hulle omskryf as: "omgang, verkeer van mense, die samelewing".[2)]

---

1) Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk, *Verklarende Afrikaanse woordeboek vir maatskaplike werk.* Pretoria, Staatsdrukker, 1971.

2) H.A.T. *Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal.* Pretoria, Voortrekkerpers, 1971. p. 525.

Dit bly egter nog 'n vae begrip wat ook saamgevat kan word met die begrip 'gemeenskaplik' en 'saamwees'.

In die Christelike Ensiklopodie se omskrywing van maatskappy sê Van Riessen dat die woord maatskappy van 'maatskap' of 'geselskap' afgelei word. Volgens hom word die term maatskappy gebruik vir konkrete sake soos 'n onderneming, vereniging of genootskap. Hy sê maatskappy beteken ook die struktuur van die samelewing - met ander woorde die raamwerk van die samelewing. Om vir die self=standigheid van die nie-statiese 'n term te soek, het Kuyper, (volgens Van Riessen), naas staat en kerk die oorblywende, met "maatskappy" aangedui. Van Riessen vind dit op die duur nie be=vredigend nie omdat maatskappy dan 'n versameling van allerlei lewensverbande aandui. Hy omskryf maatskappy as die geheel van die vorme van die menslike samelewing. As sodanig is die maat=skappy allereers die lewensmilieu van die mens, vervolgens die in=strument van mense om iets te bereik, byvoorbeeld op die terrein van die wetenskap, tegniek of kuns. Ten slotte is dit 'n opdrag vir die mens om die maatskappy te bou en te omskep, in soverre dit by die historiese ontwikkeling uitbouing vereis en in soverre dit misvormd is. Die maatskappy is lewensvoorwaarde vir die mens en beïnvloed die mens geestelik.[1)]

Die Teologiese woordeboek van die Nuwe Testament beklemtoon die verhouding van die individu en die samelewing in die volgende aan=haling: "The freeing of the individual from society disturbs society."[2)] As die individu hom losmaak van die samelewing, word

---

1) Vgl. Van Riessen, H. In *Christelijke Encyclopedie* onder re=daksie van Grosheide, F.W. en Van Itterzon, G.P. Kampen, J.H. Kok, 1959. p. 526.

2) Kittel, G. *Theological dictionary of the New Testament. Vol. III*, Michican, W.M.B. Eerdmans Publishing Co., 1965. p. 791.

nie net die samelewing daardeur benadeel nie, maar ook die individu self, want die mens is verbandswese en bestaan nie alleen nie. Uit bogenoemde kan afgelei word dat maatskaplik die verhouding is van die individu en die gemeenskap, die verhouding van individu tot individu wat die maatskappy uitmaak en die verhouding van die samelewingsverbande onderling binne die maatskappy. Die ontleding van hierdie begrip verg egter 'n volledige studie.

Maatskaplike sorg: Die Woordeboek vir Maatskaplike Werk omskryf maatskaplike sorg soos volg: "Aktiwiteite wat die bevordering van die sosiale welsyn van die mens beoog."[1]

Theron skryf dat: "Maatskaplike sorg dui op die daarstelling van fasiliteite en maatreëls deur die samelewing vir die bevordering van die maatskaplike welsyn van sy lede."[2]

Maatskaplike sorg het ook 'n terrein nodig waarbinne die maatreëls, fasiliteite en aktiwiteite bestaan.

Pieterse haal Van Zyl aan wat skryf: "Maatskaplike sorg dek die hele terrein van die gemeenskapslewe en bestaan uit maatreëls wat getref en fasiliteite wat daargestel word om die maatskaplike lewe gesond en sterk te maak en dit so te hou. Dit sluit dinge soos gesondheidsorg, werkverskaffing, woningvoorsiening, onderwys ensovoorts in."[3]

Maatskaplike sorg is dus alle dienste aan die mens wat op die breë

---

1) *Woordeboek vir maatskaplike werk,* p. 39.

2) Theron, J.S. *Die begrip maatskaplike werk met besondere aandag aan mens- en lewensbeskouing.* Ongepubliseerde D.Phil-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1965. p. 5.

3) Pieterse, J.E. "Groepwerk as metode in die maatskaplike werk" In *Professionele maatskaplike werk* onder redaksie van G. Cronjé. Pretoria, J.L. Van Schaik, 1965. p. 140.

terrein van die gemeenskapslewe gelewer word. Hierdie sambreel=begrip, naamlik maatskaplike sorg, sluit onder andere verskeie professies en dienste in wat almal ten doel het om die mens te help om die hoogs moontlike graad van funksionering in sy samele=wing en persoonlike lewe te bereik. Maatskaplike werk is dus 'n onderdeel van maatskaplike sorg.

Maatskaplike werk: Hierdie begrip word deur Boehm soos volg om=skryf: "Social work seeks to enhance the social functioning of individuals, singly and in groups, by activities focused upon their social relationships which constitute the interaction be=tween man and his environment. These activities can be grouped into three functions: restoration of impaired capacity, provision of individual and social resources, and prevention of social dys=function."[1)]

Die siening van Skidmore en Thackery verskil nie veel van Boehm se mening nie en hulle beskryf maatskaplike werk soos volg: "Social work is an emerging profession which focuses particularly on hel=ping people to solve their personal, family, and community pro=blems through enhancing social functioning."[2)]

Vir die doeleindes van hierdie verhandeling word maatskaplike werk gesien as wetenskap, beroep en professie, met 'n terapeutiese doel ten opsigte van die kliënt met sy maatskaplike behoeftes, probleme en nood, wat tot so 'n mate sy maatskaplike funksionering aantas of belemmer, dat hy nie sy rol vervul nie of onbevredigend vervul. Die hulp wat verleen word, word gebied deur die maatskaplike werker

---

1) Boehm. *Objectives in the social work curriculum of the fu=ture, Vol. I,* p. 54.

2) Skidmore, R.A. en Thackery, M.G. *Introduction to social work.* New York, Meredith Publiching Co., 1964. p. 17.

soos toegepas deur die effektiefste maatskaplikewerk-metode.

Maatskaplike werk het ook 'n waardegrondslag omdat dit te doen het met die waarde- en normesisteem van die mens. Marie Kamphuis bevestig dit as sy sê: "Maatschappelijk werk is een beroep dat uitermate waardegeladen is."[1]

Maatskaplike werker: Dit sou 'n logiese afleiding wees om te aanvaar dat 'n maatskaplike werker die beoefenaar is van die beroep/professie, maatskaplike werk, en wat hom of haar akademies daarvoor bekwaam het.

Die Woordeboek vir Maatskaplike Werk omskryf "Maatskaplike Werker" soos volg: "Persoon wat die professie van maatskaplike werk beoefen."[2]

Na bestudering van 'n hele aantal definisies oor wat 'n maatskaplike werker is, kom Eloff tot die gevolgtrekking: "... 'n persoon wat deur professionele opleiding aan 'n goedgekeurde opleidingsinrigting, homself bekwaam het in die wetenskap van Maatskaplike Werk, waardeur hy sekere professionele bekwaamhede, vaardighede en kundighede ontwikkel het en deur die toepassing van die verskillende metodes van maatskaplike werk geskik is om maatskaplike afwykingsverskynsels in die samelewing te voorkom, te diagnoseer of te behandel om sodoende die maatskaplike aanpassing tussen die individu en die maatskaplike milieu, dit wil sê sy gesonde maatskaplike funksionering, te bevorder. Hierdie dienste word binne die raamwerk van sekere staatsdepartemente, partikuliere welsynsorganisasies en kerke verrig."[3]

---

1) Kamphuis, M. "Functie en verantwoordelijkhede van het Maatschappelijk Werk vandaag" In *Professionele Maatskaplike Werk.* p. 28.

2) *Woordeboek vir maatskaplike werk,* p. 40.

3) Eloff, D.J. *Enkele aspekte van belang by die ontstaan en ontwikkeling van maatskaplike werk.* Potchefstroom, Pro Rege Pers, 1968. pp. 102-103.

Maatskaplike groepwerk: Alhoewel daar in oorsese literatuur nog altyd gepraat is van "social group work", is dit in Afrikaans net vertaal as "groepwerk". Soos Botha ook bevestig, word hierdie selfde term deur verskeie ander professies ook so gebruik en dit kan verwarrend wees.[1] In die nuwere Afrikaanse literatuur soos onder andere die genoemde bron van Botha en die boek van Hofmeyr,[2] word die term "maatskaplike groepwerk" gebruik wat die metode aan=dui wat alleenlik deur die maatskaplike werker gebruik word en nie ook deur lede van ander professies nie.

Klein sê: "Whether one calls it social groupwork, or social work in groups, as long as it is social work and it operates through the focus on group process."[3]

By die naamgewing van sekere begrippe in die maatskaplike werk, steek 'n mens vas by die onbevrediging wat die terme bied en laat dit in die lig van die beperktheid van die menslike vermoë 'n ge=voel van onvermoë, om dit ook persoonlik beter te formuleer. So is dit dan ook die geval met hierdie term "Maatskaplike groepwerk". In die Nederlande word ook gepraat van "groep maatskaplike werk". Hierdie term is in Afrikaans nog minder bevredigend. Daar word dus in hierdie ondersoek volstaan met die term "maatskaplike groepwerk".

Coyle se omskrywing lui soos volg: "Social group work, like casework, community organization, administration, and research, is now recognized as a basic aspect of social work practice. Its distinct characteristics lie in the fact that group work is used

---

1) Botha, D. *Maatskaplike groepwerk.* Pretoria, Van Schaik Bpk., 1972. pp. 4-5.

2) Vgl. Hofmeyr, L. *Die groepsgesprek in maatskaplike groepwerk.* Pretoria, Mc Graw-Hill Boekmaatskappy, 1972.

3) Klein, A.F. *Social work through group process.* New York, State University of New York, 1970. p. 47.

in social relationships within group experience as a means to in= dividual growth and development, and that the group worker is con= cerned in developing social responsibility and active citizenship for the improvement of democratic society."[1)]

Konopka skryf oor maatskaplike groepwerk: "Social group work is a method of social work which helps individuals to enhance their social functioning through purposeful group experiences and to cope more effectively with their personal, group or community pro= blems."[2)]

In ons Afrikaanse literatuur skryf Botha: "Maatskaplike groep= werk is 'n metode van die maatskaplike werk waar daar deur die professionele aanwending van die gebeure in die groep die doel van maatskaplike werk nagestreef word. Hieruit blyk dat alleen 'n opgeleide maatskaplike groepwerker die metode kan gebruik, onder andere, omdat hy bewus moet wees van die maatskaplike interaksie (groepproses) wat in die groep plaasvind en dit doelgerig moet aanwend. Die klem val op die groep wat uit verskillende indivi= due bestaan, maar hierdie groeplede moet geïndividualiseer word anders word die maatskaplike werk metode geweld aangedoen."[3)]

Maatskaplike groepwerk kan dus gesien word as een van die primêre behandelings- of terapeutiese metodes van die maatskaplike werk, waar die groep as terapeutiese medium en oefenskool aangewend word deur die maatskaplike groepwerk en gebruik word deur elke individuele lid tot voordeel van elke individuele kliënt, wat

1) Coyle, G.L. *Group work with American youth.* New York, Harper, 1948. p. 4.

2) Konopka, G. *Social group work: A helping process.* New York, Prentice Hall Inc., 1963. pp. 20 en 34.

3) Botha. *Maatskaplike groepwerk,* p. 5.

saam met die ander groeplede, met 'n gemeenskaplike probleem in die groep geselekteer is en terapie ontvang. Die einddoel moet altyd wees die daarstelling of verbetering van die maatskaplike funksionering van die kliënt binne hierdie groep, met die langtermyn invloed op en stabilisering van alle ander rolle en verhoudings wat hy moet vervul.

Maatskaplike groepwerker: Trecker haal die definisie aan van die American Association of group workers: "The group worker enables various types of groups to function in such a way that both group interaction and program activities contribute to the growth of the individual, and the achievement of desirable social goals."[1]

Die Vaktaalkomitee vir maatskaplike werk sê: "Die maatskaplike werker wat groepwerk doen"[2] is 'n maatskaplike groepwerker.

Die maatskaplike groepwerker is altyd 'n maatskaplike werker wat 'n bepaalde maatskaplikewerk-metode beoefen in die uitvoering van sy werk.

Vir die uitvoering van hierdie metode, net soos vir enige van die ander maatskaplikewerk-metodes, benodig die maatskaplike werker bepaalde bedrewenhede, vaardighede en kennis, behalwe die algemene bedrewenhede, vaardighede en kennis soos van belang vir al drie terapeutiese metodes.

Maatskaplike funksionering: Later in die verhandeling word meer breedvoerig ingegaan op die term. Maatskaplike funksionering kan saamgevat word as rolvervulling en tussen-menslike-verhoudings in samelewingsverband.

---

1) Trecker, H.B. *Social Group Work, Principles and Practices.* New York, Association Press, 1965. p. 24.

2) *Woordeboek vir maatskaplike werk,* p. 26.

"Maatskaplike funksionering" is 'n belangrike term in die maatskaplike werk en word onder andere so omskryf deur Werner Boehm: "The goal of social work is the enhancement of social functioning wherever the need for such enhancement is either socially or individually perceived."[1)]

Boehm omskryf verder: "Social functioning in this context designates those activities considered essential for performance, of the several roles which each individual by virtue of his membership in social groups, is called upon to carry out."[2)]

Van Rooyen sê: "Vir die maatskaplike werk is maatskaplike funksionering dus 'n aktiwiteit van binne die individu na buite toe, inagnemende al die innerlike en uiterlike faktore (somaties, psigies en maatskaplik) wat sy funksionering as individu bepaal", en verder: "Maatskaplike funksionering kan derhalwe beskou word as die totaal van die individu se aktiwiteite, op alle vlakke van sy lewensbestaan, in interaksie met ander individue en situasies in sy geheelomgewing."[3)]

Uit die bostaande definisies kan ons dus aflei dat hierdie maatskaplike funksionering te doen het met iets wat verkeerd gegaan het en reggestel moet word.

---

1) Boehm. *Objectives of the social work curriculum of the future. Vol. I,* p. 46.

2) Ibid.

3) Van Rooyen, I.J.J. *Maatskaplike funksionering en die maatskaplike werk.* Pretoria. Mededelings van die Universiteit van Suid-Afrika, 1963. p. 11.

## 5. DIE AANBIEDING VAN DIE MATERIAAL

Die studie word, behalwe die inleidende hoofstuk, verdeel in sewe hoofstukke. Die tweede en derde hoofstuk kan saam gegroepeer word en handel oor die mens en sy nood; die vierde en vyfde hoofstuk oor die helpende professie Maatskaplike Werk met 'n bepaalde metode van hulp; die sesde en sewende hoofstuk oor die hulpbehoewende mens en die hulpverlenende mens en hul aandeel in die oplossing van die maatskaplike nood van die mens. Dit som ook die probleemstelling op naamlik: die mens met sy besondere nood en die effektiefste behandelingsmetode in die maatskaplike werk, soos uitgevoer deur die maatskaplike werker in samewerking met en tot voordeel van die kliënt.

In die tweede hoofstuk word begin met die mensbeskouing aangesien die mens altyd die "materiaal" bly waarmee die maatskaplike werker werk en 'n omlynde siening daarvan is belangrik, voordat verder oor die professie gepraat kan word. Die mensbeskouing en meer bepaald die Christelike mensbeskouing, vorm die basis waarop ondersoeker die studie baseer. Ondersoeker gaan van die standpunt uit dat alle maatskaplike wanfunksionering die gevolg is van die mens se wanverhouding in sy vier primêre of basiese verhoudings.

Die derde hoofstuk sentreer rondom die mens en sy maatskaplike funksionering, met ander woorde sy rolvervulling, rolverwesenliking en sy tussen-menslike-verhoudings. Wanneer daar wanfunksionering intree, ontstaan maatskaplike nood wat na 'n oplossing vra, die medelye van die medemens wek en vanweë die intensiteit daarvan, professionele hulp vereis.

'n Omskrywing van hierdie professionele hulp volg in hoofstuk vier, naamlik 'n bespreking van Maatskaplike Werk. Die aard, doel,

taak en funksie van die maatskaplike werk, asook die invloed van die mensbeskouing op die professie, word bespreek. Aan die einde van die hoofstuk volg 'n bespreking van die drie erkende terapeutiese metodes van maatskaplike werk.

In hoofstuk vyf volg 'n bespreking van maatskaplike groepwerk as terapeutiese metode van die maatskaplike werk. Die mens met sy besondere eienskappe, samestelling en sy besondere nood word voorop gestel en daarby moet die besondere terapeutiese metode van maatskaplike werk aangepas word. 'n Omskrywing van hierdie metode word gevolg deur 'n bespreking van die proses van maatskaplike groepwerk wat onder andere inhou, die doelbewuste skepping van 'n terapeutiese medium vir die besondere kliënt.

Bespreking van hierdie proses word voortgesit in hoofstuk ses waar na die aandeel van die mens in nood, in sy maatskaplike groepwerkterapie gekyk word. Sonder die heelhartige medewerking van die kliënt kan die terapie geen sukses inhou nie. Dit beteken dat die kliënt die groep sy eie moet maak, daaruit moet neem soveel as wat hy benodig vir die regstelling van sy maatskaplike wanfunksionering, maar ook homself "teruggee" en deel neem aan die groep, tot voordeel van andere en indirek van homself.

Hoofstuk sewe handel oor die rol van die maatskaplike groepwerker in die daarstelling en die funksionering van hierdie terapeutiese medium.

Hoofstuk agt, die slothoofstuk, dien as samevatting van die studie as geheel met die gevolgtrekkings waartoe ondersoeker gekom het, asook enkele gedagtes met betrekking tot die toekomstige ontwikkeling van maatskaplike groepwerk in Suid-Afrika.

# HOOFSTUK II

## DIE MENS IN SY VERHOUDINGS

Maatskaplike werk is 'n menswetenskap, omdat die materiaal waarmee daar gewerk word, altyd die mens is. In enige beroep of professie is 'n grondige kennis van die objek waarmee gewerk word, altyd 'n vereiste - so ook in die maatskaplike werk. Dit sou onwetenskaplik en onverantwoordelik wees van enige maatskaplike werker om met die mens te werk en nie 'n duidelike gedefinieerde mensbeeld te hê nie.

Besondere kennis in verband met die mens en sy verhoudings is onontbeerlik in die maatskaplike werk. Die maatskaplike werker staan in sy dienslewering in 'n besondere verhouding tot sy medemens, tot God, tot homself en tot sy gemeenskap - so ook die kliënt in nood.

Kennis van tussen-menslike verhoudings en rolvervulling is noodsaaklik aangesien hierdie verhoudings voortdurend na vore kom in maatskaplike werk. Die basiese kenmerk van maatskaplike gevallewerk is die een-tot-een verhouding. Die kenmerk van maatskaplike groepwerk is die een-tot-een verhouding tussen die maatskaplike werker en die afsonderlike kliënte, sy verhouding tot die groep as sodanig en die onderlinge verhoudings van die groeplede. Die kenmerk van maatskaplike gemeenskapswerk is 'n verskeidenheid van verhoudings tussen die werker, individue en groepe en die gemeenskap asook tussen werker en die gemeenskap as sodanig.

Die mensbeskouing mag onderling verskil. Elke maatskaplike werker is dit egter aan homself, aan sy beroep, aan sy kliënte en die organisasie in wie se diens hy staan, verskuldig om 'n duidelike standpunt in te neem in verband met dié saak.

Uit die aard van die saak is daar baie verskillende lewens-, wêreld- en mensbeskouings. Uit eie oortuiging wat voortspruit uit opvoeding en opleiding word hierdie ondersoek gedoen vanuit die Christelike lewens-, wêreld- en mensbeskouing, wat op die Bybel as die Woord van God gefundeer is. Hierdie is die basis waarop en die vertrekpunt waarvandaan ondersoeker se hele siening van maatskaplike werk berus en kan dus nooit daarvan losgemaak word nie.

Verder is dit van die grootste belang om te onthou dat die mens nie as enkeling geskape is nie, maar homself binne 'n sekere ver= band bevind. 'n Studie van die mens moet dus altyd by die mens in sy besondere verhoudings as vertrekpunt, begin.

## 1. DIE MENS IN SY VIER BASIESE VERHOUDINGS

Kragtens sy skepping staan die mens altyd in verhouding. Heyns sê: "Die tipiese van die Goddelike bestaanswyse is dat Hy in ver= houdinge bestaan: tot Homself, omdat Hy die drie-enige God is, tot die wêreld, waarvan Hy die Skepper en Onderhouer is. En die tipiese van die mens is dat hy ook in verhoudinge bestaan en juis in hierdie verhoudinge iets van die Goddelike bestaanswyse weer= spieël."[1)]

### a. Die mens tot sy God

Die belangrikste verhouding in die mens se lewe is die vertikale verhouding tot God.

Die mens as beeld van God, is onlosmaaklik aan sy Skepper verbonde. Berkhof skryf: "De mens is aan God gebonde als een vis aan het

---

1) Heyns, J.A. *Die nuwe mens onderweg.* Johannesburg, Tafel= berguitgewers, 1970. p. 100.

water, die als hij vrij is van het water, vrijheid onherroepelijk verliest."[1]

"God is geen illusie, waandenkbeeld, idee of begrip nie, maar hoogste werklikheid. As die Gans Andere en Verborgene is Hy eg= ter vir die mens volkome onbereikbaar en onbekend."[2] Dreyer meen verder dat die verhouding tussen God en mens alleen op ini= siatief van God tot stand kan kom en wel deur Sy openbaring aan die mens. Hierdie verhouding is in die eerste plek nie 'n ken= verhouding nie, maar 'n persoonlike verhouding. Hy skryf: "Die Goddelike Persoon spreek die menslike persoon aan en in hierdie aanspreek eis God die hele mens op."[3] Christus is die Middelaar deur wie die mens God aanspreek en deur Hom antwoord die mens op die aanspraak van God.

Kooistra meen: "It is man, the image-bearer of God, who is the only one in the created totality who is able to attain a deep understanding of His maker and a humble adoration for Him from who all values flow."[4]

Heyns meen: Die mens is mens van God - deur Hom in aanskyn geroep, deur Hom midde-in die wêreld geplaas.[5] Hierdie dialogiese ver= tikale verhouding van die mens is absoluut persoonlik. Die

---

1) Berkhof, H. *De mens onderweg. Een Christelijke mensbeschou= wing.* 's Gravenhage, Boekencentrum N.V., 1963. p. 33.

2) Dreyer, P.S. "Die wysgerige antropologie en die teologie" In *Die Wysgerige antrolopogie en die mensewetenskappe* onder re= daksie van G. Cronjé. Pretoria, J.L. van Schaik, 1966. p. 33.

3) Ibid.

4) Kooistra, R. *Facts and values. A Christian approach to sociology.* Ontario, The Association for reformed scientific studies, 1963. p. 58.

5) Vgl. Heyns. *Die nuwe mens onderweg,* p. 100.

bestudering van hierdie verhouding van die mens is absoluut persoonlik. Die bestudering van hierdie verhouding God-mens, is die terrein van die Teologie, alhoewel dit tog deurwerk op alle terreine en in alle wetenskappe. Elke kliënt en elke maatskaplike werker staan as mens in hierdie primêre verhouding. Die verwerkliking van hierdie verhouding tot God word weerspieël in alle verhoudings en rolle, veral ook in die Maatskaplikewerk-behandeling.

b. Die mens tot sy medemens

Op die horisontale vlak staan die mens in verhouding tot sy medemens. "Die mens bereik en ontmoet die ander nie langs die een of ander geheimsinnige weg soos ekstrospeksie, intro- of retrospeksie nie, ook nie deur invoeling, aanvoeling en meerdere sulkes nie, maar deur regstreekse gekonfronteerdheid met die ander wat my tot verantwoording oproep ... die mens is dialoog ... (hy is) gekonfronteerde met wat behoort te wees ..."[1]

Die mens is ook in sy medemenslike betrokkenheid tot medemenslikheid geroep. Die mens is altyd individu in 'n gemeenskap. Wanneer die mens hom onttrek uit die samelewing en alleen gaan lewe, kan hy nooit werklik mens wees in alle aspekte nie. Reeds in die skepping vind ons die volgende: "Dit is nie goed dat die mens alleen is nie ..."[2]

Die begrip "verhouding" word in drieërlei betekenisse in die Verklarende Afrikaanse Woordeboek aangegee, naamlik: "Onderlinge betrekking; in vergelyking met; na eweredigheid."[3] Die

---

1) Oberholzer, C.K. "Die wysgerige antropologie, die psigologie en die sosiologie" In *Die wysgerige antropologie en die menswetenskappe*, p. 79.

2) Gen. 2: 18.

3) H.A.T. *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*. p. 963.

menslike verhouding is altyd eweredige, onderlinge, betrekking en nooit soos in rekenkundige verhoudings "in vergelyking met" nie. Die menslike verhouding mag, op grond van die voorafgaande, nie soos in rekenkundige verhoudings een tot twee staan nie, met ander woorde waar die een van meer waarde as die ander geag word nie.

"Medemenslike en breedmaatskaplike verhoudings gedy nooit op die basis van rasionele oorweginge, die uitslag van eksperimentele ondersoek, die mag van getalle en die gesag van statistieke en grafieke nie."[1)]

Oberholzer skryf verder dat die hunkering na die medemens op per=sonaal-horisontale vlak lê en dat die hunkering na die medemens is, wat medeganger wil wees en met wie die toekoms gewaag kan word, met ander woorde meer as 'n gespreksgenoot, maar wel 'n lotsgenoot en dus lotsverbondene en lotsbevoorregte. Dit is in die mees intieme verhouding tot die medemens en dan sê hy: "Hy het dan nie alleen 'n taak teenoor of ten behoewe van die ander nie, maar is self taak en dit is antwoord aan die toekoms."[2)]

Menslike lewe is lewe in meervoud. Dit is eers in en deur die medemens dat die mens homself sien en self leer ken. Die mens staan elke oomblik gekonfronteer met sy medemens. Die mens is altyd in vennootskap met sy medemens. Heyns sê hierdie ontmoe=ting met die naaste is 'n weerspieëling van die mens se ontmoe=ting met die God van die verbond.[3)] Die naaste mag nooit tot "ding" naas en soos ander dinge verlaag word nie, omdat die naaste ook as beelddraer van God nooit versaaklik en objektiveerbaar is

---

1) Oberholzer. "Die wysgerige antropologie, die psigologie en die sosiologie" In *Die wysgerige antropologie en die mens=wetenskappe*, pp. 77-78.

2) Ibid., p. 78.

3) Heyns. *Die nuwe mens onderweg*, p. 101.

nie. Weens die gebrokenheid van die mens is dit egter nooit vir die mens moontlik om hierdie verhoudinge te verwerklik soos God dit bedoel het nie. Die mens se verhouding tot sy medemens is egter altyd 'n weerspieëling van die mens se verhouding tot God en verder "Jy moet jou naaste liefhê soos jouself."[1)]

In maatskaplike werk word juis van hierdie verhouding gebruik gemaak in hulpverlening. Die wese van hierdie verhouding naamlik, dat die mens 'n verbandswese is en op sy medemens aangewese is, word in maatskaplike groepwerk gebruik.

c. Die mens tot homself

Die mens staan ook in verhouding tot homself. Soos Heyns kan ons sê dat die mens met homself kan besig wees, homself kan respekteer of verag, liefhê of haat, prys of kritiseer. Die handelinge van die mens met homself is wesenlike deel van sy handelinge in die algemeen.[2)] Dit is 'n absoluut persoonlike en introspektiewe verhouding. Dit is die terrein van studie van die psigoloog.

Theron skryf die mens is in die eerste instansie individu, uniek, ondeelbaar, afgegrens. Die individualiseringsproses van die mens strek vanaf geboorte tot en met die sterwe. Die mens is egter ook persoon, daarom is hy waardig en toerekeningsvatbaar, hy transendeer en staan in verhouding met die hoër Gesag, hy is vry om te wil en is geroepe tot geestelikheid en verantwoordelikheid. Hy sê die persoon is die kern van die mens wat sy individu-wees hanteer en rig. Persoonlikheid is alles wat die mens is.[3)]

---

1) Matt. 22: 39.

2) Vgl. Heyns. *Die nuwe mens onderweg,* p. 101.

3) Vgl. Theron. *Die begrip maatskaplike werk met besondere aandag aan mens- en lewensbeskouing,* p. 208.

word bepaal deur ons religieuse uitgangspunte."[1]

Hy gaan voort met die volgende gedagtes:

- Ons kan nooit die mens ken sonder kennis van God en Sy verhouding tot die mens nie. Hy grond hierdie stelling op Calvyn se siening in Die Institusie van Calvyn en haal die vertaling van A. Duvenage (p. 39) aan: "Die hoofsom van ons wysheid bestaan uit twee dele, die kennis van God en die kennis van onsself ... Want ten eerste kan niemand homself betrag nie, sonder om duidelik sy gedagtes te rig op God, in wie hy leef en hom beweeg. (Hand. 17: 28)."
- Die mens kan nie in homself gesien word nie, maar in sy verbondenheid tot die kosmos.
- Ons kan nie die hele mens uit een van sy hoedanighede of funksies verklaar nie. Hierdie punt is baie belangrik in die behandeling van die menswetenskappe - die mens moet in sy volle menswees gesien word en nie net in een aspek nie.[2]

Berkhof se standpunt is: dat wie na die mens kyk sonder om hom in relasie tot God te sien, hou homself besig met 'n "torso of een abstractum" en kan maklik verval in 'n wysgerige ideologie van 'n menslike of 'n vergoddeliking van die mens.[3]

Van Dijk[4] skryf die mens is deur God geskape na Sy beeld en gelykenis en as sodanig deur God binne die geheel van die skepping as kroon en konsentrasiepunt van Sy skepping geplaas. Die mens is

---

1) Duvenage, B. *Inleiding tot die Calvinistiese etiek.* Diktaat, Potchefstroom, PU vir CHO. p. 18.

2) Ibid.

3) Vgl. Berkhof. *De mens onderweg,* p. 13.

4) Vgl. Van Dijk, R. *Mens en medemens.* Wageningen, N.V., Gebr. Zomer en Keunings Uitgeversmij. Tweede druk. p. 20,

nie geskape as individu "op en bij zichzelf bestaande" nie, maar is geskape in die lewensverband met sy medemens; in die lewens=verband van die mensheid in die samelewing; op die ander toege=skape en afgestemd en aangewese; "begrepen" in die verhouding met sy Skepper, sy medemens en die ganse skepping. Die wese van die mens lê daarin dat hy na die beeld van God geskape is en dit is die menslike in die mens. As sodanig is die mens gees, siel en is so op die liggaam as sy verskyningsvorm aangewese, en deur die liggaam met die ander verbind, maar ook te gelykertyd daarbo uit=gaande. Die mens gaan nie op in die tydelike lewe nie, want hy besit ewigheidswaarde. As kroon en konsentrasiepunt van die skepping, kan en moet hy daaraan gebonde, tydelik daaroor heers.

Die mens staan dus altyd in verhouding tot sy oorsprong, roeping en bestemming. "Die mens bly ook nâ die sondeval nog skepsel van God, geskape na Sy beeld en gelykenis en met 'n onsterflike siel." "Daarom word die mens as 'n sondige wese nog deur God van onein=dige waarde geag en het die mens ook intrinsieke waarde met 'n on=sterflike siel en 'n ewigheidsbestemming."[1]

Selfs na die sondeval sê die Bybel nog: "Want so lief het God die wêreld (mens) gehad dat Hy Sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê." (Joh. 3: 16).

Die mens moet dan altyd gesien word in die verhouding: Skepping, sondeval, verlossing en, verbonde met God, sy medemens, kosmos en homself.[2]

---

1) Eloff. *Enkele aspekte van belang by die ontstaan en ontwik=keling van maatskaplike werk,* p. 129.

2) Ibid., pp. 129-130.

Om die mens as totaliteit te leer ken, is dit belangrik om ook op die volgende te let.[1)]

(i) Die mens as unieke wese

Geen twee mense is ooit dieselfde nie - op geen aspek van die mens se daarwees en funksionering nie. "Die uniekheid van die mens kom na vore in sy geskapenheid na die beeld van God." Omdat die mens deur God geskape is, "het God aanspraak op die mens. Nie die natuurlike regte van die mens staan voorop nie, maar die reg van God op die mens se diens en liefde."[2)]

Verder sê genoemde skrywer dat die mens geskape is met 'n taak en roeping. Laasgenoemde dui op die funksionering van die mens. Wanneer hierdie mens, wat geskape is met die taak en roeping, dit nie uitvoer nie, is dit in direkte teenstelling met die wil van God en raak dit die verhouding God-mens. Wanneer hierdie verhouding aangetas word, word hierdie "verkeerdheid" oorgedra op alle ander verhoudings, met ander woorde op die hele funksionering van die mens.

Eloff sien die uniekheid van die mens daarin dat die mens verskil van stof, plant, dier en God en dat elke mens hom onderskei van sy medemens met betrekking tot onder andere liggaam, temperament, karakter, persoonlikheid.[3)]

Hugo bespreek in sy werk die siening van Frankl (Der Unbedingte Mensch) waarin laasgenoemde sê die mens is waardigheid, uniekheid,

---

1) Vgl. Eloff. *Enkele aspekte van belang by die ontstaan en ontwikkeling van maatskaplike werk.* pp. 128-146.

2) Duvenage. *Inleiding tot die Calvinistiese etiek,* p. 19.

3) Vgl. Eloff. *Enkele aspekte van belang by die ontstaan en ontwikkeling van maatskaplike werk,* p. 130.

ondeelbaarheid, onherhaalbaarheid. Hugo sê verder: "Dit is juis in sy reik na waardes en bowe-al na die Absolute Waarde, dat hy menslikheid verwerf en homself algaande verwesenlik."[1]

Die uniekheid van die mens vereis besondere dienste van die maat=skaplike werker. Nie net die mens is uniek nie, maar ook elke kliënt se probleme en omstandighede. In maatskaplike groepwerk vorm die uniekheid van elke mens die basis vir individualisasie binne groepsverband.

(ii) Die mens as eenheidswese

Die gedagte dat God die mens geskape het na Sy beeld as unieke wese impliseer die gedagte dat elke mens ook eenheidswese is.

Duvenage[2] vestig die aandag daarop dat die beeld van God in die hele mens in sy totaliteit uitkom en nie net in 'n komponent van die mens soos byvoorbeeld die siel nie. So moet ook die een=heid van die mens nie as 'n meganiese eenheid beskou word nie, maar eerder 'n "personale" eenheid. Die beeld van God moet in die mens se verhoudings, struktuur en roeping gesoek word. Dit is nie die besonderhede van die mens wat voorop staan nie, maar sy totaliteit.

Genoemde skrywer verskil ook grondig van die Griekse denke wat die menslike siel as onsterflik beskou het, maar die liggaam min=derwaardig geag het en net beskou het as 'n kerker vir die siel om in te woon. Hy noem dat die Bybel baie woorde gebruik om die gevarieerdheid van die mens aan te dui sonder om die hele mens

---

1) Hugo, E.A.K. *Die mens in nood.* Pretoria, Academica, 1971. p. 13.

2) Vgl. Duvenage. *Inleiding tot die Calvinistiese etiek*, pp. 26-27.

uit die oog te verloor. Die kwaad raak die hele mens en so ook die verlossing.

"Vanuit die kosmiese dimensie van modaliteite gesien moet ons stel dat die mens nie slegs vanuit een van hierdie modaliteite verstaan kan word nie."[1] Die modaliteite (godsdienstige, etiese, ekonomiese, sosiale en andere) kan ook fasette van die beeld van God genoem word en elkeen van die vakwetenskappe het te doen met een van die fasette.

Daar mag nooit uit die oog verloor word dat die mens veel meer is as die fasette tesame nie. "En dat die betrokke faset van die beeld nie geïsoleer mag word van die hele mens as beel van God nie."[2] Hoe kan daar in behandeling van die mens dan sprake wees van alleen een dissipline of wetenskap? Hoe kan 'n maatskaplike werker 'n totaal herstelde, gerehabiliteerde en ontwikkelde mens as totaliteit verwag, as bloot sekere van hierdie aspekte van die mens aandag ontvang?

In aansluiting by sy stelling haal Duvenage Stoker aan wat sê dat elke samelewing, net soos die mens, ook eenheid is en vanuit verskillende modaal bepaalde strukture gesien moet word.

Duvenage skryf: "Vanuit die kosmiese dimensie van gebeurtenisse besien, kan ons spreek van die dinamies bepaalde struktuur van die mens en van die menslike samelewingsverbande. In hierdie verband wys Stoker op die eenheid van die menslike persoon soos bepaal deur "oorerwings-, omgewings- en milieufaktore, deur sy bepaalde talente en 'ervaring', sy oorgeërfde en verkreë karaktertrekke, die ingewikkelde wisselspel van endogene, dinamiese faktore

---

1) Duvenage. *Inleiding tot die Calvinistiese etiek*, p. 27.
2) Ibid.

(waaronder bv. dié van neiging, gevoel, wil, intelligensie, ens.) waarby die inisiatief van sy ego, maar ook sy verslawing aan betrokke faktore, ensovoorts, onderken moet word."[1]

Hy wys verder daarop dat elke mens sy eie geskiedenis het; sy eie lewenssituasie en wat die sedelike subjek van die mens aanbetref, moet hiermee deeglik rekening gehou word, omdat van die mens verwag word om in alle situasies verantwoordelik op te tree.

Die eenheid en uniekheid van die mens kom die heel duidelikste na vore by die mens en sy verlossingsevaluasies. Daar staan elke mens absoluut alleen met sy keuse oor sy ewige eindbestemming.

(iii) Die mens as gebroke wese

Weens die sonde is die mens 'n gebroke wese. Duvenage sê die sonde het ten opsigte van die mens veral twee verwoestende uitwerkings gehad naamlik dat die mens skuldig staan voor God en dat die mens te staan gekom het onder die mag van die sonde. Verder het die sonde ook"'n totalitêre en verwoestende werking op al die lewensuitinge van die mens. Dit het invloed op die mens ten opsigte van die modaliteite, die sosiale verbande, die geskiedenis, die waardes, ensovoorts."[2] Daar kan dus disfunksionering in die lewe van die mens intree met probleme, nood en lyding tot gevolg.

Al is die beeld van God in die mens geskend, is dit nog nie weggeneem nie. Die mens is nog unieke, religieuse, verantwoordelike en daarom nog toerekenbaar. Weens die algemene genade van God word nie van die mens weggeneem sy pligte, en verantwoordelikhede, sy regte en vryhede nie. Hy (die mens) dra in hom om die naglans

---

1) Duvenage. *Inleiding tot die Calvinistiese etiek,* p. 28.

2) Duvenage. "Calvinistiese antropologie" In *Roeping en Werklikheid,* p. 204.

van sy oorspronklike heerlikheid, maar hy dra ook die tekens van die mag van die kwaad, van die wetteloosheid en die ongehoorsaamheid wat eie is aan die kwaad.

Om hierdie rede, maar ook en veral om die rede wat in die volgende punt volg, moet die mens aanvaar word. Oberholzer[1] sê die mens vra nie aanvaarding soos hy is nie, maar soos hy behoort te wees.

(iv) Die mens as ewigheidsbestemde wese

Niks is sekerder in die lewe van elke mens as juis die dood nie. Uitgaande van die Christelike godsdiensoortuiging, glo ons dat elke mens 'n ewigheidsbestemming het en dat die mens onherhaalbaar en onvernietigbaar is. Hierdie feit beklemtoon die wonder van menswees en die waarde van elke mens. Die lewe op aarde is vir elke mens eenmalig en die mens staan hierin in die uitlewing van sy roeping met die oog op die eindbestemming in die ewigheid.

Die bestemming van die mens kan nie losgemaak word van sy roeping nie. Volgens Duvenage is rolvervulling ook bestemmingsverwesentliking. Omdat die mens beelddraer van God is, sê Duvenage, impliseer dit dat die mens 'n roeping het om hierdie beeld te wees. Deur die sonde is hierdie beeld aangetas. Dit word egter weer in Christus herstel en die mens word herskep. "Dit beteken dat die oorspronklike doel wat God met die mens gehad het nie deur die sonde verydel word nie, maar juis bereik word in sy roepingsvervulling."[2]

Hoe kan enige persoon wat met mense werk en self ook mens is,

---

1) Vgl. Oberholzer. "Die wysgerige antropologie en die pedagogiek" In *Die wysgerige antropologie en die menswetenskappe*, p. 101.

2) Duvenage. *Inleiding tot die Calvinistiese etiek*, p. 29.

hierdie grootsheid oor die hoof sien?

Omdat die mens 'n ewigheidsbestemming het, het God die mens van soveel waarde geag dat Hy Sy eniggebore Seun gestuur het om vir elke mens se sonde te sterf.[1] Elke mens is dus van die hoogste waarde. As God die mens van soveel waarde geag het, wie is sy medemens om op hom neer te sien?

Met die ewigheidsbestemming in vooruitsig, gaan dit dus nooit om die hier en die nou nie, maar om die mens onderweg. Dit is dan so in die mens se lewe dat die vaskyk teen die hier-en-nou nie altyd so aangenaam is nie, maar die troos bly egter dat dit tydelik is. Die mens ken juis die ongelukkigheid omdat hy besef wat kan wees of wat behoort te wees. Hierdie redenasie laat die mens al verder en verder weg beweeg van die selfbeskikking van die mens en al nader aan die Albestuur van God.

(v) Die ~~mens as geroepe wese~~

Roepingsvervulling beteken bestemmingsverwesenliking. Die mens is 'n eenheidswese en dit beteken dat al sy funksies onlosmaaklik inmekaar vervleg is. Volgens Duvenage bring die aantasting van die eenheid deur die sondegebondenheid, disharmonie in hierdie funksies, wat weer 'n invloed op die vervulling van die menslike roeping het.

Duvenage[2] bespreek roeping soos volg:

Die eerste aspek is selfintegrasie waaronder ingesluit is:

---

1) Vgl. Joh. 3: 16.

2) Vgl. Duvenage. "Calvinistiese antropologie" In *Roeping en werklikheid,* pp. 207-210.

- Die roeping om die eenheid te bewaar en die funksies in harmonie te integreer.
- Die roeping tot ewewig tussen funksies.
- Die roeping tot selfbeheersing.
- Die roeping tot gesondheid en ontwikkeling van al die aspekte binne die mens ter wille van die eenheid.

Om die roeping uit te leef en daarop te antwoord, is dit belangrik dat daar binne 'n gemeenskap aan elke individu die geleentheid gebied word om binne perke van sy eie vermoëns, die hoogsmoontlike graad van funksionering te bereik.

Die tweede aspek van roeping is roeping tot individualisering, waaronder ons verstaan:

- Die mens is geroepe om mens te bly volgens God se model.
- Die roeping om die eie, unieke ek te ontplooi in die unieke talente, geleenthede, opdragte en situasies.
- Die roeping om die medemens in sy uniekheid te sien en die neiging van gelykmaking teen te staan.

Dit gaan hier dus basies om individualisasie ten opsigte van die mens self, maar ook ten opsigte van sy medemens en sy verhouding tot hom. Wanneer met die mens gewerk word, is geen resep dus ooit moontlik nie.

Die derde aspek is roeping tot verhoudingsrealisering - met ander woorde gemeenskap op alle vlakke:

- As verbandswese is die mens geroepe om sy verhoudinge uit te bou. Hiervoor het die mens die liefde ontvang as instrument, maar as sondegebrokene word die mens aangeveg deur die haat.
- Sy roeping is die oefening in die liefde waaronder ontmoeting,

vertroue, diens, verdraagsaamheid, sorg, barmhartigheid, offer, selfverloëning en andere en dan die bestryding van die haat as geslotenheid, kamoeflering, verheffing, onttrekking, egoïsme, ensovoort.

Die vierde roeping is: Roeping tot vrye en verantwoordelike or= dening van die lewenswerklikheid, en wel in die volgende:

- Roeping om vryheid en verantwoordelikheid in veelvuldige ant= woorde te realiseer.
- Roeping tot gehoorsaamheid.
- Roeping tot antitese: Met ander woorde afwending van dit wat strydig is met die ware vryheidsantwoord en verantwoorde= likheid.

Die vyfde roeping is die roeping tot geloof en verwagting as re= ligieuse wese. Ten slotte vat Duvenage dit kortliks soos volg saam: "Roeping is dus om mens te wees en mens te word volgens God se plan. Dit is om die eenheid, uniekheid, verhoudings, vry= heid, verantwoordelikheid en bestemming, te realiseer."[1)]

Die taak van die maatskaplike werk is om die kliënt te help in die verbetering van sy maatskaplike funksionering ten einde sy roeping te vervul. In die uitvoering van hierdie taak vervul die maatskaplike werker sy roeping.

(vi) Die mens as antwoordgewende wese

Vanweë sy skepping en opdrag is die mens 'n verantwoordelike wese. Hierdie gedagte hou direk verband met die basiese reg en verant= woordelikheid van elke mens naamlik tot selfbeslissing. Die mens

---

1) Vgl. Duvenage. "Calvinistiese antropologie" In *Roeping en Werklikheid*, p. 210.

is 'n antwoordgewende wese en is in elke situasie 'n antwoord verskuldig aan Hom van wie die taak en roeping ontvang is en in baie gevalle ook aan sy medemens en aan homself. Ook wanneer die mens nie bereid is om te antwoord nie, gee hy reeds deur sy swye 'n antwoord. Daar kan dus nie alleen gepraat word van die selfbeslissingsreg van elke mens nie, maar daarmee saam die selfbeslissingsplig en eerder selfbeslissingsverantwoordelikheid.

Stoker sê die menslike verantwoording is innig en onafskeidelik aan verantwoording verbonde, en verder: "Verantwoording gee aan antwoording as roepingsvervulling en bestemmingsverwesentliking sy eintlike diepte en betekenis."[1)]

'n Antwoord word gegee alleen wanneer 'n vraag gevra is. Vrae, struikelblokke en/of probleme is essensieel vir enige mens. Die geslaagdheid van 'n situasie al dan nie, het nie te doen met die vraag nie, maar met die antwoord wat gegee word.

"Wie mens sê, sê onmiddellik wêreld- en medemenslike-betrokkenheid. As dit anders moes wees, sou daar nooit van die mens as persoon en dus as antwoordende wese gepraat kan word nie."[2)]

Hierby mag 'n persoon in 'n helpende betrekking nooit by 'n ander mens verbykyk nie. Nooit mag die een mens hierdie aspek van 'n ander mens ontneem nie. In hulpgewende hoedanigheid moet die een mens die ander lei tot selfbeslissingsverantwoordelikheid. Nooit kan die een mens 'n besluit namens 'n ander neem en die verantwoordelikheid daarvan wil dra nie. Die verantwoordelikheid

---

1) Stoker, H.G. *Praktiese Calvinisme*. Potchefstroom, Pro Rege Pers Beperk, 1956. p. 29.

2) Oberholzer. "Die wysgerige antropologie, die psigologie en die sosiologie" In *Die Wysgerige antropologie en die menswetenskappe*, p. 79.

vir die daad kan gedra word, maar wat van die antwoord, die ver= antwoordelikheid vir die keuse wat gemaak is?

Tereg merk Eloff op: "So word alles die mens tot vraag waarop hy antwoord moet gee ... wat doen elkeen met sy gawes, talente en vermoëns?"[1])

Elke antwoord wat gegee word, is die gevolg van 'n besluit wat ge= neem is. Soos die antwoord van die mens alleen verwag word, so ook die besluit.

Oberholzer skryf: "Die betekenis van sy toekoms veronderstel die op-hom-neem van sowel die toekoms as die verlede wat hy in die mo= ment van die hede sy eie moet maak."[2])

Vir hom beteken om in relasie te staan, en antwoord gee, dieselfde. Die mens, as antwoordgewende wese, het buite hierdie relasie geen werklikheid nie. Die mens gaan dan volgens hom, nie op in die wêreld nie, ook lewe hy in geen vanselfsprekende wêreld nie, maar bring juis sy wêreld tot sprake in die reeks antwoorde wat hy gee.

Oberholzer kom tot die gevolgtrekking: "In elke menskundige we= tenskap, gaan dit om die menslike van die mens, en hierdie mens= like is antwoord-deur-ontmoeting as verantwoording van 'n eksis= tensieel-subjektiewe bevraagdheid."[3])

Verder sê Oberholzer[4]) dat die mens antwoordende die wêreld stig

---

1) Eloff. *Enkele aspekte van belang by die ontstaan en ontwik= keling van maatskaplike werk,* p. 132.

2) Oberholzer. "Hedendaagse wysgerig-antropologiese konsepsies" In *Die Wysgerige antropologie en die menswetenskappe,* pp. 31-32.

3) Ibid., p. 28.

4) Ibid., p. 32.

en bewoon deur elke situasie in sy apellatiewe opset te ontmoet en die eise daarvan te gehoorsaam. So bly die mens by menswording en is hy met singewing besig.

Antwoordgewing is sowel vertikaal as horisontaal. Eersgenoemde beteken om antwoord te gee aan God en laasgenoemde is medemenslike betrokkenheid.

Myns insiens vorm hierdie aspek die grondslag vir die basiese uit=gangspunt in die maatskaplike werk, naamlik dat elke mens die reg (verantwoordelikheid?) het tot 'n selfbeslissing. Baie van die probleme wat in die maatskaplike werk aangetref word, spruit daar=uit voort dat die kliënt nie bereid is om te antwoord nie en ook nie bereid is om verantwoordelikheid vir sy antwoorde te dra nie.

(vii) Die mens as gesprekswese

Die mens is nie monoloog nie, maar dialoog.

"Mens-zijn ... is wezenlijk 'co-existentie', een voortdurende 'communicatie', 'dialoog' met die ander, met de dingen en met God en vanuit deze dialogen noodzakelijkerwijze ook met zichzelf."[1)]

Hofmeyr is van mening dat die mens kennend in die wêreld uitgaan, dat hy die wêreld aanspreek en deur die wêreld aangespreek word, terwyl die mens ook betekenis daaraan heg.[2)]

Hy skryf: "Dit is dan ook juis in die wêreld as werklikheid waarin die mens tot selfverwesenliking geroep is en die taak het om dit tot menslike wêreld vir hom te maak."[3)]

---

1) Couwenberg, S.W. *De vereenzaming van de moderne mens.* s'Gravenhage, Uitgeversmaatschappij Pax, 1959. p. 76.

2) Vgl. Hofmeyr. *Die groepsgesprek in maatskaplike groepwerk,* p. 18.

3) Ibid.

As verbandswese staan die mens altyd in verhouding en in gesprek met God, met sy medemens, met sy omgewing en met homself. Die intensiteit en graad van die mens se verhouding sal die gesprek bepaal en rig.

In die maatskaplike werk kan juis hierdie aspek van menswees nut=tig aangewend word in terapie. "Die aangewesenheid op ander en sy hunkering na die medemens, bring mee dat die groepsgesprek as 'n belangrike medium gesien kan word waardeur die mens hom laat aan=spreek en waardeur hy gesteun word om sy aangesprokenheid ten op=sigte van medemenslike verhoudings verantwoordelik op te neem en stelling in te neem."[1)]

(viii) ~~Die mens as verbandswese~~

Kragtens sy skepping na die beeld van God is die mens 'n verbands=wese en daarom op God, sy medemens en sy wêreld of samelewing aan=gewese. Wesenlik is die mens verbonde; hy is in relasie met; hy is 'n gemeenskapswese; 'n ontmoetingswese en dialogiese wese "wat in onbewuste gesprek verkeer met God, met ander mense en met die wêreld om hom heem."[2)]

Duvenage sê verder: "Die wese van sy selfwese is sy oopwees vir ander."[3)]

Die liefde is die instrument wat aan die mens gegee is om die ver=houding te realiseer. Waar daar wanverhouding intree kom die mens nie tot selfrealisering nie en dit raak ook die ander verhou=dings.

---

1) Hofmeyr. *Die groepsgesprek in maatskaplike groepwerk,* p. 21.

2) Duvenage. "Calvinistiese antropologie" In *Roeping en Werklikheid,* p. 203.

3) Ibid., p. 208.

Die mens staan nooit los van sy vier primêre verhoudings naamlik die vertikale verhouding tot God en die horisontale verhoudings tot sy medemens, sy omgewing en homself nie. In hierdie verhoudings staan die mens binne talryke verbondenhede of rolle.

## 3. SAMEVATTING

In die Maatskaplike Werk, werk die mens met die mens. Dit vereis dat elke maatskaplike werker 'n duidelik omlynde lewens-, wêreld- en mensbeskouing vir homself moet formuleer en uitleef. Die komponente van 'n lewensbeskouing kan gesien word as, 'n oortuiging in verband met God, mens en die wêreld.

Om die vraag: "Wat is die mens?" te beantwoord, is geen maklike taak nie. Vanuit die gesigspunt van die Christelike mensbeskouing mag nooit na die mens gekyk word, sonder om hom in voortdurende relasie te sien nie, tot God, medemens, kosmos en homself. Verder staan die mens altyd in verhouding tot sy oorsprong, roeping en bestemming en in verhouding tot sy skepping, sondeval en verlossing.

Om die mens as totaliteit uit te lig, moet ons hom sien as unieke wese wat verskil van stof, plant, dier, medemens en God. As gevolg van sy uniekheid, is die mens ook eenheidswese. Die mens is geskape na die beeld van God en bestaan uit verskeie modaliteite wat 'n eenheid vorm. Die mens is antwoordgewende wese, omdat daar aan die mens verantwoordelikheid gegee is - sowel horisontaal as vertikaal. Weens die sonde is die mens ook 'n gebroke wese. Daar kan dus probleme, nood en lyding in die mens se lewe intree. Al is die beeld van God in die mens geskend, is dit nie weggeneem nie. Die mens kan dus herstel van sy nood en lyding. God stuur Sy enigste Seun om vir die mens se sonde te sterf. Dit gee aan die mens besondere waarde. Die mens moet dus aanvaar word soos

hy is, met sy besondere nood en probleme, maar hy moet ook daaruit gehelp word.

Wat soveel waarde aan die mens gee, is die feit dat elke mens 'n eie ewigheidsbestemming het, waardeur die uniekheid en eenheid van die mens so duidelik na vore tree. Dit gaan dus altyd om die mens onderweg in sy rolvervulling en roepingsverwesenliking. In hierdie "onderweg wees" staan die mens voortdurend in sy verhouding tot God, medemens, kosmos en homself - wat die roeping en opdrag van die mens uitmaak.

Die suiwerste siening van die taak van die maatskaplike werk word die duidelikste belig vanuit die Christelike mensbeskouing. Maatskaplike werk as professionele handeling het ten doel om die maatskaplike funksionering of taakvervulling (roepingsvervulling) van die mens te herstel en te verhoog.

Vervolgens word gelet op die mens en sy maatskaplike funksionering.

HOOFSTUK III

# DIE MENS EN SY MAATSKAPLIKE FUNKSIONERING

Om volwaardig mens te wees, beteken om verantwoordelik al die eienskappe van menswees te besit en uit te leef. Dit beteken dat die mens verantwoordelik moet funksioneer in al sy verhoudings, naamlik die vertikale verhouding tot God, sowel as die horisontale verhoudings tot sy medemens, homself en sy geheel omgewing. Juis hierdie verhoudings en funksionering van die mens, vorm 'n kern=element van die verhandeling.

Die mens en sy volwaardige en verantwoordelike maatskaplike funk=sionering is die ideaal van die maatskaplike werk. Die mens en sy maatskaplike wanfunksionering is die taak van die maatskaplike werk. Waar maatskaplike wanfunksionering ontstaan, bring dit probleme en nood in die lewe van die mens. Maatskaplike groep=werk as metode van maatskaplike werk, is juis gebaseer op die te=rapeutiese waarde wat die tussen-menslike-verhoudings op die mens kan hê.

Daar word nou gelet op die mens in sy maatskaplike funksionering en sy maatskaplike nood.

## 1. MAATSKAPLIKE FUNKSIONERING

Die Woordeboek vir Maatskaplike Werk gee die volgende definisie van maatskaplike funksionering: "Totaal van die individu se rol=vervullingsaktiwiteite op alle vlakke van sy bestaan in wisselwer=king met ander individue en situasies in sy geheelomgewing."[1)]

1) *Woordeboek vir maatskaplike werk*, p. 37.

Van Rooyen skryf: "Maatskaplike funksionering kan derhalwe beskou word as die totaal van die individu se aktiwiteite, op alle vlakke van sy lewensbestaan, in interaksie met ander individue en situasies in sy geheelomgewing."[1)]

Boehm se definisie lui: "Social functioning in this context dessignates those activities considered essential for the performance of the several roles which each individual, by virtue of his membership in social groups, is called upon to carry out."[2)]

Poggenpoel meen: "Maatskaplike funksionering bedoel die rolle wat die individu in die loop van sy lewe moet vervul. Die vervulling van rolle is in 'n groot mate gebaseer op die verwagtinge van andere. As hierdie rolle na behore vervul word, werk dit harmonie in die hand. Andersyds versteur dit die verhoudinge wat spanning veroorsaak en maatskaplike probleme oplewer."[3)]

Kortliks kan dus afgelei word dat maatskaplike funksionering op die volgende neerkom:

- Rolvervulling van die individu;
- Tussen-menslike verhoudings wat beteken interaksie en wisselwerking met en verwagtings van ander.

Die graad van menslike rolvervulling en die graad van funksionering in tussen-menslike verhoudings, bepaal die graad van die mens se roepingsvervulling en roepingsverwesenliking.

---

1) Van Rooyen, I.J.J. *Maatskaplike funksionering en die maatskaplike werk.* Pretoria, Mededelings van die Universiteit van S.A., 1963. p. 11.

2) Boehm. *Objective of the social work curriculum of the future, Vol. I,* pp. 46-47.

3) Poggenpoel, F.P. *"Die voorwerp van maatskaplike sorg"* In Trooster, Mei 1964.

Die begrip "maatskaplike funksionering" word gebruik, en daarmee word bedoel dit wat binne die veld van die maatskaplike werk val.

a. Rolvervulling en rolversewenliking

Baie is al geskryf oor rolkonsep en in die verskillende menswetenskappe is dit 'n aspek wat ál meer aandag geniet. In die maatskaplike werk het onlangs 'n boek van Helen Perlman oor hierdie onderwerp verskyn.[1] In die Sosiale-psigologie word diagnoses gemaak soos rolkonflik, gaping tussen rolle, omgekeerde rolle, en andere. Die hanteerders van verskillende groepe is steeds besig om te besin oor groepsrolle wat deur individue beklee word en die aanleer van rolle en rolverwagtings wat 'n belangrike aspek in elke groep is. Werklike rolteorië is egter nog baie skaars en rolvervulling min ontleed. Navorsers in groepsdinamika is egter hiermee besig.

Klein bespreek die begrip soos volg: "Role is the actual behavior of an actor but it is also the expectation that others hold for the actor."[2]

Van rol en rolvervulling kan daar alleen sprake wees binne 'n verhouding met ander, dit wil sê binne 'n bepaalde verband insluitende groepsverband. Rol staan dan direk in verband met die posisie en status wat 'n persoon binne die groep vervul en beklee.

Neiman en Hughes het 'n ontleding gedoen van wat die begrip "rol" inhou en dit word soos volg deur Van Rooyen aangehaal:

"Rol is òf 'n individu se definisie van 'n spesifieke situasie òf

---

1) Perlman, Helen. *Persona, Social role and personality.* Chicago, University of Chicago Press, 1968.

2) Klein. *Social work through group process,* p. 72.

'n individu se aanvaarding van 'n groep se definisie van 'n spesifieke situasie.

- Vir die begrip is daar as 'n voorvereiste 'n veronderstelling van interaksie of kommunikasie.
- Volgens die rolbegrip moet menslike bedrag beskou word uit die oogpunt van 'n raamwerk van georganiseerde gedragspatrone en kan dit nie verklaar of beskryf word deur die gebruik van 'n reeks eienskappe of ander geatomiseerde begrippe nie."[1)]

Hieruit blyk dat die elemente van rolvervulling en rolverwagting die volgende is:

- 'n Status of posisie
- interaksie en/of kommunikasie
- bepaalde gedragspatrone of rolverwagtings.

Wanneer gedragspatrone vaste vorme aangeneem het en algemeen aanvaar word, word dit as rolle beskou. Rolle en rolverwagtings word onder andere bepaal deur norme, waardes, wette, gewoontes, tradisies en konvensies. Rolverwagtings met betrekking tot 'n posisie en/of status mag verband hou met die persoon wat dit beklee se node, behoeftes en moontlikhede.

Wanneer 'n persoon 'n rol beklee waarvoor hy nie opgewasse is nie, volg frustrasie en selfs mislukking wat hul nagevolge uitoefen op die mens se selfbeeld. Waar die rolverwagtings te kort skiet aan die bekleër daarvan se verwagtings, mag dit frustrasie meebring, wat alle ander rolle van daardie persoon mag raak.

Deur vorige ervaring of waarde-oriëntasie koester elke persoon

---

1) Van Rooyen. *Maatskaplike funksionering en maatskaplike werk.* p. 13.

sekere verwagtings in verband met 'n bepaalde rol. Persone be= klee rolle na aanleiding van hulle behoeftes of nood of word in 'n bepaalde rol geplaas deur die groep om een of ander van die volgen= de redes:

- 'n Persoon mag dalk nie altyd weet wat van hom verwag word in 'n bepaalde rol nie.
- 'n Persoon mag weet wat van hom verwag word, maar nie die tussen-menslike bedrewenheid besit om dit tot uitvoer te bring nie. Bekwaamheid of bedrewenheid moet hy aanleer of daarin opgelei word.
- 'n Persoon mag weet wat van hom verwag word, die bekwaamheid besit, maar die begeerte om die rol te vervul mag ontbreek. Gewoontes, waardes en begeertes kan verander word deur iden= tifikasie, groepservaring, her-opvoeding, doelverandering, ensovoort.
- Die persoon mag wel die bedrewenheid besit asook die wil om die rol te vervul, maar mag emosioneel geblokkeer wees of psigologies nie daartoe in staat wees nie.[1)]

Klein huldig die standpunt dat sosialisering beteken dat 'n per= soon geleer word om rolle te vervul, met ander woorde verbetering van die maatskaplike funksionering.

Al bogenoemde situasies vereis verskillende benaderings, maar die meeste berus by die individu - hoe hy dink, voel en funksioneer.

Die maatstaf waaraan rolfunksionering getoets word, is gewoonlik die heersende waardes en opvattings van die betrokke gemeenskap waarvan die persoon 'n lid is.

Wanneer gepraat word van rolle, rolvervulling en rolverwagting, gaan onlosmaaklik daarmee saam die begrip "rolverwesenliking".

---

1) Vgl. Klein. *Social work through group process,* pp. 74-75.

Die ideale rolverwesenliking (en roepingsvervulling) is dat die mens dié rol (en die roeping) waarvoor God hom aanvanklik geskape het, vervul en verwerklik. Vanweë die sonde is die weg na absolute rolverwesenliking nie vir die mens op aarde beskore nie. Die mens moet egter daarna strewe. Paulus sê hy strewe daarna asof hy dit ook kan gryp.[1] Die onvolmaaktheid van die sondige mens werk ook deur in al sy rolle.

Eloff[2] noem die volgende drie perspektiewe waarin die mens altyd gesien moet word:

- die skepping, waar die ware mens gesien word
- die sondeval, waar die werklike mens gesien word
- die verlossing, waaruit die herstelde mens tevoorskyn tree.

Die verlossing hou dus in dat die verloste mens voortdurend moet hunker en strewe na volmaakte rolverwesenliking (volkome roepingsvervulling) in en deur Jesus Christus.

b. Tussen-menslike verhoudings, handelinge en gebeurtenisse

Die tussen-menslike verhoudings berus altyd op interaksie en kommunikasie en is daarom van wesenlike belang in maatskaplike groepwerk.

Joubert en Steyn sien interaksie as: "Die proses waarin handelinge gerig is op en beantwoord word deur ander"[3] dus "... enige

---

1) Fil. 3: 12.

2) Vgl. Eloff. *Enkele aspekte van belang by die ontstaan en ontwikkeling van maatskaplike werk*, pp. 129-130.

3) Joubert, Dian D. & Steyn, Anna F. *Groepsdinamika*. Stellenbosch, Universiteits-Uitgewers en -boekhandelaars (Edms) Bpk., 1971. p. 7.

gebeure waar die handelinge van een persoon (deels) die waarneem=bare gedrag of houdings (geestesgesteldheid) van 'n ander persoon op 'n kenbare wyse beïnvloed. Die komponente van interaksie sou dus as aksie en reaksie aangewys kan word."[1])

Genoemde skrywers sê daar moet met interaksie onderskei word tus=sen dialoog en kommunikasie. Kommunikasie dui hoofsaaklik op woordelike wisselwerking, op die oordra van inligting of kennis tussen die betrokke persone. Dialoog daarenteen is 'n meer in=grypende begrip en sluit kommunikasie as een faset in en veronder=stel terselfdertyd kommunikasie.[2])

Die Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk definieer kommunikasie as: "Oordrag van gedagtes of gevoel deur een persoon aan 'n ander met primêre of sekondêre middels met die oog op reaksie."[3])

Tussen-menslike verhoudings, handelinge en gebeurtenisse is die basis van alle rolvervulling en rolverwagtings. Die mens lewe altyd in verhoudings en die mens is altyd verbandswese met bepaal=de rolle wat hy moet beklee. Waar daar wanverhouding en onvolle=dige rolvervulling in die lewe van die mens kom, is dit die taak van die maatskaplike werk. Menslike probleme, behoeftes en node word veroorsaak, gemanifesteer en tot uitdrukking gebring in en deur interaksie met andere. Waar daar verhoudingsprobleme in een van die rolle wat beklee word voorkom, sal dit 'n invloed hê op alle ander rolvervullings en verhoudings.[4]) Mens-wees impliseer altyd dat daar in verhouding tot ander geleef word. Die mens is

---

1) Joubert & Steyn. *Groepedinamika,* p. 18.

2) Vgl. Ibid.

3) *Woordeboek vir maatskaplike werk,* p. 33.

4) Vgl. Timms, N. *Social work, an outline for the intending student.* London, Routledge and Kegan Paul, 1970. pp. 95-96.

eers werklik mens wanneer hy op die ander gerig is. Vir die maatskaplike werk is dit van die grootste belang, want verhoudings is die essensie van maatskaplike werk wat die doel en betekenis daarvan na vore bring. Wanverhouding beteken dus wanfunksione=ring, en dit hou in gebrekkige rolvervulling.

## 2. ENKELE ROLLE VAN DIE MENS IN DIE SAMELEWING

Vir sy roepingsvervulling het die mens verskeie rolle in sy lewe tot taak en opdrag ontvang. 'n Bespreking van die mees algemene rolle in elke mens se lewe is nodig aangesien dit aansluit by die taak van die maatskaplike werker, om in die behandeling van sy kliënt, hierdie rolle en verhoudings weer reg te stel. By alle kliënte van maatskaplike werk, is daar versteurings in een of meer van die volgende rolle:

### a. Die mens se rol in die huisgesin en die huwelik

Die huwelik in sy fundering en bestemmingsfunksie bepaal die eie aard van elke samelewingsvorm en die huwelik waarborg sy soewerei=niteit in eie kring. Die rol van huweliksmaat is naas die rol as gelowige die belangrikste, omdat die huwelik deur God van so=veel waarde geag is, dat Hy Sy verhouding met Sy gemeente of kerk op aarde, openbaar as 'n huweliksverhouding. Die huwelik is 'n binding deur God ingestel waaruit daar kinders gebore word. Die eise in hierdie rolle is dus uiters hoog en baie sensitief, maar daarom is die voorregte ook hoog en heilig.

Die rol as lid van 'n huisgesin is net so uiters belangrik, aan=gesien hierdie rol so nou ingeweef is met ander rolle byvoorbeeld die van kerklidmaat, staatsburger, arbeider en andere.

b. Die mens as opvoedeling en opvoeder

Van Wyk sê die skool is nie 'n institutêre samelewingsverband soos kerk en staat nie. Dit is ook nie 'n natuurlike lewensge= meenskap soos die familie nie. Dit is 'n eiesoortige samelewings= verband met 'n eie taak en terrein binne die tydelike werklikheid.[1] Die skool rus op die fondament van die historiese kennismag, die fondament van kultuurvorming en met die etiese as bestemming. Naas die huisgesin is die skool die belangrikste instansie wat op= voedingswerk doen. Opvoeding is belangrik vir die verwesenliking van die volle mens, vir die ontwikkeling en ontplooiing van die mens en ook vir die vervulling van sy ander rolle. Hierdie rol strek verder as net die skool en universiteit - dit gaan dwars= deur die lewe in alle opvoedingsfasette.

c. Die mens as arbeider

Elke mens bevind hom in 'n bepaalde arbeidsrol. Hierdie arbeids= rol staan in nou verband met die roeping van die mens op aarde, alhoewel die roepingsgedagte in al die menslike rolle deurvleg. Duvenage definieer beroepsarbeid soos volg: "Onder beroepsarbeid verstaan ons die aktiwiteit van die mens wat met sy aanleg en ta= lente korrespondeer en waardeur hy in staat gestel word om genoeg lewensmiddele te verdien sodat hy as totale mens sy hele lewens= roeping kan vervul."[2] Om 'n menswaardige lewe te lei, moet die mens ook werk. Dit was reeds in Sy skeppingsopdrag opgesluit. Duvenage vestig in besonder die aandag op die drie verhoudings waarin die mens in sy beroepsarbeid na vore tree, naamlik tot God, sy medemens en sy arbeid.[3]

---

1) Vgl. Van Wyk. "Die skool" In *Roeping en werklikheid*, p. 345.

2) Duvenage. "Beroepsarbeid" In *Roeping en werklikheid*, p. 354.

3) Vgl. Ibid., pp. 358-360.

d. Die mens as kultuurbeoefenaar

Reeds in die skeppingsopdrag lê ook die mens se kultuuropdrag. Elke mens het 'n rol om te vervul ten opsigte van die kultuur. Duvenage skryf: "... God (het) in die skepping self moontlikhede gelê wat onder die hand van die mens tot volle ontplooiing moes kom." Daar is verder "aan die mens moontlikhede gegee sodat hy hierdie heerskappy oor die skepping kan uitvoer."[1] Hierin sien ons baie duidelik die Godgegewe kultuurrol aan elke mens.

e. Die mens in sport en ontspanning

Hand-aan-hand met arbeid gaan rus. In die moderne samelewing het ontspanning en sport so 'n groot rol, dat dit ook in elke mens se lewe 'n beduidende rol speel. Die wyse waarop elke per= soon daarby betrokke is en daaraan deelneem verskil van mens tot mens.

f. Die mens as staatsburger

Elke persoon het sy rol as landsburger of staatsburger. Weer is balans tussen voorregte en pligte in hierdie rol op die voorgrond. De Klerk sê die struktuur van die staat is om as instelling van God binne 'n bepaalde gebied na binne en buite die reg te hand= haaf met mag.[2] Binne hierdie staat het elke persoon 'n beson= dere taak.

g. Die mens as lidmaat van 'n kerk

In feitlik alle godsdienste is die kerk en die gemeenskap van die

---

1) Duvenage. "Lewensbeskouing en kultuur" In *Roeping en werk= likheid,* p. 231.

2) Vgl. De Klerk. "Staat en politiek" In *Roeping en werklik= heid,* p. 323.

gelowiges 'n werklikheid. As Christene glo ons dat elke Christen geroepe is om lid van die ware kerk te wees, omdat die geestelike lewe van die gelowiges in die kerk opgebou word. Hierdie lidmaatskap het sekere eise, onder andere, die gelowige moet 'n lewende, gehoorsame me ywerige lidmaat wees. Dit bied ook sekere voorregte soos onder andere die gebruik van die sakramente. Binne hierdie rol het die gelowige die roeping om hom steeds te beywer vir die beoefening van ware kerklike eenheid en gemeenskap.

Om volwaardige mens te wees, met ander woorde maatskaplik so goed as moontlik te funksioneer, beteken dat die mens sy plek in elk van hierdie rolle moet volstaan en tot die beste van sy vermoë vervul. Waar daar probleme kom met die mens se funksionering in een of meer van die rolle, beïnvloed dit ook die ander rolle, omdat die mens altyd as totaliteit bestaan.

## 3. DIE MENS IN NOOD

Hoewel die mens verskeie rolle beklee, bly hy tog 'n eenheidswese. As uitbreiding van die terreine waarop die mens rolle vervul, noem Spier[1] die volgende veertien terreine of modaliteite met hul "sinkerne" soos saamgestel deur Stoker en Dooyeweerd:

| | | |
|---|---|---|
| - | die godsdienstige | geloof |
| - | die etiese of sedelike | liefde in tydelike betrekkinge |
| - | die juridiese | vergelding |
| - | die estetiese | harmonie |
| - | die ekonomiese | besparing |
| - | die sosiale | omgang |
| - | die taalkundige | simboliese betekenis |

1) Vgl. Spier, J.M. *Inleiding in de wijsbegeerte der Wetsidee.* Kampen, J.H. Kok, 1950. p. 51.

| | | |
|---|---|---|
| - | die historiese | kultuurontwikkeling of vormende mag |
| - | die analitiese of logiese | denke |
| - | die psigiese | gevoel |
| - | die biotiese | lewe |
| - | die fisiese | beweging |
| - | die ruimtelike | ruimte |
| - | die getalsmatige | getal |

Blykbaar het daar ook 'n vyftiende modaliteit bygekom naamlik die kinematiese met sy sinkern beweging (energie).

Hierdie modaliteite gee uitdrukking aan die milieu waarin die mens as totaliteit leef en beweeg. Volwaardige menslike funksionering is wanneer al hierdie modaliteite as 'n eenheid geintegreer is in die lewe van die mens. Die ideaal van die maatskaplike werk is die volwaardige menslike funksionering van die mens. Die taak van die maatskaplike werk berus egter by die maatskaplike funksionering van die mens. In hierdie verhandeling gaan dit hoofsaaklik oor die verhouding mens-medemens. Die ander drie verhoudings van die mens kan egter nooit buite rekening gelaat word nie, aangesien die mens se verhoudingslewe so nou vervleg is.

In hierdie studie bepaal ons, ons by die maatskaplike werklikheid van die mens. Met maatskaplike werklikheid word bedoel die mens in sy gemeenskap, in sy tussen-menslike verhoudings en in sy rolverwagtings. Van Loon haal Kuin aan wat maatskaplike werklikheid beskryf as: "Het maatschappelijk leven, waarin talrijke sociale functies worden verricht."[1]

Hy maak dan die volgende indeling van die "sociale functies":[2]

---

1) Van Loon, P.C.J. *Doelmatigheid van het maatschappelijk werk.* ś Hertogenbosch, L.C.G. Malmberg, 1950. p. 2.

2) Vgl. Ibid.

- Verwerwing van stoflike middele wat vir die bestaan noodsaaklik en gewens is. (Arbeid)
- Versorging van die geslags- en familielewe, waarin (afgesien van alle ander funksies) die kontinuiteit in die maatskaplike lewe sy biologiese grondslag vind. (Gesins- en familielewe)
- Sorg vir veiligheid. (Staat en polisie)
- Sorg vir regshandhawing in die gemeenskap. (Staat en regspleging)
- Sorg vir gesondheid ten behoewe van die instandhouding van die lewe. (Medies - fisies)
- Die oordraging van die bestaande kultuur op elke geslag deur opvoeding en onderwys. (Kultuur)
- Sorg vir verbindingsmiddele tussen mense, byvoorbeeld telefoon, radio en pers. (Kommunikasie)
- Sorg vir die ontspanning van mense. (Sport en ontspanning)
- Sorg vir die kulturele lewe van die gemeenskap. (Kultuur)
- Sorg vir die geestelike en godsdienstige lewe van die mens. (Kerk)
- Sorg vir die staatkundige lewe. (Staat)
- Sorg vir die wat in maatskaplike nood verkeer. (Maatskaplike werk)

In die maatskaplike werk kan ons die gedagte wat hier saamgevat word, met die term "maatskaplike sorg" beskryf, die omvattende begrip wat professionele en alle ander dienste aan die mens, insluit. Waar die mens 'n probleem mag hê of in nood verkeer, raak dit nie net een modaliteit of terrein van die mens se lewe nie, maar die nood op een terrein beïnvloed verskeie ander. Wanneer die vader as broodwinner vir 'n geruime tyd siek is, raak dit nie net hom en sy gesondheid nie, maar dit het omvangryke invloed en verreikende gevolge.

Met die sondeval het die onvolkomendheid van die mens ingetree, wat beteken dat daar menslike nood in die lewe van die mens sal wees. Waar daar mense is, is daar ook menslike behoeftes, pro=bleme en nood wat op verskillende terreine mag voorkom.

a. Die oorsprong van nood

Die Nederlandse ondersoekgroep beweer dat dit uiters moeilik is om vas te stel waarin die nood van die mens sy oorsprong gehad het. Die mens is 'n eenheidswese en veral tussen die psige en soma is daar noue verband en dit word bewys deurdat liggaamlike nood mak=lik tot psigiese nood mag lei, en andersom.[1)]

Ruygers noem dat daar uit die geskiedenis en daaglikse lewe drie woorde is wat baie keer as sinonieme gebruik word, naamlik leed, ellende en nood. Daar is in die bestaande literatuur egter geen steun in die ontleding van die drie begrippe nie. Hy sê: "We weten veel genuanceerd hoe nood benaderd, opgeheven of voorkomen kan worden. Wat de nood self is, ontgaat ons nog steeds."[2)]

Ondersoeker stem met Ruygers saam as hy sê dat wanneer oor nood gepraat word, moet daar eers by die begrip "kwaad" uitgekom word, met ander woorde die sonde. Hy omskryf kwaad as: "Wat er niet zijn moest, of juister: het goede is er, maar wat aan het kwaade goede ontbreekt, noemen wij kwaad. Daarmee is het kwaad het zinlose, het absurde, het radicaal oninzichtelijke. En daarmee is de weg naar een filosofie van het kwaad, dus ook naar de vin=ding van een begrip nood, definitief afgesloten."[3)]

---

1) Nederlands Gesprekcentrum. *Helpen in deze tijd.* Kampen, J.H. Kok, 1960. p. 8.

2) Ruygers, H. *Noodlijdend is de mens.* Antwerpen, Uitgeverij Paul Brand N.V., 1962. p. 10.

3) Ibid.

Ruygers herlei dus die oorsprong van nood terug na die religieuse vlak, as die sonde self of die straf op die sonde. 'n Baie belangrike aspek wat nooit by die bespreking van menslike nood, probleme en ellende uit die oog verloor mag word nie, is die roepingsbewustheid en verantwoordelikheidsbesef van die mens. Behalwe die sonde of straf op die sonde wat nood mag meebring, kan die mens homself in nood dompel, as gevolg van 'n gebrek aan verantwoordelikheidsbesef en gebrekkige roepingsvervulling.

Van Loon is van mening dat in die faktore wat nood veroorsaak, intrinsieke en ekstrinsieke faktore onderskei kan word. Onder intrinsieke faktore onderskei hy dië faktore wat vanuit die innerlike van die mens self werk. Onder ekstrinsieke faktore dië wat van buite af, vanuit sy omgewing op die mens inwerk. Die ekstrinsieke sien hy as die inwerking van die maatskaplike werklikheid.[1)]

b. Die betekenis van nood

In 'n uitgawe van die Nederlands Gesprekcentrum sê die skrywer dat die vraag: "Wat is nood?" nie so maklik is om te beantwoord nie; juis omdat nood op soveel terreine bestaan. Daar is byvoorbeeld nood van liggaamlike, psigiese, pedagogiese, seksuele, ekonomiese, maatskaplike, kulturele, morele, religieuse aard.[2)]

Ruygers sê nood kan beteken dat die mens iets nodig het, iets waaraan hy sterk behoefte het. Dit kan in verskillende grade in die mense se lewe aangetref word. Behalwe graadverskille is daar ook verskillende vlakke waarop nood aangetref word,

---

1) Vgl. Van Loon. *Doelmatigheid van het maatschappelijk werk,* p. 4.

2) Nederlands Gesprekcentrum. *Helpen in deze tijd,* p. 6.

byvoorbeeld die biologiese, sosiale en die geestelike vlak. Die mens het byvoorbeeld voedsel en kleding nodig, maar ook "need to be needed" en dan is daar nog die Bybelse "ewige nood".[1]

In verband met nood word gepraat van 'n min of meer konstante te=kort in die bevrediging van menslike behoeftes. Dit beteken dat die mens gebrek ly, dat hy iets kortkom in een of meer lewensas=pekte. Die gebrek of nood in een lewensaspek tas ook ander ter=reine of sfere van die menslike lewe aan. Die nood kry dan min of meer totale karakter.

Die studiekomitee van die Nederlands Gesprekcentrum noem dat die mens hom baie gou in 'n kombinasie van node kan bevind waarvan die onderlinge vervlegtheid so groot is, dat 'n mens van 'n totale nood kan praat - 'n "existentiële nood", omdat sy hele persoon daarby betrokke is.[2]

Ruygers meen verder dat nood 'n dramatiese aksent besit en wel in die sin dat die lewe homself in bepaalde leed, as drama openbaar. Die lewe as sodanig kan dus gesien word as 'n nood en bedreiging.

Aan nood kan ook gedink word as 'n fundamentele bestanddeel van die menslike bestaan "namelijk dat de mens zich bij voortdurin moeizaam zoekend de weg moet vinden in een hom bedreigende, duis=tere en ondoorzichtige wereld, in een wereld vol van vraagstukken en vraagstukken."[3]

---

1) Vgl. Ruygers. *Noodlijdend is de mens,* p. 5.

2) Vgl. Nederlands Gesprekcentrum. *Helpen in deze tijd,* p. 6.

3) Ruygers. *Noodlijdend is de mens,* p. 7.

Die ondersoekgroep van die Nederlands Gesprekcentrum sien nood soos volg:

- 'n Onbevredigende behoefte, dit wil sê, waarin nóg normale gesins-, familie, vriende- of burekring; nóg die algemene sosiaal-ekonomiese dienste en middelesisteem kan voorsien.
- Waar die behoefte 'n eksistensiële inslag het, dit wil sê die mens in sy persoonlike bestaan aantas.[1)]

In die literatuur kry ons die begrippe behoefte, probleem, nood, lyding, ellende. Almal dui op die onvolkomendheid van die mens as sondige wese. Tussen behoefte en nood is daar egter groot graadverskille. By alle mense is daar bepaalde behoeftes in 'n groter of kleiner mate aanwesig. Wanneer hierdie behoeftes egter 'n probleem geword het, kan hierdie problematiese behoeftes 'n nood vorm waaruit die mens nie sonder hulp kan kom nie. Die beginsel van wanneer 'n behoefte werklik in 'n probleem verander en daardie probleem 'n noodtoestand word, sal 'n hele studie regverdig.

c. Fasette van nood

Menslike nood verskil en/of varieer van een lewenstadium tot 'n volgende. Elke nood varieer in intensiteit en in sy invloed op gedrag, afhangende van die ouderdom en predisposisie van die persoon, want geen twee mense is ooit dieselfde nie. Wat vir een mens nog 'n behoefte vorm, is vir die volgende reeds 'n ernstige nood onder min of meer dieselfde omstandighede.

Nood word verskillend beleef of ervaar deur verskillende persone.

---

1) Vgl. Nederlands Gesprekcentrum. *Helpen in deze tijd*, p. 7.

Klein[1] noem byvoorbeeld dat Adler die hipotese gehuldig het dat noodgedrag gebruik word om belangrik te voel; Sullivan pas dit toe op interpersoonlike verhoudings: Fairbain betrek dit op objek-verhoudings en White op omgewingsverhoudings. Towle[2] voorsien 'n aaneenlopendheid van nood wat betrekking het op die selfrealisering van die mens. Hierdie aaneenlopendheid van nood het die volgende patroon:

- Basies-fisiese of oorlewingsnood (survival)
- Beveiliging (security)
- Om te behoort aan (belongingness)
- Liefde en agting, tot by
- self-realiseringsnood.

Klein[3] haal Maslow se teorie aan waarin hy bevestig dat die bogemelde patroon van nood by die mens aanwesig is: By alle mense word dit nie as nood ervaar nie, maar wel as behoefte. Die nood of behoefte wat nie bevredig word nie, sal die mees dominante wees. Enige kritiese verandering wat mag opduik in die individu self, in sy omgewing of in albei, mag 'n verandering in die dominante nood meebring. As die hulpverlener 'n hulpbron gebruik om 'n nood te lenig en daardie hulpbron het nie direk betrekking op die dominante nood nie, is dit nie 'n hulpbron nie. Vir die maatskaplike werk het hierdie siening belangrike konotasies, veral vir die maatskaplike groepwerk waar met 'n aantal kliënte gelyk gewerk word.

Volgens Klein glo Maslow dat die individu te enige tyd sy gedrag

---

1) Vgl. Klein. *Social work through group process*, p. 63.

2) Vgl. Towle, Carlotte. *Common Human Needs*. New York, National Association of Social workers, 1957. p. 7.

3) Vgl. Klein. *Social work through group process*, p. 64.

kan verander om sy dominante nood te bevredig. Hy sê: "Motiva= tion is based upon needs, actions, the goals toward which behavior is directed, and the energy released in the individual to accom= plish these goals."[1])

Die dominante nood van die individu mag verander van situasie tot situasie. Dit mag ook wees dat die maksimum optrede van 'n indi= vidu gedeeltelike bevrediging van 'n nood op 'n bepaalde stadium mag bied. Op 'n bepaalde tydstip mag 'n verskeidenheid van ba= siese node of behoeftes teenwoordig wees, wat dit minder of meer hanteerbaar maak vir die individu self. Al hierdie toestande be= paal en rig die gedrag van die individu.

Veranderlikes in die maatskaplike sisteem wat van buite op die in= dividu inwerk, kan behoeftes of node vererger of verminder. Deur dit te doen kan 'n ander nood by 'n individu as dominant na vore kom. Hierdie is belangrike aspekte om in gedagte te hou by maat= skaplike groepwerk as terapie.

Klein sê persone in 'n groep ervaar hul dominante nood elkeen op 'n ander vlak. Die dominante nood mag ook van persoon tot persoon verskil. Die hantering van die omstandighede van buite het op elk van daardie persone 'n ander invloed. Maslow noem as voorbeeld, die leer- en kondisioneringsprosesse.

Volgens Klein is node of behoeftes wat binne die maatskaplike werk die meeste geidentifiseer word, die volgende: Die sterk behoefte aan liefde, erkenning, status, beveiliging, om te behoort aan, aanvaarbaar te wees, van waarde te voel.[2]) Juis die maatskaplike groepwerk bied die geleentheid aan die individu om binne die

---

1) Klein. *Social work through group process*, p. 64.

2) Vgl. Ibid. p. 65.

terapeutiese groep hierdie behoeftes te bevredig.

Hierdie node kan nie in 'n rangorde van belangrik tot minder belangrik geplaas word nie, aangesien nood altyd van persoon tot persoon en situasie tot situasie, verskil.

Klein[1] meen verder dat die hulpverlener altyd bewus moet wees van die volgende in sy helpende betrekking tot die persoon in nood:

- Bepaalde gedrag spruit voort uit 'n individu se pogings om nood te bevredig.
- Individuele nood verskil in belangrikheid, intensiteit, predisposisie, tyd en noodleningingsfasiliteite (satisfyers).
- Verskillende gedragspatronne het verskil van betekenis vir verskillende persone.
- 'n Bepaalde optrede of gedrag kan veroorsaak word deur verskillende node in 'n persoon en in verskillende persone. 'n Bepaalde nood mag verskillende gedragspatrone hê in dieselfde persoon en in verskillende persone.
- Wanneer 'n kliënt byvoorbeeld sekuriteit as 'n ernstige of dominante nood ervaar en die werker bied enige ander behoeftebevrediging aan, behalwe die voorsiening in die sekuriteitsnood, is die noodbevrediging nie aktueel op daardie stadium nie, omdat die hulpverlening nie aktueel en geskik is nie.

Nood het 'n invloed op die optrede van die persoon wat poog om sy nood op te los, omdat hy op 'n bepaalde manier optree ten opsigte van sy nood. 'n Reaksie van die omgewing op daardie persoon bring ook bepaalde gedrag of optrede na vore, wat bevrediging,

---

1) Vgl. Klein. *Social work through group process,* pp. 65-66.

frustrasie of onttrekking mag meebring. Juis dit is die invloed van 'n groep op 'n individu.

Klein is van mening dat hulpbronne wat gebruik mag word in die behoeftebevrediging of noodleniging ook 'n invloed kan hê op die nood en behoeftes self. "Needs produce behavior, responses to the need-seeking-gratification behavior produce behavior, and resources produce behavior with the group (and in general)".[1]

Die omvang van 'n persoon se behoefte of nood, sal ook sy gedrag bepaal. Indien 'n persoon nooit liefde en aandag in sy huis ontvang het nie en nie geleer het om met daardie toestand saam te leef nie, sal die persoon se behoefte aan liefde en aandag heel moontlik baie minder wees, as die persoon wat voortdurend daarmee saamgeleef het, baie liefde en aandag ontvang het en dan, om een of ander rede, skielik alles moet ontbeer. 'n Volgende persoon kan egter weer 'n baie groter behoefte aan liefde en aandag hê omdat hy dit nóóit ontvang het nie, as selfs die persoon wat dit altyd besit het en dan skielik moet ontbeer. Binne die huwelik en gesin kan hierdie onvervulde behoefte aan liefde en aandag in 'n nood verander wat die aandag van die maatskaplike werk vereis, hetsy deur gevalle- of groepwerk.

Die hulpverlener moet baie fyn diagnoseer om nie dit wat vir hom 'n belangrike behoefte of nood is, te projekteer op die persoon aan wie hy hulp moet verleen nie. Hierdie geprojekteerde nood kan vir die persoon van geen aktuele belang wees nie.

In elke groep word dit bewys dat hoe groter die behoefte of nood van 'n persoon is om lid te wees van 'n bepaalde groep, hoe meer mag het daardie groep oor daardie persoon. Hoe meer die groep 'n

---

1) Klein. *Social work through group process,* p. 67.

verwysingsgroep is, hoe groter sal die invloed van die groeps=waarde op die individu wees. Hoe sentraler 'n persoon betrek word, hoe gouer en makliker sal die inskakeling plaasvind.

In die samelewingsituasie van vandag, kan elkeen in 'n posisie kom waar hy in nood raak. Theron is van mening dat sodra die mens se vierledige verhouding, (God, medemens, natuur, self) ver=stoor raak of gebrekkig is verkeer hy in nood.[1] Verder sê hy ook dat die moontlikheid bestaan dat die mens in nood kan raak indien hy nie die sin van sy bestaan uitleef nie.

Onlosmaaklik met nood verbind is lyding. Kortliks moet ingegaan word op dit wat die begrip lyding behels.

d. Lyding

Lyding is inherent aan die menslike bestaan. Menslike leed is 'n verskyningsvorm van die menslike lewe net soos nood. De Klerk[2] sê daar is drie pole by die oorsprong van lyding - God, Satan en die mens. Die mens is op menslike wyse by die lyde be=trokke, die duiwel op duiwelse wyse en God op Goddelike wyse.

Verder sê hy, dat die sondeval plaasgevind het op eie verantwoor=delikheid van die mens. Die gevolg van die sondeval is die drie=ledige vloek van God. (Gen. 3: 14-19). In die drieledige vloek is alle menslike lyding saamgevat. Die oorsprong van die lyding is dus die sonde - en die sonde is die mens se eie skuld. "Deur die gebrokenheid van die bestaan as gevolg van die sonde, is

---

1) Vgl. Theron. *Die begrip maatskaplike werk met besondere aan=dag aan die mens- en lewensbeskouing,* p. 247.

2) Vgl. De Klerk, W.J. *Rousmart - die pastorale sorg oor be=droefdes na die oorlye van 'n dierbare.* Johannesburg, Boek=handel De Jong, 1968. p. 54.

lyding nou 'n deel van die bestaan van die organisme van die lewe, waardeur ons die "merktekens" van die sonde bly dra. Lyding het nou 'n deel van ons eksistensie geword. Daar is nou 'n "natuurlikheid" aan die lyding. 'n "Noodwendigheid" en "vanselfsprekendheid" as gevolg van die sondegebrokenheid - en dié gebrokenheid is menslike skuld, oorspronklik, en hier en nou."[1]

De Klerk sien die doel van lyding "... om God se almag, wysheid, liefde, reg en soewereiniteit te openbaar en die lewe op 'n hoër vlak van genade te bring."[2]

Van der Linden[3] noem 'n aantal menslike lydingsvorme soos Stanley Jones dit in sy boek uiteensit, naamlik:

- Lyding as gevolg van verwarring op godsdienstige gebied.
- Lyding deur oorlog en konflik in die menslike samelewing.
- Lyding deur natuurrampe.
- Lyding as gevolg van liggaamlike siekte en swakheid.
- Lyding deur ekonomiese nood.
- Lyding deur die toedoen van die medemens.
- Lyding deur die optrede van kerklike en wêreldlike owerhede.
- Lyding as gevolg van omstandighede in die huislike lewe.
- Lyding wat voorkom as gevolg van ons verbondenheid met Christus.

Baie vrae ontstaan daagliks oor die sin en betekenis van lyding, en oor watter houding die mens moet inneem teenoor lyding. "De lijdende mens kan echter niet volstaan met een verklaring van het

---

1) De Klerk. *Rousmart - die pastorale sorg oor bedroefdes na die oorlye van 'n dierbare,* p. 54.

2) Ibid., p. 56.

3) Van der Linden. *Van nummer tot mens,* pp. 3-4.

leed. Hij moet een antwoord hebben, dat niet alleen een oplossing, maar tewens een verlossing inhoudt."[1])

De Klerk se samevatting van die Christelike sinduiding van lyding is soos volg: Die lyding bring die Christen in opstand teen die duiwel, tot kennis van sy sonde, tot kennis van die regverdige oordeel van God, tot die dood van die oue mens en tot gemeenskap met Jesus Christus.[2])

De Klerk[3]) sien die volgende as die sin van lyding:

- Die tekenkarakter van lyding (teken van gebrokenheid van die lewe)
- Toetsing en beproewing
- Tugtiging en kastyding
- Onthegting van die lewe (lyding is tydelik teenoor die ewige heerlikheid)
- Versterking van die gemeenskap van die heiliges
- Koppeling aan Christus

Theron[4]) sien lyding as een van die maniere waarop God die mens aanspreek. Hy bespreek Cronjé se siening oor die verband tussen lyding en die maatskaplike sorg soos volg:

- Die hulpsoekendes moet besef dat hulle nie die enigste mense is wat ly nie.
- Die hulpsoekendes moet gehelp word om die lyding in die regte perspektief te sien en te besef dat hulle lewe nie net uit

---

1) Van der Linden. *Van nummer tot mens,* p. 6.

2) Vgl. De Klerk. *Rouwmart,* pp. 63-67.

3) Vgl. Ibid.

4) Vgl. Theron. *Die begrip maatskaplike werk met besondere aandag aan die mens- en lewensbeskouing,* p. 280.

swaarkry, teenspoed en lyding bestaan nie.

- Hulpverlening moet nie die stryd vir die hulpsoekende "oorneem" nie, maar die hulpsoeker moet gehelp word om te besef dat alhoewel hy bystand en onderskraging kan ontvang, hy nogtans die lewenstryd self sal moet voer.
- Hulpsoekendes moet gehelp word om die lyding nugter en besonne te verwerk, aangesien hulle hul moeilikhede andersins net vererger.
- Die hulpverlener moet die hulpsoekende tot die besef bring dat alles deel uitmaak van die verlossingsplan van God en dat Hy diegene wat Hy beproef, die genade en krag sal verleen wat hulle in die stryd nodig het.

De Klerk noem die volgende houdings van die mens teenoor lyding:

- Opstandigheid in die vorm van Godsverwyt en wanhoop
- Berusting as fatalisme
- Verskansing in die lyding
- Lydersbestryding
- Lydersaanvaarding
- Lydersaanwending[1)]

Die verwerking van nood en lyding berus by die persoon in nood. Van die kant van die hulpverlener is egter medelye nodig met die mens in nood.

e. Die gevolge van nood en lyding

Die gevolge van nood en lyding word bepaal deur verskeie faktore soos onder andere, die tipe dominante nood, die tipe lyding, die

1) Vgl. De Klerk. *Rousmart,* pp. 67-75.

intensiteit daarvan, die persoonlikheid van die persoon in nood of lyding en omgewingsinvloede.

Vanweë die feit dat die mens 'n eenheidswese is, kan die nood en lyding wydverspreide gevolge in die lewe van die mens uitoefen. Dit is algemeen bekend wat die mag van die fisiese nood en/of ly= ding op onder andere die geestelike en maatskaplike aspekte van die mens uitoefen. So het nood en lyding op alle aspekte van die mens se lewe 'n invloed asook op die rolle wat die mens vervul en alle verhoudings in die mens se lewe.

Nood en lyding bring disintegrasie en ontwrigting in die mens se lewe. Die gevolge van nood kan lyding wees en die gevolge van lyding kan nood wees. Nood en lyding van die een mens wek ge= woonlik die medelye van die medemens.

f. Medelye

Werklike medelye vorm 'n kragtige stimulus in die tegemoetkoming van die medemens in nood. Die manier waarop die medemens benader word, het groot betekenis. Die sin en waarde wat 'n persoon heg aan medelye verdien besondere aandag, met ander woorde die motief van hulpverlening. Deur die eeue het mense nog altyd hulp ver= leen as gevolg van medelye met die medemens - so het ook welsyns= organisasies ontstaan.

Van der Linden waarsku dat die persone wat daagliks te doen kry met die nood van mense, moet waak teen afstomping van werklike medelye as gevolg van die eise van die ruwe werklikheid.[1)]

Wanneer medelye opreg bedoel word, is dit 'n aspek van die naaste= liefde en 'n openbaring van liefde.

---

1) Van der Linden. *Van nummer tot mens*, p. 6.

Saam met medelye gaan die gedagte van empatie. Die Vaktaalkomitee verduidelik empatie soos volg: "Vermoë van die werker (maatskaplike werker) om met die kliënt mee te leef in sy omstandighede en sy gevoelens en handelinge te begryp."[1] Empatie is meer as net simpatieke saamvoel en vir sover dit moontlik is, is dit "invoel" van een persoon in die situasie van die ander.

Wanneer medelye beperk bly tot 'n gevoel, het dit weinig betekenis vir die opheffing of versagting van leed. Medelye moet die mens aanspoor tot hulp, wat sy motivering vind in die liefde. As sodanig, vorm medelye die "beginsel van liefdadigheid" volgens Van der Linden.[2]

Ruygers sê die nood van die mens roep op tot aksie.[3] Die nood van die mens moet gelenig word, verhelp word en uit die weg geruim word.

In hierdie verhandeling word gehandel oor die taak van die maatskaplike werk in die leniging van die maatskaplike nood van die mens.

g. Die mens as hulpbehoewende

Vir die bestryding of bekamping van probleme, nood, lyding en ellende waarin die mens verkeer, is dit nie voldoende om net die aard van die bestaande of dreigende tekort te ken nie. Dit is ook noodsaaklik om die faktore te ken, wat die nood veroorsaak het of besig is om dit te veroorsaak. Enige terapie sonder kennis van die oorsaak, is ontoereikend.

---

1) *Woordeboek vir maatskaplike werk,* p. 15.

2) Vgl. Van der Linden. *Van nummer tot mens,* p. 9.

3) Vgl. Ruygers. *Noodlijdend is de mens,* p. 16.

Die bestryding van menslike nood word gedoen op verskillende vlakke, deur verskillende professionele persone, van verskillende dissiplines. Vir die hantering van die mens en sy probleme, nood en lyding, is dit dus noodsaaklik dat daar noue spanwerk sal bestaan tussen die verskillende dissiplines wat met die mens werk, byvoorbeeld die dokter, predikant, maatskaplike werker, psigoloog, onderwyser en werkgewer. Al hierdie persone kan dan tegelykertyd met dieselfde persoon te doen kry.

Die studiegroep van die Nederlands Gesprekcentrum meen dat dit in beginsel altyd gaan om hulp uit nood. Hulp uit nood is nie altyd onmiddellik en soms glad nie moontlik nie. Dan kan die hulpverlener hoogstens die persoon in sy nood help. Juis waar dit onmoontlik is om die persoon uit sy nood te help, het die blywende hulp in nood 'n besondere aard en funksie.

In gevalle waar die nood nie opgehef kan word nie, kan die persoon oortuig word dat hy die nood as 'n kruis ontvang het, wat hy moet dra. Hierdeur word die nood nie weggeneem nie, maar die dra daarvan word verhef tot 'n waardevolle faktor vir die opbou van 'n volwaardige menslike lewe.[1]

Om 'n persoon uit of in sy nood te help, beteken 'n egte ontmoeting tussen die hulpsoeker en hulpverlener. Vir die hulpsoeker beteken so 'n ontmoeting erkenning dat sy probleem vir homself onhanteerbaar geword het, dat hy magteloos staan teenoor sy probleem en dat dit vir hom 'n nood geword het. Dit beteken dat hy moet uitreik na 'n ander persoon vir hulp. Waar familie, bure en vriende nie kan help nie, moet die bystand verkry word van professionele persone, met die nodige kennis, opleiding en bedrewenhede.

---

1) Vgl. Nederlands Gesprekcentrum. *Helpen in deze tijd,* pp. 6-7.

Van die kant van die hulpverlener beteken dit ontvangs, aanvaar= ding, uitreiking, ondersteuning en onderskraging van die persoon in nood. Die hulp kan bestaan uit ingryping in, en verandering van die lewensomstandighede van die persoon in nood, steungewing, in staat stelling en leiding.

Dit is die taak van die maatskaplike werk om te voorsien in die maatskaplike nood van die mens. (Die maatskaplike werk het te doen met die mens as totaliteit, maar self kan dit egter nie hulp verleen aan die mens in alle aspekte nie en moet gebruik gemaak word van ander dissiplines.)

h. Maatskaplike nood

Vir 'n studie in die maatskaplike werk, is dit nodig om verder spesifiek te kyk na die maatskaplike nood van die mens. Die studiegroep van die Nederlands Gesprekcentrum se definisie van maatskaplike nood is die volgende: "Maatschappelijke (sociale) nood is desintegrasie, die optreedt wanneer individu, groep of community niet meer zinvol deel van het geheel is (dit is niet langer op normale wijze functioneert binnen het geheel) en wan= neer dit door hetzij de enkeling, hetzij de groep, hetzij de community enerzijds of door het geheel anderzijds of door beide als nood word ervaren."[1)]

In die huidige samelewing eis die versteurings van tussen-menslike verhoudings veral die aandag. Hulp is dan ook van nie-materiële aard, alhoewel maatskaplike nood in baie gevalle wel verhelp kan word deur materiële hulp.

'n Noodsituasie het gewoonlik verskillende fasette en die begrip

---

1) Nederlands Gesprekcentrum. *Helpen in deze tijd,* p. 13.

nood is uiters relatief. Wat die een persoon as 'n geringe mate van welstand beskou, is vir die volgende uiters luuks. Lewens=gewoontes, afkoms, tradisie, instelling van die persoonlikheid teenoor aardse goed en andere, speel 'n groot rol.

Van Loon definieer maatskaplike nood as: "... een toestand, waarin de mens, overwegend ten gevolge van factoren, die vanuit de maatschappelijke werkelijkheid op hem inwerken, zodanige tekorten vertoont in zijn physiek, psychisch, of metaphysiek gegevan, dat hij naar algemeen geldende opvatting in de maatschappij, waarin hij leeft, niet of niet ten volle in staat is, zijn persoonlik=heid vrij en zelfstandig te ontplooien."[1)]

Marie Kamphuis meen: "Maatschappelijke noden ontstaan wanneer de enkeling, het gezin, de kleine of grotere groep zijn eigen plaats in en zijn verbondenheid met her omringende sociale veld niet kan vinden."[2)]

Hierdie begrip "maatskaplike nood" word dus op tweërlei wyses ge=bruik. In die algemene spreektaal beteken dit die nood wat op die terrein van die maatskaplike sorg lê, met ander woorde nood wat te doen het met die sosiale, die arbeid, die onderwys en ander aspekte van die mens. In die maatskaplike werk word hierdie term gebruik asof dit net nood is wat bepaald te doen het met maatskap=likewerk-terapie. By 'n gebrek aan 'n ander term, word dit dus in hierdie studie so gebruik.

Uit die genoemde definisies kan dus afgelei word, dat maatskaplike nood 'n toestand is wat ontstaan vanuit die individu self as

---

1) Van Loon. *Doelmatigheid van het maatschappelijk werk,* p. 5.

2) Kamphuis. "Functie en verantwoordelijkheden van die Maat=schappelijk Werk vandaag" In *Professionele Maatskaplike Werk,* p. 22.

gevolg van faktore wat van buite af op die individu, groep of gemeenskap inwerk, tot so 'n mate, dat die persoon, groep of gemeenskap se maksimum maatskaplike funksionering, benadeel of gestrem word.

Omdat die maatskaplike werk met die mens as totaliteit te doen kry, kry hy ook met die totale menslike nood te doen, alhoewel hierdie beroep sy terapie slegs bepaal tot die maatskaplike nood van die mens.

## 4. SAMEVATTING

Om volwaardig mens te wees, beteken om verantwoordelik al die eienskappe van menswees te besit en uit te leef. Dit hou in die verantwoordelike funksionering van die mens.

Vir hierdie verhandeling is die maatskaplike funksionering van die mens van belang. Maatskaplike funksionering kom kortliks neer op die rolvervulling van die mens en/of in sy tussen-menslike verhoudings.

In sy roeping en opdrag ontvang die mens verskillende rolle wat hy moet vervul. Van die belangrikste rolle in elke mens se lewe is die rol in die huisgesin en huwelik, as opvoedeling en opvoeder, arbeider, kultuurbeoefenaar, staatsburger, kerklidmaat en die mens se rol in sport en ontspanning. Die mens is dus 'n eenheid in verskeidenheid.

Die mens is geskape as verbandswese. Om sy lewensrolle te vervul, word die mens in voortdurende verhouding met God, sy medemens, die kosmos en homself gestel. Die tussen-menslike verhoudings, handelinge en gebeurtenisse, is die basis van die mens se rolvervulling en rolverwagting. Die vervulling van die mens se rolle en verhoudings is die vervulling van die mens se roeping en opdrag.

Volmaakte rolvervulling, rolverwesenliking en tussen-menslike verhoudings, is nie vir die sondige mens beskore nie. Tog moet die mens voortdurend daarna streef.

Hierdie onvolmaaktheid van die sonde bring nood, lyding, ellende en moeite in die lewe van die mens. Wanverhoudings in die mens se lewe bring wanfunksionering.

Menslike nood raak die mens op verskillende terreine. Waar nood op een terrein (byvoorbeeld die finansiële) voorkom, raak dit ook ander terreine van die menslike bestaan.

By alle mense is sekere behoeftes aanwesig, maar nie noodwendig nood nie. Tussen behoefte en nood bestaan groot graadverskille. Wanneer 'n behoefte 'n nood geword het, kan die persoon in nood in baie gevalle nie alleen daaruit kom nie, maar het hy vakkundige hulp nodig.

Die oorsprong van nood kan herlei word na die religieuse, as die sonde self of straf op die sonde. Die mens mag homself ook in nood dompel as gevolg van gebrek aan verantwoordelikheidsbesef en gebrekkige roepingsvervulling. Faktore wat nood veroorsaak kan intrinsiek, vanuit die mens self kom of ekstrinsiek van buite inwerk op die mens.

Nood word verskillend beleef deur verskillende persone. Die mees onbevredigende nood by 'n persoon op 'n bepaalde tydstip, kan die dominante nood genoem word. Hierdie dominante nood kan van situasie tot situasie verander. Persone in 'n groep kan elkeen op 'n ander vlak van hul dominante nood wees en die dominante nood mag van persoon tot persoon verskil.

Nood laat die noodhebbende op 'n bepaalde manier optree ten opsigte van sy nood. So het omgewingsreaksie ook 'n invloed op die

noodhebbende.

Menslike nood bring lyding of lyding bring nood wat medelye ontlok van 'n hulpverlener. Afhangende van die behoefte of nood, kan hierdie hulpverlener 'n vrywillige of 'n professionele persoon wees.

Vir die doel van hierdie studie staan die maatskaplike nood van die mens wat die maksimum maatskaplike funksionering van die mens benadeel of strem in die sentrum van belangstelling. Die bestryding van menslike nood in die algemeen word gedoen deur verskillende professies. Die maatskaplike nood van die mens is die terrein van die maatskaplikewerk-professie.

Vervolgens word aandag gegee aan die maatskaplike werk as helpende professie.

# HOOFSTUK IV

## MAATSKAPLIKE WERK AS HELPENDE PROFESSIE

Die mens en sy maatskaplike funksionering en maatskaplike nood vorm die kern van die studieveld en arbeidsveld van die maatskaplike werk. In hierdie hoofstuk volg 'n bespreking van die doel, taak, funksie en terrein van die maatskaplike werk ten opsigte van die mens in nood en die metodes waardeur die maatskaplike werk die mens help tot beter maatskaplike funksionering.

Soos in alle professies is dit ook in die maatskaplike werk vir die beoefenaar daarvan, uiters moeilik om in 'n paar woorde sy hele professie te definieer. In die bestaande literatuur bestaan daar tientalle omskrywings van maatskaplike werk, waarvan 'n paar in die begripsomskrywings genoem is. "One of the strongest forces determining the growth of a profession is the way in which the members themselves perceive and define what they are doing or trying to do - their goals, knowledge and techniques."[1)]

Die Christelik-gefundeerde taak van die maatskaplike werk kom kortliks daarop neer dat dit hulpverlening is van die een mens (maatskaplike werker) aan 'n ander mens (kliënt) in nood. Hierdie hulpverlening geskied binne 'n bepaalde struktuur, op 'n bepaalde wyse, met inagneming van bepaalde uitgangspunte en beginsels, sodat die kliënt sy roeping kan vervul, terwyl die maatskaplike werker in die uitvoering van sy taak, roepingsgehoorsaam is.

---

1) Barlett, Harriet M. *The common base of social work practice.* New York, National Association of Social workers Inc., 1970. p. 9.

## 1. DIE TERREIN EN AARD VAN MAATSKAPLIKE WERK

As samevatting van 'n paar definisies van maatskaplike werk, skryf Theron soos volg:

"Die begrip maatskaplike werk is 'n metodiese beïnvloeding van die rangorde van waardes van medemense (helpende handeling); binne 'n organisasie wat maatskaplike werk onderneem (welsynsorganisasie); gedelegeer en gedra deur en tot voordeel van 'n volk of gemeenskap; gegrondves op sowel mens- en lewensvisies (waardegrondslag) as 'n sisteem van kennis oor die fenomeen maatskaplike hulpbetoon en alles wat daarmee saamhang (wetenskapsgrondslag); verrig met die doel om diegene van wie die maatskaplike funksionering so problematies is dat hulle self of die gemeenskap daardeur bedreig voel (kliënte) te laat vorder op hulle wordingsweg (selfverwesenliking) en hulle dus maatskaplik beter sal laat funksioneer. Hierdie hulpaksie kan verrig word met die mens in nood self in die een-tot-een verhouding of in groepsopset of dit kan via die gemeenskap verrig word. Maatskaplike werk konsentreer in die beïnvloedingsproses op die psigo-sosiale."[1]

Vervolgens skryf hy: "Maatskaplike werk is wetenskaplike of geprofessionaliseerde maatskaplike hulpbetoon en die filosofie van maatskaplike werk is die filosofiese aspek van hierdie wetenskaplike of geprofessionaliseerde maatskaplike hulpbetoon."[2]

Kortliks kan maatskaplike werk dus beskou word as 'n professie, 'n beroep, 'n wetenskap en kuns. In hierdie studie word nie

---

1) Theron. *Die begrip maatskaplike werk met besondere aandag aan mens- en lewensbeskouing,* pp. 175-176.

2) Theron, J.S. "Die praktiese waarde van die filosofie van maatskaplike werk" In *Volkswelsyn en Pensioene.* Jrg. 2, Vol. 2, no. 1, Junie 1967. p. 11.

verder daarop ingegaan nie. Moltzer[1] meld egter dat daar drie kenmerke van maatskaplike werk is:

- 'n voorveronderstelling van maatskaplike nood
- die hulp ter bestryding van die maatskaplike nood wat op 'n sistematiese wyse verrig word
- die individuele aard van hulpverlening, naamlik van mens tot mens.

Van Loon[2] noem ook drie voorwaardes waaraan die bestryding van maatskaplike nood moet voldoen om tot maatskaplike werk te kristaliseer. Dit stem hoofsaak ooreen met die siening van Moltzer:

- Noodleniging moet afgestem wees op die individu.
- Noodleniging moet sistematies gedoen word.
- Noodleniging moet gerig wees op bestryding van die oorsaak van nood. Hy sê wanneer maatskaplike nood in so 'n stadium is dat dit nie meer moontlik is om die oorsake daarvan te bestry nie, dan het die maatskaplike werk as sodanig geen taak meer nie.

Konopka beweer: "Social work is concerned with needs - with the needs of children to grow up naturally and happily and capable of standing the normal frustrations of everyday life; with the need of teen-agers to learn about values in our society and intelligently find their own way through conflicting choices and demands: with the needs of adults who want their groups to enrich the life of our society or with the needs of adults who have come to some

---

1) Vgl. Moltzer, M.J.A. *Maatschappelijk werk.* 2de druk. s'Gravenhage, Nijgh en Van Ditmar Uitvegerij, 1948. pp. 12-13.

2) Vgl. Van Loon. *Doelmatigheid van het maatschappelijk werk.* pp. 16-17.

difficulties they cannot solve alone - everywhere where there are spesific needs, social workers will try to use their knowledge and their understanding and their deep art to be helpful."[1)]

Ook Van der Linden is dieselfde mening toegedaan en bevestig dat: "... het maatschappelijk werk zich bezig houdt met de hulpverlening aan de mens. De mens als totaliteit. Een totaliteit die voor theoretische bezinning moet worden geanalyseerd; bij het nemen van praktische maatregelen beïnvloeden wij de mens als totaliteit."[2)]

Maatskaplike werk het dus altyd te doen met die totale mens in nood, maar gee terapeuties direk aandag aan die maatskaplike nood. Indien daar 'n ander dominante nood op die voorgrond is, byvoorbeeld die geestelike, word die persoon verwys na 'n ander professionele persoon, in hierdie geval, die predikant. Uit al die omskrywings is dit duidelik dat maatskaplike werk gerig is op die nood van die mens. Die dienste moet dus sistematies aangebied word, gerig wees op die bestryding van die oorsaak van nood en moet opheffend van aard wees. Dit kom neer op die dienste van een mens (maatskaplike werker) aan 'n ander mens (kliënt).

## 2. DIE DOEL, TAAK EN FUNKSIE VAN MAATSKAPLIKE WERK

1) Met doelmatigheid van maatskaplike werk word bedoel die beantwoording van die maatskaplike werk aan sy doel - met ander woorde dit waarvoor dit bestaan.

Friedlander sê die doel van maatskaplike werk is: "... to prevent

---

1) Konopka, Gisela. *Group work in the institutions.* New York, Association Press. 1954. p. xix.

2) Van der Linden. *Van nummer tot mens,* p. 167.

or at least to alleviate the socially and psychologically damaging effects of crisis situations, and to remove barriers to the healthy development of individuals, groups and communities."[1]

Hierdie omskrywing van die doel van maatskaplike werk is nie heeltemal bevredigend nie, aangesien dit neerkom op krisis-situasies wat 'n ander benadering verg, as die gewone maatskaplike werk. "Krisis" het prakties te doen met "presented problem", wat baie sterk verband hou met die funksionele benadering. Krisis-situasies verg onmiddellike, daadwerklike hulp, omdat daar nie tyd is vir 'n ondersoek na die oorsaak en omstandighede nie, en dit mag simptomatiese behandeling meebring.

Van den Dam noem die doel as: "... het bewerkstelligen en bevorderen van de maatschappelijke aanpassing - in onderlinge wederkerigheid - van persoon, kleinere groepen en instituties bedoelt."[2]

Marie Kamphuis verduidelik die begrip "aanpassing" in die lig van die biologiese wêreld. Sy sê elke sel wat op unieke wyse gevorm is, moet by die omgrensende omstandighede aanpas.[3] So is dit belangrik vir 'n gesonde samelewing dat elke lid daarvan so goed moontlik moet inpas en aanpas in sy eie omgewing.

Van Loon skryf: "... het doel van het maatschappelijk werk is ... dan ook doelmatig, als het erin slaagt maatschappelijke noden op te heffen of te voorkomen."[4]

---

1) Friedlander, W.A. *Concepts and methods of Social work.* Englewood Cliffs, N.J. Prentice-Hall, Inc. 1958. p. 2.

2) Van den Dam, J.P.A. *Maatschappelijk werk.* Utrecht, Uitgeverij het Spectrum. 1958. p. 59.

3) Kamphuis. "Functie en verantwoordelijkheden van het maatschappelijk werk vandaag" In *Professionele Maatskaplike Werk,* p. 22.

4) Van Loon. *Doelmatigheid van het maatschappelijk werk,* p. 55.

Kasius meen: "Social work is committed to the task of improving living conditions and promoting the well-being of all people."[1]

Boehm sê: "The goal of social work is the enhancement of social functioning wherever the need of such enhancement is either socially or individually perceived."[2]

Uit hierdie omskrywings blyk die doel van maatskaplike werk die volgende te wees:

- Voorkoming of verligting of verwydering van skakelike invloede.
- Opheffing van versperrings of hindernisse in die gesonde ontwikkeling van die mens.
- Hulp in die bevordering van maatskaplike aanpassing, met ander woorde die stabilisasie van 'n algemeen aanvaarbare lewensingesteldheid, lewenswyse en ook motivering tot voortdurende ontwikkeling en beter funksionering.
- Verbetering van lewensomstandighede en bevordering van die welsyn van mense.
- Die doel van maatskaplike werk is om bepaalde hulpbronne op bepaalde node te rig sodat die nood deur die hulpbron bevredig kan word.
- Samevattend kan gesê word: Die doel van maatskaplike werk is die opheffing van maatskaplike nood en die versagting van lyding. Dit beteken die verbetering van die maatskaplike funksionering van die mens wat neerkom op die maksimum rolvervulling van elke individu binne sy vermoë en sy gesonde

---

1) Kasius, Cora. "Are social work principles emerging internationally?" In *Social Casework, Vol. (xxxIV)*, No. 1. Jan. 1953. p. 24.

2) Boehm. *Objectives of the social work,* p. 46.

tussen-menslike-verhoudings. Elke individu moet die geleent=heid kry om sover as moontlik te vorder op die weg van self=verwesenliking, binne sy bepaalde milieu.

Hier is dus sprake van die mens:

- met sy bepaalde node, probleme en behoeftes;
- in sy menslike en maatskaplike funksionering binne sy milieu.

Northen[1)] meen die direkte doel en taak van maatskaplike werk is die verbetering van die interaksie tussen die mens en sy omgewing. Dit wil sê die taak van die maatskaplike werker is om die kliënt te inspireer tot selfrealisering en die verbetering van die samelewing waarvan hy lid is. "The concept of psychosocial functioning re=fers to the interaction of people in their social situations."[2)]

Eloff[3)] skryf dat wanneer oor die welsyn van die mens gepraat word, ons te doen het met die vervulling van die menslike nood en be=hoeftes op drie vlakke naamlik: ekonomies-fisiese, emosioneel-maatskaplike en geestelik-godsdienstige.

Brillenburg Wurth sien die taak van die maatskaplike werk om: "... de mens in sijn veelvuldige levensnood te helpen."[4)] Hier=die veelvuldige lewensnood kan ons alleen reg insien as ons die mens as "mens" sien. Wanneer die mens in sy volle totaliteit gehelp wil word, moet ook deurgedring word tot die volle diepte van die menslike nood, en die oorsprong van die nood. Die nood

---

1) Vgl. Northen, H. *Social work with groups*. Columbia, Colum=bia University Press, 1969. p. 3.

2) Ibid.

3) Vgl. Eloff. *Enkele aspekte van belang by die ontstaan en ontwikkeling van maatskaplike werk*, p. 82.

4) Wurth. *Mensbeschouwing en maatschappelijk werk*, p. 11.

hang saam met die wese van die mens, die mensbeeld en die funksionering van die mens in die samelewing om sy menswees tot volle ontplooiing te kan bring.

Marie Kamphuis[1)] se siening kom ooreen met laasgenoemde as sy sê dat maatskaplike werk as taak het die leniging van maatskaplike nood. Maatskaplike nood ontstaan wanneer die enkeling, die gesin, die kleiner of groter groep hul eie plek en hul verbondenheid met die omringende maatskaplike omgewing, nie kan vind nie. Dit sal in baie gevalle egter simptomatiese behandeling wees, indien maatskaplike werk sou aandag gee aan nood, bloot soos dit deur die kliënt aangevoel word. Hierdie siening van Kamphuis soos sy dit hierbo gestel het, is eensydig. Dit is 'n erkende beginsel in maatskaplike werk dat, indien 'n kliënt nie van sy werklike nood of behoefte bewus is nie, moet hy daarvan bewus gemaak word en daarmee gekonfronteer word, ter wille van homself en die oplossing van sy nood. Dit is die taak van die maatskaplike werk om die mens te help met sy aan- en inpassing in sy samelewing. Maatskaplike gemeenskapswerk en gemeenskapsmanipulasie is belangrike metodes om dit te doen.

Trecker[2)] som byna die voorafgaande op as hy skryf: Maatskaplike werk poog om individue en groepe te sien en te ondersteun, in verhouding tot die vele maatskaplike en ekonomiese kragte, waardeur hulle geraak word. Dit verskil in hierdie opsig van ander professies soos onder andere gesondheid en opvoeding. Die maatskaplike werker kan geen aspek van die lewe van die persoon wat

---

1) Vgl. Kamphuis. "Functie en verantwoordelijkheden van het Maatschappelijk werk vandaag" In *Professionele Maatskaplike Werk,* p. 22.

2) Vgl. Trecker, H.B. *Social group work, principles and practices.* New York, Association Press, 1965. pp. 61-62.

hulpsoek van enige maatskaplike reëling uitsluit nie. Die goed opgeleide en bedrewe maatskaplike werker maak gebruik van 'n bena=dering waarin alle aspekte in die behandeling van die totale mens, in aanmerking geneem word.

Hy skryf verder dat aangesien die maatskaplike werker so 'n inte=grerende funksie in die samelewing vervul, moet hy bekend wees met en die gebruik maak van alle bestaande maatskaplike instansies. Deur die uitwysing van ongesonde maatskaplike toestande en die aanduidings van nood, moet die maatskaplike werker dit vir hom ten doel stel om die maksimum hulpbronne in die gemeenskap daar te stel en te gebruik, om die maatskaplike welsyn te verseker. Sy ideaal is dat elke maatskaplike werker 'n "Social diagnostician" in die gemeenskap sal wees.

Alhoewel die maatskaplike werk die hoogs moontlike graad van mens=like funksionering beoog, is dit slegs die maatskaplike werk se taak ten opsigte van die ~~maatskaplike funksionering.~~

Boehm is van mening dat die doel van maatskaplike werk bereik word deur drie funksies:

- "Restoration of impaired capacity
- provision of individual and social resources
- prevention of social dysfunction."[1)]

Herstelling dui dus aan dat iets verkeerd gegaan het met die maat=skaplike funksionering en dat die mens gehelp moet word in die herstelling en verbetering van sy maatskaplike funksionering. Sonder die daarstelling van nuwe of die bekendstelling van bestaan=de hulpbronne en sonder die gebruikmaking van die kliënt se

1) Boehm. *Objectives of the social work curriculum of the future. Vol. I,* p. 54.

sluimerende en onontginde vermoëns, talente en moontlikhede, is die herstelling van maatskaplike funksionering van die kliënt onmoontlik.

Voorkoming in sy alomvattende verband lê nie op die terrein van die maatskaplike werk nie. In die eerste instansie het die maatskaplike werk te doen met die herstel of verbetering van die maatskaplike funksionering van die mens. Dit hou in dat die maatskaplike werker hom bemoei met die mens wat probleme ondervind met maatskaplike funksionering, dit wil sê wanneer daar maatskaplike disfunksionering is.

Alhoewel die gesegde: "Voorkoming is beter as genesing", ook in die maatskaplike werk geld, kan en mag dit tog nooit inhou dat maatskaplike werk die taak en funksie van ander professies, byvoorbeeld, die onderwys, mag oorneem nie. Maatskaplike werk het dus slegs 'n beperkte taak ten opsigte van voorkoming in breër sin gesien, naamlik die voorkoming van verdere agteruitgang of verswakking in maatskaplike funksionering van die mens en die voorkoming van duidelik diagnoseerbare simptome wat op maatskaplike disfunksionering afstuur. Uiteraard sal sekere opvoedkundige beginsels en tegnieke ook van toepassing wees binne die behandelingsproses wat die maatskaplike werk toepas, maar dan gaan dit nie om die opvoeding as sodanig nie, maar die doelgerigte afweer van die omstandighede wat daartoe aanleiding kan gee, dat die kliënt maatskaplik wanfunksioneer.

Wanneer gepraat word oor die doel, taak en funksie van maatskaplike werk, is dit belangrik om Oberholzer se mening in aanmerking te neem. Hy sê dat wanneer met die mens wat nood of behoefte het gewerk word, die mens self nooit 'n probleem gemaak mag word nie, want daardeur word ~~die mens verlaag tot objek.~~ Hy sê die mens is anders as probleem; hy is misterie; nie alleen vir die ander wat

hom wil leer ken nie, maar ook en veral vir homself.[1]

Van der Linden sluit hierby aan as hy sê die maatskaplike werker behoort tot dié persone, wat uit hoofde van hul beroep, met mens= like ellende in aanraking kom. Hulle word daagliks gekonfronteer met die leed van hul medemens. Hulle werksaamhede is gerig op die hulp aan mense wat in maatskaplike nood verkeer. "Het helpen, 'als ambacht' ten dienste van hem, die met moeilijkheden hebben te kampen, mensen, die lijden."[2]

Om die mens dus nog voortdurend as kroon en konsentrasiepunt van God se skepping te sien, ten spyte van sy nood en ellende, beves= tig die noodsaaklikheid van 'n duidelik gedefinieerde en ge-inte= greerde mensbeskouing in die lewe van die maatskaplike werker.

## 3. DIE MENSBESKOUING IN MAATSKAPLIKE WERK

### a. Die invloed van mensbeskouing in maatskaplike werk

Die invloed van die mensbeskouing van die maatskaplike werker, is onbepaalbaar groot en rigtinggewend vir die maatskaplikewerk- dienste en die wyse waarop die dienste aan die mens gelewer word. Dit is 'n ingrypende wyse van optrede en behandeling teenoor kliënte. Die roepingsvervulling en -benadering van die maatskap= like werker word gerig en bepaal deur sy mensbeskouing. Die Christen maatskaplike werker het daarom 'n besondere taak en roe= ping wat aan hom besondere eise stel. Van der Ploeg meen dat die mensbeeld wat nou verbonde is aan die lewensoortuiging van die mens,

---

1) Vgl. Oberholzer. "Oriënterende inleiding" In *Die Wysgerige Antropologie en die menswetenskappe*, p. 12.

2) Van der Linden. *Van nummer tot mens*, p. 1.

van sentrale betekenis in die maatskaplike werk is.[1)]

b. Die mensbeskouing en uitgangspunte in maatskaplike werk

By oorweging van basiese beginsels of uitgangspunte in maatskaplike werk, kom daar gewoonlik een of meer van die volgende vrae na vore: Is basiese beginsels werklik nodig in die maatskaplike werk? Kan daar 'n ooreenstemming gevind word ten opsigte van basiese uitgangspunte in 'n wêreld van maatskaplike werkers, met soveel verskillende lewens-, wêreld- en mensbeskouings, met soveel verskillende gelowe, godsdienste, kulture, motiewe en tradisies waarmee maatskaplike werk beoefen word? Waarom word daar in 'n wêreld waar almal verlang na vrede, verander aan dinge soos beginsels, wat noodwendig argumente sal veroorsaak? Waarom kan daar nie eenstemmigheid gevind word oor die basiese beginsels van maatskaplike werk nie? Is dit die vrae wat gevra word as daar gepraat word oor 'n nasionale- en internasionale erekode vir maatskaplike werkers?

'n Beginsel is 'n prinsiepe, 'n fondament waarop 'n hele konstruksie rus, 'n brandpunt waarheen alle aksie en reaksie terugverwys word en waaraan alle aksie en reaksie getoets kan word. Dit is 'n vertrekpunt of bron, waaruit alle lewe vloei en ontplooi. Sonder 'n beginsel is geen lewe moontlik nie. Die persoon wat maatskaplike werk beoefen en die bestaan van basiese beginsels ontken, ontken die bestaan van sy hele professie of beroep. Die maatskaplike werker wat enige aksie uitoefen sonder om die basiese beginsels in gedagte te hou, werk op 'n vlak wat in die lug hang, sonder fondament.

---

1) Vgl. Van der Ploeg, J.G. "Het mensbeeld in het maatschappelijk werk" In *Tijdskrift voor Maatschappelijk werk.* Jaargang 10, no. 10, 22 Mei 1956. p. 155.

Dit is moontlik om op grond hiervan 'n stel basiese beginsels uit te werk wat nasionaal sowel as internasionaal aanvaarbaar kan wees. Die formulering daarvan is egter geen maklike taak nie en die laaste woord hieroor, is nog glad nie gespreek nie. Antwoor= de kan gesoek word in alle bestaande literatuur oor maatskaplike werk en daar kan hulp verkry word van ander vakwetenskappe soos onder andere die Wysbegeerte. Basiese beginsels moet dien as 'n "geloofsbelydenis"[1] van elke maatskaplike werker, met ander woor= de aspekte waaraan hy vas glo en waarsonder sy beroepsbeoefening geen sin en betekenis inhou nie.

Dit is reeds aangetoon dat 'n lewens-, wêreld- en mensbeskouing onlosmaaklik deel is van elke mens en dat elke beskouing direk verbonde is aan die mens se godsdienssiening.

Die basiese beginsels het direk met die mens te doen. Dit bete= ken dat elke maatskaplike werker die basiese uitgangspunte volgens sy eie mensbeskouing en godsdiensbeginsels sál interpreteer en uitleef. Is die toepassing van die basiese beginsels in maat= skaplike werk, sonder 'n omlynde en duidelik gedefinieerde mens= beeld, wel moontlik?

Dit sal wel 'n verskil bring in die benadering van die beoefening van die maatskaplike werk, maar aan die kern van hierdie vakweten= skap, beroep en professie, sal dit geen verskil maak nie - ook nie in een van die terapeutiese metodes nie.

Dit sal verder meebring dat die maatskaplike werker nie die basie= se beginsels soos los maskers saam met die beroepspersoonlikheid kan dra en afhaal wanneer hy nie werk nie. Wanneer hierdie basie= se beginsels deel vorm van sy lewens-, wêreld- en mensbeskouing,

---

1) Vgl. Kahl, O.G. Lesings, PU vir CHO.

sal dit geintegreer wees by sy eie persoonlikheid en die uitlewing van sy roeping.

As gemeenskapsorganisasiewerker gee Ross vir ons sy opsomming van basiese beginsels in maatskaplike werk: "The value orientation of community organization (and, indeed, of all social work) derives from acceptance of certain concepts and facts as a foundation for work with people. Among these articles of faith are: the essential dignity and ethical worth of the individual, the possession by each individual of potentialities and resources for managing his own life, the importance of freedom to express one's individuality, the great capacity for growth within all social beings, the right of the individual to those basic physical necessities (food, shelter, and clothing) without which fulfilment of life is often blocked, the need for the individual to struggle and strive to improve his own life and environment, the right of the individual to help in time of need and crisis, the importance of a social organization for which the individual feels responsible and which is responsive to individual feeling, the need of a social climate which encourages individual growth and development, the right and responsibility of the individual to participate in the affairs of his community, the practicibility of discussion, conference, and concultation as methods for the solution of individual and social problems, "self-help" as the essential base of any program of aid, etc."[1]

In die maatskaplike werk bestaan verskeie uitgangspunte. Eloff[2] het die volgende sewe as basiese uitgangspunte in die maatskaplike

1) Ross, M. *Community organization, theory and principles.* New York, Harper and Bros., 1955. pp. 77-78.

2) Vgl. Eloff. *Enkele aspekte van belang by die ontstaan en ontwikkeling van maatskaplike werk,* pp. 148-170.

werk afgebaken:

- Elke individuele mens is van die hoogste belang.
- Elke mens kan verander, ontwikkel en groei onder die stimulerende invloed van ander mense en deur lewenservaring.
- Mense moet aanvaar word net soos hulle is.
- Mense kan alleen gehelp word as hulle hulself wil help.
- Mense het egter nie net regte nie, maar ook verpligtinge en verantwoordelikhede.
- Die selfbeslissingsverantwoordelikheid van die mens
- Alle mense behoort binne perke van sy eie moontlikhede, gelyke geleenthede tot selfontwikkeling te hê.

In die bespreking van die uitgangspunte sal 'n samevatting van hierdie sewe punte gegee word. Die uitgangspunte word bespreek vanuit 'n Christelike lewens-, wêreld en mensbeskouing.

(i) Elke mens is van die hoogste waarde

Die regverdiging vir die bestaansreg van hierdie uitgangspunt is geleë in die mensbeskouing en spruit voort uit die godsdienstige beskouing.

God het die mens geskape na Sy beeld, as kroon en konsentrasiepunt van Sy skepping; elke mens met 'n besondere roeping, met 'n opdrag en met 'n ewigheidsbestemming.

God het elke mens van soveel waarde geag dat Hy Sy eniggebore Seun gestuur het as versoening vir die sondes van elke mens. Juis hierdie feit moet in elke situasie 'n appèl maak op die verantwoordelikheidsbesef van elke maatskaplike werker. Dit is nie net 'n kliënt met wie gewerk word nie, maar 'n mens. Elke maatskaplike werker is self ook 'n mens met 'n roeping, taak, opdrag, verantwoordelikheid en ewigheidsbestemming.

Eloff[1] sê tereg daar kan nie met skrywers soos Bisno saamgestem word nie, wat sê: "Each individual, by the very fact of his exis= tance is of worth." Wat aan die mens waarde gee is veel meer en baie dieper as net die feit dat die mens bestaan. Hierdie feite bepaal dan die optrede van die maatskaplike werker teenoor sy kliënt. As gevolg van hierdie waarde van die mens, moet elke kliënt met die grootste agting, respek en eerbied behandel word.

Hierdie eerbied en agting van die hulpverlener, sluit in dat elke saak met die grootste vertroulikheid hanteer moet word. Biestek meen vertroulikheid is gebaseer op die basiese reg van mense, is 'n etiese verpligting van die maatskaplike werker en is noodsaak= lik vir doelgerigte hulpverlening.[2] Elke kliënt se probleem is vir hom onhanteerbaar groot en daarom kom hy na die maatskaplike werker vir hulp. Daarom eis die hulp wat aan elke kliënt verleen word, die volle aandag en belangstelling van die maatskaplike wer= ker. Hierdie uitgangspunt beklemtoon individualisasie - ook in maatskaplike groepwerk. Een kliënt mag nooit ten koste van 'n volgende een bevoordeel word nie. Elke kliënt is van die hoogste waarde.

(ii) Elke mens moet aanvaar word soos hy is

In aanvaarding is opgesluit passiewe aanvaarding van die mens soos hy is, maar ook aktiewe aanvaarding van die mens soos hy behoort te wees. Hierdie toestand waarin die mens hom bevind bied die geleentheid tot hulpverlening. Aanvaarding beteken nooit dat die dade van die kliënt in die maatskaplike werk aanvaar moet word nie.

---

1) Vgl. Eloff, D.J. "Voorwoord In Le Roux, P.O. *Maatskaplike gevallewerk*. Wellington, Hugenote Kollege van die N.G. Kerk, 1970.

2) Vgl. Biestek, F.P. *The casework relationship*. London, George Allen and Unwin Ltd., 1961. p. 121.

Op grond van die Bybel mag die Christelike maatskaplike werker dit dan ook so aan sy kliënt stel. Om 'n kliënt te oordeel vir sy dade, berus nie by die maatskaplike werker as mens nie. Verder hou die maatskaplike werker homself nooit voor as die norm waaraan hy sy kliënte meet nie. Aanvaarding is dus juis dat die maatskaplike werker kennis neem van wat in die lewe van die kliënt gebeur het, dat die kliënt so aanvaar word en dat laasgenoemde hulp benodig om vandaar af verder te beweeg.

Om elke mens te aanvaar, beteken om die uniekheid van elke mens te erken. Nie alleen die mens is uniek nie, maar ook sy node en probleme. Juis hierdie uniekheid van die mens, beklemtoon verder die belangrikheid van individualisasie in die hantering van elke kliënt se unieke probleem. In maatskaplike groepwerk is aanvaarding 'n belangrike element. Dit is van toepassing op die maatskaplike groepwerker sowel as al die lede.

(iii) Die mens het nie net regte nie, maar ook pligte en verantwoordelikhede

Regte van die mens bring verantwoordelikhede mee. Regte word te veel op die voorgrond gestel sonder om pligte ewe sterk te beklemtoon. Hierdie toestand is 'n aanduiding dat daar nie die noodsaaklike ewewig in die persoon se waardesisteem is nie. Die mens het die reg om sekere lewensrolle te beklee, maar dit bring 'n taak, 'n plig en 'n verantwoordelikheid mee.

"Die mense in nood het 'n reg om te lewe, hulle het 'n reg om gehelp te word, maar saam met daardie reg gaan pligte en ons moet in die maatskaplike werk toesien dat ons mense wat in nood verkeer,

tot 'n pligsbesef kom."[1]

Een van die regte van die mens is vryheid, maar die mens is alleen vry wanneer hy sy vryheid in verantwoordelikheid aanvaar. Baie van die maatskaplike nood waarin mense verkeer, spruit daaruit voort dat verantwoordelikheid nie gesien word as keersy van vry=heid nie. Vryheid sonder verantwoordelikheid is losbandigheid. "Vanselfsprekend bly die taak van die maatskaplike werk hier die=selfde, naamlik die oordraging van ewewig van waardes vanaf die werker na die kliënt."[2]

(iv) Elke mens het selfbeslissingsverantwoordelikheid

Op grond van die feit dat die mens 'n ewigheidsbestemming het waar=voor hy alleen verantwoordelik is, is die mens 'n antwoordende en 'n verantwoordelike wese. Die mens het dus die plig om self te besluit. Die mens het wel die selfbeslissingsreg, maar onverbid=dellik daarmee saam ook die selfbeslissingsverantwoordelikheid vir sy besluite, sy antwoorde, optredes en dade.

Oberholzer meen dat die mens 'n lewenswêreld het waarin hy kiesend en ontmoetend stig.[3]

In die uitgawe van die Nederlands Gesprekcentrum word die begrip selfbeskikkingsreg van die mens bespreek en hou hulle baie vrae na oor die begrip. Hulle vra die kern vraag: Is dit in die mag van

---

1) Cronjé, G. *Grondslae in die maatskaplike werk.* Ongepubli=seerde rede op 12 Oktober 1966 uitgespreek by geleentheid van die kursus vir maatskaplike werkers aan die Universiteit van Pretoria. p. 19.

2) Cronjé, G. "Uitgangspunte by die maatskaplike werk" In *Pro=fessionele maatskaplike werk,* p. 6.

3) Oberholzer. "Hedendaagse wysgerig-antropologiese konsepsies" In *Die wysgerige antropologie en die menswetenskap,* p. 28.

die mens om oor sy eie lewe te beskik.[1] Die mens as eiendom van God, het nie die reg en die mag en die vermoë om self te beskik nie. In die plek van selfbeskikking wil die genoemde studiegroep veeleerder die begrip "selfbestemming" gebruik, "omdat daarin meer de verantwoordelijkheid die de mens jegens zichzelf, de medemens, de gemeenschap, de menselijkheid en God heeft."[2] opgesluit lê.

Wat bedoel 'n maatskaplike werker regtig as hy sê dat hy namens sy kliënt besluit en die verantwoordelikheid daarvan sal dra? Medeverantwoordelikheid van kliënt en werker is belangrik. Nog belangriker is die verantwoordelikheid wat die werker op hom geneem het, toe hy maatskaplike werk as beroep gekies het en die roeping aanvaar het. Werker en kliënt dra verantwoordelikheid vir hul besluite. Eerder as dat die maatskaplike werker námens of vír iemand 'n besluit neem, besluit hy soms (teenstrydig met die kliënt) op grond van sy eie verantwoordelikheid teenoor sy medemens (die kliënt), maar nooit namens of vir hom nie. Die "regte" besluit deur die maatskaplike werker ontneem nog nie die verantwoordelikheid van die kliënt vir sy "verkeerde" besluit nie. Een mens kon nooit namens iemand anders besluit nie. Dit sou beteken dat hy die verantwoordelikheid van die ander oorneem. Indien een vir 'n ander of namens 'n ander kan besluit of verantwoordelikheid kan oorneem (en hier word nie medeverantwoordelikheid bedoel nie) sou een mens ook die sonde van 'n ander kon oorneem. In die maatskaplike groepwerk mag een kliënt ook nie namens 'n ander kliënt besluite neem nie.

Wanneer ons by hierdie uitgangspunt stilstaan, moet elke maatskaplike werker weer eens nadink oor die begrip "motivering", wat

---

1) Vgl. Nederlands Gesprekcentrum. *Helpen in deze tijd*, p. 30.
2) Ibid.

reeds so 'n belangrike plek in die maatskaplike werk ingeneem het. Wat presies doen die maatskaplike werker wanneer 'n kliënt gemotiveer word om 'n besluit te neem? Die Vaktaalkomitee sê die begrip "motivering" beteken "Aansporing van 'n kliënt tot insig en doelgerigte handeling."[1] Is motivering moontlik sonder dat die maatskaplike werker reeds 'n bepaalde standpunt ingeneem het, met ander woorde reeds by homself 'n besluit namens die kliënt geneem het? Daarom is dit baie belangrik dat die maatskaplike werker hierdie besluit en die basiese uitgangspunte bymekaar moet bring en moet besluit of die motiveringsbesluit wat hy aan die kliënt wil oordra, in ooreenstemming met die basiese uitgangspunte is.

Dit is so dat hulpverlening 'n vennootskap tussen die werker en die kliënt is en dat die taak en doel van die maatskaplike werker is om die kliënt te help, om homself te help. Nooit mag 'n kliënt in nood egter afgewys word met die gedagte, dat 'n kliënt alleen gehelp kan word as hy homself wil help nie. Wanneer na 'n kliënt gewys word wat "homself nie wil help nie", moet die maatskaplike werker ook sy hantering en professionele hulpverlening deeglik verantwoord. Hierdie beginsel is uiters gevaarlik, want dit bied die geleentheid vir die maatskaplike werker om sy verantwoordelikheid af te skuif op die kliënt met die verskoning: Die kliënt wil hom nie self help nie en daarom kan ek hom ook nie help nie.

(v) Elke mens is veranderlik

Nooit is die mens staties nie, maar gedurig dinamies besig om te groei en te ontwikkel. Van Niftrik skryf: "De mens (is) een open en onvoltooide werklijkheid."[2]

---

1) *Woordeboek vir maatskaplike werk,* p. 42.

2) Van Niftrik, G.C. "Op weg naar een antropologie" In *Tijdschrift voor maatschappelijk werk.* 15 Des. 1956. p. 8.

Dit is juis hierdie uitgangspunt wat aan die maatskaplike werker 'n taak bied en wat die waarde gee aan die werk van die maatskaplike werker.

Eloff meen: "Die maatskaplike werk se vaste oortuiging van die potensiële kragte in die mens wat tot positiewe ontwikkeling gebring kan word, vorm feitlik die regverdiging vir die hele bestaan van die maatskaplike werk."[1)]

Alle kontak tussen mense laat 'n indruk na en is 'n deel van die opvoeding en beïnvloeding. Die mens stagneer dus nie in 'n bepaalde situasie nie, maar is voortdurend in beweging. Die beweging is nie altyd vooruitgang nie. Die ingryping van die maatskaplike werk in hierdie voortbeweging van die mens, mag 'n geweldige invloed hê op die rigting van voortbegewing. Om te kan help, is dit belangrik dat die maatskaplike werker sal bepaal op watter vlak die kliënt is en teen watter spoed hy voortbeweeg. Die vlak- en spoedbepaling is geen maklike taak nie, aangesien dit berus op fyn kommunikasievermoë en dus groot bedrewenheid vereis en 'n nog groter bereidheid van die maatskaplike werker, om te help.

In die voortbeweging van die mens is dit belangrik om bewus te wees van die gebroke mens met sy nood, die herstelde mens in Christus en die mens met 'n ewigheidsbestemming. Dis belangrik om vas te stel of sy tydelike ontwikkeling vooruitgang of agteruitgang is. Om geleentheid te skep vir maatskaplike groei en ontwikkeling deur bevredigende verhoudings en ervarings, beskou Hamilton as 'n hoof doelstelling van die maatskaplike werk.[2)]

---

1) Eloff. *Enkele aspekte van belang by die ontstaan en ontwikkeling van maatskaplike werk,* p. 150.

2) Vgl. Hamilton, G. *Theory and practice of social casework.* New York, Columbia University Press, 1951. p. 12.

(vi) Alle mense behoort gelyke geleenthede tot selfontwikkeling te hê, maar binne perke van sy eie moontlikhede en vermoëns

Dat alle mense gelyke geleenthede tot selfontwikkeling moet hê, is 'n grondbeginsel van die demokrasie, wat ook in die maatskaplike werk en in maatskaplike groepwerk van toepassing is. Hierdie basiese reg van die mens hou egter 'n verantwoordelikheid in, naam= lik: Gelyke geleenthede word gebied binne perke van die mens se moontlikhede en vermoëns. Waar die vermoëns onontdek of onontwik= keld is, of waar die moontlikhede nie bestaan vir die ontwikkeling van vermoëns nie, val dit binne die terrein van die maatskaplike werk. Dan moet fasiliteite daargestel word sodat elke mens die hoogsmoontlike graad van maatskaplike funksionering kan bereik.

Hierdie beginsel hou in dat daar nie onmoontlike eise aan 'n indi= vidu gestel mag word nie. Dit word algemeen aanvaar dat elke mens sy eie unieke, natuurlike toerusting het, wat verskil van dié van enige ander mens. Daarom kan die mens alleen binne hierdie beperkings, maar veral ook binne sy besondere moontlikhede tot eie ontplooiing kom. Die selektering van kliënte in maatskaplike groepwerk sentreer rondom 'n gemeenskaplike probleem. Die kliënte se vermoëns en beperkthede om aan die oplossing van hul probleem te werk en as mense te ontwikkel en te groei, is aspekte wat nooit uit die oog verloor mag word nie.

Ook Friedlander huldig hierdie standpunt as hy sê: "A ... concept that is of decisive importance for social work in a democratic society is the firm belief in equal opportunity for all, limited only by the individual's innate capacities."[1]

---

1) Friedlander. *Concepts and methods of social work*, p. 5.

(vii) Toepassing van die basiese uitgangspunte in maatskaplike werk

Die toepassing van die basiese uitgangspunte geskied daagliks in elke situasie. Die ineenskakeling van die uitgangspunte by die maatskaplike werker se mensbeskouing en by sy persoonlikheid, is 'n belangrike aspek van opleiding en die vorming van 'n beroepspersoonlikheid. Eers wanneer hierdie beginsels deel geword het van die maatskaplike werker se dienslewering as mens, kan dit spontaan toegepas word en oorgedra word aan die kliënte.

Hierdie basiese uitgangspunte is nie alleen belangrik in die maatskaplike werk nie, maar in die lewe van elke mens.

Dit is belangrik en noodsaaklik dat die basiese uitgangspunte daagliks in die uitoefening van maatskaplike werk toegepas moet word, met ander woorde in die metodes van maatskaplike werk. Die basiese uitgangspunte word toegepas op die medemens binne of buite die groep.

In die maatskaplike gevallewerk kan dit deur die gevallewerker toegepas word en oorgedra word aan die kliënt, om ook deur hom gebruik te word. Maatskaplike groepwerk bied die medium en die klimaat waarbinne die lede die geleentheid kry tot die beoefening en uitoefening van die basiese beginsels in die groep. Die groep bied dus die skolingsgeleentheid in die uitoefening en toepassing van die basiese beginsels ten opsigte van ander mense (maatskaplike werker en medegroeplede). Die basiese uitgangspunte sal ook die werker rig en lei ten opsigte van die keuse van die terapeutiese metode wat hy gaan gebruik.

## 4. DIE METODES IN MAATSKAPLIKE WERK

Om by die doelbereiking uit te kom, moet die maatskaplike werk gebruik maak van bepaalde metodes.

In die boekie van die Nederlands Gesprekcentrum word gesê: "Een metode is als weg, die naar het doel leidt, nooit meer dan een middel."[1] Die middel mag nooit verwar word met die doel nie. Dit bly ondergeskik aan die doel en dit bly 'n weg, naas ander weë om die doel te bereik.

Hulp aan die medemens in nood moet so geskied dat die optimale resultaat bereik word. Dit kan slegs gebeur wanneer op 'n verantwoordelike wyse van die regte metodes gebruik gemaak word. Binne die maatskaplike werk, soos in alle mens-wetenskappe, is die kortste weg nie altyd die effektiefste en beste weg nie. Dit gaan om die beste, effektiefste en blywendste weg vir die hulpsoeker en nie vir die hulpverlener nie.

In laasgenoemde bron word die stelling gemaak dat 'n metode berus op 'n bepaalde filosofie.[2] 'n Metode kan nie losgemaak word van die geheel waarin dit hanteer word nie. By die ontstaan of ontplooiing van 'n metode is dit nou verbonde aan 'n bepaalde mensbeeld en uitgangspunte. Dit is dus so dat die teoretiese aspekte van 'n metode, van twee verskillende welsynsorganisasies of twee verskillende opleidingsinrigtings ooreen stem, maar dat die uitgangspunt waarmee dit beoefen word, verskil. Die praktiese beoefening van die metode mag grootliks verskil op grond van verskillende mensbeskouings. By die toepassing van 'n metode in die maatskaplike werk, is dit dus absoluut essensieel dat die

1) Nederlands Gesprekcentrum. *Helpen in deze tijd,* p. 26.
2) Ibid., p. 27.

maatskaplike werker eerlik sal wees met sy kliënte oor watter mensbeskouing en uitgangspunte hy huldig, aangesien dit mag verskil van die hele lewensvisie van sy kliënt en sodoende die behandeling mag beïnvloed.

In die publikasie van die Nederlands Gesprekcentrum[1] word verder beweer dat 'n metode uitgaan van 'n bepaalde voor-oordeel. Solank die mens nie 'n robot is nie, sal die mens nooit absoluut neutraal of absoluut objektief kan staan nie. Selfs twee maatskaplike werkers met dieselfde siening, uitgangspunt en benadering, sal 'n metode nie dieselfde toepas nie, omdat ook elke maatskaplike werker 'n unieke mens is. Ook die siening van die maatskaplike werker oor nood en lyding sal die behandeling beïnvloed, byvoorbeeld of menslike nood 'n straf of beproewing is. 'n Metode wat reg gekies en gebruik word, kom nie tussen die hulpsoeker en hulpverlener staan nie, maar maak die afstand kleiner.

Die keuse van die metode wat gebruik word berus by die maatskaplike werker. Die kliënt kom na die maatskaplike werker met sy probleem en verlang die beste hulp wat verskaf kan word, maar kies beslis nie die behandelingsmetode nie.

Metodes in die maatskaplike werk is alleen doelmatig en doelgerig indien dit geskik is om die doel van maatskaplike werk te bereik. Met ander woorde om op sistematiese wyse die oorsake van maatskaplike nood te bestry deur middel van maatreëls en aktiwiteite, wat op die individu afgestem is, alhoewel dit nie altyd individueel plaasvind nie. Die doelmatigheid van die metodes in maatskaplike werk word dan bepaal deur die wyse waarop dit in staat is tot hulpverlening.

---

1) Vgl. Nederlands Gesprekcentrum. *Helpen in deze tijd.* pp. 27-28.

Theron beklemtoon dat in die praktyk van maatskaplike werk nog altyd 'n wedloop was met menslike nood en ellende en daarom word álles in die stryd gewerp om maatskaplike hulpbetoon so goed as moontlik te doen.[1]

Binne die maatskaplike werk is daar drie primêre of basiese metodes, naamlik maatskaplike gevallewerk, maatskaplike groepwerk en maatskaplike gemeenskapswerk (gemeenskapsorganisasie). Daar is verder ook sekondêre of instaatstellende metodes, onder andere maatskaplikewerk-administrasie en maatskaplikewerk-navorsing. In die laaste tyd word ook baie gepraat oor die moontlikheid van supervisie en opleiding as metodes in die maatskaplike werk. Vervolgens enkele aspekte oor die twee hoof onderskeidings.

a. Die instaatstellende metodes

In die maatskaplike werk word meestal die term "sekondêre" metode gebruik, wanneer van maatskaplikewerk-administrasie en maatskaplikewerk-navorsing gepraat word. Smalley[2] gebruik die term "facilitating" en Friedlander[3] gebruik "indirect" of "enabling methods".

In plaas van die term sekondêre metodes word verkies om hierdie laaste term van Friedlander naamlik: instaatstellende metodes, te gebruik.

Friedlander verduidelik waarom hy hierdie term kies "... because

---

1) Vgl. Theron, J.S. *Fundamentele aspekte van die maatskaplike werk.* Pretoria, Mededelings van die Universiteit van Suid-Afrika, 1969. p. 5.

2) Vgl. Smalley, Ruth, E. *Theory for social work practice.* New York, Columbia University Press, 1967. p. 44.

3) Vgl. Friedlander. *Concepts and methods of social work,* p. 287.

they implement the services that are performed in social casework, social group work, and social welfare community organization."

Smalley sien behalwe maatskaplikewerk-administrasie en maatskaplikewerk-navorsing, ook supervisie en opleiding as instaatstellende metodes.[1])

Hierdie is 'n siening wat in die jongste tyd al hoe meer aandag geniet.

Die instaatstellende metodes word van die primêre metodes onderskei in dié sin, dat dit nie direkte hulp aan die kliënt in nood verleen nie, maar wel indirek.

Smalley betuig instemming as sy skryf: "Secondary methods, or processes which facilitate an agency's operation and service without touching the clientele directly ..."[2])

Sonder maatskaplikewerk-administrasie sal die ordelike beoefening van die primêre metodes onmoontlik wees. Sonder maatskaplikewerk-navorsing sal die kennis ontbreek. Sonder opleiding sal daar nie werkers wees nie en sonder supervisie nie bedrewe vakmanskap nie.

b. Die terapeutiese metodes

Binne die maatskaplike werk is daar drie erkende primêre of basiese metodes, naamlik: maatskaplike gevallewerk, maatskaplike groepwerk en maatskaplike gemeenskapswerk (gemeenskapsorganisasie).

Ondersoeker verkies om in plaas van "primêre" of "basiese" metodes

---

1) Vgl. Smalley. *Theory of social work practice,* p. 44.

2) Ibid., p. 17.

In die eerste begrip - om te dien - staan die mens weer direk in sy verhouding tot God en tot sy naaste. In hierdie verband kan ook die verdere betekenis van "therapein" tot sy reg kom naamlik, om God te vereer deur diens aan my naaste. Die H.A.T. woordeboek verklaar "terapeut" as "geneeskundige".[1] Die begrip terapie en terapeut word vandag hoofsaaklik in die mediese wetenskap gebruik. Hierdie begrip kan egter ewe goed ook in ander beroepe gebruik word.

Uit bogenoemde kan die betekenis van "terapeut" afgelei word, as die verwerkliker of die-in-die-praktyksteller van "terapie". Dit beteken dan die persoon wat dien, wat versorg, wat genees, wat vereer. Die terapeut is dus die mens wat geroep word in die verskeie beroepe en wetenskappe om te versorg, te genees en te vereer - ook in die maatskaplike werk.

In al die besprekings oor maatskaplikewerk-dienste word klem gelê op hulp aan die individu en die groep. Hierdie stelling kan gebaseer word op die mensbeskouing dat elke mens 'n unieke wese is, met 'n unieke nood.

In die maatskaplike werk is daar twee terapeutiese metodes waar daar direk met die individu gewerk word. In maatskaplike gevallewerk staan die maatskaplike werker in 'n een-tot-een verhouding met die kliënt. In maatskaplike groepwerk bestaan hierdie een-tot-een verhouding ook, maar wel binne groepsverband. Hierdie twee metodes kan dus gesien word as primêr, terapeuties.

In die derde terapeutiese metode van maatskaplike werk, naamlik maatskaplike gemeenskapswerk, word nie direk in 'n een-tot-een

---

1) H.A.T. *Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal*, p. 881.

verhouding met die hulpbehoewende individu self gewerk nie, maar wel tot voordeel van die individu via die gemeenskap. Hierdie metode kan daarom gesien word as sekondêr terapeuties.[1)]

Vervolgens word kortliks gehandel oor die drie terapeutiese metodes.

(i) Maatskaplike gevallewerk

Van Bochove gebruik Bowers se omskrywing van maatskaplike gevallewerk en beskryf dit as: "... 'n kuns waarby kennis van die wetenskap van menslike verhoudinge en bedrewenheid in die hantering van die verhoudinge gebruik word om sowel kragte en potensialiteite in die individu self as hulpbronne in die gemeenskap te mobiliseer om daardeur 'n beter aanpassing te bewerkstellig tussen die kliënt en sy algehele of gedeelte van sy omgewing."[2)]

Davidson sien dit weer as: "... a personal service provided by qualified workers for some personal or family problem."[3)]

Boehm omskryf gevallewerk as: "... a method of social work which intervenes in the psychological aspects of a person's life to improve, restore, maintain or enhance his social functioning by improving his role performance. Intervention occurs when the person or members of his group or his community, realize that his role performance is hampered or threatened. The intervention takes place through a professional relationship between the

---

1) Vgl. Kahl, O.G. Mondelinge samesprekings oor hierdie onderwerp.

2) Van Bochove, J.W. "Die ontwikkeling van die individuele behandeling as metode in maatskaplike werk" In *Professionele Maatskaplike werk*, p. 52.

3) Davidson, E.H. *Social casework*. London, Baillière, Tindall and Cox, 1965. p. 1

worker and the person and also between the worker and other individuals whos interaction with the person affects his role performance."[1]

Ons kan dus die metode van maatskaplike gevallewerk sien as die "face-to-face" verhouding van maatskaplike werker met die kliënt, sowel as sy omgewing. Binne hierdie metode word sekere beginsels nagestreef om die einddoel te bereik, naamlik die beter maatskaplike funksionering van die kliënt. Dit gaan dus hier om die direkte persoonlike kontak in die een-tot-een verhouding. Maatskaplike gevallewerk is die metode wat die eerste en die verste as professionele metode ontwikkel is en die meeste gebruik word.

Timms[2] gee 'n uitgebreide siening van gevallewerk in die volgende samevatting: Gevallewerk is 'n persoonlike diens aan individue wat bedrewe en bekwame hulp verlang in die oplossing van sekere materiële, emosionele en persoonlikheidsprobleme deur gekwalifiseerde maatskaplike werkers. Dit is 'n gedissiplineerde aktiwiteit wat 'n korrekte beskouing en werklike waardering vir die nood van die kliënt in sy gesin en omgewing vereis. Die gevallewerker poog om sy diens te lewer op die basis van onderlinge vertroue (mutual trust), op so 'n wyse dat dit die kliënt se eie moontlikhede so versterk, dat hy sy eie probleme kan hanteer en 'n beter verhouding met sy omgewing opbou. Die dienste wat deur 'n gevallewerker verrig word dek 'n wye veld van menslike nood, vanaf redelike eenvoudige probleme soos materiële bystand tot komplekse persoonlike situasies, wat ernstige emosionele toestande of karakter defekte mag insluit. Dit mag langdurige ondersteuning,

---

1) Boehm, W. *The social casework method in social education.* New York, Council on Social work Education, Vol. X, 1959, pp. 44-45.

2) Vgl. Timms. *Social work; an outline for the intending student,* p. 93.

onderskraging, die versigtige mobilisering van bedrewenhede en verskeie professionele bekwaamhede, verg.

Strating skryf: "Die kliënt word te alle tye gesien as 'n aparte individu en die probleem as spesifieke probleem en die dienste wat gebied word, word gerig op die omstandighede rondom die besondere situasie ... Die totstandkoming van die betrekking berus dus in die heel eerste plek op die individualisering van die kliënt."[1)]

Timms handel oor die aspek van die moderne tendens wat sê dat gevallewerk dood is. Die argument is dat daar nie meer tyd is om aandag te gee aan individuele persone terwyl die massas op hulp wag nie en dat die metode te verfynd geraak het. Timms gee nie 'n definitiewe antwoord op hierdie vraag nie.[2)]

Gevallewerk as metode in die maatskaplike werk kan nooit in Suid-Afrika as "dood" bestempel word nie. Die praktyk bewys dat sovele persone individueel gehelp word, wat nooit die waarde uit groepsterapie sou put nie. Die ontwikkeling van die huidige ander twee terapeutiese metodes, kan dus nie gesien word as noodsaaklik vir die vervanging van maatskaplike gevallewerk nie, maar as 'n noodsaaklikheid naas maatskaplike gevallewerk.

(ii) Maatskaplike groepwerk

Die begrip "maatskaplike groepwerk" is reeds bespreek onder begripsomskrywing. Omdat daar later 'n hele hoofstuk aan maatskaplike groepwerk bestee word, sal nou slegs kortliks hierop ingegaan word.

---

1) Strating, H.H. "Die hulpaksie in die individuele behandeling" In *Professionele Maatskaplike Werk,* p. 131.

2) Vgl. Timms. *Social work; an outline for the intending student,* pp. 95-98.

Maatskaplike groepwerk kan gesien word as die metode waardeur die individu in 'n vir hom spesiaal geselekteerde groep as terapeutiese medium, hulp ontvang vir die daarstelling en/of verbetering van sy maatskaplike funksionering in die samelewing. Die terapeutiese groepsituasie of groepsmedium word gebruik vir die skepping van die moontlikheid vir die individu, om tot 'n oplossing of verwerking van sy probleme te kom.

Uit die literatuur wat geraadpleeg is, is dit baie duidelik dat maatskaplike groepwerk 'n metode is wat nou eers besig is om werklik na vore te tree. Timms skryf in 1970 die volgende oor maatskaplike groepwerk in Engeland: "In this country social groupwork can encompass a range of activities from the organization of leisure programmes in a youth club to the kind of work which some would want to describe as psychotherapy."[1)]

Bogenoemde is ook die huidige probleem ten opsigte van maatskaplike groepwerk in Suid-Afrika. In die volgende hoofstuk word hierdie vraagstuk verder bespreek.

Op die vraag, waarom word groepwerk as 'n metode van maatskaplike werk gesien, antwoord Timms dat maatskaplike groepwerk dieselfde waardebasis het as maatskaplike gevallewerk en maatskaplike gemeenskapswerk,[2)] met ander woorde dit het dieselfde doel.

(iii) Maatskaplike gemeenskapswerk (gemeenskapsorganisasie)

Ross definieer maatskaplike gemeenskapsorganisasie as: "... a process by which a community identifies its needs or objectives, orders (or ranks) these needs or objectives, develops the

---

1) Timms. *Social work, an outline for the intending student*, p. 98.

2) Ibid., p. 99

confidence and will to work at these needs or objectives, finds the resources (internal and/or external) to deal with these needs or objectives, takes action in respects to them, and in so doing extends and develops co-operative and collaborative attitudes and practices in the community."[1)]

Dunham se omskrywing lui soos volg: "By community organization for social welfare I mean the process of bringing about and maintaining adjustment between social welfare needs and social work resources in a geographical area or a functional field. Resources include not only agencies and organizations, but also personal, physical equipment, finances, laws, leadership, public understanding, good will and participation. Community organization is a dynamic, pervasive, far-reaching process.[2)]

McNeil, soos aangehaal deur Harper en Dunham, meen: "Community organization for social welfare is the process by which the people of communities, as individual citizens or as representatives of groups, join together to determine social welfare needs, plan ways of meeting them, and mobilize the necessary resources."[3)]

Stroup definieer baie duidelik as hy skryf: "Community welfare organization, as a basic process of social work concentrates not so much on the individual and his needs or the group and his growth as upon the larger and more inclusive welfare problems of the whole community. True, it seeks to strengthen the effective accomplishment of casework and group work, but it has other

---

1) Ross. *Community organization, theory and principles,* p. 39.

2) Harper, E.B. & Dunham, A. *Community organization in action.* New York, Association Press, 1963. p. 54.

3) Ibid. p. 59.

responsibilities as well."[1]

Hieruit kan ons aflei dat die fokus in maatskaplike gemeenskaps=werk nie op die individu of groep val nie, maar op die hele ge=meenskap met die individu wat voordeel daaruit trek. Daar word dus nie direk met die individu in nood gewerk nie, maar met die hele gemeenskap tot voordeel van die individu - dus sekondêr terapeuties. Die "materiaal" waarmee die maatskaplike gemeen=skapsorganisasiewerker werk, is die hele gemeenskap of samelewing. Dit kan ook geografiese of funksionele gemeenskappe wees, byvoor=beeld 'n bepaalde landstreek of 'n arbeidsveld soos kindersorg of blindesorg. Maatskaplike gemeenskapswerk is die metode wat tot nog toe die minste gebruik is en nog die swakste ontwikkel is.

Uit hierdie definisies is dit weer eens duidelik hoe naby die doelstellings van die drie genoemde maatskaplikewerk-metodes, aan mekaar is. As ons in die definisie van Ross die woord "gemeen=skap" met die woorde "individu" of "groep" vervang, het ons 'n aanvaarbare standpunt ook ten opsigte van maatskaplike gevalle=werk en maatskaplike groepwerk.

In teenstelling met die individu, kan 'n gemeenskap nie om hulp aanklop en sy probleem of simptoom beskryf nie. Dit kan ook nie die verhouding met sy helper inisieer en kontroleer nie. Dit maak die taak van die gemeenskapsorganisasiewerker 'n "uitwaartse beweging" na sy kliënt en dit maak van die werker 'n gids en in=staatsteller, soos Ross dit noem.[2]

Timms sien die taak van die gemeenskapsorganisasiewerker as

---

1) Stroup, H.H. *Social work an introduction to the field.* New York, American Book Co., 1960. p. 13.

2) Vgl. Ross. *Community organization,* pp. 200-221.

"controlled participant, agent of social change and resources person."[1]

In sy bespreking oor maatskaplike gemeenskapswerk kom Timms tot die gevolgtrekking dat sommige maatskaplike werkers, as gevolg van die geweldige kritiek wat die bestaan van maatskaplike werk (gevallewerk) in 'n stadium ondervind het, en selfs in baie gevalle nog ondervind, die ontwikkeling van gemeenskapsorganisasie oorbeklemtoon het. Dit het tot so 'n mate geskied dat die werklike en veronderstelde doelstellings van maatskaplike gevallewerk, daardeur ondermyn word. Hy betreur die toestand, aangesien die metodes van maatskaplike werk nie in kompetisie met mekaar mag staan nie.[2]

In die gebruikmaking van die metode van gemeenskapsorganisasie, word verskillende fases in die behandelingsproses onderskei. Stulting noem die volgende: Die vasstelling van die node en behoeftes; ordening en rangskikking van die node en behoeftes; die ontwikkeling van 'n bereidheid by die gemeenskap om daaraan te werk; die soek na hulpbronne en die oorgaan tot aksie.[3]

Die term "gemeenskapswerk" is nog baie nuut en sluit twee bestaande begrippe in, naamlik gemeenskapsontwikkeling en gemeenskapsorganisasie. Timms onderskei die twee begrippe soos volg: Gemeenskapsontwikkeling is die dienste aan onderontwikkelde lande om deel te neem aan pogings om lewenstandaarde te verhoog en die kwaliteit van die maatskaplike lewe te verbeter. Hy sien

---

1) Timms. *Social work, an outline for the intending student*, pp. 107-108.

2) Vgl. Ibid.

3) Vgl. Stulting, A.A. "Gemeenskapsorganisasie as metode in maatskaplike werk" In *Professionele Maatskaplike werk*, p. 183.

gemeenskapsorganisasie as die meer effektiewe koördinasie van verskillende instansies in 'n bepaalde gebied en gesamentlike beplanning van maatskaplike beleid.[1)]

(iv) Die groepering van die terapeutiese metodes in onderlinge skakeling

Dit is duidelik dat die doel van al drie hierdie metodes dieselfde moet wees as die doel van maatskaplike werk. In maatskaplike gevallewerk word met die individu gewerk, in maatskaplike groepwerk met groepe bestaande uit individue en in maatskaplike gemeenskapswerk met intergroep- of intergemeenskapsverhoudings, tot voordeel van die individu. Die verskillende terreine is dus altyd die mens, maar die mens in verskillende verbande. Die agtergrondkennis en die algemene kennis van die maatskaplike werker is in al drie metodes dieselfde, maar die spesifieke of besondere kennis verskil. Die beginsels is dieselfde, maar dit stel verskillende vereistes onder verskillende omstandighede. Bedrewenhede van die maatskaplike werker in die hantering verskil meer in wat die intensiteit aanbetref as wat die aard aanbetref.

Sover vasgestel kan word, is alle skrywers dit eens dat dit essensieel is dat hierdie drie terapeutiese metodes in aanvulling tot mekaar gebruik moet word. Deur eksperimente van Hunt en Kogan,[2)]

---

1) Vgl. Timms. *Social work, an outline for the intending student*, p. 108.

2) Vgl. Hunt, J. McV. en Kogan, L.S. *Measuring results in social casework; a manual on judging movement*. New York, Family Service Association of America, 1952.

Botha,[1] Kruger[2] en andere is bewys dat die beste resultate verkry word, as die verskillende metodes mekaar aanvul. Uit die aard van die saak kan die een metode nooit die plek van 'n ander inneem nie. Die metodes bestaan in teorie en praktyk. Die keuse vir die gebruik van elke metode berus by die maatskaplike werker.

Al die metodes in die maatskaplike werk trag om hulle doel te bereik, deur die aktiewe en doelgerigte inskakeling van die persone wat hulp nodig het.

Hierdie stelling word gestaaf deur die volgende aanhalings van Bartlett en Smalley:

Bartlett skryf dat: "Social work practice like the practice of all professions is recognized by a constellation of value, purpose, sanction, knowledge, and method. No part alone is characteristic of social work practice nor is any part described here unique to social work practice."[3]

Smalley voeg verder die volgende by: "All the primary processes of social work seek to realize values held by the profession as those values are embodied in the purposes of specific social welfare programs or services, and as they are embodied in the nature of the methods used to develop or administer those services."[4]

---

1) Vgl. Botha, D. *Groepwerk in inrigtings*. Ongepubliseerde D.Phil-proefskrif. Pretoria, Nov. 1965. pp. 104-105.

2) Vgl. Krugger, J.J. *Die behandeling van blanke persone in staatstoevlugte in S.A. met besondere aandag aan groepwerk as metode in die Maatskaplike Werk*. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling. Pretoria, Jan. 1967. p. 103.

3) Barlett, Harriet. "Toward clarification and improvement of social work practice - A work definition of social work practive" In *Social Work, Vol. III,* No. 2. 1958.

4) Smalley. *Theory for social work practice*, p. 43.

# 5 SAMEVATTING

Die Christelik-gefundeerde taak van die maatskaplike werk kom op die volgende neer: Die hulp van een mens (maatskaplike werker) aan 'n ander mens (kliënt) in nood, binne 'n bepaalde struktuur, op 'n bepaalde wyse, met inagneming van bepaalde uitgangspunte, norme en beginsels, sodat die kliënt sy roeping kan vervul. Die maatskaplike werker moet in die uitvoering van sy taak, roepingsgehoorsaam wees.

Die doel, taak en funksie van die maatskaplike werk kom neer op hulpverlening aan die mens in nood en op die verbetering van sy maatskaplike funksionering. Hierdie doel word bereik deur die voorkoming en herstelling van die nodige hulpbronne.

Die invloed van die mensbeskouiing op die maatskaplike werk is onbepaalbaar groot en besonder rigtinggewend ten opsigte van dienslewering aan kliënte. Dienslewering geskied vanuit sekere basiese uitgangspunte. Volgens die Christelike mensbeskouing is elke mens van die hoogste waarde, moet die mens aanvaar word soos hy is, het die mens nie net regte nie, maar ook pligte en verantwoordelikhede. 'n Besonder aktuele uitgangspunt is dat die mens selfbeslissingsverantwoordelikheid besit. Die mens kan verander en groei. Alle mense besit gelyke geleenthede tot selfontwikkeling, binne perke van sy vermoë en moontlikhede.

By die beoefening van maatskaplike werk moet hierdie basiese uitgangspunt nie net in gedagte gehou word nie, dit moet elke dag in elke situasie, hier en nou, uitgeleef word. Ook binne die maatskaplike groepwerk as terapeutiese metode moet dit by elke situasie toegepas word.

Maatskaplike werk beskik oor drie terapeutiese metodes. Die primêre terapeutiese metodes werk direk met die individu in 'n

een-tot-een-verhouding. Ook die maatskaplike groepwerk handel met die individu, maar dan in groepsverband. Maatskaplike gemeenskapswerk is 'n sekondêre terapeutiese metode. Daar word nie direk met die individu gewerk nie, maar via die gemeenskap.

Maatskaplike werk het ook instaatstellende metodes naamlik maatskaplikewerk-administrasie en maatskaplikewerk-navorsing. Sommige skrywers meen dat ook supervisie en opleiding maatskaplikewerk-metodes is.

Alhoewel die metodes nie algeheel geskei behoort te word nie, kan wel onderskei word ter wille van 'n bepaalde beklemtoning en bestudering. Maar wat beklemtoon moet word is dat die metodes altyd in aanvulling tot mekaar gebruik behoort (moet) te word.

In hierdie verhandeling is maatskaplike groepwerk as terapeutiese metode gekies. In die volgende hoofstuk volg 'n bespreking van hierdie metode.

HOOFSTUK V

# MAATSKAPLIKE GROEPWERK AS TERAPEUTIESE METODE

Die taak van die maatskaplike werk behels die behandeling van die mens in maatskaplike nood. Hierdie nood strem die maatskaplike funksionering van die mens, sy verhoudings en rolvervullings. Nood weerhou die mens van sy volle roepingsvervulling en die verwesenliking van sy taak en opdrag.

Omdat elke mens uniek is, met unieke node en probleme en met 'n ewigheidsbestemming, vereis die opheffing van elke mens se nood, besondere aandag van die hulpverlener. Deur die aanbieding van hulp, vervul die hulpverlener sy roeping en opdrag.

In die maatskaplike werk is daar drie terapeutiese metodes wat gebruik word en wat mekaar ook aanvul. In hierdie hoofstuk word aandag geskenk aan maatskaplike groepwerk as terapeutiese metode.

## 1. DIE TERREIN EN AARD VAN MAATSKAPLIKE GROEPWERK

Maatskaplike groepwerk is 'n selfstandige metode in die maatskaplike werk. Dit is die wetenskaplike werkswyse waarvolgens die maatskaplike werker 'n groep as terapeutiese medium, in die herstel of verbetering van die maatskaplike funksionering van die kliënt hanteer en aanwend.

Na ondersoek en ernstige oorweging van die kliënt se inherente potensiaal, omstandighede, omgewing en probleme, word besluit hoe (dit wil sê van watter metode of werkswyse) die maatskaplike werker die kliënte ten beste kan help.

In baie Afrikaanse bronne oor maatskaplike groepwerk word die

verskynsel aangetref dat maatskaplike groepwerk en groepsorg teen=oor mekaar gestel word. In een van die jongste werke oor groep=werk, som Du Preez die sienswyses van Botha en Pieterse so op as sy skryf: "Binne die kader van die maatskaplike werk gesien, dui groepsorg dus op nie-vakkundige hulpverlening aan groepe, wat spo=radies van aard kan wees en waar individualisering van die groep=lede nie 'n vereiste is nie."[1]

Op die oog af kan die afleiding gemaak word dat maatskaplike groep=werk vakkundige en groepsorg nie-vakkundige dienste is. Dit is egter nie so nie want groepsorg is 'n baie wye begrip en sluit alle versorgingsdienste binne groepe in, soos byvoorbeeld vryetyds=besteding in kulturele vormingswerk tot intensiewe groepsversorging van bepaalde groepe persone. Groepsorg beteken dus dat versorgen=de dienste (waaronder verstaan word vormende, herstellende, veran=derende, groeiende of ontwikkelende dienste) aan groepe gelewer word. Die wyse waarop dit gedoen word, die raamwerk waarbinne dit gedoen word en die doel, kan radikale verskille inhou.

Die begrippe maatskaplike groepwerk en groepsorg word soms egter op verwarrende wyse aangewend. Die verwarring by hierdie twee be=grippe kan toegeskryf word aan die historiese ontwikkeling van maatskaplike groepwerk vanuit sy oorsprong soos toegepas deur leke en die onduidelikheid wat daar bestaan oor die plek (maar ook be=gripsomskrywing) van "voorkoming" in die maatskaplike werk.

Die vroegste vorm van maatskaplike groepsorg (Settlement Houses) is nie op 'n wetenskaplike wyse deur opgeleide maatskaplike werkers

---

1) Du Preez, M.S.E. *Maatskaplike groepwerk, 'n teoretiese uit=eensetting.* Pretoria. McGraw Hill-Boekmaatskappy, 1971. p. 14.

gedoen nie, maar deur leke.[1] Groepsorg het sedertdien ontwikkel en een van sy onderafdelings het ontwikkel in maatskaplike groepwerk. Ook van die ander onderafdelings het voortgegaan in hul ontwikkeling. So byvoorbeeld het die groepsorg wat te doen gehad het met volwasse opvoeding ook ontwikkel. Laasgenoemde word tans kulturele opvoedingswerk, in groepe, genoem.

Net soos met maatskaplike werk en maatskaplike sorg, kan maatskaplike groepwerk en groepsorg op dieselfde wyse met mekaar vergelyk word. Maatskaplike sorg en groepsorg kan gesien word as die sambreelbegrippe waarbinne of waaronder maatskaplike werk en maatskaplike groepwerk, klein onderdele van die groter geheel kan en mag wees. Die "groter geheel" bestaan uit verskeie professies en dienste wat almal trag om die mens te help, om die hoogs moontlike graad van funksionering in sy samelewing en persoonlike lewe te bereik.[2]

Groepsorg in sy breë verband sluit dus in: kulturele vormingswerk soos Voortrekkers, "boy scouts", opvoeding buite skoolverband en leierskampe. Vakkundige groepsorg sluit onder andere in psigoterapie, groepterapie en sekere dedaktiese onderwysgroepe. Hierby word maatskaplike groepwerk gevoeg, soos dit toegepas word deur die professionele maatskaplike werker.

Binne sy professionele verband sal dit by implikasie ook beteken dat wanneer die maatskaplike werker nie maatskaplike groepwerk doen nie, hy nie professionele maatskaplike werk doen nie. Anders gestel beteken dit dat as gevolg van wetenskaplike kennis en bedrewenheid hy uiteraard ook goeie dienste sou kon lewer in sekere

---

1) Vgl. Eloff. *Enkele aspekte van belang by die ontstaan en ontwikkeling van maatskaplike werk,* pp. 69-71.

2) Vgl. Drillich, P.A. "Een Nederlandse visie op het Amerikaanse groepswerk" In *Group Work* van Gisella Konopka. Arnhem, Van Loghum Slaterus, 1964. pp. 7-20.

ander vorme van groepsorg byvoorbeeld leierskursusse en Voortrekkers.

"Die groepproses word dus in die werklikheid deur die vakkundige optrede van die groepwerker omgeskep tot die groepwerkproses of, anders gestel, tot die wetenskaplike groepwerk as metode van maatskaplike werk."[1)]

Hierdie stelling van Pieterse kan moontlik die indruk skep dat (enige) groepsorg maatskaplike groepwerk word, indien dit deur 'n maatskaplike werker gedoen word.

Van Stegeren[2)] en sy studiegroep sien die begrip "groepwerk" as 'n oorkoepelende begrip, waaronder verskillende werkswyses sorteer. Hulle maak die volgende indeling van die beroepsvelde waarbinne die groepwerkmetode gebruik word: maatskaplike groepwerk, kulturele groepwerk, psigoterapeutiese groepwerk en pastorale groepwerk. Dit beteken nie dat maatskaplike groepwerk nie aangewend kan word in 'n psigiatriese instansie nie. In dié geval sal die maatskaplike groepwerk sy eie werkdoel binne hierdie raamwerk van die psigiatriese instansie moet realiseer. Elk van hierdie vorme van groepwerk kan alleen deur sy eie beroepspersoon gebruik word. Daar kan ook verdere verskille wees. Maatskaplike groepwerk kan die hoofbestanddeel van die werksaamhede van 'n bepaalde maatskaplike werker wees, terwyl die pastorale groepwerk slegs 'n beperkte onderdeel van 'n bepaalde predikant se werk kan uitmaak. Al hierdie vorme van groepwerk kom egter daarin ooreen dat van die groepwerker verwag word dat hy binne die grense van die beroep wat hy verteenwoordig en volgens die doel van die instansie waarbinne die

---

1) Pieterse, J.E. "Groepwerk as metode in die maatskaplike werk" In *Professionele maatskaplike werk,* p. 156.

2) Vgl. Van Stegeren, W.F. *Groepswerk : een Nederlandse oriëntering.* Deventer, Van Loghum Slaterus, 1971. pp. 31-33.

groep funksioneer, die groepproses bewus en doelgerig moet hanteer.

Hulle is verder van mening dat met behulp van groepsdinamika dit wel moontlik sou wees om persone van die verskeie beroepe, saam in die teorie en praktyk van groepwerk op te lei. Die toespitsing op die eie beroepsproblematiek met die daaraan verbonde teoretiese vorming en praktiese werk, sou dan meer spesifiek in beroepsopleiding aandag geniet.

Hierdie mening kan baie sinvol en tydbesparend wees indien dit by opleidingsinstansies toegepas word. 'n Studie in hierdie verband sal baie lig op die saak kan werp. Met die vinnige ontwikkeling van groepsdinamika, is hierdie saak nie ver buite bereik nie.

Drillich skryf dat spesialisasie in 'n bepaalde beroep sinvol word sodra die belangrike verskille binne verskillende beroepe deur vergelyking met mekaar aangetoon kan word. Die basis vir vergelyking is onder andere die volgende aspekte:

- rolverhoudings
- die nodige "basiswetenskaplike" kennis
- die verskille in vakproblematiek en
- verskille in die toepassing van tegnieke wat dan ook spesiale opleiding vereis.[1)]

---

1) Vgl. Drillich. "Een Nederlandse visie op het Amerikaanse groepswerk" In *Group Work* van Gisella Konopka. p. 18

Maatskaplike groepwerk is slegs een van die drie terapeutiese metodes van maatskaplike werk en nooit 'n doel op sigself nie. Van Stegeren waarsku teen die verskynsel dat 'n metode so ontwikkel dat dit die doel en plek van 'n beroep oorneem. Hy haal Siegers aan wat 'n duidelike relasie tussen metodes en beroep beklemtoon, in hierdie geval maatskaplike groepwerk en die beroep maatskaplike werk. Opsommend sê Siegers die volgende oor maatskaplike groepwerk: "een van de meer gespecialiseerde wijzen van beroepsfunctionering van de maatschappelijk werker".[1)]

Die doelstellings van maatskaplike groepwerk mag dus nooit los gemaak word van die doelstellings van maatskaplike werk nie. Dit sal onprofessioneel en onwetenskaplik wees.

Pieterse huldig dieselfde siening as hy skryf: "Omdat groepwerk een van die metodes van maatskaplike werk is, is die einddoelstellings dieselfde as die van maatskaplike werk, te wete ... 'to enhance the social functioning of individuals', of soos in die omskrywing van groepwerk aangetoon: om moontlikhede vir individuele lede te stel om te groei, te verander of te ontwikkel ten einde maatskaplike funksionering of aanpassing te verbeter."[2)]

Northen omskryf 'n doel soos volg: "Purpose means any ultimate aim, end, or intention, objective or goal usually referred to a specific end that is instrumental to the purpose."[3)]

---

1) Van Stegeren. *Groepswerk: een Nederlandse oriëntering,* p. 27.

2) Pieterse. "Groepwerk as metode in die maatskaplike werk" In *Professionele maatskaplike werk,* p. 150.

3) Northen. *Social work with groups,* p. 19.

Elke groep het 'n doel waarom hy bestaan. Die doel van die groep stel en bepaal die standaarde waarvolgens dit ge-evalueer word. Die doel beïnvloed die kommunikasiepatrone wat in die groep ont=wikkel en ook die programme of aktiwiteite van die groep. Hierdie aspekte sal die motiverings om die doel te bereik, beïnvloed waar=deur die doel self positief of negatief beïnvloed word.

Northen sê verder: "In a group, the purpose is a composite of the expressed purposes for the group held by the social worker and the expressed purposes of the members of the group."[1]

Doel is 'n dinamiese konsep en nooit staties nie. Die behoeftes en node wat die lede na die groepe bring, word saamgegroepeer deur maatskaplike interaksie en ontwikkeling in 'n groepsdoel. Die lede kan bepaalde doelstellings of motiverings hê waarom hulle die groep bywoon, maar daar kan ander na vore kom waarvan hulle nie eers bewus was nie.

Die welslae van die groep om die node of behoeftes van die lede te bevredig, sal verhoog word in soverre die doel van die groep en die doel van individuele lede ooreenstem. Hoe meer die doel van die individuele lede met mekaar ooreenstem, hoe meer eenvormig sal die doel van die groep wees.

Vinter vestig die aandag daarop dat spesifieke behandelingsdoel=stellings vir elke lid bestaan en dat lede nie die terapeutiese be=handelingsproses met presies dieselfde probleme en moontlikhede betree nie. Hy sê verder: "Treatment goals are those specific ends the practitioner pursues in the interests of particular clients within particular groups. This emphasis on the unique and idiosyncratic is referred to in the literature as individualiza=

---

1) Northen. *Social work with groups,* p. 19.

tion",[1] en verder: "A treatment goal is a specification of the state or condition in which we would like this client to be at the end of a successful treatment sequence."[2] Die groep word saamgestel ter wille van individue. Daar word met 'n groep gewerk, maar 'n groep bestaande uit individue.

Vinter maak die volgende stellings met betrekking tot die individuele behandelingsdoel en groepsdoelstellings:

- Doelstellings moet realisties wees. 'n Volmaakte staat van maatskaplike funksionering is nie moontlik nie, byvoorbeeld, breinskade kan nie genees word deur maatskaplike groepwerk nie. Die persoon kan wel aangehelp word tot optimum funksionering wat deur vooruitbeplanning bevorder kan word.
- Doelstellings moet direk verband hou met die (huidige) probleme of node van die individuele kliënte.
- Doelstellings moet verbind wees met die diagnose van die kliënt.
- Doelstellings moet rekening hou met die moontlikhede van en gereedheid vir verandering asook die meewerking van die kliënte in die behandelingsproses.
- Doelstellings moet ingestel wees op verbeterde maatskaplike funksionering van die kliënt buite die groep self. Die graad en kwaliteit van verbetering moet geskat of beraam word in ooreenstemming met konfensionele standaarde in die "real world" waarin die kliënt hom bevind. Vinter sê: "Community standards of conduct, of achievement, and of role performance should not be subordinated to professional criteria."[3]

---

1) Vinter, R.D. *Readings in group work practice.* Michigan, Campus Publishers, 1967. p. 13.

2) Ibid.

3) Vgl. Ibid. p. 14.

Die maatskaplike werker se taak behels groepe wat bestaan uit 'n aantal lede (verkieslik tussen vyf en agt). Vir hierdie lede be=oog hy individuele terapeutiese doelstellings alhoewel daar in die groep 'n gemeenskaplike probleem of nood bestaan. Dit gaan om die doeltreffendste, vinnigste en mees aktuele dienste wat aan elke individu gebied kan word. Die taak van die maatskaplike werker is om na die somtotaal en na die ooreenstemming van tera=peutiese gemeenskaplike doelstellings te soek en daarvolgens die behandelingsplan te rig.

Vinter sê: "He (the worker) can attempt to define group purposes so that they are consistent with and instrumental to the several treatment goals he has established for the individual members."[1)]

Om maatskaplike groepwerk te beoefen vereis 'n wye verskeidenheid van groepsdoelstellings: ontwikkeling, behandeling, rehabilita=sie, korreksie en maatskaplike verandering.

Amerikaanse skrywers, onder andere Klein, meen "Social groupwork is not by any standard a unified, bounded and well-defined enti=ty."[2)] Hy sê daar is verskillende interpretasie van wat maat=skaplike groepwerk is. Dat maatskaplike groepwerk alleen gerig is op doel-georiënteerde groepe, met ander woorde behandelings=groepe, of gerig is op enige soort groep in besonder, is 'n aan=vegbare gedagte. Hy beklemtoon dat die begrip 'metode' in 'n verskeidenheid van betekenisse gebruik word om 'n werkswyse of proses van optrede aan te dui. Hy sê verder "Social groupwork is such a method, composed of a large variety of modes or specifies, from which a worker selects that which is appropriate and

---

1) Vinter. *Readings in group work practice*, p. 15.

2) Klein. *Social work through group process*, p. 47.

effective for the purposes desired within the social work con=text."[1]

Klein noem dat die National Association of Social Workers Practice Statement in 1963 die volgende sê: "He (the group worker) uses his method toward the restoration of personal and social dysfunc=tioning and the prevention of social and personal breakdown, but also toward the promotion of normal social growth, especially in stress periods, and to provide for personal enhancement and to develop citizen participation."[2]

Afhangende van die probleme en node van die kliënt sal die maat=skaplike werker 'n behandelingsplan uitwerk. Dit mag beteken dat die kliënt in dieselfde periode ingeskakel is by maatskaplike gevallewerk en by maatskaplike groepwerk. Dit mag ook beteken dat die kliënt eers maatskaplike gevallewerk behandeling ontvang en daarna maatskaplike groepwerk behandeling, en heel waarskynlik daarna weer maatskaplike gevallewerk behandeling. Die behande=ling moet voortdurend aangepas word by die probleme en node van die kliënt.

Klein is van mening dat die groep 'n dinamiese realiteit is en "a slice of life". Aanpassing by die groep en gedrag daarbinne, is dus werklike lewenservaring.[3] Daar moet wegbeweeg word van be=handeling waarin die kliënt beskerm word teen werklike eise van die lewe. Die neiging bestaan om die afstand tussen die maatskap=like werker en die groeplid, die lewensituasie en terapeutiese situasie te oorbrug. Kunsmatigheid moet voorkom word en behande=ling moet so na as moontlik aan die werklikheid bly.

---

1) Klein. *Social work through group process*, p. 48.

2) Ibid.

3) Vgl. Ibid. p. 27.

Bos[1] stem hiermee saam as hy sê dat elke groepsituasie aan die deelnemers (lede) die geleentheid moet bied om, maatskaplike verskynsels waar te neem, te beleef en te hanteer soos wat hierdie dinge hulle in die daaglikse lewe voordoen. Die groeplede kry dus die geleentheid om maatskaplike vaardighede te ontwikkel. Bos onderskei verder drie fasette in hierdie maatskaplike vaardigheid:

- Maatskaplike insig, dit wil sê die vermoë om maatskaplike situasies korrek waar te neem en te interpreteer met behulp van 'n gevarieerde maatskaplik-psigologiese begrippesisteem.
- Maatskaplike tegniek, dit wil sê die vermoë om maatskaplike situasies te hanteer en hom daarin te handhaaf.
- Maatskaplike gevoeligheid waardeur die mens hom kan inleef in die situasie van 'n ander.

Hierdie drie aspekte, as geintegreerde totaliteit, kan tot 'n hoë graad van persoonsvorming lei. Hy sien maatskaplike groepwerk as 'n oefenskool vir die kliënte.

Van den Dam meen: "Het essentiële doel van het groupwork is die ontwikkeling van het individu met behulp van de groep die echter niet "middel" zonder meer is, maar zelf ook iets waardevols. Men zou dit kunnen ondervangen door het doel aan te geven als: de persoonlijke en sociale ontwikkeling van het individu. In dit verband valt de nadruk binnen de groep meer op samenwerking dan op concurrentie en dient goed groupwork zich te voltrekken in een democratische atmosfeer."[2] (Demokrasie is altyd die beste as daar

---

1) Vgl. Bos, A.H. "Groepwerk als werk ten dienste van sociale vorming" In *Vorming* van Wolters, J.B. Groningen, 1965, pp. 251-284.

2) Van den Dam, J.P.A. *Maatschappelijk werk.* Utrecht, Uitgeverij het Spectrum, 1958. p. 92.

teenstand of meningsverskille is.)

Vanaf 1963 word daar reeds gepraat van 'n "Combined methods orientation". Klein verduidelik hierdie term soos volg: "This does not mean one unified method, but that the practitioner has a repetoire of social work methods from which to choose, depending upon purpose, setting, strategy, target, and who the client is considered to be."[1]

Die doel van die groep sal altyd saamhang met die vraag: Waarom word groepsterapie in plaas van individuele terapie gebruik? Indien 'n persoon as enkeling gehelp kan word om tot die oplossing van sy probleem te kom, waarom dan in 'n groep aan hom aandag gee? Indien 'n persoon egter die meeste baat sal vind in behandeling saam met ander persone met dieselfde probleem, is dit reg dat hy individueel behandel word? Northen skryf: "What a social worker does in his practice is for a purpose. It reflects his values and is based on knowledge."[2]

In maatskaplike groepwerk is dit noodsaaklik dat programme so gekies moet word dat die doel daardeur bereik kan word. 'n Kliënt word nie vir 'n metode gebruik nie, maar die beste metode word vir die oplossing van die behoeftes van die kliënt gekies. Alle aktiwiteite wat gebruik mag word in die program, moet gebruik word as 'n middel tot 'n doel. Die volgende vrae hinder altyd wanneer oor hierdie onderwerp besin word: Waarom word daar in groepwerk dikwels in so 'n groot mate van handvaardighede gebruik gemaak? In die maatskaplikegevallewerk-metode word feitlik in alle gevalle slegs gebruik gemaak van kommunikasie (as aktiwiteit) - waarom nie ook in maatskaplike groepwerk nie? Is dit nie juis hierdie aspek

---

1) Klein. *Social work through group process,* p. 48.

2) Northen. *Social work with groups,* p. 4.

van programaanwending, wat ons tot onlangs toe, nog laat onderskei het tussen "terapeutiese groepe" en "maatskaplike sorg groepe" in die maatskaplike werk nie?

Dit is belangrik dat handvaardighede as programaktiwiteit tot die absolute minimum beperk word en dat dit dan net as hulpmiddel tot 'n doel gebruik moet word en nie as doel op sigself nie.

Net so belangrik as wat dit is om 'n metode te kies vir die oplossing of behandeling van 'n kliënt se probleme, net so belangrik is dit om die programme na aanleiding van die kliënt se probleme te kies. Net so oneffektief as wat maatskaplike gevallewerk sou wees as onderhoude deur middel van 'n vraelys gedoen sou word, net so oneffektief sou groepwerk wees met 'n volledige vooropgestelde, deurlopende program. Die metode en die hantering van die metode, moet kliënt-gesentreerd wees, met ander woorde met inagneming van die individu, sy probleme, behoeftes, potensialiteite en tekortkomings.

## 3 DIE GROEPPROSES EN DIE MAATSKAPLIKE GROEPWERKPROSES

Alhoewel die begrip "proses", in die denke van 'n maatskaplike werker so 'n belangrike plek inneem, is dit opvallend dat daar in die bekendste maatskaplike groepwerk-literatuur soos die van Konopka, Wilson en Ryland, Schwartz en andere, nie veel en nie duidelik geskryf word oor die maatskaplike groepwerkproses nie.

Smalley skryf oor proses as volg: "Process in the sense of 'a course of operations, a foreward movement ... produced by a special method', refers to the nature of the interacting flow which results from the use of a spesific method. The use of the casework method leads to the casework process in which worker and cliënt are mutually engaged. So with each of the social work

methods."[1]

Alle denkers en skrywers oor en hanteerders van groepe, is dit eens dat daar binne enige groep 'n proses plaasvind. Konopka sê: "There are forces in a group that go on whether anybody observes them or works with them or not, just as the law of gravity exists whether we drop a stone or we don't. We do know a few of these laws of group behavior and we have many still to learn about." Sy sien verder hierdie proses as die netwerk van psigologiese interaksie wat binne die groep plaasvind en verder: "The group work process means that a conscious helping force, the group worker, has entered this interplay of relationships."[2]

Die Woordeboek vir Maatskaplike Werk gee die volgende uiteenset=ting van groepproses: "Die geheel van dinamiese tussenpersoon=like verhoudings, ontwikkelings en veranderings in enige groep waarin die lede met mekaar verkeer."[3]

In 'n artikel oor die prosesbegrip gee Hofstein die volgende defi=nisie: "Process - constitutes a nonreversible series of changes over time, with a particular continuity or form in a definite direction. Process comprises thus a polarity between change and pattern."[4]

Uit hierdie definisies kan ons belangrike aspekte ten opsigte van die begrip "proses", aflei. Daar is byvoorbeeld die onherhaal=baarheid van gebeure wat daar plaasvind, die op weg wees na 'n

---

1) Smalley. *Theory for social work practice,* p. 16.

2) Konopka. *Group Work in institutions,* p. 32.

3) *Woordeboek vir maatskaplike werk,* p. 25.

4) Hofstein, S. "The nature of process" In *Journal of Social Work process, Vol. XIV.* Philadelphia, University of Pennsyl=vania Press, 1964. p. 13.

bepaalde doel, die unieke karakter en die eie struktuur van elke proses. 'n Proses dui verder daarop dat dit 'n opeenvolging van sekere aspekte is.

In sy ontleding van Konopka se genoemde definisie, sê Van Stegeren die volgende oor die begrip groepproses: "Maar het lijkt ons niet te hypothetisch wanneer deze hulpverlening ook weer erop gericht is de groepsinteractie zin en richting te geven door een bewuste doelhantering."[1)]

Murphy konsentreer meer op die doelgerigte aspekte in 'n proses as hy sê: "Group process is one of the social processes; it signifies the totality of the group's interactions, developments and changes which occur in the group's life. Social group work process refers to group process when consciously affected by the worker toward specified ends."[2)]

Hieruit blyk die rol van die maatskaplike groepwerker wat doelgerig besig is met die opeenvolgende groepsgebeure. In die groepsgebeure is daar allerlei faktore wat 'n rol speel:

- die interaksie tussen die lede
- die interaksie tussen die lede, die werker en die groep as totaliteit
- die reaksie van lede op groepsaktiwiteite en
- ervarings.

Ons kan verder ook aflei dat daar in enige groep beweging is en

---

1) Van Stegeren. *Groepswerk: een Nederlandse oriëntering*, p. 38.

2) Murphy, M. "The social group work method in social work education" In *Social Work curriculum Study XI*. New York, Council on Social Work Education, 1959. p. 32

dat daar iets gebeur. Lede is besig om te verander, te ontwik=kel, te beïnvloed en beïnvloed te word, te kommunikeer, nader aan mekaar te groei of van mekaar weg te beweeg. Wanneer 'n maat=skaplike groepwerker hierdie aspekte doelbewus gebruik, identifi=seer, rig en orden, word gepraat van die maatskaplike groepwerk=proses. Dit beteken die vakkundige hantering van die algemeen geldende wette wat in enige groep geld.[1)]

Die groep wat in maatskaplike groepwerk gebruik word, is daardie groep wat vanaf die selektering, doelgerig deur die maatskaplike werker saamgestel is en gebruik word. Dit is belangrik dat 'n maatskaplike werker kennis dra van die groepsdinamika en veral van die prosesse wat parallel binne hierdie groep in beweging is.

Du Preez praat van die volgende as onderdele (fases) van die (maatskaplike) groepwerkproses: groepsmotivering, strukturering, waardes en norme, beheer, klimaat, groepsgebondenheid, programbe=planning en verhoudinge.[2)]

In die maatskaplike groepwerk-proses kan onderskeid gemaak word tussen die proses en die groepsfasette. Laasgenoemde hou elk ook 'n proses in wat meestal parallel en gelyktydig met mekaar ontwik=kel.

Soos in die maatskaplike gevallewerk en maatskaplike gemeenskaps=werk, (gemeenskapsorganisasie) kan die 'proses' beteken die tera=peutiese ontwikkeling vanaf aanmelding van die kliënt, die onder=soek, diagnose, evaluasie, prognose en die werklike behandelings=aksie, wat 'n min of meer op mekaar volgende gang aandui. 'n Min

---

1) Vgl. Pieterse. "Groepwerk as metode in die Maatskaplike Werk" In *Professionele Maatskaplike Werk*, pp. 155-156.

2) Vgl. Du Preez. *Maatskaplike groepwerk: 'n teoretiese uit=eensetting*, pp. 66-86.

of meer soortgelyke proses moet dus ook in die maatskaplike groepwerk voorkom.

Die hulpverleningsproses vanaf ontmoeting van die kliënt tot en met die beëindiging van dienste deur die maatskaplike werk, (en organisasie) moet dan bekend staan as 'n maatskaplikewerk-proses. Binne hierdie proses kan gebruik gemaak word van verskillende metodes, terwyl die tydperk van hulp mag varieer van kliënt tot kliënt.

In die bestaande literatuur word gepraat van groepsprosesse waaronder verstaan word, die groepsfasette byvoorbeeld, groepsvorming, norme en waardes, moreel en klimaat.[1) ] Dit kan verwarrend wees veral vir maatskaplikewerk-studente.

Die begrippe "fasette", "komponente", "elemente", "momente" of "aspekte" is almal as moontlike begrippe oorweeg. Dit blyk dat "fasette" of "elemente" die mees beskrywendste is. Na oorweging is die begrip "fasette" verkies. Met 'groepsfasette' word dus bedoel die samestellende dele wat van 'n versameling persone 'n groep maak, soos groepsvorming, struktuur, waardes en norme, en groepsgees. Omdat hierdie fasette selde numeries opmekaar volg of na mekaar in 'n groep voorkom, kan daar nie van hulle as groepprosesse gepraat word nie. Al hierdie fasette is vanaf die begin van die groep tot en met die afsluiting, dinamies daarin aanwesig. Elke faset is 'n sub-proses. In maatskaplike gevallewerk bestaan hierdie sub-prosesse ook binne die terapeutiese proses.

---

1) Vgl. Pieterse. "Groepwerk as metode in die Maatskaplike Werk" In *Professionele Maatskaplike Werk,* pp. 156-159.

## 4 DIE TERAPEUTIESE PROSES IN MAATSKAPLIKE GROEPWERK

Die terapie begin wanneer die maatskaplike werker die kliënt die eerste maal ontmoet, loop deur die ondersoek, diagnose, behandelingstadia en eindig met die evaluasie wanneer die kliënt sy rolle bevredigend kan vervul. Dit is dus 'n proses bestaande uit 'n paar sub-prosesse wat elkeen self 'n proses is.[1]

Vinter noem hierdie proses die "treatment sequence" en sê: "The sequence consists of several orders of process and action; it includes each client's experience, the group's development as effected by the worker, and the worker's decisions and over-activities."[2]

Die omstandighede van verskillende kliënte vereis dat op verskillende plekke op die leer van sub-prosesse begin word, byvoorbeeld 'n krises-geval wat by behandeling begin en by sommige hofgevalle selfs by diagnose.

In sy bespreking van die maatskaplike groepwerkproses kom Van Stegeren[3] tot die gevolgtrekking, dat daar in elke maatskaplike groepwerkproses beslis drie fases aanwesig is: Die beginfase, die middelperiode en die afronding.

Die beginfase word gekenmerk deur 'n mate van ambivalensie by die lede. Die lid koester bepaalde verwagtings van die groep, die leier, homself en die instansie maar hy is ook onseker in hoeverre aan hierdie verwagtings voldoen sal word. Dit is dus 'n

---

1) Vgl. Kahl. O.G. *Maatskaplike gevallewerk.* Diktaat, PU vir CHO. pp. 25-73.

2) Vinter. *Readings in group work practice,* p. 9.

3) Vgl. Van Stegeren. *Groepswerk: een Nederlandse oriëntering,* pp. 50-52.

oriënteringsfase vir die kliënt. Die gerigtheid op en belangstelling in die ander lede sal in die beginfase die element van vergelyking in sy gedrag vorm. Die samestelling van die groep, die ouderdom van die deelnemers, die groepsdoel en die wyse van leiding deur die maatskaplike groepwerker, sal invloed uitoefen op die spoed waarmee en die wyse waarop die maatskaplike groepwerkproses tydens hierdie eerste fase sal ontwikkel.

Dit is moeilik om prakties die oorgang na die tweede fase aan te dui. Trecker meen dit is die tydstip wanneer die lede van "ons" begin praat. Stock, Whitaker en Liebermann meen dat dit die stadium is met die gemeenskaplike oplossing van die probleme. Hierdie fase verg reeds die individu se deelname aan die groep. Van Stegeren[1] sê dit kan ook wees wanneer die lede afstand doen van hul eie motivering en hulle rig op die groepsdoel. Hy wys daarop dat die begin-, middel- en eindfase van die groepsproses, nie 'n vloeiende lyn vorm nie, maar in werklikheid in 'n spiraalvorm verloop. Bepaalde situasies, aktiwiteite en konflikte kom meer as een keer voor, maar in verskillende vorms. Elke groepsgebeurtenis is in sy wese onherhaalbaar. Hierdie middelfase vertoon altyd 'n eiesoortige dinamiek.

Die afronding van die groepsgebeure word gekenmerk deur die noukeurige evaluasie. Net soos aan die begin, bring die afsluitingsfase ook ambivalente gevoelens mee. Gevoelens soos voldoening, onbevrediging, frustrasie en entoesiasme kan in hierdie fase by die lede sowel as by die werker, bestaan. 'n Baie goeie evaluasie wat aan die lede duidelikheid gee met betrekking tot wat in die groep bereik is of wat nog nie gedoen is nie, mag nie by 'n

---

1) Vgl. Van Stegeren. *Groepswerk: een Nederlandse oriëntering*, pp. 48-49.

maatskaplike groepwerkproses ontbreek nie. Die waarde van die groep word op hierdie stadium reeds die besit van elke lid.

Van Stegeren haal Galinsky aan wat in sy werk 'n maatskaplike groepwerkproses bestaande uit sewe fases, onderskei. Hierdie proses kom met dié van Van Stegeren ooreen. Galinsky noem die volgende fases: Die ontstaan van die groep, die "formatieperiode" en die eerste tussenfase waarin onder andere 'n verheldering van die doelstellings plaasvind. Daarop volg die sogenaamde "revisie=periode", wat gekenmerk word deur 'n evaluasie van die leiersrolle. Ten slotte bereik die groep, na 'n tweede tussenfase, die periode van ryping en rypheid, waarna die afrondingsfase die proses af=sluit.[1)]

Uit die werke van McCullough en Ely[2)], Trecker[3)] en Le Grange[4)] is 'n vier-fase-proses saamgestel:

- Totstandkoming van die groep: Meestal, maar feitlik altyd in Suid-Afrika, word die groepe met 'n bepaalde doel deur die maatskaplike groepwerker saamgestel. Hierdie aanvangsfase of oriënteringsfase word deur die volgende gekenmerk: Lede ken mekaar nie, voel onseker, weet nie hoe om op te tree nie, is onseker van wat werklik van hulle en van die werker verwag

---

1) Vgl. Van Stegeren. *Groepswerk: een Nederlandse oriëntering*, p. 49.

2) Vgl. McCullough, M.L. en Ely, P.J. *Social work with groups*. London, Routledge en Kegan Paul, 1971. pp. 14 en 95.

3) Vgl. Trecker. *Social group work*, pp. 92-98.

4) Vgl. Le Grange, A.C. *Programbeplanning as bedrewenheid in groepwerk: 'n Ondersoek na die toepassing van groepwerk in 'n plek van veiligheid en bewaring in Port Elizabeth*. Ongepubliseerde M.A.-Verhandeling, Port Elizabeth. Jan. 1968. p. 80.

word. Daar is min entoesiasme en meer deelname aan bepaalde aktiwiteite. Die program moet hierby aanpas en die werker neem leiding.

- Die tweede fase is die ontwikkeling van die groepsbewussyn waaraan elke lid deelneem: Die bywoning is meer gereeld, die lede kom betyds vir byeenkomste, definitiewe tyd en plekstruktuur neem vorm aan en die organisasie binne die groep vlot. Lede neem sekere verantwoordelikhede en begin praat van "ons". Daar is meer entoesiasme merkbaar, die lede begin die doel van die groep snap en natuurlike leiers kom na vore. Die lede help met programbeplanning.
- Tydens die derde fase groei die groep tot volwassenheid of selfrealisering en bereik sy klimaks. Daar is 'n stabiliteit in die groep merkbaar. Die ledetal wissel nie; die persentasie bywoning is hoog; elke lid neem die maksimum deel; elke lid het groter duidelikheid van sy eie rol; die begeerte ontstaan om, waar moontlik, met ander groepe mee te doen; groeplede begin die eie groep se tekortkominge raaksien. Die lede kan al groot verantwoordelikheid dra met betrekking tot die groep deur byvoorbeeld self programme op te stel. Die werker tree dan al hoe meer op die agtergrond en lede neem leiding oor in die funksionering van die groep.
- Die tekens van verval in en van die groep, kan 'n teken wees van die vierde en laaste fase. Die groep bereik 'n "versadigingspunt" ten opsigte van die groepsdoel. Lede begin "bedank"; die gemiddelde presentasie bywoning daal en belangstelling kwyn. Hierdie tendens vereis deeglike evaluasie, objektiewe oordeel en versigtige optrede van die maatskaplike werker.

Hierdie proses is struktureel en van buite waarneembaar. As terapeutiese proses blyk die volgende meer aanvaarbaar te wees.

Pont[1] som 'n proses op wat deur die National Training Laboratories uiteengesit word. Hier word die groepproses vanuit 'n totaal ander benadering beskou. Hierdie proses het betrekking op die beweging en groei van kliënte, uit innerlike oortuiging. Hierdie groei en beweging word teweeg gebring vanuit die norme- en waardesisteem van die kliënt. Hierdie proses is terapeuties in die mate wat die verandering deur die terapeut beplan, gerig en gelei word:

- "Unfreezing" wat vertaal kan word met "bevraagteken". Dit kom neer op die kritiese bevraagtekening van die waardes, norme, opvattings en gedragspatrone, waarmee die groeplede tot die groep toegetree het. Die kritiese bevraagtekening is belangrik anders kan verandering nie bewerkstellig word nie.
- "Changing" wat vertaal kan word met "verandering". Die groeplede is nou oortuig dat hulle vroeëre sienings, beginsels, waardes en norme en optrede onbruikbaar, onvanpas of skadelik is. Hulle wil nou daarvan afstand doen of het reeds daarvan afstand gedoen. Die groep moet nou gesamentlik die nuwe waardes, norme en gedragspatrone vasstel en aanleer.
- "Refreezing" of stabilisering. Dit is die proses waar die nuwe insigte, norme, waardes en gedragspatrone geïntegreer word met die res van die persoonlikheid.

---

Alhoewel Pont hierdie proses noem met betrekking tot sensitiwiteitsopleiding, is dit hier ook van belang aangesien dit met die groepproses te doen het, dit 'n terapeutiese proses is en duidelike beweging by die kliënt aandui.

1) Vgl. Pont, A.D. *Sensitiwiteitsopleiding*. Pretoria, Christelike Kultuuraksie, No. 7. Junie 1973. p. 10.

Wanneer elke lid die norme en waardes sy eie gemaak het, moet hy dit ook buite die groep in die samelewing toepas. Hierdie aanvaarde norme en waardes moet vir die kliënt dus 'n werklikheid word in al sy lewensrolle en verhoudings, met ander woorde dit moet ook stabiliseer.

Hierdie proses kan deur die maatskaplike groepwerkproses as geheel, maar ook in elke groepsessie toegepas word en uiteraard in elke groeplid.

Volgens hierdie proses is dit duidelik watter invloed 'n maatskaplike werker op sy kliënte kon uitoefen. Dit noodsaak 'n Christelik gefundeerde lewens-, wêreld- en mensbeskouing by die maatskaplike werker.

Van die kant van die maatskaplike werker lyk die maatskaplike groepwerkproses anders, alhoewel dit al die genoemde fases insluit.

Al is hier sprake van 'n proses, beteken dit nie noodwendig 'n opeenvolging van verskillende stappe nie. Al die stappe begin reeds tydens die maatskaplike werker se eerste kennismaking met die kliënt. Die verskillende stappe geniet net meer aandag op verskillende tye.

Die eerste fase is die inname of aanmelding van die potensiële kliënt waar die persoon kliënt-status verkry. Die kliënt meld homself aan of word aangemeld vir hulp, en deel sy probleem of nood mee soos hy dit ervaar. Die maatskaplike werker ontmoet die kliënt met sy probleem of nood.

Die tweede fase is 'n volledige ondersoek. Die maatskaplike werker as kenner (wetenskaplike) besit kennis aangaande sekere algemeen geldende aspekte van 'n mens in so 'n situasie. Besondere kennis van die bepaalde kliënt, sy agtergrond, nood, probleme

gesindheid, waardes, norme, siening en benadering is nodig. Dit maak 'n ondersoek noodsaaklik. Hierdie eerste twee stappe geskied nog buite die groep.

Die derde fase is diagnose en evaluasie. Die maatskaplike werker as gids het 'n algemene kennis en insig ten opsigte van die mens in nood in bepaalde situasies. Hy ken 'n verskeidenheid bedrewenhede en hulpmiddels om 'n kliënt te help. Die evaluasie is belangrik ten einde met hierdie bepaalde kliënt en sy besondere probleem op 'n bepaalde manier te werk. Hierdie fase kom ooreen met die eerste fase van die terapeutiese proses van die kliënt, naamlik die "bevraagtekening". Hierdie fase kan binne en/of buite die groep plaasvind.

Die vierde fase is beplanning en groepsamestelling. Die werker verwys die kliënt na 'n bepaalde groep. Hy selekteer die groep, reël die eerste byeenkomste en verduidelik die doel van die groep aan die lede - al is dit voorlopig net in breë trekke. Die groepsverhoudings neem 'n aanvang en so ook programbeplanning. Hierdie fase is die aanvang van die groep.

Die vyfde fase is groepsontwikkeling en behandeling. Nou is die groep 'n werklikheid. Die werker maak gebruik van alle aspekte en fasette in die groep self, in die doel, aktiwiteite en verhoudings, om sodoende van die groep die effektiefste behandelingsmedia vir die lede te maak. Die maatskaplike werker as instaatsteller help die groep in hul verandering en om as groep, nuwe norme, waardes, gedragsreëls, sienings en benadering te vind en dit hul eie te maak en te laat stabiliseer. Elke individuele kliënt vereis besondere aandag. Wanneer hierdie doel bereik is, sluit die groep af.

Daar moet 'n verdere fase in hierdie proses wees ten einde met die

kliënt se fase van stabilisasie en toepassing van die nuutaangeleerde waardes en norme ooreen te stem. Die kliënt kan nie na die afsluiting van die groep gelaat word om met sy nuwe waardes en norme in sy samelewing op eie bene te staan nie. Die ondersteuning van die medegroeplede en die werker, is vir 'n tyd belangrik ter ondersteuning en onderskraging. Die losmaking van die individu van die groep, beteken dus eintlik vasknoping aan die samelewing, waarvan hy weer 'n deel moet uitmaak. Gelydelik moet die kliënt dus gehelp word om hom los te maak van die groep, van medegroeplede en die groepwerker. Hoe verder die proses van losmaking vorder, hoe verder ontwikkel sy proses van vasknoping aan aspekte in die samelewing en dus verbetering van sy maatskaplike funksionering.

'n Sewende fase in die proses sou 'n evaluasie wees ten einde die groeplid se vordering te bepaal op die weg van sy maatskaplike funksionering na die groep.

In die proses is daar algemene aspekte wat op die groep van toepassing is, maar besondere aspekte wat op individualisasie binne die groep dui.

Die beëindiging van groepdienste mag vir sommige kliënte die beëindiging van maatskaplikewerk-dienste beteken. Vir ander kliënte mag dit een deel wees van die maatskaplikewerk-dienste en mag daar ná beëindiging van groepdienste, voortgegaan word met byvoorbeeld die maatskaplike gevallewerk-metode. Ander kliënte mag vir 'n verdere periode weer by 'n ander groep ingeskakel word.

Die maatskaplike groepwerkprosesse soos uit die oogpunt van die kliënt en die maatskaplike werker gesien, is 'n aanduiding dat daar altyd twee kante in die behandelingsproses is. Die kant van die kliënt en van die werker. Hoe verder die terapie ontwikkel,

hoe meer eise word aan die kliënt gestel ten opsigte van interne persoonlike verhoudings en rolvervullings en ook 'n beter balans tussen die mens se vermoëns en behoeftes.

Alle behoeftes kan nie gelyktydig die hoof gebied word nie en alle probleme kan nie gelyktydig opgelos word nie. Kahl[1] noem Johns en De Marche se kriterium om prioriteite te bepaal:

- Die relatiewe dringendheid van behoeftes;
- daardie behoeftes wat die waarskynlikste deur die bestaande of potensiële hulpbronne ontmoet kan word;
- daardie behoeftes waaromtrent daar 'n toestand van gereedheid by die kliënt bestaan wat verandering moontlik sal maak.

Prioriteite betreffende die situasie wat aandag verdien, kan ook gemaak word deur:

- daardie situasies wat onmiddellike aandag verdien;
- langtermyn-behoeftes ten opsigte waarvan behandeling uitgestel kan word; en
- probleme wat verdere studie verg, voordat daarop gehandel kan word.

Vinter sê: "The particular nature and degree of group cohesion, self-determination, program and governing procedures are defined by these specific treatment goals, and not by any uniform standards workers have about "successful" or "well-organized" groups. His main concern is that each group become the most potent means possible to attain the ends he seeks for its members."[2]

---

1) Vgl. Kahl, O.G. *Gemeenskapsorganisasie.* Diktaat, PU vir CHO. p. 15.

2) Vinter. *Readings in group work practice.* p. 4.

## 5 GROEPSFASETTE IN DIE MAATSKAPLIKE GROEPWERKPROSES

In die bespreking van fasette in die literatuur, is daar by alle groepwerkfasette altyd sprake van 'n ontwikkelingsgang. Uit die bespreking van die fasette wat volg, kan daar by elkeen die volgende waargeneem word:

- Elke groepfaset is 'n natuurlike aspek, 'n "groepswet" wat sal ontwikkel waar dieselfde mense vir 'n paar keer saamkom.
- Net soos die maatskaplike groepwerk terapie 'n proses vorm, net so is elke groepfaset 'n proses, omdat gebeurtenisse mekaar opvolg soos die groep ontwikkel en omdat elke faset dinamies is. Met ander woorde, daar is 'n tydstip waarop elkeen van hierdie fasette ontstaan, ontwikkel, en op 'n bepaalde manier deur elke groep loop. Die invloed van sommige fasette neem af as die doel van die groep bereik is en word beëindig as die groep afsluit, byvoorbeeld groepsvorming en strukturering. Hulle kan nog hierdie fasette vir 'n tydlank buite terapeutiese opset gebruik deur byvoorbeeld as vriendekring te funksioneer en in hulle samelewingsverband toe te pas (vgl. Alkoholiste Anoniem). Elemente van fasette kan egter so 'n blywende invloed op die individu hê, dat hy dit met hom saamdra vir die res van sy lewe, al het die groep lankal afgesluit, byvoorbeeld waardes en norme.

  Die blywende waarde van maatskaplike groepwerk is die toerusting wat die kliënt ontvang het om die waardes en norme te evalueer waarmee hy in die toekoms gekonfronteer mag word. Elemente van hierdie proses kan dus vir 'n baie lang tydperk nog bly bestaan. Dit is die doel en ideaal van maatskaplike groepwerk terapie.
- Vir die terapeutiese gebruikmaking van 'n groep is hierdie fasette van die allergrootste belang, omdat dit die wese van

'n groep uitmaak.

- Dit is 'n algemene beginsel in maatskaplike werk dat hierdie fasette nooit afgedwing mag word nie, want dan het dit geen blywende waarde nie en is dit nie die kliënt se eie nie. Die ontstaan en ontwikkeling van die groepsfasette berus tot 'n groot mate by die lede. Basies ontwikkel die fasette dus vanuit die groeplede. Die maatskaplike groepwerker kan die ontstaan en ontwikkeling daarvan egter grootliks aanmoedig en beïnvloed.
- Dit is vir die maatskaplike werk belangrik dat groepfasette gesien word soos:
  - dit natuurlik ontstaan en verloop in elke groep
  - dit deur elke individu bewus of onbewus aangewend en gebruik word tot sy eie voordeel
  - dit doelbewus en doelgerig deur die maatskaplike groepwerker gebruik word.
- Dit sal 'n uiters belangrike en interessante studie wees om die proses in elke groepfaset duidelik uiteen te sit en te ontleed. Vir die maatskaplike groepwerk sal dit van die allergrootste belang wees, omdat hierdie fasette doelbewus en doelgerig deur die maatskaplike werker gerig en hanteer word. 'n Gebrek aan kennis in verband met die struktuur en inhoud van groepfasette is 'n groot leemte by die maatskaplike werker.

Die volgende word gesien as groepfasette:

a Groepsvorming

Net soos 'n natuurwet, is dit 'n "groepswet" dat waar persone met 'n bepaalde doel saamgegroepeer word, 'n groep gevorm sal word indien die lede dit verkies. Hoe kleiner die getal lede is en hoe meer doelgerig hulle is, hoe vinniger en hegter sal die groep

vorm. Daarom word dit in die maatskaplikewerk-literatuur so sterk beklemtoon dat die lede moet weet wat die bepaalde doel is waarom hulle bymekaar is. Wanneer 'n kliënt by 'n organisasie aanmeld vir hulp, beteken dit dat hy ervaar en erken dat sy probleem vir hom te groot geword het en dat hy daadwerklike hulp verwag. Deur aan die kliënt die doel en metode van groepsgebruik te verduidelik, sal dit die toegeneentheid vir groepsvorming by die kliënt aanwakker. Groepsvorming is 'n natuurlike proses wat deur die bekwaamheid en bedrewenheid van die maatskaplike werker, aangewakker kan word. Indien die lede egter nie elkeen wil deel vorm van die groep nie, sal daar van werklike groepsvorming nie sprake wees nie. Om hierdie rede word motivering en voorbereiding van die kliënt vir groepsterapie, so sterk beklemtoon.

Groepsvorming het meer as een betekenis. Groepsvorming wat deur die lede gedoen word as natuurlike proses en wat deur die werker gebruik word as doelbewuste terapie. Laasgenoemde sal in die voorlaaste hoofstuk verder toegelig word. Die selektering en samestelling vir groepsvorming berus by die maatskaplike werker, maar die groepsvorming berus by die lede en kan slegs aangemoedig word deur die werker.

b Groepstrukturering

Net soos groepsvorming is groepstrukturering ook 'n natuurlike proses wat ontwikkel waar persone vir 'n aantal kere op 'n bepaalde tydperk saamkom. Ons kan dit toeskryf aan iets van die oorspronklike skeppingsorde wat nog in die mens leef en hom dus aanspoor om gestruktureerd te wees in sy optrede. Die mens voel hom alleen veilig binne grense en wette. Vanuit die kinderspel waar wette en reëls uit hul eie vir speletjies opgestel word, word dit duidelik geillustreer. Selfs by 'n ongeordende groep persone wat doelbewus wette en reëls oorboord gooi, is dit baie gou duidelik dat

daardie groep tog elemente van 'n struktuur het, deur byvoorbeeld leiersfigure wat in die groep na vore tree en deur bepaalde reëls of maatreëls wat getref word. So vorm 'n groep sy bepaalde raam=werk waarbinne hy funksioneer. Die invloed en sterkte van hierdie struktuur, sal van groep tot groep verskil. Hierdie natuurlike proses kan in 'n terapeutiese groep tot groot hoogtes uitgebou, en doelbewus en doelgerig aangewend word. Joubert en Steyn hul=dig ook hierdie siening as hulle sê: "Verskillende groepe onder=skei hulself van mekaar daarin dat die interaksie wat plaasvind altyd binne 'n gegewe konteks plaasvind" ... met ander woorde "binne sekere vasstelbare grense".[1]

Klein gee vir ons sy siening van struktuur: "Structure flows from purpose. A diagnostic group should have a minimum of struc=ture because structure organizes relationships and standardizes norms. The lack of structure makes it more likely that people will behave as they usually do and be themselves. Also, the lack of structure creates anxiety. The worker will be able to see defenses and modes of adoptation more readily than he would with structure. If purpose is goal directed, structure appropriate to the task should evolve."[2]

c Ontwikkeling van atmosfeer, moreel en klimaat

By hierdie komponent is 'n sterk emosionele aspek aanwesig. Die basiese behoefte van elke mens, om te behoort aan, vorm die basis vir groepsvorming. Waar 'n groep gevorm is, word die groep ge=kenmerk deur 'n bepaalde atmosfeer of karakter, wat 'n natuurlike proses in elke groep is. Hierdie atmosfeer, moreel of klimaat is 'n sterk veranderlike aspek wat met elke groepbyeenkoms kan

---

1) Joubert & Steyn. *Groepsdinamika,* p. 18.

2) Klein. *Social work through group process,* p. 45.

verskil.

Hierdie patroon of karakter van 'n groep, groei uit die kragte van aanvaarding of verwerping wat daarin werk en staan in 'n sterk betrekkende verhouding tot die doel van die groep. Verwerping deur ander persone of deur die groep as geheel, dui dikwels op 'n gevoel van bedreiging, omdat die klimaat van die eie groep nie veiligheid of sekuriteit verskaf nie.

'n Gesonde klimaat bied die basis vir die praktiese toepassing van maatskaplike groepwerk. In 'n vriendelike en begrypende atmosfeer, kan die kragte maklik groei en toeneem sodat dit maatskaplik waardevol kan wees vir die lede in die oplossing van hul probleme.

Die konstantheid of die variasie van die groepsatmosfeer (klimaat) word beïnvloed deur innerlike aspekte van elke lid, gebeure buite die groep, veral gebeure direk voor die groepbyeenkoms en gebeure binne die groepbyeenkoms self.

Die gebruikmaking en die regulering van klimaat, is 'n uiters belangrike taak van die maatskaplike werker en 'n aspek waartoe hy uiterlik baie kan bydra, deur byvoorbeeld die geskikte lokaal vir die tasbare stemming van die groep.

d Ontwikkeling van groepsgebondenheid

Du Preez wys daarop dat klimaat en groepsgebondenheid nie as sinonieme beskou moet word nie aangesien klimaat baie veranderlik is en groepsgebondenheid meer konstant.[1]

Groepsgebondenheid is baie nou verweef met al die ander groepsfasette. Sonder groepsgebondenheid waardeur die struktuur praktiese

---

1) Vgl. Du Preez. *Maatskaplike groepwerk: 'n teoretiese uiteensetting*, p. 79.

waarde kry, waardes en norme 'n deurslaggewende invloed kry, beheer en kontrole toegepas en gewig dra en die "esprit de corps" ontwikkel, is terapie nie moontlik nie. Juis die invloed van groepsgebondenheid op die kliënt, laat die maatskaplike werker die maatskaplike groepwerkmetode kies bo die gevallewerkmetode. Groepsgebondenheid is 'n onsigbare band tussen die lede wat natuurlik in die groep ontwikkel en berus op onderlinge vertrouensverhoudings. Die mag en krag van die groep lê in sy gebondenheid.

Die volgende bevinding van Feslinger, Schacter en Back is baie belangrik in 'n terapeutiese groep, naamlik hoe groter die onderlinge verbondenheid van groeplede is, hoe groter is die invloed daarvan op die lede se gewoontes, opinies en gedrag. Hoe meer ongebonde 'n groep is, hoe minder bevredigend is dit vir die lede.[1]

Die proses waardeur groepsgebondenheid ontwikkel is verbale en veral nie-verbale kommunikasie, naamlik die eenheidsgevoel, die aanvaarding en die toegeneentheid. Dit moet uitgeleef word deur die lede en oorgedra word op mekaar.

Northen noem dat 'n groepsgebonde groep altyd gebruik word as 'n verwysingsgroep deur sy lede. Dit dien as 'n basis van vergelyking waaraan 'n persoon homself en ander kan evalueer en meet. Dit sal gebeur wanneer lede nie net deelneem aan die groep nie, maar hulself identifiseer daarmee.[2]

e Ontwikkeling van groepswaardes en groepsnorme

Joubert en Steyn sê: "Wanneer mense in groepe bymekaar kom, het hulle as deel van hulle gesosialiseerde persoonlikheid 'n algemene

1) Vgl. Northen. *Social work with groups*, p. 46.

2) Ibid., p. 47.

kennis van hoe mense hulle teenoor mekaar gedra. Maar in die groep self ontwikkel daar in die proses van interaksie ook gedragsreëls en standaarde eie aan die betrokke groep."[1] Dit is dus 'n verdere natuurlike tussen-menslike proses.

Bogenoemde skrywers omskryf waardes en norme as normatiewe elemente wat die algemene beginsels van aanvaarbare bedrag aandui. Waardes kan gesien word as idees van behoorlike handeling en wat as maatstaf vir die keuse van optrede dien. Norme is spesifieke gedragsreëls wat gedrag in bepaalde rolle en in groepsituasie voorskryf, verbied of toelaat.[2]

Gesien vanuit die oogpunt van die doelgerigte, terapeutiese maatskaplikewerk-diens, is groepswaardes en norme die aangewese elemente om te gebruik in die behandeling van die kliënte. Dit is waarskynlik die vlak waarop die maatskaplike werker die grootste invloed op sy kliënte kan uitoefen. Waardes en norme kan individueel maar baie duideliker en meer prakties en funksioneel in groepe oorgedra en aangeleer word.

Omdat die mens van die grootste waarde is as beeld van God en kroon van Sy skepping, daarom is die besit van waardes, norme en standaarde, onlosmaaklik aan die mens gebind. Dit is belangrik dat die mens waardig sal leef en beginsels sal handhaaf. Kliënte moet geleer word om die regte waardes en norme te kies op grond van 'n bepaalde maatstaf. Vir die Christen maatskaplike werker, is die Bybel die maatstaf.

'n Verdere belangrike en natuurlike feit in verband met hierdie faset van 'n groep, is dat wanneer lede sterk geïdentifiseer is met 'n groep, is daardie groep se waarde-en normesisteem

---

1) Joubert & Steyn. *Groepsdinamika,* p. 20.

2) Vgl. Ibid., p. 274.

'n sterk rigtinggewende faktor in die lewe van daardie lid.

Northen skryf: "Norms serve as the principal means of control within a group. They provide pressures toward conformity."[1]

Bogenoemde skrywers dui die gevolgtrekkings aan wat deur navorsing bewys is in verband met die invloed van norme en waardes in 'n groep:

- Persone identifiseer graag met norme en waardes van persone wat 'n hoë aansien in die groep het.
- Daar bestaan 'n tendens by persone om te konformeer met betrekking tot belangrike sake en te verskil met betrekking tot minder belangrike sake.
- Individue is meer geneig om met groepstandaarde te konformeer as dit ondersteun word deur 'n groot aantal lede.
- Vrees vir verwerping deur die ander lede, dwing persone om met norme te konformeer, wat hulle andersyds nie sou gedoen het nie.
- Die druk met betrekking tot konformering verskil met die persoon se persepsie van die groepsgewoontes ten opsigte van nie-konformering.
- Wanneer 'n persoon konformeer met groepstandaarde beteken dit nie dat hy daardeur sy individualiteit prysgee nie.

Daar mag konflik bestaan tussen die norme en waardes van verskillende groepe waaraan die lede behoort en hulle moet gehelp word om standpunt in te neem[2] en besluite te neem.

Vir die gebruikmaking van waardes en norme in die maatskaplike groepwerkgroep, is bogenoemde van baie groot praktiese waarde

---

1) Northen. *Social work with groups*, p. 35.
2) Vgl. Ibid. pp. 36-37.

indien dit korrek aangewend word deur die maatskaplike werker. Deur al die jare, was identifikasie so 'n belangrike aspek in psigiese en maatskaplike terapie.

Die aanleer en toe-eiening van waardes en norme geskied nie in een dag nie, maar is 'n proses. In groepwerk is dit 'n proses vandat die groep gestig is. Reeds die doel van die groep kan sekere waardes en norme uitbeeld en vir die lede in vooruitsig stel. Identifikasie vind in baie gevalle eers plaas en dan die navolging van die waardes en norme wat die identifikasiepersoon voor staan. Daarna volg 'n periode waarin dit in die samelewing uitgetoets moet word tot watter mate dit uitgeleef sal word. Alle waardes en norme word nie deur identifikasie aangeleer nie. Maar die proses van toetsing wat verwerping of aanvaarding meebring, is 'n algemene tendens.

f Ontwikkeling van groepskontrole en -beheer

Wanneer die lede van 'n groep gesamentlik 'n sedelike bewussyn ontwikkel, word daardie waardes en norme 'n gewetensaak - "grense wat uit innerlike oortuiging groei".[1] In die mens is ook ingeskape die onderskeiding tussen reg en verkeerd. Wanneer 'n groep gevorm word is daar natuurlike beheer daaroor deur of individuele lede of deur die groep self deur bepaalde waardes en norme wat gehandhaaf word. Hierdie groepfaset kan en moet in die terapeutiese proses gebruik word. Groepskontrole en -beheer is ook 'n proses en hoe langer die lid deel is van die groep, hoe duideliker sal daardie groep se stempel op die lid gesien word - die lede praat die 'taal' van hul groep.

Parihar sê: "What is meant is that control is a continious

---

1) Vgl. Du Preez. *Maatskaplike groepwerk,* p. 76.

process which is brought about or achieved as the life of the group proceeds as a result of participation and interaction of members in pursuance of the common goal based on the needs and interests of each individual member."[1]

Informele beheer geskied gewoonlik op nie-verbale vlak. Dit is inherent aan 'n groep op grond van groepnorme. Aanspraak op beheer en ontwikkeling in die groep beteken aanspraak op selfbeheersing en verantwoordelikheidsin. Dit dui 'n ontwikkelingsgang aan in klimaat en beheer. Op grond hiervan is beheer nou verbonde aan groepsgebondenheid. Dit berus grootliks op gewillige inskakeling en deelname van die lede.

g Ontwikkeling van groepsverhoudinge en groepsinteraksie

Waar mense saam is, vind interaksie plaas. Hoe beter en langer hulle mekaar ken, hoe meer samehangend en doelgerig sal die interaksie wees - veral in 'n terapeutiese groep.

In elke definisie of omskrywing van 'n groep, kry ons die volgende elemente: 'n Groep bestaan uit twee of meer persone en oral waar daar twee of meer persone saam is, is daar sprake van tussen-menslike verhoudings. Die mens is 'n verbandswese en staan dus altyd in sy verhouding tot God, sy medemens, die natuur en homself. Binne 'n terapeutiese groep word juis ter wille van die terapie, gebruik gemaak van interaksie en verhoudings.

Botha sê binne 'n groep is daar drie primêre verhoudings: kenverhouding, vertrouensverhouding en gesagsverhouding.[2] Juis in en deur hierdie verhoudings word die basiese behoeftes van die lede

---

1) Parihar, B.S. *Group process.* Allahabad, Kitab Mahal, 1968. p. 62.

2) Vgl. Botha. *Maatskaplike groepwerk,* p. 26.

bevredig, asook behoeftes wat probleme geword het en probleme wat node geword het. Hierdie drie verhoudings dui alreeds 'n proses aan in die groep. Die kenverhouding dui aan dat lede mekaar leer ken, hulself en ook hul probleme. Die vertrouensverhouding dui op die verdieping van die verhouding tussen lede onderling en die bekendmaking van die persoonlike probleme aan die groep. Dit beteken ook dat die lid selfvertroue gekry het ten opsigte van sy probleem. Die gesagsverhouding dui op die verhouding tussen die lede onderling. Dit hou ook in dat die persoon selfkontrole geleer het ten opsigte van sy probleem en dat hy gesagvol oor die probleem met iemand anders (wat dieselfde probleem het), kan praat.

Kommunikasie is 'n fyn kuns binne hierdie verhouding. Dit is nie alleen die draer van betekenis of inhoud nie, maar bestaan ook uit para-kommunikasie wat aan die hoorder vertel hoe die sender wil hê dat hy die boodskap moet gebruik of wat hy met die boodskap moet maak. "Communication defines the relationship between and among the interactions." [1)]

Klein[2)] verduidelik verder:

- 'n Individu leer om te kommunikeer. 'n Groep kan die terrein voorsien waarbinne die individu kan leer kommunikeer, hoofsaaklik deur middel van "feed-back, awareness, skill-training and the opportunity to engage in reality-testing".
- 'n Individu se kommunikasiepatrone kan hom help om sy node en behoeftes te bevredig of te dwarsboom. Hiervoor word ook 'n groep gebruik.
- Kommunikasie is die belangrike proses waardeur die individu

---

1) Klein. *Social work through group process*, p. 88.
2) Vgl. Ibid.

en sy omgewing bymekaar aansluit.

Die manier waarop persone teenoor mekaar optree, is die kern van die hele groepsproses. Northen sê: "Persons differ in the extent to which they seek out or desire meaningful relations with others as contrasted with their desire for and use of privacy. Each person, to a certain degree, indicates his desire to have others initiate interaction toward him or to leave him alone."[1)]

## 6 KENMERKE VAN 'N GROEP

In die literatuur word verskeie definisies vir 'n groep aangetref. Joubert en Steyn wys egter daarop dat dit uiters moeilik en selfs onmoontlik is om die begrip "groep" te definieer, omdat hierdie begrip "op 'n baie onoordeelkundige wyse gebruik word om feitlik alle versamelings van mense in te sluit."[2)] Met ander woorde in die algemene spreektaal kan dit dui op 'n spesifiek saamgevoegde hoeveelheid mense met 'n bepaalde doel, maar ook mense wat net toevallig, fisies binne 'n beperkte ruimte is, byvoorbeeld om bioskoopkaartjies te koop.

In die eenvoudigste vorm beteken 'n groep persone, ten minste twee persone wat op 'n bepaalde wyse saamgevoeg is.

'n Groep is dus nie 'n aantal persone wat toevallig, ruimtelik naby mekaar verkeer nie, maar hulle moet ten minste in 'n bepaalde verhouding tot mekaar staan, wat hulle in 'n nuwe eenheid saamvoeg.

Joubert en Steyn[3)] noem die volgende as basiese kenmerke van groepe:

---

1) Northen. *Social work with groups,* p. 21.

2) Joubert & Steyn. *Groepsdinamika,* p. 14.

3) Ibid., p. 17

- Interaksie tussen lede. Hulle sien dit as die belangrikste kenmerk.
- 'n Bepaalde konteks (struktuur) waarbinne die interaksie van die groep kan plaasvind.
- Bewustheid by die lede dat hulle lede van die groep is, (identifikasie).
- Bepaalde doelstellings wat verband hou met die motiverings en behoeftebevrediging van die lede.
- 'n Gemeenskaplike, normatiewe georiënteerde interaksie in die groep.

Uit hierdie vyf kenmerke formuleer hulle dan die volgende definisie vir 'n maatskaplike groep: "'n Maatskaplike groep bestaan uit twee of meer persone tussen wie daar 'n normatief gereguleerde, onderskeibare interaksiepatroon (onderskeibare normatief gereguleerde?) in 'n gegewe konteks ontwikkel het, waarvan hierdie persone bewus is as 'n onderskeibare eenheid en waarin die bereiking van sekere gemeenskaplike doelstellings verband hou met die individuele motiverings en behoeftes."[1)]

## 7 SOORTE GROEPE IN MAATSKAPLIKE GROEPWERK

Montelius[2)] noem dat die volgende groepe in maatskaplike werk gebruik kan word: Inligtingsgroepe, onderrig-, onderlinge ondersteunings-, probleemgesentreerde- en maatskaplike aksiegroepe. Konopka[3)] noem die volgende twee soorte: groei-georiënteerde en taak-georiënteerde groepe.

---

1) Joubert & Steyn. *Groepedinamika*, p. 21.

2) Vgl. Montelius, Marjorie. *Working with Groups*. Washington, U.S. Dept. of Health, Education, and welfare. Welfare Administration, Bureau of Family Services, 1966. pp. 12-22.

3) Konopka. *Social Group Work*, p. 79.

a Inligtingsgroepe

Een of meer groepsbyeenkomste kan veral deur groot organisasies gereël word met die oog op die verstrekking van inligting byvoorbeeld die dienste wat deur die bepaalde organisasie gelewer word, die beleid van die organisasie en die algemene verwagtings van die organisasie en kliënte. Dit is leergroepe waar inligting verstrek word aangaande bestaande feite. Hierdie groepe kan op drie maniere gebruik word:

- Groepbyeenkomste, as eerste stap van die aanmeldingsproses. Persone wat na afloop van so 'n groepbyeenkoms hulpverlang, moet afsprake met die maatskaplike werker reël.
- Groepbyeenkomste, nadat persone besluit het om as lede by die organisasie aan te sluit.
- Groepe, om veranderings in die organisasie se beleid of prosedure aan te kondig. (Kollektiewe gevallewerk)

b Onderriggroepe

Die doel van hierdie byeenkomste is die opvoeding of onderrig van sekere persone, om hulle lewenstaak of rolvervulling beter te verwesenlik byvoorbeeld, huisvrouens, ouers en jongmense. Alle lewensrolle vereis sekere bedrewenhede en daar is persone wat nie hierdie vereistes ken of goed genoeg ken, om bevredigend as volwaardige mense te funksioneer nie. Montelius noem dat die naam van hierdie groep vir die lede uiters belangrik is en die leier van hierdie groep moet spesiale aandag gee aan lede se selfrespek en selfbeslissingsreg.

c Onderlinge ondersteuningsgroepe (mutual support groups)

Dit is groepe wat gereeld gestig word vir die helpers van organisasies, byvoorbeeld, pleegouers, pleegfamilies van bejaardes en

dagsentrum personeel. Montelius noem dat dit sy ervaring was dat hoe sekerder hierdie groep persone van hulle rolle as helpers van die organisasie word, hoe meer nuwe lede en helpers bring hulle na die organisasie.

d Groei-georiënteerde groepe

Dit is terapeutiese groepe wat as direkte hulp dien aan die persoon met sy probleme en sy persoonlike ontwikkeling. Dit verbeter sy individuele potensialiteite, verhoudinge en sy maatskaplike funksies. Die groep het 'n gemeenskaplike probleem, behoefte of nood wat vakkundige aandag vereis.

e Probleemgesentreerde groepe

Hier val die klem hoofsaaklik op die oplossing van kliënte se probleme.

f Taak-georiënteerde groepe

Dit is administratiewe groepe wat gevorm word om 'n spesifieke funksie onder leiding van die maatskaplike groepwerker, te volbring. Konopka verkies die term maatskaplike aksiegroep. In sodanige groepe gaan dit om die bereiking van 'n doel of die oplossing van 'n probleem, wat nie noodwendig in die kliënt of sy verhoudings met ander mense geleë is nie, byvoorbeeld vrywillige werkkragte en die komitees van private welsynsorganisasies.

g Maatskaplike aksiegroepe

Dit is ontwikkelingsgroepe van kliënte. Dit is spontane of beplande groepe om kliënte se opinie te verkry aangaande hulle verhouding met die publieke welsyn en ander organisasies. Dit beteken ook inter-groepwerk in byvoorbeeld gemeenskapsorganisasie waar individuele kliënte met gesamentlike probleme gemobiliseer word

sodat hulle gemeenskaplik optree.

Al word maatskaplike groepwerk op watter terrein of veld binne die maatskaplikewerk-opset gebruik, moet die doel altyd terapeuties wees. Daarom kan nie met sekere van Montelius en Konopka se indelings saamgestem word nie. Alles wat deur hulle as die taak van maatskaplike werk genoem word, val nie op die maatskaplikewerk-terrein nie, maar gaan verder na die terrein van die maatskaplike sorg.

## 8 SAMEVATTING

Maatskaplike groepwerk is 'n selfstandige metode van die maatskaplike werk. Dit is die wetenskaplike werkswyse waarvolgens die maatskaplike werker, 'n groep as terapeutiese medium in die herstel of verbetering van die maatskaplike funksionering van die kliënt, hanteer en aanwend.

Groepwerk word deur verskillende professies verrig. Groepsorg kan gesien word as die versamelnaam van al hierdie vertakkings van groepwerk. Elke professionele persoon verrig dus groepwerk in ooreenstemming met die doelstelling en uitgangspunte van sy eie professie. In maatskaplike werk word maatskaplike groepwerk gedoen wat noodwendig dieselfde basiese of primêre doelstellings as maatskaplike werk moet hê.

Die doel van maatskaplike werk hang saam met die vraag waarom groepsterapie in plaas van individuele terapie gebruik word. Die metode word altyd gekies vir die effektiefste oplossing van hierdie bepaalde kliënt se unieke probleme. Die lede van die groep en hul gemeenskaplike probleem/probleme, sal verder die doel van daardie bepaalde maatskaplikewerk-groep bepaal.

Daar moet onderskei word tussen die proses in die maatskaplike werk en die proses in die maatskaplike groepwerk en die prosesse in elke groepfaset. Die eersgenoemde proses dui op die hele behandelingsaksie, vandat die kliënt aanmeld vir maatskaplike werk totdat hy nie meer maatskaplikewerk-dienste ontvang nie. Die tweede is die proses vandat die maatskaplike werker hierdie lede in 'n groep geplaas het totdat die groep afsluit. In elke groep is daar bepaalde fasette aanwesig wat natuurlik voorkom in alle groepe en wat in 'n terapeutiese groep doelbewus en doelgerig aangewend word deur die terapeut. Hierdie fasette is onder andere groepsvorming, groepstrukturering, ontwikkeling van groepswaardes en -norme, van groepsbeheer en groepskontrole, van atmosfeer, moreel en klimaat, van groepsgebondenheid en van groepsinteraksie en -verhoudings. Elkeen van hierdie fasette vorm 'n proses in hul ontwikkeling.

Daar word tussen die volgende prosesse in maatskaplike groepwerk onderskei. Die eerste is 'n strukturele en van buite waarneembare proses bestaande uit vier fases. Die volgende terapeutiese proses wat groei en beweging by die kliënt teweeg bring, word toegespits op die waarde- en normesisteem van die kliënt. Hierdie proses bestaan uit die volgende drie fases naamlik "unfreezing" of "bevraagtekening". Dit beteken dat die kliënt sy bestaande waardes, norme en benaderings bevraagteken. Die tweede fase is "changing" of "vordering". Die lede is oortuig dat hul bestaande waardes en norme onvanpas en selfs skadelik is en hulle wil daarvan ontslae raak. Die groep moet gesamentlik die nuwe waardes en norme opstel. Die derde fase is "refreezing" of "stabilisasie". Die nuut gekose waardes en norme word geïntegreer by die res van die kliënt se persoonlikheid en gestabiliseer om sodoende in alle lewensrolle buite die groep toe te pas.

Die proses wat deur die maatskaplike groepwerker gevolg word is langer maar sluit by laasgenoemde proses aan.

Binne die maatskaplike werk word onder andere die volgende soorte groepe onderskei: inligtings-, onderrig-, groeigeoriënteerde-, taakgeoriënteerde-, probleemgesentreerde-, onderlinge ondersteunings- en maatskaplike aksiegroepe.

Die maatskaplike groepwerker help die lede in die daarstelling van die groepsmedium en in die bereiking van die groepsdoel. Die taak berus by elke individu om hierdie groep tot sy eie voordeel aan te wend met behulp van die maatskaplike groepwerker as instaatsteller. Daar gaan nou gelet word op die rol van die individu in die groep.

## HOOFSTUK VI

## DIE MENS IN NOOD IN DIE MAATSKAPLIKE GROEPWERKSITUASIE

Om by die rol wat die individu in die groepsmedium speel uit te kom, moet weer teruggegaan word na die omskrywing en basiese beginsels van maatskaplike werk en die mensbeskouing.

Vanuit die Christelike mensbeskouing word maatskaplike werk nie beoefen uit humanistiese jammerhartigheid vir mense nie. Die mens word gesien as beelddraer van God met 'n ewigheidsbestemming en van die hoogste waarde omdat Christus as die eniggebore Seun van God, vir die mens se sondes gesterf het.

Maatskaplike funksionering beteken die verhouding van die mens in sy verskillende rolle wat hy in die samelewing uitleef. Feitlik alle kliënte van die maatskaplike werk het verhoudingsprobleme, wat sy maatskaplike funksionering nadelig raak. 'n Studie om te bepaal tot watter mate een wanverhouding waarin die mens verval sy ander verhoudings raak, sou nuttig wees. Die mens se vier verhoudingsvlakke is so nou verweef met mekaar, dat 'n wanverhouding op een van die vlakke ook die ander vlakke raak.

Tydens maatskaplikewerk-terapie kan daar nie net aandag gegee word aan eén van die verhoudingsversteurings van die kliënt, byvoorbeeld sy verhouding tot sy naaste (vrou, gesin, werkgewer en andere) nie. Die ander drie verhoudingsvlakke (God, kosmos en homself) kan nie buite rekening gelaat word nie. Wanneer daar verhoudingsprobleme in een van die rolle van die mens voorkom, sal dit 'n invloed hê op alle ander rolvervullings en verhoudings.

Die maatskaplike werker werk met die totale mens. Hy kan dus vasstel as daar by die mens se ander verhoudings - behalwe die van

sy naaste, wat op die vlak van die maatskaplike werk val - wanfunksionering bestaan. Dit is nie die taak van die maatskaplike werker om self op alle vlakke van die mens se lewe te werk nie. Dit beklemtoon die noodsaaklikheid van 'n multi-dissiplinêre bemoeiing met die mens.

Afgesien van persoonlikheids-, karakter-, agtergronds-, en omgewingsverskille by elke individu, is dit ook die individu se eie hantering van sy verhoudings wat van hom 'n unieke mens met unieke probleme en node maak. Dit verg besondere behandeling - selfs in groepterapie waar kliënte met 'n gemeenskaplike nood geselekteer is.

Verhoudings is essensieël in maatskaplike werk. Verhoudingsterapie word direk gebruik in maatskaplike groepwerk. Die groep dien as oefenskool vir die individu se in- en aanpassing in sy werklike samelewingsrolle. Die mens is op sy medemens aangewese om aan sy eie menswees gestalte te gee. Vanaf geboorte tot sy dood is die mens verbandswese. Dit maak juis van groepterapie so 'n waardevolle en natuurlike medium.

## 1 DIE BASIESE BEHOEFTES VAN DIE MENS

Alle mense is geskape met basiese behoeftes. Die individu se behoeftes kan alleen tussen ander mense bevredig word, omdat die mens nie geskape is om alleen te wees nie. Indien die behoeftes nie bevredig word nie, kan dit 'n probleem word en selfs nood meebring. Die maatskaplike werker kyk na die behoeftes van die individu vanuit die basiese beginsels van sy professie.

Gesien vanuit die skepping en verlossing van die mens, is die mens van die hoogste waarde. Dit is juis hierdie wonderlike genadegawe aan alle mense, wat by die individu die grootste basiese

behoefte kan vorm. Elke individu wil van waarde wees, wil 'n eie identiteit hê, wil 'n eie bydrae lewer, wil voel dat hy 'n plek het en dat hy êrens behoort. Om hierdie erkenning te geniet beteken aanvaarding deur andere. Die waarde van die mens ontlok eerbied en agting van die andere. Die waarde van elke individu beklemtoon ook sy individualiteit. Elke mens het die behoefte om deel van 'n geheel te vorm, maar om ook as individu aanvaar te word en om juis so as 'n individu van waarde te wees.

Elke mens het die behoefte aan eie verantwoordelikheid. Hierdie behoefte is by die mens ingeskape juis omdat dit deel is van die mens se skeppingsopdrag (Gen. 2:15) en omdat die mens 'n antwoordwese is. Oor die individu se behoefte aan verantwoordelikheid en sy plig tot verantwoordelikheid, moet nog baie gesê word in die maatskaplike werk, omdat so baie probleme rondom die verantwoordelikheid van die individu en die verantwoordelikheid van die maatskaplike werker sentreer. "Mens-zijn betekent bewust-zijn en verantwoordelijk-zijn."[1]

Elke mens het die behoefte aan groei en ontwikkeling. Die mens soek voortdurend na die doel van alles, na betekenis, kennis en vooruitgang. Die mens is 'n dinamiese wese. Die een individu beïnvloed die ander. Hierdie beïnvloeding van mekaar laat groei plaasvind.

In al die basiese behoeftes, ook die van liefde, aandag, belangstelling, veiligheid en sekuriteit, is die individu afhanklik van sy naaste. Om volwaardig mens te wees het die een die ander nodig. Die mens staan nooit los van sy medemens nie.

---

1) Frankl, V.E. *Medische zielzorg.* Utrecht, Erven J. Bijleveld. p. 8. (Datum nie aangetoon.)

In die maatskaplike werk word daar met hierdie basiese behoeftes van die kliënt gewerk. Dit maak dit noodsaaklik dat daar nie terapie toegepas kan word sonder om die basiese beginsels van maatskaplike werk in aanmerking te neem nie.

In maatskaplike groepwerk bied ook die ander lede die bevrediging van sekere basiese beginsels soos aanvaarding en aandag, terwyl daar basies aan die oplossing van elke individu se probleem gewerk word. Dit dui juis op die groep as 'n oefenskool.

'n Besondere aspek van groepterapie is dat 'n aantal interpersoonlike verhoudings daargestel word wat die individu kan benut en waartoe hy kan bydra. Deurdat die groeplede soms die rol van terapeut oorneem, kan 'n lid deel hê aan die gesamentlike strewe na 'n meer bevredigende lewenspatroon.[1)]

2 DIE INDIVIDU EN SY PROBLEEM

Die maatskaplike werk is verantwoordelik vir die individu met 'n maatskaplike probleem of nood. Heyns[2)] sien die individu se houding teenoor sy probleem voor en tydens die stadium dat hy kom hulpsoek soos volg:

- Die individu ontken die bestaan van enige probleem.
- Die bestaan van die probleem word wel later erken, maar die individu is onwillig om dit te bespreek.
- Dan volg die stadium waarop onpersoonlike probleme opgehaal word. Die probleme word buite die bestek van die eie

1) Vgl. Hobbs, N. Client-centered psychotherapy In *Six approaches to psychotherapy*. McCary, J.L. New York, The Dryden Press, 1955. p. 44

2) Vgl. Heyns, P.M. *Die invloed van groepterapie op nywerheidskoolseuns*. Ongepubliseerde M.A. verhandeling. Stellenvosch, 1971. p. 40.

aanspreeklikheid geplaas.

- Die verantwoordelikheid vir die oplossing van probleme word deur die kliënt aanvaar. Die individu toon 'n gemotiveerdheid om iets omtrent sy probleem te doen.
- Wanneer werklike hulp gebied kan word en tot daadwerklike terapie oorgegaan kan word, is wanneer die individu 'n gemaklike, aanvaardende houding teenoor sy probleme openbaar en 'n spontane bereidheid tot selfkommunikasie.

Voordat die individu dus ryp is vir terapie en bereid is om aan die oplossing van sy probleem te werk, moet hy eers groei in die erkenning en aanvaarding van sy probleem en die begeerte ontwikkel om wel iets daaromtrent te wil doen.

## 3 GEVOELENS EN VERWAGTINGS VAN DIE KLIËNT IN MAATSKAPLIKE WERK

Uit die praktyk en ondersoeke wat gedoen is, blyk dit dat die kliënt na 'n welsynsorganisasie gaan wanneer sy probleem vir hom te groot geword het. Lank voordat die kliënt na die organisasie gaan vir hulp het hy reeds 'n tipe persoon as maatskaplike werker in gedagte, asook 'n moontlike tipe van hulpverlening wat mag volg. Wat egter van groter belang is, is dat die kliënt in die oplossing van sy probleem so vinnig en so goed as moontlik gehelp wil word. Elke kliënt se probleem is vir hom die grootste en belangrikste en daarom verwag hy daadwerklik aandag wanneer hy om hulp gaan aanklop.

Die kliënt moet gehelp word om die situasie realisties te sien en nie 'n wonderwerk as oplossing te verwag nie. Die kliënt moet weet dat hy self die hardste sal moet werk aan die oplossing van sy probleem.

Salzberger-Wittenberg[1] noem die volgende verwagtings waarmee die individu om hulp kom aanklop:

- Dat hy van alle ongelukkigheid en pyn gevrywaar sal word.
- Om iemand te kry wat help dra aan sy vrag - iemand wat waar= lik bereid is om na sy nood te luister.
- Om deur iemand aanvaar te word soos hy is en te weet dat iemand hom as mens liefhet en in hom belangstel.

Dieselfde skrywer noem ook die vrees waarmee die individu om hulp kom aanklop. Die individu is bang:

- om geblameer te word vir sy toestand,
- om gestraf te word en
- om verwerp te word.[2]

Met al hierdie ambivalente gevoelens kom die individu na die or= ganisasie. Dit eis besondere bedrewenhede en vaardighede van die maatskaplike werker wat die eerste onderhoude voer in die hante= ring van hierdie gevoelens.

Wanneer 'n kliënt na 'n paar individuele gesprekke met die maat= skaplike werker van hom verneem dat hy in 'n groep geplaas word vir terapie, mag dit die volgende gevoelens by hom wek:

- Hy kan voel dat hy nie sy probleem met ander mense behalwe die maatskaplike werker wil deel nie.
- Hy kan voel dat sy probleem nie genoeg aandag sal ontvang nie, omdat dit nou saam met ander persone se probleme behandel gaan word.

---

1) Vgl. Salzberger-Wittenberg, Isca. *Psycho-analytic insight and relationships*. London, Routledge and Kegan Paul, 1970. pp. 11-12.

2) Vgl. Ibid. pp. 12-14.

- Hy kan vrees ervaar om betrokke te raak in verhoudings met ander persone en kan die vertrouensverhouding met die maatskaplike werker in twyfel trek.
- Hy kan voel dat die behandeling te lank gaan duur aangesien daar nou aan 'n hele aantal persone se probleme aandag geskenk moet word.
- Hy kan voel dat hy nie die werker met ander wil deel nie.
- Die kliënt verstaan waarskynlik nie die proses en inhoud van groepterapie nie.

Dit maak dit dus noodsaaklik dat die werker vooraf met elke individu 'n persoonlike gesprek sal voer, ten einde die hele situasie en dit wat van elke lid verwag word, aan hom te verduidelik. Elke lid van die groep se samewerking is absoluut noodsaaklik om van die groep 'n sukses te maak.

Daar is bepaalde doelstellings vir en met elke individu, behalwe die groepdoelstellings. Individue sal nie die behandelingsproses met presies dieselfde probleme en moontlikhede betree nie. Juis dit noodsaak individualisasie in die groep.

Die plasing van die individu in 'n groep geskied alleen wanneer die maatskaplike werker oortuig is dat dit vir die kliënt die beste terapie sal wees. Individualisasie binne groepwerk en maatskaplike gevallewerk moet nie verwar word nie, maar dit kan wel in aanvulling tot mekaar staan.

## 4 INDIVIDUALISASIE IN MAATSKAPLIKE GROEPWERK

Botha sien individualisasie in maatskaplike groepwerk soos volg: "Individualisasie binne groepsverband kom daarop neer dat aan elke groeplid soveel aandag deur die werker gegee word, dat hy volgens

sy vermoë sy volle aandeel in die groep sal neem."[1]

Hier is dus van samewerking sprake. Die maatskaplike groepwerker gee die aandag, leiding, ondersteuning en onderskraging wat nodig is, maar die individu doen ook sy deel. Die kliënt lewer sy volle bydrae tot die groep. Hy neem uit die groep die maksimum aandeel wat hy daaruit kan kry. Dit is 'n terapeutiese situasie wat vir sy voordeel daargestel word. Die individu dra ook sy deel by tot die groep deur te gee wat hy kan gee tot voordeel van die ander lede. Laasgenoemde is nie van minder terapeutiese waarde as eersgenoemde nie.

Northen gee 'n ander siening wat neerkom op die terapeut se siening van die individu. Hy skryf: "Individualization occurs when a person's needs and capacities and the unique qualities of his environment are understood and taken into consideration by the practitioner."[2]

Trecker rig sy waarskywing teen verkeerde sienings en optrede as hy soos volg skryf: "Individualization in social group work should not be interpreted as synonymous with a 'problem hypothesis'. Work is done with individuals in groups not because they are 'problems', but because they are persons, and the group is worth while only if it meets their specific needs."[3]

Trecker beklemtoon ook dat die groepsmedium alleen waarde het, as dit primêr gaan om die oplossing van die individu se probleem. Dit gaan primêr dus nie om die groep nie, maar om elke individuele lid van daardie groep.

---

1) Botha. *Maatskaplike groepwerk,* p. 33.

2) Northen. *Social work with groups,* p. 6.

3) Trecker. *Social group work,* p. 166.

Konopka sluit hierby aan as sy beweer: "Group work is not 'group thinking' in the derogatory sense. It does not aim at conformity but on the contrary it helps the individual to free himself while being helped to interact with his fellow man."[1)]

Ook sy beklemtoon die taak van die individu om self die groep te gebruik en aan te wend. Sy plaas die maatskaplike werker slegs in die rol as katalisator in die verhoudings tussen die lede onderling.

Die maatskaplike groepwerker behoort elke oomblik bewus te wees van elke individu wat lid is van die groep. Trecker skryf: "Through his approach is directed to the group, his aim is to help individuals use the association with the others in the group so that they will grow and develop."[2)]

Sy benadering is dat die werker 'n groot deel van sy tyd verdeel tussen die individu en die groep as geheel. Daar word ook met die individu buite die groep gewerk, maar dan wel as lid van die groep. Indien hierdie verhouding met die individu so intens word dat die inhoud daarvan nie meer in die groep bespreek kan word nie, of dat die gesprek kan dien om van die individu 'n beter groeplid te maak nie, moet die maatskaplike werker die behande= lingsmetode van die kliënt verander na maatskaplike gevallewerk.

Besprekings tussen die maatskaplike groepwerker en die individu is 'n integrale deel van die groepwerker se taak, veral ook tydens die ondersoek voor die inskakeling in die groep waar die "unfree= zing" proses reeds by die kliënt begin.

---

1) Konopka, Gisella. *Group work in the institutions*. New York, Association Press, 1954. p. 44.

2) Trecker. *Social group work*, p. 165.

Die maatskaplike groepwerker sal egter baie ingeperk wees as hy dit as die enigste manier van terapie beskou. Die werker werk gereeld op 'n een-tot-een basis met sommige van die lede. Sulke besprekings word gehou voor, na, of selfs tydens die groepsessies.

Die inisiatief vir so 'n gesprek mag uitgaan van die kliënt of die werker. Wanneer situasies voorkom wat die groep nie kan hanteer nie of wat die groep nie kan raakvat in die bespreking nie of wat slegs een lid van die groep raak, is individuele besprekings met die lede wat dit benodig belangrik.

Onderhoude met individuele lede geskied meestal privaat en op afspraak. Dit geld ook onderhoude om individue gereed te maak vir inskakeling in groepe en na die afsluiting van die groepe om individue gereed te maak vir onafhanklike inskakeling in sy omgewing.

Trecker[1)] het hom ten doel gestel om 'n uiteensetting te gee van bepaalde situasies waar die maatskaplike groepwerker met die individu werk:

- Tydens aanmelding, wanneer die groepwerker aan die individu vertel van die verskillende groepe waarby hy kan inskakel en selektering aan hom verduidelik.
- Wanneer die werker die individu help om lid van 'n groep te word deur aanvaarding en deur die ander lede aan hom bekend te stel.
- As werker poog om deur beplanning, formulering van verantwoordelikhede en daarstelling van standaarde vir optrede, individue te help om hul optrede en gedrag te evalueer. Hy gee ook individuele aandag aan ontluikende leiersfigure.

---

1. Vgl. Trecker. *Social group work*, p. 170.

- Individue wat probleme ondervind in die uitoefening van hulle verantwoordelikheid ontvang individuele aandag van die maatskaplike groepwerker. Die werker moet die persoon help om insig te verkry en te verstaan waarom hy nie in staat is om sy taak te volbring nie en om insig by die groep te laat ontstaan vir die ander lede se probleme. In baie gevalle laat die werker negatiewe gevoelens by die groeplede ten opsigte van 'n bepaalde individu, omswaai na 'n houding van aanvaarding.
- Dit is die taak van die werker om individue te help om ander te aanvaar. Individue mag probleme hê om ander te aanvaar as gevolg van sterk aggressiewe gedrag of as gevolg van afsydigheid. Dit mag ook persone wees met sterk vyandige gevoelens onder andere teen outoriteit of die welsynsorganisasie.
- Individualisasie word toegepas by lede met sterk potensialiteite.
- Werkers moet lede help om hulle van groepe te onttrek wat nie in hul behoeftes voorsien nie, veral waar die lid dit nie kan regkry om van die groep weg te bly nie, omdat hy skuldig daaroor voel.
- Individue as afgevaardigdes van die groep wat êrens moet optree, word gehelp.
- Die werker verleen hulp aan die individu in gevalle waar hy verwys word na ander instansies vir hulp.

Hierby word genoem die groot taak en die rol van die werker teenoor die individu, na die afsluiting van die groep en sy inskakeling in sy gewone maatskaplike rolle. Dit is 'n erkende beginsel dat 'n gerehabiliteerde alkoholis, so gou as moontlik na sy rehabilitasie gebruik moet word om 'n ander alkoholis te rehabiliteer. Die terapie wat hy toepas op die ander is vir homself terapie. Hierdie beginsel behoort gebruik te word in maatskaplike groepwerk. Die

lid behoort gemotiveer te word om, na die afsluiting van die groep, 'n ander persoon met dieselfde probleem as hy, tot hulp te wees.

## 5 INSKAKELING VAN DIE KLIËNT BY 'N BEPAALDE GROEP

Nadat die groep geselekteer is, vind individuele onderhoude tussen die maatskaplike groepwerker en die individu plaas waarin die werker die individu gerusstel, die terapeutiese proses en die rolle aan hom verduidelik, en hom motiveer om die groep positief te benut.

Met die eerste byeenkoms voel lede noodwendig vreemd en nuut. Waar 'n nuwe lid by 'n reeds bestaande groep inskakel vererger die gevoelens, aangesien al die ander lede mekaar reeds ken. Wat van groot waarde kan wees by inskakeling van lede in groepe, is dat daar reeds 'n gevestigde werker-kliënt-verhouding moet bestaan. Dit gee veiligheid aan die kliënt as hy weet dat die werker hom aanvaar, al ken hy nog nie van die ander lede nie.

Inskakeling in die groep berus hoofsaaklik by die individu self. Indien hy glad nie wil inskakel nie en hom voortdurend onttrek van kontak met ander lede, kan hy nie gedwing word om wel deel te neem aan die groep nie. Die gemotiveerdheid van die kliënt tydens inskakeling vergemaklik hierdie proses aansienlik.

Die mate waarin die groep in die behoefte van die individu voorsien sal die graad van sy inskakeling in en deelname aan die groep bepaal. Dit sal ook bepaal tot watter mate die individu die groep sy eie maak, daaruit neem en daaraan gee soveel hy kan. Sy doelgerigtheid, gemotiveerdheid en samewerking sal bepaal word deur die mate waartoe daar aandag gegee word aan die oplossing van sy individuele probleem.

Selfvertroue ontstaan en vermeerder wanneer 'n lid voel dat hy positiewe reaksie van die groep ontvang. Na 'n toetstydperk waarin die lede mekaar weeg en meet, kry elke lid sy bepaalde status en rol. Wanneer die individu sy plek binne die groep gekry het, kom ook die meelewing, kompetisie, terugtrekking en ander aspekte na vore.

Joubert en Steyn sê as lede status moet verwerf in 'n groep, is hulle spraaksaamheid en frekwensie van deelname aan interaksie, veral in die vroeë stadia van die groepproses, van groot belang.[1)]

In hierdie proses van aanvaarding en inskakeling is daar twee elemente: Die groep se gevoel teenoor die individu en die individu se gevoel teenoor die groep. Daar bestaan dus voortdurend 'n emosionele band tussen die individu en die groep. Om deel te word van 'n groep en die groep sy eie te maak waar hy vertrou, en vertrou word, aanvaar, en aanvaar word, 'n eie plek het en van waarde geag word, 'n positiewe bydrae maak en ontvang, gee en neem, is 'n geleidelike proses vir die individu. Die aanpassing en inskakeling van individue by 'n groep sal grootliks deur lede se persoonlikhede en hul gemotiveerdheid om in te skakel, bepaal word.

## 6 DIE KLIËNT SE AANPASSING EN EENWORDING MET DIE GROEP

Die individu se aanpassing by en eenwording met die groep kom neer op sy gebruikmaking van die groepsmedium wat vir sy gebruik beskikbaar gestel word.

Trecker[2)] noem die volgende eienskappe wat by 'n individu opgemerk

---

1) Vgl. Joubert & Steyn. *Groepsdinamika,* p. 222.

2) Vgl. Trecker. *Social group work,* p. 168.

kan word as hy deel van 'n groep geword het:

- Hy begin dieselfde "taal" praat as die ander lede.
- Hy aanvaar sommige of al die doelstellings van die groep en probeer om daardie doelstellings sy eie te maak.
- Hy leer en stem saam met die beperkings wat groeplewe altyd op 'n individu plaas.
- Hy soek die aanvaarding van bepaalde groeplede omdat hy wil deel vorm van 'n bepaalde sub-groep.
- Hy toon sy vertroue in die groep en die idees wat deur lede uitgespreek word.
- Wanneer die groep deur ander persone aangeval word, sal hy dit verdedig.
- As hy verantwoordelikheid in die groep ontvang en toegelaat word om sy talente en bedrewenhede te gebruik, sal hy voel dat sy teenwoordigheid en lidmaatskap iets beteken.
- Die individu wil graag dat die groep vir hom sal omgee, van hom sal hou en sy pogings, hoe klein ookal, sal waardeer.

In hierdie proses leer die individu dat hy, om deel te word van die groep, van sy eie individualiteit moet prysgee. Daar word meer selfkontrole vereis en hy moet meer ferm teenoor homself optree, veral tydens die "toetsperiode" van die ander lede. Dit beteken meer introspeksie en selfkennis wat op sigself reeds terapeutiese waarde inhou. Hoe groter die verskil tussen die individu en die groep, hoe moeiliker sal die inskakeling plaasvind.

Om lid te word van die groep vereis dat die lid 'n bepaalde rol sal vervul. Die lid se status in die groep word grootliks bepaal deur die wyse waarop hy in die groep funksioneer en sy interaksie met ander lede. Die uiteensetting van die individu se doel in die groep, sal sy aanpassing en inskakeling baie bespoedig.

Lidmaatskap van 'n sub-groep is nie noodwendig verkeerd nie. Deur die lidmaatskap aan 'n sub-groep mag die individu se behoeftes beter bevredig word as sy lidmaatskap van die groep, veral waar die groep groot is. Die doelstellings van die sub-groep mag nie in botsing wees met dié van die groep nie.

Dit is belangrik om te let op die volgende negatiewe aspekte waardeur individue maklik verwerp word of status verloor in groepe:

- Die individu verwerp of aanvaar nie die doelstellings van die groep nie.
- Hy reageer negatief op idees en programme van die groep.
- Hy aanvaar nie verantwoordelikheid in die groep nie.
- Hy "oorpraat" die groep, domineer en probeer om sy wil op die groep af te dwing.
- Hy oortree en omseil groepreëls.
- Die lid kla aanhoudend.
- Hy is selfsugtig en wil nie deel nie.[1)]

Hierby kan die volgende gevoeg word:

- Individue wat opmerklik afhanklike persone is en nie kan voortbeweeg sonder hulp en goedkeuring van die werker en medegroeplede nie.
- Passiewe persone wat skaam is en hulle onttrek van die groep.
- Die lid wat nie daartoe in staat is om beperkings te aanvaar nie of in konflik met outoriteite verkeer en die groep voortdurend in die moeilikheid laat beland.
- Persone met 'n valse beeld van hul status in die groep en in hul gretigheid om status te verkry, altyd besluite neem vir, of optree namens die groep.

---

1) Vgl. Trecker. *Social group work,* p. 171.

Wanneer een van die lede nie aanvaar word binne die groep nie of nie wil inskakel nie moet:

- die werker ondersoek instel na die rede(s) vir die individu se gedrag in en gevoel teenoor die groep.
- die werker sy eie gevoel en optrede teenoor die individu evalueer;
- die invloed van die individu se gedrag op die res van die groep bepaal; en
- die ander lede gemotiveer word om die individu in te skakel in die groep.

'n Deeglike evaluering deur die maatskaplike groepwerker is in so 'n geval belangrik om so gou as moontlik die blokkering uit die weg te ruim.

Wanneer 'n maatskaplike werker dink aan groepterapie in plaas van individuele terapie vir 'n kliënt, is die eerste aspek waaraan hy dink wat die invloed en teenwoordigheid van ander kliënte met dieselfde probleem of nood op die kliënt sal wees. Deur kliënte in 'n groep saam te plaas vir terapie, gaan die terapeut van die standpunt uit dat elke individu 'n potensiële bron van kennis, ondersteuning en hulp vir sy medegroeplede kan wees. Die terapeut gaan ook van die veronderstelling uit dat persone wat in dieselfde "skuitjie ry" met 'n gemeenskaplike probleem, gouer en meer deurdag tot 'n oplossing kom as die individu alleen. Individue moet mekaar help in die formulering van bepaalde norme, waardes en gedragsreëls ten einde beter maatskaplik te funksioneer.

Die individue kan hul gemeenskaplike probleem bespreek soos hulle elkeen dit beleef en ervaar. Elkeen leer dan uit die mededelings van die medegroeplede en word bewus van aspekte in sy eie probleemsituasie, waaraan hy nog nie vroeër gedink het nie. Daar

ontstaan vrae wat individuele lede met hul eie unieke probleem konfronteer, en tot 'n antwoord lei of selfs dwing. Die mede-groeplede tree in baie gevalle as terapeute op. Groeplede help mekaar om by die kern van hul probleem uit te kom en dwing die minder gretige kliënt om saam te werk aan 'n oplossing, aangesien hy gebonde is aan die groep.

Joubert en Steyn[1)] is van mening dat groepe van 'n groter hoeveelheid korrekte oplossings van 'n gestelde probleem verseker is, as individue. Dit word toegeskryf aan die feit dat verkeerde suggesties wat voorkom, deur groepslede verwerp word en dat foute deur een lid in die groep, deur ander lede gekontroleer word.

Genoemde skrywers vergelyk individuele- en groepsprestasie soos dit in verskeie ondersoeke getoets is en maak die volgende afleidings:

- Individue wat eers 'n stuk werk in groepe gedoen het en daarna alleen, het beter presteer as dié wat eers alleen en daarna in groepe gewerk het.
- Groepe kan gesamentlik meer inligting herroep ten opsigte van 'n gegewe taak as individue, vermoedelik omdat daar 'n groter kapasiteit is om inligting op te berg.
- Dat groepe in die kwaliteit en spoed van oplossing van ontsyferingsprobleme en ander logiese take beter is in vergelyking met individue. Groepslede het 'n konstruktiewe en kritiese invloed op die deskundigheid in die groep.
- 'n Lid se suggestie, hoewel miskien nie korrek nie, kan dien as stimulus om die korrekte antwoord van 'n ander te ontlok. Hulp word dus nie net in die vorm van konstruktiewe en kritiese aanmerkings gegee nie, maar ook in die vorm van

---

1) Vgl. Joubert & Steyn. *Groepsdinamika,* p. 141.

stimulus-bydrae.

- Groepe funksioneer doeltreffender waar daar 'n arbeidsverdeling moontlik is en dit vergemaklik groepsprestasie.

Joubert en Steyn wys verder daarop dat die kwaliteit en kwantiteit van 'n groep se prestasie beïnvloed kan word, deurdat die proefpersone se aandag afgetrek word deur sosio-emosionele aangeleenthede en verstorings. Lang redenasies mag ook voorkom wat individue kan verwar. Die groepsgrootte kan ook 'n invloed hê.[1)]

Hierdie nadele is nie noodwendig nadelig in 'n terapeutiese groep nie. Die maatskaplike groepwerker kan dit met positiewe gevolge aanwend in terapie.

## 7 DIE KLIËNT SE AANWENDING VAN DIE GROEP TOT SY VOORDEEL EN SY AKTIEWE DEELNAME AAN GROEPSAKTIWITEITE

Hier gaan dit dieper as net die individu se aanpassing by die groep, sy eenwording en assosiasie daarmee. Hier gebrûik die individu die groep. Hy "verander" die groep om aan te pas by sy nood. In die voorafgaande fase word dinge vir hom daargestel en hy moet dit net neem of laat. Nou ontwikkel hy en verander hy die groepsituasie so dat dit vir hom by die oplossing van sy probleem bring. Hy maak van die groep iets subjektief en nie meer 'n objek nie.

Die individu maak doelgerig van die groepsfasette gebruik. Dit bespoedig die ontwikkeling van die groep. Primêr ontwikkel die groepsfasette vanuit die groepslede.

Groepsvorming en strukturering beteken dat die individu van sy

---

1) Vgl. Joubert & Steyn. *Groepsdinamika,* pp. 144-146.

kant af by ander individue in verskillende hoedanighede, in die groep inskakel. Die lede werk saam aan 'n geordende raamwerk waarbinne die groep funksioneer. Die groep is die ruimte waarbinne groepslede die sekuriteit, vertroue en aanvaarding van medegroepslede met dieselfde probleem ervaar. Die groeplid moet so betrokke raak, dat hy die ruimte tot sy eie voordeel aanwend. Hierdie ruimte moet aan elke individu veiligheid bied en geleentheid gee om sy eie houdings en verhoudings teenoor sy medemens en homself, te ontleed en te toets. Alleen wanneer die individu hierdie groep aanvaar en ervaar as sy eie, sal daar by hom 'n oopheid wees om uit te praat en om beïnvloed en gehelp te word.

Die maatskaplike groepwerker beïnvloed ook die groepsfasette met die doel om die groepsmedium so goed as moontlik as terapeutiese medium in te ruim vir sy kliënte.

Joubert en Steyn meen, wanneer 'n verhouding tussen persone tot stand kom, uitgebou en gehandhaaf word deur interaksie, daardie verhouding terselfdertyd vormgewend vir interaksie is.[1)]

In die groep ontwikkel elke individu sy eie plek, rol en status. Die stelle rolle stabiliseer die interaksie in die groep en dit gee 'n eie struktuur en atmosfeer aan die groep. Deur die individu se optrede en handelinge en deur gebeurtenisse wat in die groep plaasvind, verkry die individu sy status en rol. In hierdie rol leer die individu homself ken soos die ander hom sien. Deur hierdie insig kan die kliënt gelei word, om dit ook so te gebruik by die evaluering van sy plek, rol, status, handelinge en houdinge in ander rolle en verhoudings buite die terapiegroep.

Onderling vind daar identifikasie van die lede met die groep

---

1) Vgl. Joubert & Steyn. *Groepsdinamika,* p. 18.

plaas. Hoe sterk die individu met die groep identifiseer, sal bepaal word tot watter mate die groep in sy basiese behoeftes voorsien en beantwoord aan sy persoonlike doelstellings - dus be=antwoord aan sy verwagtings.

Wanneer die individu gebruik maak van die groep, beteken dit dat die groep se waardes en norme vir hom aanvaarbaar is. Wanneer 'n individu nie by 'n groep wil inskakel nie, beteken dit dat hy hom nie met die res van die groep en hul waardes en norme wil assosieer nie. Dit beantwoord dus nie aan sy vereistes nie of dit hou vir hom geen waarde in nie. Binne 'n terapiegroep word hierdie toe=stand grootliks uitgeskakel, aangesien dit geselekteerde lede is wat almal belang by die groep het en almal kry die geleentheid om aan die waarde en normesisteem van die groep te bou.

Dit is belangrik dat die individu sal besef dat die hele lewe be=staan uit die aanvaarding of verwerping van sekere waardes en nor=me. Elke individu moet vir homself sekere standaarde stel waar=volgens hy wil lewe. Die waarde van die terapeutiese groep vir die individu bestaan juis daarin dat die individu met behulp van die groep se standaard, vir homself 'n lewenstandaard moet uitwerk. Die individu moet vir homself die saak uitmaak volgens watter waarde, norme en standaarde hy wil lewe in sy verskillende rolle en verhoudings. Hy moet besef dat die verantwoordelike mens nooit sy standaarde in die lewe verlaag nie, maar voortdurend daarna streef om dit te verhoog.

In die terapeutiese groep kry die individu die geleentheid om sekere vereistes aan homself te stel afgesien van die vereistes wat andere aan hom stel. Dit bring die individu as antwoordwese in direkte konfrontasie om die saak eers in sy verhouding met homself reg te maak en te beoefen in die regte verhouding tot sy mede=groepslid sodat hy dit ook in al sy ander rolle en verhoudings kan

toepas.

"Die verhoudings wat lede in die groep aanknoop rig 'n appèl tot verantwoordelike beantwoording aan hulle. Deur te groei in die sinvolle opbou van houdings en verhoudings in die groep, slaag groeplede daarin om hulle aanspraak om ook buite die groep sinvolle houdings en verhoudings te hê met verantwoordelikheid te beluister."[1])

Om by 'n keuse te kom van sy waardes en norme waarvolgens hy wil lewe, moet die individu 'n maatstaf en rigsnoer hê waaraan hy sy optrede en gedrag meet en rig. Vir die Christenmens sal dit die Bybel en Jesus Christus wees. Wanneer waardes en norme gekies word om aanvaarbaar te wees vir die samelewing waarvan hy 'n lid is, of om populêr te wees, of watter ander motief ookal, is dit bloot sekondêr en nie altyd standhoudend nie. Om standpunt in te neem, beteken om 'n oortuigde mens te wees, maar oortuigings moet gegrond wees op 'n vaste basis of grondslag.

Dit is juis met die waardes en norme waarmee die maatskaplike groepwerker sy grootste invloed op die groeplede kan hê. Hierin kan die werklike betekenis van die begrippe: "gids", "instaatsteller", "ondersteuner" en "onderskrager" tot sy reg kom. Dit stel hoë eise aan die werker omdat dit beteken dat hyself doelgerig moet wees en weet wat hy vir die groeplede kan en moet beteken.

Dit is van die grootste belang dat die groepsnorme, met in agneming van die doel van die groep, so sal wees dat elke individu dit sy eie sal maak, daarvolgens sal optree en dit ook uitdra in sy ander verhoudings. Individue moet gelei word om in die ontwikkeling van die groep, voortdurend die standaard van groepsnorme

---

1) Hofmeyr, L. *Die groepsgesprek in maatskaplike groepwerk.* Pretoria, McGraw Hill Boekmaatskappy, 1972. pp. 30-31.

en waardes te verhoog en daardeur ook hul eie waardes en norme te verhoog.

Juis hierdie oordra en realisering van waardes en norme in die lewe van kliënte, beklemtoon die noodsaaklikheid van nasorgwerk in maatskaplike werk. Dit is in soveel gevalle noodsaaklík dat ook die vriendskapsverhoudings wat tussen lede in die groep opgebou is, ná die afsluiting van die groep moet voortgaan om mekaar sodoende te onderskraag in die uitbou en toepassing van die nuwe of verhoogde waardes en norme.

By sommige lede mag daar konflik tussen die waarde- en norme sisteme van die verskillende rolle bestaan. Wanneer die individu egter vir homself die saak uitgemaak het, behoort hy dit, met ondersteuning, te kan hanteer.

Sekere kontrole en beheer is noodsaaklik om 'n groep ordelik te laat verloop. Waar daar ordelikheid en selfkontrole in 'n persoon se lewe geld, is sekere beheer noodsaaklik. Die terapiegroep bied die geleentheid vir die individu om hierdie twee sake bymekaar uit te bring. Soos met al die ander groepfasette, het elke individu 'n rol om te vervul in die daarstelling, handhawing en gebruikmaking van groepfasette. Die beheersdheid en gekontroleerdheid wat in die groep as norm gestel word, behoort die individu sy eie te maak en toe te pas, met die oog op sy selfkontrolering en selfbeheersing. Hierdie sake verwys terug na 'n sisteem van reg en verkeerd of sedelike bewussyn. Saam kan die groep werk aan so 'n sisteem, wat vir hulle almal aanvaarbaar en toepaslik is in hulle lewens en die besondere rolle wat hul beklee. Hierdie aspek kan elke individu toepas ten opsigte van die beheersing van sy humeur, selfsug, egoïsme, eie gewin en ander aspekte wat gesonde houdings en verhoudings afbreek.

Weer eens word die gemotiveerdheid van die individu beklemtoon. Indien die kliënt nie gemotiveerd is in die terapeutiese proses nie, sal baie min in die groep, vir hom van waarde wees. Die individu moet deur die verloop van die terapeutiese proses, die oplossing van sy probleem begeer en weet dat hy moet werk om dit te bewerkstellig.

Joubert en Steyn[1)] praat van formele beheer wat op 'n individu afgeforseer kan word. Daar is ook informele beheer wat in verband staan met meer direkte, persoonlike beïnvloeding wat die groepslede op mekaar het. Die informele beheer moet veral op afwykendes uitgeoefen word om in ooreenstemming met die norme van die groep op te tree. Dit kan die vorm van suggestie, bespotting, beroep op, sentiment, oorreding en andere, aanneem.

Elke individu het 'n groot aandeel in die vorming van atmosfeer, moreel, klimaat en groepsgebondenheid in die groep. Die atmosfeer en klimaat wat 'n persoon skep, is 'n aanduiding van sy persoonlikheid, houdings en verhoudings. Nadat die terapiegroep 'n geruime tyd aan die gang is, sal die werker en die lede 'n individu ken. Na 'n tydsverloop kan 'n persoon nie meer net sy "bestie voetjie" voorsit nie, maar wys hy sy werklike kleure. Deur konfrontasie en beïnvloeding kan daar baie positiewe aspekte tussen die lede in die groep uitgeruil word. Hoe groter die gebondenheid, hoe meer intiem die groep, want om gebonde te raak, beteken om jouself te gee om gebind te word en om jouself te laat bind met iemand anders. Die gebondenheid van die terapie groep kan by die individu insig en klaarheid meebring wat nodig is vir sy ander verhoudings.

---

1) Vgl. Joubert & Steyn. *Groepsdinamika,* p. 181.

Deur gebonde te raak aan die groep laat die individu toe dat hy ook gebind raak aan die groep se waardes, norme, beheer en gedragsreëls. Hy ervaar dat hy aanvaar word, dat hy 'n plek het en vertrou word met 'n ander persoon se mees intieme probleme. Hy aanvaar die medelede, vertrou hulle en beskou hulle as mede-terapeute in die oplossing van sy probleem.

Die terapeutiese groep bied die geleentheid waarin die individu leer om geformuleerd oor sy probleem te praat. Hy maak dus van die kommunikasienetwerk van die groep gebruik. Kommunikasie en verhoudingsprobleme lê baie na aan mekaar. Waar daar 'n versteuring in die verhouding is, word dit 'n blokkering in kommunikasie. Deur oor sy probleem te praat, leer die individu dat hy die saak moet uitpraat om tot 'n moontlike oplossing te kom.

Die individu het 'n taak in die daarstellings van die program. Wanneer hy die groep sy eie gemaak het, sal hy dit wat vir hom belangrik is in die oplossing van sy probleem, by die program voeg. Hy sal ook die program wat aangebied word, sy eie maak en daaruit neem wat hy nodig vind.

Groepterapie verg sensitiwiteit van die werker, die groep onderling en van individuele lede. Enige verhouding verg sensitiwiteit. 'n Terapeutiese verhouding verg besondere sensitiwiteit aangesien daar 'n aantal persone by betrokke is en elke persoon 'n besondere intieme probleem het wat hanteer moet word. Besondere sensitiwiteit kan by die lede ingeskerp word om ook van toepassing te wees op alle ander verhoudings.

Die feit dat 'n individu 'n goeie en suksesvolle lid van 'n groep is, hef nooit sy individualiteit op nie - dit verskerp dit net meer.

"In therapy groups ... rigidities and fixed relations and roles

must be prevented or the therapeutic process is completely blocked. The group must always remain mobile ... Each patient must remain a detached entity in whom intraphysic changes must occur. He cannot give up his autonomous identity ... but must remain at all times detached and work on his own problems."[1)]

Die terapiegroep bied aan elke individu 'n nuwe maatskaplike rea= liteit waarin hy homself in 'n nuwe lig leer ken. Olmsted skryf dat vir die lid van so 'n groep, is die groep baie naby aan die werklike lewe en raak hy diep betrokke daarby.[2)]

Wanneer 'n groep besluit om veranderings te maak in norme en waar= des, gewoontes en gedrag, raak dit die individu as sodanig. Olm= sted het tot die volgende gevolgtrekkings oor hierdie saak gekom:

- Dit is makliker om veranderings tot stand te bring in 'n hele groep as onder individue.
- Die effek in 'n groep is meer permanent.
- Die veranderings word baie makliker deur lede aanvaar en hul= le eie gemaak, as hulleself aan groepbesprekings deelneem en die saak vir hulself uitgeredeneer het.

Genoemde skrywer haal Kurt Lewin aan wat sê: "... it is usually easier to change individuals formed into a group than to change any one of them seperately."[3)]

---

1) Slavson, S.R. *Analytic group psychotherapy with children, adolescents and adults.* New York, Columbia University Press, 1950. p. 10.

2) Vgl. Olmsted, M.S. *The small group.* New York, Random House, 1959, p. 73.

3) Vgl. Kurt Lewin soos aangehaal deur Olmsted in *The small group,* p. 70.

## 8 DIE KLIENT SE BEVREDIGENDE MAATSKAPLIKE ROLVERVULLING EN LOSMAKING VAN DIE GROEP

'n Terapiegroep bestaan nie in 'n vakuum nie, maar sy lede moet weer teruggaan na die samelewing. Elke lid moet sy rolle in die samelewing volstaan. Die doel van die terapeutiese groep is dat elke individu die nodige toerusting moet vind sodat sy maatskaplike funksionering so kan verander en verbeter, dat dit meer bevredigend is as voor die terapie. Die toerusting moet hom ook in staat stel om toekomstige node en probleme, wat mag voorkom, die hoof te bied. Die terapie behoort dus by die individu 'n groter selfkennis vanwee die nuutgekose norme en waardes te bewerk sodat hy homself, sy eie houdings en handelinge meer realisties sien. Die grootste sukses word sekerlik met die persoon bereik by wie 'n vaste begeerte bestaan om sy maatskaplike funksionering te verbeter omdat dit vir hom 'n vaste oortuiging is.

Deur die loop van die terapie moet die individu gekonfronteer word met veranderde waardes, norme, houdings en verhoudings:

- teenoor homself. Die vraag wat die maatskaplike werker homself afvra is: Sien die individu homself nog in dieselfde lig as tevore, byvoorbeeld minderwaardig, onbekwaam, selfveragtend? Hoe sien hy sy plek in die groep, in sy gesin en op ander terreine? Hoe ingrypend was die verandering wat ingetree het en hoe realisties sien hy sy situasie met sy beperkings en moontlikhede?
- teenoor sy medemens: Die werker evalueer die verandering wat bemerk kan word ten opsigte van sy verhouding met ander persone; wat sy verhouding met ander vir hom beteken; hoe hy optree teenoor persone wat van hom verskil op verskillende terreine; hoe staan hy teenoor gesagsfigure; wat is sy vermoë om te gee, te simpatiseer en te ontvang.

- teenoor menings: Die werker evalueer hoeveel respek die kliënt het vir die menings van ander; of hy verwag dat an= der noodwendig sy mening en maatstaf moet aanvaar; of hy albei kante van 'n saak kan insien.

Met die afsluiting van die groep moet 'n verbetering in die kliënt se lewenshoudings en verhoudings vir hom 'n lewensbeginsel wees. Die individu behoort meer kennis, selfkennis en insig te besit ten einde beter verhoudings op te bou en te handhaaf, nie alleen met hul medemens nie, maar ook met hulleself, hulle omgewing en met God.

In die evaluering sal die maatskaplike groepwerker oplet na die individu se vermoë om verhoudings met ander persone, behalwe die groeplede te hanteer, byvoorbeeld die lid se familie, werkgewer en andere. Die individu moet ook konsekwent wees in sy optrede na buite en in die toepassing van nuut aangeleerde waardes en norme en nie net in die beskermde groep nie.

Indien die veranderings die individu se erns is, sal sy gedrag dit aandui, byvoorbeeld sy kleredrag en voorkoms. Die maatskaplike werker evalueer of die kliënt se gedrag, norme en waardes ooreen= stem met die maatstaf waaraan dit getoets word. Daar behoort toename in die kliënt se verantwoordelikheidsin te wees.

Die evaluasie van die genoemde sake sal vir die maatskaplike wer= ker 'n aanduiding wees tot op watter behandelingsvlak die individu ontwikkel het en tot watter mate daar van verdere metodes en self van ander dissiplines, gebruik gemaak moet word. Dit sal ook die nasorgplan bepaal.

Wanneer die individu voel dat hy sy doel bereik het in die groep, met ander woorde wanneer hy sy probleem kan formuleer, daaraan kan werk of reeds daaraan gewerk het, die saak self kan hanteer en

weer die meester van sy probleem is, sal sy belangstelling in die groep begin kwyn. Die nuutgekose norme en waardes het gestabiliseer en die individu het die groep as terapeutiese medium nie meer nodig nie. In die werklike samelewing gaan hy waarskynlik nog veel ondersteuning, onderskraging en hulp benodig van mede-groeplede en die werker. Die maatskaplike werker mag hom dus nie nou, nadat die groep afgesluit het, in die steek laat nie. So ook nie die ander groeplede nie. Die kliënt moet weet dat hy weer kan teruggaan vir raad en ondersteuning.

'n Belangrike beginsel is dat die kliënt hierdie nuutaangeleerde waardes en norme, prakties moet toepas buite die terapeutiese groep. Die waardevolle uitwerking wat hierdie toegepaste waardes en norme in mense se lewens het wat hy gehelp het, kan 'n positiewe bydrae lewer tot die kliënt se verdere ontwikkeling.

## 9 SAMEVATTING

Maatskaplike groepwerk is die metode waardeur die individu deur die groep gehelp word in die oplossing van sy maatskaplike probleme. Die groot waarde en uniekheid van die mens, beklemtoon die individuele aandag wat elke kliënt met sy unieke behoeftes, probleme en node vereis - selfs binne maatskaplike groepwerk.

Die besondere waarde wat groepterapie vir die individu het, is die verhouding, nie alleen met die maatskaplike groepwerker nie, maar met mede-groeplede. Die terapeutiese medium word daargestel om deur al die lede, tot hulle eie voordeel te gebruik.

Voordat die individu werklik tot selfhelp kan oorgaan, moet hy die bestaan en graad van sy probleem erken en die behoefte besit om iets daadwerkliks te doen.

Elke individu gaan met sy probleme na 'n welsynsorganisasie met bepaalde verwagtings om byvoorbeeld van sy probleem ontslae te raak, iemand te vind wat werklik na sy besondere probleem wil luister en om aanvaar te word soos hy is. Die doel waarmee die individu gaan hulpsoek, is om hulp met sy probleem te ontvang. Die metode van hulpverskaffing ken hy nie. Indien hy by groep=terapie ingeskakel word mag hy sekere ambivalente gevoelens ervaar teenoor sy behandeling. Daarom is deeglike motivering belangrik. Suksesvolle behandeling geskied alleen met die medewerking van die kliënt.

Binne groepterapie word individualisasie deur die maatskaplike groepwerker gebruik. Dit verskil van maatskaplike gevallewerk in die sin dat dit 'n blote onderdeel van maatskaplike groepwerk is. Die doel daarvan is om die individu 'n beter groeplid te maak en besondere aspekte wat nie binne die groep kan aandag ontvang nie, vir hom op te klaar.

Dat die individu die groep sy eie moet maak is van die grootste belang vir sy terapie. Hy moet dit wat hy in die groep ontvang het, op homself van toepassing maak. Inskakeling en gemotiveerd=heid van die lede, is die basis waarop die ontwikkeling van die ander groepsfasette berus. Dit beteken dat elke individu bereid moet wees om homself oop te stel vir die ander lede en om deur hulle gebruik te word. Dit beteken ook dat hy van die ander lede se hulp moet gebruik maak.

Die teenwoordigheid van ander persone in die terapeutiese proses en die invloed wat dit op die individu het, is juis die waarde van hierdie metode. Indien die individu die groepterapie benut en verstaan, sal elke ander lid vir hom ook 'n terapeut wees.

Juis die individu se daadwerklik meewerking aan en aanwending van

die groepsfasette hou vir hom terapeutiese waarde in. Die beginsel is: Dit wat aan die groep behoort, met ander woorde wat al die groeplede saam aan gewerk het en tot stand gebring het, moet die individu neem en tot sy eie maak vir die res van sy lewe en dit toepas in alle verhoudings en rolle. Die individu maak die groep se maatstaf, rigsnoer, norme, waarde en beginsels sy eie en gebruik dit in sy lewe.

Wanneer die groep sy doel bereik het, kwyn die groep se waarde vir die individu. Dít wat hy in die groep ervaar en geleer het, het deel van sy persoonlikheid en oortuigings geword; hy moet gehelp word om dit so toe te pas.

Na die afsluiting van die groep is ondersteuning, onderskraging, hulp en raad nog vir 'n tydlank vir die individu deur die werker en die lede noodsaaklik. Die ideale toestand is dat die individu sy nuutaangeleerde waardes en norme weer aan iemand buite die groep moet oordra. Dit versterk die kliënt se eie oortuiging en bring verdere insig.

Die ontwikkeling van die individu in die groep, sal die soort behandeling of nasorg na afsluiting van die groep bepaal.

In die laaste hoofstuk sal dan gelet word op die rol wat die maatskaplike werker vervul in die terapie van die kliënt.

# HOOFSTUK VII

## DIE MAATSKAPLIKE GROEPWERKER AS PROFESSIONELE HELPER

Daar is reeds gelet op die mens en sy maatskaplike funksionering; die mens en sy maatskaplike nood, die hulpverlening wat gebied word deur die maatskaplike werk en in besonder deur die maatskap= like groepwerk-metode. Verder is aandag geskenk aan die rol van die individu in sy behandeling deur die maatskaplike werk. Ver= volgens word die rol, doel, taak en funksie van die maatskaplike groepwerker, as hulpverlener, bespreek.

Soos uiteengesit, is 'n maatskaplike groepwerker 'n persoon wat 'n bepaalde maatskaplikewerk-metode toepas of beoefen, in die uitvoe= ring van sy werk. Die volgende omskrywing van wat 'n maatskap= like werker is, word aanvaar en kan net so toegepas word op 'n maatskaplike groepwerker, met net die kwalifisering daarby van die metode wat gebruik word: "'n Persoon wat deur middel van teore= tiese en praktiese opleiding geskool is en ontwikkel het tot 'n vakkundige en professionele werker wat mense in nood help met maatskaplike en ander funksioneringsprobleme; en wat die basiese uitgangspunte en die doelstellings van die maatskaplike werk pro= fessie aanvaar en uitleef."[1]

In hierdie hoofstuk gaan gelet word op wie hierdie persoon is en watter taak en rol hy het in die uitoëfening van maatskaplike groepwerk.

---

1) Van Niekerk, S.C. *Professionele selfkennis en beskikbaarstel= ling/diensbaarheid van die maatskaplike werker met besondere verwysing na die gevallewerksituasie.* Skripsie, PU vir CHO, 1972. p. 6.

## 1 DIE MAATSKAPLIKE GROEPWERKER AS TERAPEUT

Voordat by die taak en rol van 'n maatskaplike groepwerker uitgekom word, is dit belangrik om 'n beeld te kry van wie hierdie persoon is. In die voorafgaande is daarop gewys dat 'n maatskaplike werker 'n terapeut is. 'n Terapeut is 'n persoon wat dien, wat versorg, wat genees en wat vereer. In die hieropvolgende ontleding van wie die maatskaplike groepwerker is, moet dit voortdurend in gedagte gehou word.

Heyns[1] sê die terapeut is die katalisator wat die byeenkoms van persone in 'n terapeutiese gebeurtenis omskep. Hy meen verder dat die groepsituasie 'n hoë mate van sosiale sensiwiteit van die terapeut vereis, aangesien hy gevoelig moet reageer op 'n hele aantal persone. Hy moet probeer om hulle woorde en gevoelens te begryp en hierdie begrip aan die groep oor te dra. "Sy houding is selfs belangriker as sy woorde." Verder meen Heyns dat die terapeutiese tegniek wat die terapeut volg, eerder 'n spontane uitvloeisel van sy eie persoonlikheid moet wees as 'n doelbewuste nagestreefde metode.[2]

Uit bostaande is dit duidelik dat daar sekere vereistes aan 'n terapeut gestel word - vereistes waaraan 'n persoon nie kan voldoen tensy hy opleiding in sy vakgebied ontvang het nie. Dit wil sê die persoon behoort in besit te wees van bepaalde kennis en bedrewenhede.

Konopka[3] sê verder in hierdie verband dat in die professionele opleiding van die maatskaplike groepwerker die volgende nodig is:

---

1) Vgl. Heyns. *Die invloed van groepterapie op nywerheidskoolseuns*, p. 21.

2) Vgl. Ibid.

3) Vgl. Konopka. *Social Group work: a helping process*, p. 42.

kennis in verband met: individuele dinamika, dinamika in groeps=gedrag, die filosofiese raamwerk van maatskaplike werk, adminis=trasie, die kennis van gemeenskapshulpbronne en kennis in verband met gemeenskapsorganisasie.

Hierby kan die volgende gevoeg word: kennis oor menslike gedrag; kennis oor algemene behoeftes van elke lewensfase; kennis van die psigologiese- en sosiologiese aard van die mens, byvoorbeeld ambivalensie, weerstand, oordrag, projeksie, identifikasie, re=gressie en groepswese en, invloed van elke rol op die wese van die mens. Verder is nodig kennis van die beleid en funksie van die welsynsinstansie, omdat die maatskaplike groepwerker optree as werknemer van 'n bepaalde instansie en kennis oor die bepaalde gemeenskap waar hy sy dienste verrig.

'n Maatskaplike groepwerker bly steeds 'n maatskaplike werker. Soos wat maatskaplike groepwerk nooit 'n aparte professie kan wees nie, omdat dit steeds maatskaplike werk bly, so kan 'n maat=skaplike groepwerker nie iets anders wees as 'n maatskaplike wer=ker nie. Die maatskaplike groepwerker kan dus in die beoefening van sy metode, nooit vergeet van maatskaplike gevallewerk en maat=skaplike gemeenskapswerk nie. Veral maatskaplike gevallewerk en maatskaplike groepwerk as primêr terapeutiese metodes, behoort nou verweef te wees in elke kliënt se terapie en in aanvulling tot me=kaar gebruik te word.

Trecker noem dat die rol van die maatskaplike groepwerker uiters belangrik is, aangesien die maatskaplike groepwerker kennis, onder=vinding en 'n stabiele persoonlikheid behoort te besit. Hy sien hierdie terapeut as 'n helpende persoon, wat daar is om mense in staat te stel om keuses te maak, hul besluite uit te voer, wat die groep selfgerig maak en die kontrole in hul eie hande laat. Hy gee net rigting en leiding aan die denke en gevoel van die

lede.[1])

Vandag word daar aan geeneen van die opleidingsinstansies in Suid-Afrika net maatskaplike groepwerkers opgelei nie, maar 'n persoon kwalifiseer na drie of vier jaar as 'n maatskaplike werker. Afhangende van die behoeftes in die veld word hierdie maatskaplike werker dan in 'n maatskaplike gevallewerk of 'n maatskaplike groepwerk pos geplaas. Hierdie toestand word al minder aangetref aangesien daar van maatskaplike werkers verwag word om beide hierdie twee terapeutiese metodes te bemeester en te gebruik. Gesien in die lig van die besondere waarde wat groepterapie inhou, behoort maatskaplike groepwerk egter baie meer in die professie gebruik te word. Deur slegs van een terapeutiese metode gebruik te maak, word die dienste van maatskaplike werk verarm. Dieselfde persoonlikheidseienskappe wat vir 'n suksesvolle maatskaplike werker voorgehou word, geld vir hierdie persoon wat enige van die terapeutiese metodes toepas. Hierdie eienskappe is toegeneëntheid teenoor en liefde vir mense, sterk belangstelling in mense en menslike gebeure, deernis, agting en respek vir mense, sy besef van verantwoordelikheid, asook sy verdraagsaamheid en geduld teenoor en sy geloof in mense en hul vermoëns. Hy moet 'n waardering hê vir mense, hy moet met ander mense kan saamwerk en in baie gevalle die toonaangewer wees. Baie belangrik vir 'n maatskaplike werker is verder 'n gebalanseerdheid, emosionele volwassenheid en intelligensie, empatie, "warmte", rypheid, 'n goeie kommunikasievermoë, onderskeidingsvermoë ten opsigte van die werklikheid, 'n hoë frustrasiedrumpel, goeie humorsin, 'n duidelike bewustheid van die self en selfkennis.

Uit al hierdie eienskappe kan 'n min of meer geformuleerde voorstelling van 'n ideale maatskaplike werker verkry word.

---

1) Vgl. Trecker. *Social group work*, p. 15.

Tydens die opleiding word gewerk met die student om van matriek-kind te ontwikkel totdat hy na drie of vier jaar in die praktyk as gekwalifiseerde persoon staan. Dan is hy gereed om ander persone, ongeag wie hulle is of watter probleem hulle het, met raad en daad by te staan, met ander woorde die ontwikkeling van die beroepspersoonlikheid. Veral studente sien die beroepspersoonlikheid as iets heel anders as die eie persoonlikheid. Dit is onwaar. Wanneer gepraat word van 'n beroepspersoonlikheid beteken die ontwikkeling van die self so ver as moontlik, die bewustheid en hantering van eie gevoelens, moontlikhede en beperkthede en om dit so te gebruik dat dit tot voordeel van die kliënte sal strek.

## 2 VAARDIGHEDE EN BEDREWENHEDE VAN DIE MAATSKAPLIKE GROEPWERKER

Tydens die studiejare, maar ook en veral wanneer hierdie maatskaplike werker diens aanvaar, is daar sekere vaardighede en bedrewenhede waaraan hy as beroepspersoon moet voldoen. Kortliks word hierop gelet en meer in besonder op dié van die maatskaplike groepwerker. "Skill is the worker's capacity to apply knowledge and understanding to a given situation."[1] Die volgende is van die belangrikste vaardighede en bedrewenhede van die maatskaplike groepwerker:

- Die vaardigheid om die kennis wat hy besit op 'n gepaste wyse toe te pas. So is dit in die toepassing van maatskaplike groepwerk baie maal noodsaaklik om ook gebruik te maak van kennis en bedrewenhede van maatskaplike gevallewerk en maatskaplike gemeenskapswerk, omdat die metodes in aanvulling tot mekaar gebruik moet word.
- Bewerkstelliging van sinvolle en doelgerigte verhoudings

1) Friedlander. *Concepts and methods of social work,* p. 35.

binne die groepe. In maatskaplike groepwerk is sprake van sovele verhoudings byvoorbeeld die werker-groep verhouding en die lid-tot-lid verhouding. Soos reeds bespreek, is dit juis hierdie vertrouensverhoudings wat van 'n groep 'n groep maak.

- Die identifisering, hantering en doelbewuste gebruik van groepsfasette.
- Vaardigheid en bedrewenheid om hulpbronne te eksploiteer. Onder "hulpbronne" word verstaan die werker se gebruikmaking van sy eie persoonlikheid; gebruikmaking van al die moontlikhede wat 'n groep bied as terapeutiese medium; die program as hulpmiddel; maatskaplike- en gemeenskapshulpbronne; vrywillige werkkragte; verslagskrywing; praktykleiding; supervisie en paneelbesprekings.
- Die werker se deelname aan die groep. Die werker moet sy eie rol in die groep bepaal, interpreteer, aanvaar en dit nie opdring nie. Lede moet gehelp word om deel te neem aan die groep en die verantwoordelikhede van hul aktiwiteite self te dra.
- Vaardigheid in die hantering van kommunikasie en interaksie.
- Vaardigheid in individualisasie, met ander woorde om in die groepsbehoeftes te voorsien, maar om ook en veral deur middel van die groep in die behoeftes van elke individuele lid.
- Vaardigheid en bedrewenheid in programbeplanning en doelgerigte aanwending daarvan. Dit beteken leiding van groepsdenke, sodat belangstelling en nood raakgevat en geïnterpreteer word. Lede moet geleer word om saam met die werker programme te ontwikkel wat by probleemoplossing uitkom.
- Vaardigheid om leiding te gee in groepbesprekings. Konopka sê: "True group discussions are facts to make dicisions on

the basis of thinking encouraged by diversity."[1] Pieterse[2] weer noem die volgende belangrike punte hieronder:

a Wees bewus van die groep en groepskomponente en van elke lid en die vlak waarop elke lid beweeg.

b Beskerm lede en gee aan elkeen 'n beurt om te praat.

c Help lede om elkeen iets te sê en maak van dit wat gesê is "iets".

d Te alle tye moet die werker se volle aandag by die groep wees.

e Die werker is die "spieël" wat die strale van die bespreking opvang en weerkaats met die nodige afwerking.

f Van tyd tot tyd en veral aan die einde van elke bespreking moet die werker 'n samevattende opsomming van dit wat gesê is, gee.

g Hy moet die bespreking stimuleer deur vrae te vra en opmerkings te maak.

h Hy moet voorligting gee waar nodig, om die besprekings te laat vlot. 'n Konklusie word nooit op die groep afgedwing nie. Die doel is juis om die groep self tot 'n bewustelike gevolgtrekking te laat kom.

i Besprekings moet duidelik afgesluit word sodat lede duidelik weet tot watter besluite gekom is. Die werker moet nie uit die oog verloor dat dit vir sommige van die groeplede spanning mag meebring om die werker te "deel" met ander lede nie.

- Trecker voeg by die genoemde vaardighede en bedrewenhede dat die maatskaplike groepwerker ook die vermoë moet besit tot analisering van die groepsituasie, naamlik die ondersoekvlak, die node van die groep en hoe vinnig die groep kan beweeg.

---

1) Konopka. *Social group work,* p. 287.

2) Vgl. Pieterse. "Groepwerk as metode in die Maatskaplike Werk In *Professionele Maatskaplike werk,* p. 165.

Direkte observasie van die groep is hiervoor nodig.[1] Hierdie analise kan ons duideliker omskryf in ons maatskaplikewerk-terme en praat van die bedrewenheid van die maatskaplike groepwerker tot evaluering, diagnosering en prognose bepaling en om daarvandaan die verdere behandelingsplan te loots.

- Trecker noem die belangrikheid van die bedrewenheid, nie alleen in deelname aan die groep nie, maar aan die groepsgevoel. Dit wil sê die werker se vermoë om sy eie gevoelens te kontroleer en objektief te bly. Hy moet die groeplede kan help om hul eie gevoelens te verlig en hul situasies te analiseer.[2]
- Konopka noem ook die bedrewenheid in maatskaplike gevallewerk en onderhoudvoering asook vaardigheid in direkte werk met groepe.[3]

Trecker[4] som op wat hierbo gesê is, as hy skryf oor dít wat die maatskaplike groepwerker met hom saambring na die groep, naamlik: Die belangrikheid van die werker se manier van hulpverlening; sy ervaring, kennis, begrip, bedrewenheid; sy diepe belangstelling in mense en sy vermoë om die groep te aanvaar. Verder is belangrik sy bewustheid en insig; bereidheid om te luister; die werker se basiese geloof in die moontlikhede van elke groeplid, kennis in verband met sy organisasie- en gemeenskapshulpbronne; aanvoeling van tyd en kennis van die groep se gereedheid en bedrewenheid in beplanning. Die werker bring na die groep saam sy waardes, oortuigings en ideale en deur sy persoonlike integriteit, simboliseer

---

1) Vgl. Trecker. *Social group work,* p. 68.
2) Ibid., p. 69.
3) Vgl. Konopka. *Social group work,* p. 42.
4) Vgl. Trecker. *Social group work,* p. 27.

hy maatskaplike rypheid. Die essensie van sy professionele werk lê in die manier waarin die werker homself hanteer.

Konopka meen die maatskaplike groepwerker ontwikkel in sy werk 'n houding van professionele dissipline en integriteit; respek en waardering vir die bydrae van ander in sy werksinstansie; 'n ondersoekende gees; buigbaarheid en soepelheid in die gebruik van prinsipes as sy gereedskap, asook 'n vryheid en skeppende vermoë in die gebruikmaking van homself.[1)]

Northen is van mening dat: "The worker needs to realize that he sees others through the screen of his own personality and his own life experience."[2)]

Uiters belangrik en in aanvulling tot die opleiding, is die praktykopleiding of inlywing in die praktyk van die bepaalde instansie in wie se diens die werker getree het. Verder is ook nodig gereelde supervisie solank as wat die maatskaplike werker dit benodig. Daar moet selfs so ver gegaan word om te sê dat dit onmoontlik en onverantwoordelik is om 'n jong maatskaplike werker in die veld te stuur, sonder hierdie noodsaaklike hulpmiddels. Gereelde paneelbesprekings met ander persone wat met die groeplede werk, is uiters belangrik en die werker moet die vaardigheid en bedrewenheid besit om ook hier 'n leidende rol in te neem.

Die maatskaplike werker gebruik dus sy kennis, vaardigheid en bedrewenheid. Hy maak gebruik van soveel maatskaplike- en gemeenskapshulpbronne as moontlik in die uitvoering van sy taak as maatskaplike gevallewerker of maatskaplike groepwerker. Daar is basiese kennis, bedrewenhede en vaardighede wat nodig is vir die

---

1) Vgl. Konopka. *Social group work,* p. 45.

2) Northen. *Social work with groups,* p. 58.

beoefening van al die erkende terapeutiese metodes. Hiermee saam is daar besondere kennis, bedrewenhede en vaardighede wat eie is aan elke metode.

Die maatskaplike werker staan altyd in 'n helpende rol. Die maatskaplike groepwerker is helper of instaatsteller om dinge met die groep te doen en nie vir die groep nie. Sy invloed is indirek eerder as direk.

Middleman sê maatskaplike werkers is nie maar net "enablers" nie, maar "change agents". Met ander woorde hulle is nie net instaatstellers nie maar hulle moet 'n verandering by die kliënt en/of sy omgewing teweegbring.[1] Hierdie gedagte sluit aan by die terapeutiese proses van maatskaplike groepwerk, waar beweging en verandering vanuit innerlike oortuiging by die kliënt plaasvind.

Trecker[2] meen dat groepe die hulp van die maatskaplike groepwerker benodig omdat:

- die werker die groep help om sy doelstellings te bereik.
- die werker die groep help om die doel van die organisasie te verstaan asook die hulp wat die organisasie kan bied.
- hy die groepsgevoel en groepsbewussen help ontwikkel.
- hy die groep help om sy kapasiteit en beperkings te verstaan en te gebruik, om sodoende besluite te neem wat in lyn is met sy ontwikkeling.
- hy die groep help om interne probleme te herken wat blokkering veroorsaak in die volle realisering van sy mense en hy help om hulpbronne en insigte te verskaf in die oplossing

---

1) Vgl. Middleman, R.R. *The non-verbal method in working with groups.* New York, Association Press, 1968. p. 54.

2) Vgl. Trecker. *Social group work,* pp. 30-33.

van die probleme.

- hy die groep help in hulle organisasie en leiers help om hul rol en pligte te verstaan en tot uitvoer te bring.
- hy die groepe help om standaarde vir hul optrede te ontwikkel en lede om hulleself te kontroleer.
- hy die groep help in die daarstelling van hulpbronne in die gemeenskap.
- hy instruksies gee in die area of gebied waar verwaarlosing te groot is.
- hy die groep help om ander groepe en ander persone te verstaan (die groep is 'n oefenskool).
- hy die lede help om mekaar te aanvaar en verantwoordelike verhoudings daar te stel.

Soos reeds genoem is die doel van maatskaplike werk breedweg gestel, om die maatskaplike behoeftes en maatskaplike hulpbronne wedersyds op mekaar te rig. Soos Trecker die hulp van die maatskaplike groepwerker aan groeplede uiteensit, kan ons daaruit aflei dat:

- Daar 'n gebrek aan kennis by die kliënt van sy behoefte en/of die beskikbare hulpbron(ne) is.
- Daar by die kliënt 'n gebrek aan insig met betrekking tot sy behoefte en die nodige hulpbron(ne) is.
- Daar nie 'n werklike behoefte by die kliënt bestaan nie en dat daar nie 'n hulpbron vir die leniging van die behoefte bestaan nie, - of nie in 'n identifiseerbare of in 'n geïdentifiseerde vorm nie.
- Die toestand van die kliënt en die beskikbaarheid, aldan nie, van die regte hulpbron(ne), die rigting waarin die werker die behandeling stuur, sal bepaal.

Friedlander[1] kom met die gedagte na vore dat geen twee mense, maatskaplike groepwerk dieselfde sal doen nie. Die groepwerker wat die meeste hulp kan verleen, is dié een wat die basiese beginsels op 'n skeppende en gedissiplineerde manier gebruik.

Hy sluit by Trecker se siening aan as hy sê, die funksie van die maatskaplike werker is helpend en instaatstellend. Sy doel is om die lede van die groep te help om vorentoe te beweeg na groter onafhanklikheid en 'n kapasiteit om hulself te help. Hy sit hierdie gedagte verder uiteen as hy sê die maatskaplike groepwerker maak dus gebruik van 'n bepaalde wetenskaplike metode om dit te doen. Die metode vereis van die werker 'n doelgerigte verhouding met die groep, om sodoende die hulpbron en die nood van die kliënt by mekaar uit te bring. Van die werker verg dit onder andere die basiese beginsel van aanvaarding van die persone, sonder aanvaarding van hul dade of gedrag.

By hierdie een basiese uitgangspunt wat Friedlander noem, kan ook gevoeg word dat die maatskaplike werker daagliks die basiese uitgangspunte van sy beroep, in al sy werk moet toepas en uitdra. Juis die maatskaplike groepwerk metode verg baie deursettingsvermoë, om voortdurend volgens daardie maatskaplikewerk-beginsels te handel.

1) Vgl. Friedlander. *Concepts and methods of social work*, p. 153.

## 3 DIE ROL, TAAK EN FUNKSIE VAN DIE MAATSKAPLIKE GROEPWERKER

Uit die literatuur kry ons verskillende sienswyses oor die maat=skaplike werker se bydrae tot die groep. Wilson en Ryland pro=beer in hulle boek om die gedrag en aktiwiteite van die werker te ontleed.[1) ] Konopka ontwikkel prinsiepes van praktykbeoefening wat die maatskaplike werker sensitiewer vir sy rol maak.[2)] Vinter en Clemenger beskryf op verskillende maniere kategorieë van rolvervulling van die maatskaplike werker.[3)] Schwartz beskryf weer take en kategorieë van aktiwiteite as 'n konsep vir die ge=bruik in die beskrywing van die maatskaplike werker se bydrae.[4)]

Die suksesvolste maatskaplike groepwerker, is hy wie sy basiese beginsels van maatskaplike werk kan gebruik in 'n skeppende en ge=dissiplineerde manier. Die funksie van die groepwerker is 'n helpende en instaatstellende funksie. Dit beteken dat die doel is om lede te help om die groep as geheel na groter onafhanklik=heid en die moontlikheid tot selfrealisering te beweeg. 'n Baie belangrike beginsel is dat die maatskaplike werker moet begin waar die groep is en teen die moontlikheid van hul ontwikkelings=tempo moet beweeg. Die uitlewing van sy Christelike mensbeskou=ing sal sy werk doelgerig maak.

In die verdere bespreking van die rol van die maatskaplike groep=werker, gaan dit gedoen word in ooreenstemming met die terapeu=tiese proses.

---

1) Vgl. Wilson, G. & Ryland, G. *Social group work practice.* Boston, Houghton Mifflin Cor., 1949. pp. 56-83.

2) Vgl. Konopka. *Social group work.*

3) Vgl. Vinter. *Readings in group work practice.*

4) Schwartz, E.F. *The social welfare form.* New York, Columbia University Press, 1964. pp. 146-170.

a Die rol van die maatskaplike groepwerker in die aanvangsperiode van die terapeutiese proses

Voordat daar nog met 'n groep begin word, sal die maatskaplike groepwerker bewus word van die bestaande behoeftes om maatskaplike groepwerk as terapeutiese metode te gebruik. Daar word net gedink aan die ambivalente gevoelens wat die groeplede ervaar met die selektering van so 'n terapeutiese groep, maar ook by die groepwerker mag hierdie ambivalensie bestaan. Elke groep begin op sy eie manier, ondanks 'n algemene kriterium vir 'n aanvangsproses. Die werker sal dus elke keer vir homself moet afvra:

- wie hy sal ontmoet,
- wat die motivering van alle kante (die kliënt, die instansie en sy eie) was om met so 'n groep te begin,
- op watter wyse die doel (van die werker, die instansie en die kliënt) in werking gestel kan word vir hierdie groep.
- hoe hy aanknoping by die lede in die groep sal vind.
- watter verwagtings daar deur al drie die partye gekoester word ten opsigte van die uitwerking van die groep.

Kemp[1] sien die voorbereiding van die groepwerker voor elke groep soos volg:

- Oopheid ten opsigte van homself.
- Oopheid ten opsigte van elke lid.
- Oopheid ten opsigte van sy metodes.
- Voorbereiding ten opsigte van elke individu.
- Aanvaarding van die individu, sy vryheid en selfbeslissing.
- Voorbereiding vir die proses van ontwikkeling.

---

1) Vgl. Kemp, C.G. *Foundations of group counseling.* New York, McGrawlHill Book Co., 1970. p. 207.

Voor die selektering van 'n groep, voer die maatskaplike werker individuele gesprekke met elke individu ten einde sy probleem, nood, waarde en normesisteem te leer ken.

Die bewuswording vir die daarstelling of samestelling van 'n bepaalde groep, geskied na aanleiding van sekere aanduidings van behoeftes vir groepdienste, onder die gevallelading van die maatskaplike werker self, of in 'n instansie waar hy werksaam is. Soms ontvang die maatskaplike groepwerker voorstelle van mede maatskaplike werkers of sy supervisor, dat daar behoefte bestaan vir die daarstelling van 'n bepaalde groep.

Daar is hierbo na die moontlike ambivalente gevoelens verwys. Vandat die werker dus oorgaan tot die selektering van die groeplede, is dit belangrik dat hy vir homself 'n paar belangrike vrae sal afvra. Hy moet weet of hy bereid en in staat is om sy eie ambivalensie onder oë te kry, sy gevoelens van spanning, verwagting en onsekerheid te sien as realiteite en dit dienooreenkomstig te verwerk. Indien die werker self deur sy eie gevoelens geblokkeer is, kan hy die lede nie help om hierdie aanvangstadium van die groep, as 'n waardevolle ervaring te belewe nie. Die werker moet homself leer ken, ook in die wyse waarop hy reageer op menslike nood, behoeftes, verskil in gedrag, standpunte, kultuur, opvoeding en in groepsituasies.

Dit is belangrik dat die werker sal weet wat hy met die groep beoog. Hy moet reeds 'n moontlike program opstel vir voorlopige bespreking met die groep, na aanleiding van hul gemeenskaplike probleem. Die groeplede se maksimum ervaring wat hulle kan verwerk en wat sinvol in verband gebring kan word met die doelstelling, vorm die kriterium van waaruit die maatskaplike groepwerker sy rol en werkswyse bepaal. Dit is uiters belangrik dat die maatskaplike groepwerker, soos 'n maatskaplike werker, nooit 'n

taak sal aanpak voordat hy nie vir homself die doel geformuleer het nie. Alles moet gesentreer wees rondom die terapeutiese doel.

Nijkerk[1] bestee baie aandag aan groepshantering. Hy bespreek 'n aantal moontlikhede om met groepe te werk, byvoorbeeld die besprekingsmetode, die paneel, die "forum en die incident-metode".

Hy sien die volgende as grondreëls vir groepshantering.

1 Die noodsaaklikheid van 'n duidelike doelstelling van die werk.
2 'n Grondige voorbereiding van die werkswyse wat beoog word om die doel te bereik.
3 Die feit dat 'n mens "bij het werken met groepen altijd te maken heeft met verschillende niveous van groepsfunctioneren."[2] Die maatskaplike groepwerker moet rekening hou met sigbare en onsigbare gebeurtenisse (byvoorbeeld onuitgesproke gevoelens), met talryke aktiwiteite en moeilik sigbare emosies.

Nou volg die daadwerklike selektering van groepslede. Die kliënt kom na die welsynsorganisasie vir hulp aangesien sy probleem vir hom te groot geword het. Die keuse van die metode van behandeling berus by die professionele persoon wat, met in agneming van die probleem en die kliënt se vermoëns en moontlikhede, die beste en effektiefste metode kies om sy probleme op te los. Die selektering berus dus hoofsaaklik by die maatskaplike groepwerker. In baie gevalle is 'n eenmalige selektering nie genoeg nie. Nadat

1) Vgl. Nijkerk, K.J. "Groepswerk - enkele fundamentele principes" In *Vorming* van Walters, J.B., Groningen, 1965. pp. 240-251.

2) Ibid.

die kliënt, wat die doel van die groep en sy insluiting in 'n sekere groep ken en verstaan, eers aktueel deel is van die groep, kan bepaal word of sy selektering geslaagd was of nie. In sommige gevalle kan die maatskaplike werker besluit dat die kliënt beter baat sal vind as lid van 'n ander groep, of deur middel van maatskaplike gevallewerk.

Verkieslik voer die maatskaplike groepwerker individuele onderhoude met die groeplid voor selektering en kan selektering dus tog redelik finaal gedoen word. Selektering is die belangrikste aspek van suksesvolle groepterapie. Alles draai om die verhouding van hierdie lede wat saam die groep vorm en wat as terapeutiese medium moet dien.

Daar word verskillende sienings nagehou oor die selektering. McCullough en Ely[1)] asook Trecker[2)] bespreek die volgende moontlikhede: Hulle sê sommige persone beweer dat dit die beste is om 'n lid in 'n groep te plaas:

- waar hy ten minste een ander lid goed ken en met hom vriende is,
- glad nie iemand anders ken nie,
- al die lede goed ken.

Selektering geskied rondom die volgende belangrike aspekte:

- 'n Gemeenskaplike probleem en behoefte en 'n ooreenstemmende belangstelling.
- Lede moet kan kommunikeer, hulle moet dus verbaal en nie-verbaal sinvol en logies hul saak kan stel of kommentaar lewer.

---

1) Vgl. McCullough & Ely. *Social work with groups*, p. 8.

2) Vgl. Trecker. *Social group work*, p. 98.

- Daar moet redelike homogeniteit wees oor die volgende: taal, kultuur, ouderdom, geslag, intellektuele- en opvoedingspeil en vorige ervaring van groepterapie.

Van die skrywers noem dat daar altyd sprake is van "natuurlike" seleksie. 'n Lid sal nie in 'n groep bly as hy nie daar tuis voel nie.

Nadat die selektering voltooi is, en die groep die eerste maal as groep funksioneer, begin al die groepfasette in werking tree. Nou is die maatskaplike werker, na al die voorafgaande voorbereiding - insluitende ook administratiewe sake wat gereël moet word - in die midde van die stryd. Nou is dit die toetrede tot sy taak as wetenskaplike, as gids, as instaatsteller. As ons nou weer van die kant van die kliënte na die ontwikkelingsproses kyk, sien ons duidelik daarin die rol wat die werker moet vervul.

Baie belangrik is dit dat die maatskaplike groepwerker by die aanvang van die groep, sal stilstaan by die doel van die byeenkoms en van die groep. Met behulp van die lede moet hy die doel uiteensit en sodoende ook die beoogde programme bespreek en beplan.

Waarneming is 'n belangrike eis wat aan die groepwerker gestel word, nie alleen om later daarmee te gaan verslag skryf nie, maar ter wille van die terapie aan elke lid. Dit kan beweer word dat die maatskaplike groepwerker baie meer en intensiewer waarneming het om te doen as die maatskaplike gevallewerker, aangesien daar soveel meer kliënte is wat individueel waargeneem moet word, asook die interaksie in die groep.

Bennis en Shepard[1] noem vier waarnemingsmetodes:

- Waarneming van interaksie naamlik, wie neem deel aan die interaksie, die duur en frekwensie daarvan, asook wat en hoe iets gesê word. (Hulle noem dat hierdie interaksie analisties in groter organisasies gebruik word, vir navorsingswerk oor besluitvormingsprosesse en kommunikasiesisteme.)
- Die inhoudelike aspek van die wisselwerking, byvoorbeeld die aanduiding van solidariteit, lughartigheid of kritiek op andere of op die self. Die skrywers meen, indien die groepproses sorgvuldig gevolg moet word na aanleiding van die interaksies, is dit maklik om insig te verkry in die niedoelgerigte verloop van die proses en die aandeel van die groeplede en die groepwerker. Dit behoort interessante navorsingsmateriaal te wees, om na elke groepbyeenkoms die hele middag se gebeure sŏ te evalueer.
- Die analise van groepsmentaliteit of groepsgees. Hier kan onder andere genoem word die ontvlugting of bestryding van groepsopdragte, die lede se soeke na veiligheid deur kontak met ander groeplede of die opbou van 'n afhanklikheidsverhouding met die werker.
- Die ingesteldheid op die rol van elke individuele groeplid in die groepproses, met die vraag na die betekenis en die konsekwensies van hierdie rolle vir die groeplid self, vir ander lede, vir die integrasie van die groep en vir die bereiking van die doelsdoel.

By die interpretasie van die waarneming sal ook rekening gehou moet word met die leeftyd van die groeplede, die samestelling van

---

1) Vgl. Bennis, W.G. & Shepard, H.A. "Group observation In *The Planning of change*, Ed. W.G. Bennis e.a. New York, Holt, Rinehart & Winston, 1962. pp. 743-756.

die groep, die fase van die groepwerkproses en waar nodig, besonderhede oor individuele groeplede. Elke individu is uniek en moet so behandel word - ook binne die groep.

In hierdie aanvangsfase of selfs nog voor die samestelling van die groep, is dit belangrik dat die werker al die moontlikhede en beperkthede van die organisasie se dienste, aan die kliënte moet verduidelik.

So ook is dit belangrik dat die groeplede sal weet waarom hulle in die groep is, wat die doel is en dat dit gaan om hul eie voordeel en herstel. Dit beteken dat die werker nie om die werklike doel moet draaie loop net om die lede se vertroue te wen of hulle oënskynlik te beskerm nie. Dit sal die hele behandelingsproses aansienlik vertraag en kliënte mag nooit met 'n valse voorwendsel na behandeling of hulp gelei word nie. Die maatskaplike groepwerker is verder 'n verteenwoordiger van die bepaalde instansie in wie se diens hy staan. Hy moet dus te alle tye volgens die bepalings in sy dienskontrak en in ooreenstemming met die beleid van die instansie, optree.

Soos reeds bespreek, vereis die aanvangstadium van die werker veel meer as enige ander stadium. 'n Baie belangrike rol wat hy in hierdie stadium moet vervul, is byvoorbeeld die leiding en inisiëring, die stuur en rig van die so belangrike apparaat in sy hand, naamlik, die groepfasette, wat met die aanvang van die groep in werking tree. Omdat baie van die lede aan die begin nie presies weet wat met die groep beoog word nie en die ander lede vir hul vreemd is, is die leiersrol van die werker hier sterk op die voorgrond.

Dit is belangrik dat elke lid moet inskakel by die groep en die beste daaruit moet haal vir homself. Die lede moet daartoe gehelp

en in staat gestel word. Individuele gesprekke met die lede buite die groep deur die maatskaplike werker, is soms nodig. Hierdie gesprekke handel oor die lid se inskakeling in die groep. Lede moet gehelp word om op bevredigende wyse insig in hul konflikte en spanninge te verkry.

Montelius[1)] som die gebeure van die eerste fase min of meer soos volg op:

- Inisiëring van 'n groep deur die werker byvoorbeeld, watter tipe groep die gemeenskaplike behoefte van die kliënte die beste sal bevredig, 'n tydelike beraming van hoe lank die groep min of meer sal voortgaan en hoeveel kliënte ingeskakel kan word.
- Selektering van kliënte en samestelling van die groep. Oor die algemeen word kliënte na die groepwerker verwys deur die gevallewerkers. Dan is daar ook die vraag of die kliënt se gevallewerker ook sy groepwerker moet wees. Indien die kliënt se maatskaplike groep- en gevallewerker twee verskillende persone is, is dit egter belangrik dat die gevallewerker voortdurend op die hoogte gehou moet word met die kliënt se vordering in die groep.
- Klassifikasie van die kliënt se groepsdoel en -proses. Die kliënt moet weet waarom hy lid van die groep is en wat van hom verwag word.
- Hulp aan lede om in 'n betekenisvolle verhouding tot die werker en medegroepslede te staan. Omdat die werker die fokuspunt is, mag daar aan die begin aanvalle teen hom geloots word, maar dit moet teruggefokus word na die groep om te beantwoord. Lede moet gehelp word om met mekaar te identifi=

---

1) Vgl. Montelius. *Working with groups: A guide for administration of group services in public welfare.* pp. 26-35.

seer.

- Selektering van items vir bespreking. Voordat die lede die groep hul eie gemaak het, en gereed is om te help met die op= stel van die program, moet die werker die inisiatief neem.
- Aanmoediging van groepbesprekings.
- Voorbereiding om te ontwikkel vir intensiewe terapie en die konfrontasie met hul werklike probleme.

b Die rol van die maatskaplike groepwerker in die middelperiode van die terapeutiese proses

In hierdie periode ken die werker en die lede mekaar goed. Daar het reeds die "ons" gevoel ontstaan. Die groeplede het in ver= skillende situasies ontdek dat die groepbesprekings en die saam doen, moontlikhede bied wat deur individuele kliënte nooit alleen bereik sou word nie. Die lede en die werker staan gekonfronteerd met mekaar se sterk en swak punte.

Die genoemde punte onder die aanvangsfase, is in die verdere ont= wikkeling van die groepwerkproses net so van krag. Die werker moet homself kan hanteer in die groepsverhouding, en wel in 'n meer terugtredende rol, sodat die groep self meer op die voorgrond kom. Dit is baie belangrik dat die groepwerker nou die regte mo= mente moet uitsoek om toe te tree tot die bespreking. Die groep= lede raak al hoe meer persoonlik betrokke en die werker moet reeds in die middelfase vir homself die saak begin uitmaak, hoe hy die groep nog wil help. Die rol as gids staan sterk uit, want die gids moet weet waar om eie inisiatief aan sy mense oor te laat en waar om in te gryp en leiding en hulp te verskaf. Tydens hierdie periode moet lede gelei word om saam in die groep waardes en norme op te stel, wat hul hul eie moet maak.

Die program waaraan die lede onder leiding van die groepwerker nou

'n volle aandeel moet hê om steeds doelgerig te bly, moet gerig wees om die maksimum verantwoordelikheid aan die groeplede oor te laat. Die groep, as terapeutiese medium en oefenskool, is nou ryp om gebruik te word. Die lede en groep as geheel moet gelei word om die maksimum daaruit te kry.

"De groep heeft ruimte voor overleg en ixperiment nodig en het behoort tot de functie van de groepswerker om dese ruimte te creëren en eventueel bij te sturen in het gesprek, de besluitvorming en tijdens niet-verbale activiteiten daar, waar de groepsleden het doel uit het oog verliezen."[1)]

Die werker moet die lede lei om te antwoord op die belangrike vrae waarmee hulle in 'n terapeutiese groep gekonfronteer word. Elke lid moet self antwoord. Hofmeyer sê: "Die noodsituasie word op hierdie wyse omvorm vanaf 'n verleentheid tot 'n geleentheid deurdat groeplede daaroor heen kan triomfeer deur op verantwoordelike wyse te antwoord op aangesprokenheid ten opsigte van medemenslike verhoudings."[2)]

Die doel van die groep rig die program. Die program moet soepel wees om by nuwe behoeftes wat in die ontwikkeling van die groep voorkom, aan te pas.

Deur gebruik te maak van gewone verbale besprekings, mag daar by sommige lede nog blokkerings bestaan waardeur hulle nie kan breek nie. Afhangende van wie die groeplede is, kan die werker ook gebruik maak van die volgende hulpmiddels:

- Sosiodrama en psigodrama. Wilson en Ryland omskryf dit só:

---

1) Van Stegeren. *Groepwerk: een nederlandse oriëntering,* p.79.
2) Hofmeyer. *Die groepsgesprek in maatskaplike groepwerk,* p.31.

"psycho-drama has been defined as a deep-action method of dealing with interpersonal relations and private ideologies ..."[1] Die doel hiervan - ook van sosiodrama - is om 'n basis vir bespreking te vind. Deur byvoorbeeld 'n jeugdige die moederrol te laat speel teenoor haar "kind", kan die werklike verhouding baie duideliker uitgebeeld word, as wat dit in woorde gesê word.

- Verhale te vertel en/of storie lees. Hierdeur kan sekere waardes en norme maklik tuisgebring of oorgedra word.
- Kuns en kunsvlyt. Veral in die psigologie word hierdie terapie baie gebruik. In die maatskaplike werk kan dit met net soveel vrug gebruik word omdat dit 'n voorkomende, diagnostiese en terapeutiese waarde het.
- Sekere media soos hout, klei, verf en materiaal waardeur iets geskep word. Die skeppende vermoë van die mens mag nooit uitgelaat word by enige terapie nie, aangesien daardeur persoonlikheidsuitdrukking en -ontwikkeling plaasvind, asook 'n praktiese emosionele vrylating van die skeppingsdrang. Die terapeutiese waarde van 'n spyker in hout in te slaan of verf oor papier te sprei, waardeur frustrasie tot uitdrukking kan kom, is groot.
- Spel kan gebruik word, nie alleen vir ontspanning op bepaalde tye nie. As speletjies reg gekies word, kan dit groot waarde hê in groepsontwikkeling byvoorbeeld, bepaalde posisies wat lede inneem, die bedrewenheidsfaktor en die gehoorsaming van reëls.
- Musiek is waardevol met die oog op uitdrukking of versterking van bepaalde gevoelens by die lede.
- Uitstappies in die natuur, of afwisseling van bepaalde lokale.

---

1) Wilson & Ryland. *Social group work practice,* p. 299.

Daar moet gewaak word dat die werker, in sy ywer en haas om by die groepsdoel en individuele doelstellings van lede uit te kom, nie die groepproses geforseer laat voorkom nie. In elke onderhoud het dit soveel meer betekenis om die vrae oor die kliënt - in hierdie geval die groep - terug te gooi vir beantwoording as wat die werker self die antwoorde verstrek. Die terapeutiese waarde van die groep lê onder andere daarin dat die werker die minimum sê en die groep lei om self die bespreking oor te neem, self die ant=woorde op hul vrae uit te worstel en self daardeur tot 'n bevredi=gende oplossing te kom. Dit is ook in ooreenstemming met die basiese beginsel van maatskaplike werk, naamlik dat elke mens vir homself kan besluit. Hy moet egter ook die verantwoordelikheid daarvoor dra.

Die lede moet mekaar en die werker vertrou en hierdie vertrouens=verhouding word grootliks deur die werker bepaal en beklemtoon.

Die terapeutiese waarde van die groep lê verder daarin dat die lede deur die werker en ander lede gestimuleer word om hul probleem uit te praat. Om die lede te laat praat, beteken dat die werker moet luister. Wanneer 'n persoon oor sy probleme praat, bly dit nie vir hom net by denke nie, maar moet hy sy probleem in woorde stel. Wanneer 'n probleem eers geformuleer is, is dit al soveel makliker om ook 'n oplossing te formuleer.

Die groot taak van die werker in die middelperiode is om bewuste=lik en doelgerig 'n ruimte aan die kliënte te bied vir beplanning, besluitvorming en erkenning van eie verantwoordelikheid. Hier=deur kan die integrasieproses tussen individuele motivering tot deelname, individuele doel, groepsdoel en instellingsdoel, 'n werklikheid word.

c Die rol van die maatskaplike groepwerker in die afrondingsfase van die terapeutiese proses

Die rol van die maatskaplike groepwerker in die afrondingsfase van die terapeutiese proses is 'n aspek wat nog nie baie aandag in die literatuur ontvang het nie. Hier kom die rol van die werker as ondersteuner sterk na vore. Soos in die ontwikkeling van die groepwerk voorheen genoem is, sal daar 'n moment kom wanneer van die groeplede hul geïnteresseerdheid in die groep begin verloor. Die lede het dus by 'n "versadigingspunt" ten opsigte van die groepsdoel gekom. Hierdie afrondingstadium is dié tyd van sorgvuldige evaluering van hoe ver die werker en die lede gevorder het in die doelbereiking van die groep as geheel en van individuele lede. Dit is die fase waarin die lede hul nuut gevonde waarde en norme sisteem stabiliseer. Hulle maak hulself stadig los van die groep en knoop hul weer aan die gemeenskap waarin hul weer maatskaplik selfstandig funksioneer. Hulle het vir 'n tyd die ondersteuning en onderskraging van die medegroeplede en die groepwerker nodig, maar nie meer die groep as terapeutiese medium nie.

Beal skryf: "... evaluation is a means to an end. Its prime purpose is to indicate changes for the future which will increase group productivity, maturity and worth."[1)]

Evaluering vind plaas reeds vanaf die aanvangstadium van die groep, maar die intensiteit verhoog na mate die groep die einde bereik. Sonder evaluering sal die maatskaplike groepwerk-doel maklik uit die oog verloor word. Evaluering hou die lede en die werker doelgerig in hul program en besprekings. Dit sluit dus oordenking van dit wat reeds gebeur het in, maar ook dit waarop die doel

1) Beal, G.M. e.a. *Leadership and dynamic group action.* Iowa. The Iowa State University Press. Fourth printing, 1967. p. 168.

toegespits is. Om te kan evalueer beteken dat die werker en die lede, wat geskool moet word om mee te help in evaluering, weet na watter standaard van doelbereiking hulle streef.

Hamilton meen: "To help the person return as soon as possible to natural channels of activity with strengthened relationships."[1]

Saam met evaluasie gaan diagnose. Evaluasie kan in die mediese wetenskap vergelyk word met die ondersoek en diagnose; watter siekte daar aanwesig is, of hoe ver die siekte gevorder of herstel het en dan die belangrikste, watter behandeling moet gevolg word. In die maatskaplike werk, beteken evaluasie die vakkundige mening met betrekking tot die kliënt en diagnose van die vakkundige me= ning met betrekking tot die probleem.

Montelius[2] gee die volgende as kriterium vir die evaluering van groepdienste: Die maatskaplike groepwerker moet vir homself die volgende vrae afvra:

- Is daar 'n verandering in die voorkoms van die kliënt.
- Is die kliënt meer of minder behoudend as voor die groep 'n aanvang geneem het.
- Stel die kliënt belang om te leer.
- Blyk dit dat die kliënt meer begrip en kennis het van sekere sake.
- Hoe sien die kliënt sy verhouding met die maatskaplike werker - is daar 'n verandering te bespeur.
- Het die kliënt enige belangstelling ontwikkel in aktiwiteite in die gemeenskap.

---

1) Hamilton, Gordon. *Theory and practice of social casework.* New York, Columbia University Press, 1959. p. 236.

2) Vgl. Montelius. *Working with groups,* p. 50.

- Het die kliënt meer belangstelling in aktuele sake ontwikkel.
- Is die kliënt meer gereed om hulpbronne in die gemeenskap te gebruik.
- Openbaar die kliënt werklike belangstelling in sy mede groeplede.
- Tot watter mate het die kliënt in die groep verantwoordelikheid gedra.

Hierdie samevatting van Montelius kom ooreen met die definisie van die Woordeboek vir Maatskaplike Werk van die begrip evaluering.[1)]

Dit bring die maatskaplike groepwerker primêr weer te staan voor elke individuele groeplid wat hy met die selektering in 'n groep as terapeutiese medium geplaas het. In maatskaplike groepwerk werk die werker tot op die laaste met die groep wat bestáán uit individue. Met die evaluering kom die werker te staan voor die vraag of die groep sy doel bereik het. 'n Belangrike vraag is, of elke individu by sy behandelingsdoel uitgekom het.

Die groepwerker sal sorgvuldig moet oorweeg op watter wyse hy die groepwerkproses wil afrond en afsluit. Vir sommige van die lede sal die beëindiging van hierdie groep ook die beëindiging van maatskaplikewerk-dienste beteken. Ander sal weer maatskaplike gevallewerk terapie benodig. Ander sal gehelp moet word om in nuwe groepe in te skakel. Die afronding moet egter vir almal 'n bevredigende uitwerking hê. Die kliënt kom vra nie om doeltreffend in 'n groep ingeskakel te word nie, maar vra hulp in die oplossing van sy probleem.

Van Stegeren meen "de afronding van een groepwerkproces is als het

1) *Woordeboek vir maatskaplike werk,* p. 15.

ware een proef op de 'functionele som'."[1]

By die afsluiting sal die groeplede verskillend reageer. Lede wat nog nie veilig genoeg voel om selfstandig voort te gaan nie, kan bedreig voel. Andere mag afhanklik wees van die groep, of werker of van een of meer van die groeplede. Hulle moet verder gehelp word tot selfstandigheid.

Northen praat oor die verlies wat noodwendig by al die lede na die afsluiting teenwoordig sal wees, en meen dat dit verminder of uitgeskakel kan word "... by the client's own growing sense of strength, by a comforting feeling of improvement because of the channelising of his activities into ego building and enlarge social activities and interests with the realization of the worker's continuing good will and the fact that he can return to the agency if necessary."[2]

Du Preez[3] meen dat geen resep gegee kan word wanneer groepe afgesluit moet word, of nie, maar noem die volgende faktore as aanduiding vir afsluiting: Die meeste doelstellings is reeds bereik; groeplede praat onderling van die verandering wat by hulle ingetree het; die struktuur raak meer buigsaam; bywoning verswak; lede raak geneig om onderlinge kontak in die groep te verbreek en verhoudinge na buite aan te knoop; die waardes en norme van die groep mag met dié van die gemeenskap ooreenstem; daar bestaan meer selfdissipline by die lede individueel en groepsgebondenheid neem af.

Genoemde skrywer wys daarop dat die werker nooit die indruk moet

---

1) Van Stegeren. *Groepswerk: een Nederlandse oriëntering*, p. 85.

2) Northen. *Social work with groups*, p. 223.

3) Vgl. Du Preez. *Maatskaplike groepwerk*, p. 164.

wek dat hy finaal klaar is met die lede by die afsluiting van die groep nie. Sy haal Northen aan: "The worker's concern for the members does not stop on the last day and the members need to know this."[1)]

Wanneer gepraat word oor die afsluiting van 'n groep is dit ook nodig om te dink aan die tydperk en verloop van die groep. In maatskaplike werk waar dit in groepe gaan om 'n terapeutiese doel, moet gedink word of groepe jaar na jaar net so oorgeneem moet word en net so moet aangaan. Afsluiting is noodsaaklik wanneer die doel bereik is. Die samestelling van 'n nuwe groep met 'n nuwe doel kan meer waarde hê as om jare aan te gaan en 'n vae ontwikkelingsdoel vir die groep te stel. Die beoogde groeiproses kan onderverdeel word om so by bepaalde doelstelling te kom. Dit dui slegs die einde van 'n sub-proses in terme van die kliënt(e) se ontwikkeling aan byvoorbeeld, min of meer deurlopende maatskaplike groepwerk met kinders in kinderhuise, maar met of deur middel van verskillende groepsamestellings.

In aansluiting by hierdie ontwikkelingsproses van die groep, sien Heyns[2)] die hipotetiese ontwikkelingstadia van die interaksieproses soos volg:

- Weinig interaksie: Die terapeut word elke keer aangespreek. Die onderwerpe van bespreking staan los van mekaar sodat daar geen kontinuïteit in die gesprek is nie. Elkeen vertel sy eie verhaal.
- Geringe interaksie: Die terapeut word nog in hoofsaak aangespreek. Die besprekings sluit meer by mekaar aan.

---

1) Northen soos aangehaal deur Du Preez. *Maatskaplike groepwerk*, p. 165.

2) Vgl. Heyns. *Die invloed van groepterapie op nywerheidskoolseuns*, p. 43.

- Interaksie op die vlak van hartlike spontane kommunikasie: Hoewel die terapeut ook aangespreek word, praat groeplede die meeste met mekaar. Bespreking sentreer nou ordelik rondom 'n bepaalde onderwerp.
- Interaksie op die vlak van terugvoering: 'n Groeplid word direk aangespreek en ingelig oor hoe sy optrede en persoon= likheid deur ander waargeneem word. Hy kry dus 'n spieël= beeld van homself.
- Interaksie op die vlak van konfrontasie: Groeplede kom in direkte konflik, maar dit word suksesvol verwerk. Lede voel vry om hulself te ondersoek en noue kontak met andere te maak. Sodoende word die terapeutiese potensiaal wat in groepinteraksie opgesluit lê, ten volle benut.

Vanaf die samestelling van die groep tot en met die afsluiting, is dit so belangrik dat die werker getrou sal wees in verslagskrywing. Dit is 'n uitgemaakte saak dat maatskaplike werk nie gedoen kan word sonder volledige verslagskrywing nie. Le Grange[1)] sê ver= slagskrywing is noodsaaklik om die volgende redes:

- Die werker gee daardeur rekenskap aan homself ten opsigte van die behandeling van die kliënt.
- Noodsaaklik vir die supervisor, praktykleiding en paneelbe= sprekings.
- Die organisasie baat daarby, want beter dienste word gelewer.
- Dit is 'n hulp sodat sekere belangrike gegewens nie vergeet word nie.
- Dit bring 'n aaneenvloeiing van die byeenkomste.
- Dit bewerk kontinuïteit waar 'n nuwe werker die groep of kliënt moet oorneem.

---

1) Vgl. Le Grange. *Programbeplanning as bedrewenheid in groep= werk: 'n Ondersoek na die toepassing van groepwerk in 'n plek van veiligheid en bewaring in Port Elizabeth,* p. 55.

- Dit bied navorsingsmoontlikhede.
- Dit bied nuttige opleidingsmateriaal.

Om die bogenoemde saam te vat, gebruik ons Konopka[1] se samevatting van die rol, taak en funksie van die maatskaplike werker:

- Erkenning (uitkenning) en daadwerklike aksie in verhouding tot die unieke verskil van elke individu (individuelisasie in die groep). Die werker moet verstaan om elke individu in verband met sy eie individuele behoeftes te help, in verhouding tot die behoeftes van die groep en die samelewing waarin hy weer gaan staan, nadat die terapie verby is. Dit sluit in bedrewenheid in diagnose en die bedrewenheid van fokus op die individu in die groep.
- Erkenning en aksie in verhouding tot die groot verskeidenheid van groepe. (Individualisasie van groepe.) Die werker moet besef dat die groep meer is as net die som van individue. Dit is 'n organiese geheel met spesifieke karakteristieke wat eie is aan elke groep. Dit kom tot uitdrukking in sy vorm van groepsgebondenheid, interaksie tussen sy lede, sy subgroep, leierskap en andere. Die karakter van die groep sal verband hou met sy doel en samestelling.
- Ware aanvaarding van elke individu met sy unieke sterk punte en swakhede. Die werker behoort nie net die individu te verstaan nie, maar moet ook optree op 'n wyse soos deur sy professie bepaal. Aanvaarding sluit die professie se waarde oriëntasie, respek en agting vir elke individu in. Hy keur nie noodwendig elke individu se aksies of kwaliteite goed nie, maar hy gebruik egter 'n sekere waardesisteem waaraan hy die individu meet.

---

1) Vgl. Konopka. *Social group work,* pp. 165-189.

- Daarstelling van 'n doelgerigte verhouding tussen groepwerker en groeplede. Maatskaplike groepwerk is gebaseer op die stelling dat 'n verandering in 'n individu alleen bewerkstellig kan word deur beïnvloeding van ander.
- Aanmoediging en instaatstelling van die helpende en samewerkende verhoudings tussen lede. Hierdie verhouding is net so belangrik soos die verhouding met die werker.
- Geskikte verandering van die groepproses. Dit kom tot uitdrukking in interverhoudings tussen lede; die vorming van sub-groepe; ontwikkeling van groepgebondenheid en leierskap. Die groepwerker moet hierdie konstellasie sien, diagnosties ondersoek, weet wanneer om daarmee te werk en om dit te versterk of help om te verander.
- Om elke lid in staat te stel om deel te neem in ooreenstemming met sy bepaalde moontlikhede en om beter deel te neem op sy eie vlak.
- Stel lede in staat om hulself in te sluit by die proses van probleemoplossing. Die groepwerker los nie probleme vir hulle op nie. Hy moet waak om nie altyd beter te weet wat reg is vir die kliënte nie. Hy help lede om self deel te vorm van probleemoplossing.
- Stel lede in staat om bevredigende vorme van probleemoplossing te vind. Die kliënt moet gehelp word om die saak uit te praat of om tot 'n kompromie te kom.
- Daarstelling van geleenthede vir nuwe en verskillende ondervindings in verhoudingsbegaafdhede. Die moontlikheid vir ontwikkeling van die lede moet gebruik word.
- Oordeelkundige gebruik van beperkings van die individu in ooreenstemming met die diagnostiese raming van elke individu deur die maatskaplike groepwerker en die groep as geheel. Beperkings is absoluut noodsaaklik wanneer met mense gewerk word en dit moet die werker aanvaar. Dit beteken die

diagnostiese denke en bedrewe gebruik van alle groepwerk media.

- Doelgerigte en afwisselende programgebruik in ooreenstemming met diagnostiese evaluasie van die individu, die groep en bestaande maatskaplikewerk-doelstellings.

Die program moet beplan word na aanleiding van die probleem en belangstelling van die lede.

- Voortdurende evaluasie van die individu en die groep. Dit help om die groepwerker se doel effektief en doelgerig te hou.
- "Warme", menslike en gedissiplineerde houding van die maatskaplike groepwerker. Die groepwerker se benadering (en gesindheid) ten opsigte van die groep is belangrik. Hy moet voorkóm dat hy die groep vir sy eie bevrediging gebruik en moet voortdurend werklik mens bly.

Dit is belangrik dat die werker sal onthou dat:

- Hy nie 'n groeplid is nie.
- Hy die terapeut is en die lede en die groep moet lei om tot die geheel of gedeeltelike oplossing van hul probleem te kom.
- Hy die verteenwoordiger van 'n instansie is en daarvolgens moet optree.
- Hy nooit besluite namens 'n kliënt of die groep neem nie.
- Hy die rol van die werker so aan die groep moet interpreteer.

Daar is bepaalde faktore wat die rol, en optrede van die werker sal beïnvloed:

- Die soort groep waarmee hy werk.
- Die belangstelling, nood, moontlikhede en beperkings en bestaande waardes en norme van die individuele lede.

- Die tipe en hoeveelheid hulp wat die groep benodig en die lede se gemotiveerdheid en bereidheid om hulp van die werker en die groep te ontvang.
- Die gemeenskap, waarvan die lede deel is, met hulle standaarde, lewensverwagtings en waarde- en normesisteme.
- Die oogmerke en funksies wat die diensinstansie van die maatskaplike werker, beoog.
- Die werker se kennis, bedrewenhede, vaardighede en diensmotief.

Vinter[1], in aanvulling tot Konopka se samevatting van die rol van die werker, gee die volgende as direkte metode van beïnvloeding deur die werker:

- Die werker is sentrale persoon in die groep. Omdat die werker die groep saamstel, 'n sekere status geniet met die aanvang van die groep en die enigste is wat al die lede ken.
- Die werker is simbool en "spokesman" van wettige norme en waardes. Meeste van die kliënte het probleme met die hantering van sekere waardes en norme en dit vorm in baie gevalle die grootste oorsaak van hul maatskaplike funksioneringsprobleme. Die werker mag dien as personifikasie van waardes en norme. Hy dwing nooit sy waardes en norme op kliënte af nie, maar probeer die standaard stel van die norme en waardes, volgens sy maatstaf as maatskaplike werker met 'n Christelike mensbeskouing.
- Die werker is motiveerder, stimuleerder en definieerder van die individuele taak en doel. Dit kan die vorm aanneem van sekere objekte of verwagtinge by kliënte, soos byvoorbeeld die aanpak van 'n bepaalde projek of bedrewenheid. Dit kan ook wees die stimulering tot deelname aan bepaalde gedrag.

---

1) Vgl. Vinter. *Group work practice*, pp. 20-38.

- Die werker is uitvoerder en kontroleerder van lede se rolle. Die werker sien om na die lede se algemene oriëntering en rolvervulling binne die groep en so ver moontlik, ook rolle buite die groep.

Die werker het ook 'n rol ten opsigte van indirekte beïnvloeding.

- By die formulering van groepdoelstelling deur homself en die lede.
- Doelgerigte en bepaalde seleksie.
- Hantering van groepskomponente.

"Therefore the worker must act continuously both to effect treatment at any given moment, and to facilitate the long-run development of a cohesive and viable group."[1)]

Northen[2)] noem hierby die werker en die lede se rol om 'n medegroeplid te konfronteer, of te help met verheldering van 'n saak. Hy wys ook op die werker se rol ten opsigte van "feedback". Dit is vir die werker belangrik om die lede te toets ten einde stabiliteit en verandering te evalueer. Saam met die lede moet die werker poog om spanningstoestande in die omgewing waarin die groeplid leef, te verwyder. Dit het baie min terapeutiese waarde om 'n kliënt uit 'n spanningsvolle gemeenskap te haal, op hom terapie toe te pas en weer terug te plaas in dieselfde "siek" omgewing. Dit is dus belangrik om ook aspekte van gemeenskapsorganisasie en omgewingsmanipulasie deur middel van maatskaplike gevallewerk of groepterapie met gesinne, voortdurend in gedagte te hou.

Ten slotte word die maatskaplike werker net soos sy kliënte, ook

---

1) Vinter. *Group work practice,* p. 36.

2) Vgl. Northen. *Social work with groups,* pp. 53-99.

gesien as beelddraer van God wat ook in die vier verhoudings naamlik, tot God, sy naaste, die kosmos en homself staan. Die uitleef van sy beeldskap en sy Christenskap sal duidelik blyk uit sy verhoudings, ook en veral met die kliënte.

## 4 ADMINISTRATIEWE AANPASSING WAT NODIG IS VIR DIE GEBRUIKMAKING VAN DIE MAATSKAPLIKE GROEPWERK METODE

Maatskaplike groepwerkdienste behoort nie net as uitsondering beskou te word nie, maar moet die taak en metode van elke maatskaplike werker wees. Montelius[1)] noem die volgende as moontlike behoeftes in maatskaplike groepwerkdienste.

- 'n Groot aantal besonderhede in verband met nuwe kliënte wat op dieselfde nood dui of 'n groot aantal heraansoeke vir hulp in verband met dieselfde probleem.
- 'n Aantal kliënte met 'n behoefte aan formele of informele leerervarings, byvoorbeeld gebrekkige kennis in verband met die soek van werksgeleenthede, geldbesteding en opstel van 'n begroting en swak verhoudings met hul familie of gemeenskap.
- Kliënte met 'n gemeenskaplike probleem byvoorbeeld ongehude moeder, onvolledige gesinne en jong weduwees.
- Persone wat dienste lewer aan instansies en wat hulp en onderskraging nodig het, byvoorbeeld pleegouers en pleegfamilies van bejaardes.

Hierdie is egter net 'n aanduiding, aangesien elke maatskaplike werker gou sal weet wat die behoeftes van sy kliënte is en hoe dit hanteer moet word.

Al maak die instansie net voorsiening vir een groep, is die

---

1) Vgl. Montelius. *Working with groups*, p. 38.

volgende administratiewe aanpassings nodig:

- Insluiting van die personeel in die beplanning van groepdienste, byvoorbeeld is een maatskaplike groepwerker verantwoordelik vir die hantering van die maatskaplike groepwerkdienste van daardie instansie of, is elke groepwerker verantwoordelik vir die hantering van sy eie groepe.
- Supervisiemoontlikhede moet geskep word.
- Prosedures van verslagskrywing wat die behoeftes van die kliënt sowel as die instansie sal bevredig, moet opgestel word.
- Vorms en prosedures wat nodig is, moet ontwerp word.
- Geskikte lokaal en apparaat, indien benodig, moet verkry word.
- Enige fondse wat benodig mag word, moet voorsien word.
- 'n Kriterium vir die evaluering van groepdienste moet uitgewerk word.
- Indiensopleidingskemas vir die maatskaplike werkers wat betrokke is by groepwerk, moet voorsien word.
- Beleidsveranderings wat mag voorkom, moet opgestel word.

Montelius[1] noem die volgende aanpassings ten opsigte van:

- Vorms en prosedures: (veral in groot kantore). Om personeel in kennis te stel van die instelling van maatskaplike groepwerkdienste; aansoekvorms wat deur gevallewerkers voltooi moet word vir inskakeling van 'n bepaalde kliënt by 'n sekere groep; voorbereidingsvorms vir elke groep wat deur die groepwerkers voltooi word, voordat na die groep gegaan word met die oog op doelbepaling en groepshantering; vorderingsvorms vir terugrapportering aan gevallewerkers en evaluasievorms.

---

1) Vgl. Montelius. *Working with groups*, pp. 40-58.

- Inligting wat op gevallewerkrekords kom: Waarom kliënt na 'n gröep verwys is; opmerkings van groepwerker; evaluasie=verslag van groepwerker; opmerkings van gevallewerker oor aansluiting en dienslewering na beëindiging van groepdienste en opmerkings van kliënt oor die nut en waarde van groep- en gevallewerkdienste.
- Finansiële onkoste: Die vervoerkoste indien die instansie reël vir die vervoer van die kliënte na die groep; verskaf=fing van verversings; versorging van groeplede se kinders; materiaal, apparaat en lokaal.
- Personeel en beleid: Beleidsformulering ten opsigte van maatskaplike groepwerk; supervisor, praktykleier, navorsing; indiensopleiding; koördinering van die organisasie se dien=ste en evaluasie van die dienste.
- Administratiewe hulpmiddels: subsidie; kantoorakkommodasie en toerusting; vervoer en vrywillige werkkragte.
- Werklading van groepwerkers: Geografiese verspreidheid; aard van groep; ervaring van werker; tyd bestee aan ander pligte en die kwaliteit en kwantiteit van werk.
- Welsynsinstansie se doel met die maatskaplike groepwerkdien=ste: wat bied die instansie aan die groep(e); verhouding tussen instansie en kliënte en die verband tussen die instan=sie en die werker.

## 5 SAMEVATTING

'n Maatskaplike groepwerker is 'n persoon wat 'n bepaalde maat=skaplikewerk-metode toepas naamlik, maatskaplike groepwerk. Die maatskaplike werker is 'n terapeut met bepaalde opleiding en ken=nis. Dieselfde persoonlikheidseienskappe wat benodig word vir 'n maatskaplike werker, geld net so vir die maatskaplike groepwer=ker soos onder andere, toegeneëntheid teenoor en liefde vir mense,

gebalanseerde persoonlikheid, verantwoordelikheid, agting en respek vir die mens as beelddraer van God.

Vir die beoefening van maatskaplike groepwerk is nodig sekere vaardighede en bedrewenhede om sy kennis toe te pas, bewerkstelliging van sinvolle verhoudings, hantering van 'n groepsituasie as terapeutiese medium, hantering van groepsfasette, hantering van kommunikasie en interaksie, hantering van elke lid se probleem, asook die gemeenskaplike nood van die groep en die maatskaplike groepwerker se hantering van homself.

Belangrik vir die beoefening van die maatskaplike groepwerk-metode is gereelde supervisie, praktykleiding en paneelbesprekings. Dit stel die maatskaplike groepwerker verder in staat om 'n doeltreffender wetenskaplike, gids, instaatsteller, helper en ondersteuner te wees vir en van sy kliënte.

Die rol, taak en funksie van die maatskaplike groepwerker kan ingedeel word in die aanvangs-, middel- en afsluitingsperiode van die groep. Die bewustheid van die noodsaaklikheid vir die stigting van die groep ontstaan by die maatskaplike groepwerker. Hy selekteer die kliënte en stel die groep saam. Die voorbereiding vir die groep en daarstelling van fasiliteite berus by hom. Die werker het 'n vooraf geformuleerde doel met die groep wat later met betrekking tot die nood en samewerking van die lede, gefinaliseer word soos die groep ontwikkel. Die werker help die lede inskakel in die groep, hy het 'n invloed op die ontwikkeling van die groepfasette en gebruik dit doelbewus vir die bereiking van die doel. Die werker help elke lid om die groep aan te wend tot sy voordeel. Die werker respekteer en gehoorsaam die basiese maatskaplikewerk-beginsels in die uitoefening van sy taak, asook dié van die instansie in wie se diens hy staan. Met die aanvang van die groep het die werker 'n groot taak ten opsigte van program-

beplanning, maar hy moet die lede help om die program te beplan na aanleiding van hul nood. Hy bied ruimte aan die lede vir be= planning, besluitvorming en eie oortuiging.

Veral in die afsluitingsperiode moet die groepwerker deeglik evalueer om te weet tot watter mate elke individu en die groep as geheel by doelbereiking uitgekom het. Met die afsluiting moet die werker nie die indruk wek dat hy finaal klaar is met die lede nie. Die lede moet na die werker kan terugkom vir hulp.

Met die afsluiting van die groep, kom die maatskaplike groepwerker weer te staan voor die individu dat hy in 'n groep geplaas het. Dit gaan dus, ook in groepwerk, om die belange van die individuele kliënt, al word sy terapie deur middel van 'n groepsmedium toege= pas. Dit beteken dat maatskaplike gevallewerk ten nouste gekop= pel is met maatskaplike groepwerk. Hierdie individu gaan weer terug na 'n gemeenskap. Sy inskakeling daar, vra van die maat= skaplike groepwerker kennis en bedrewenheid ten opsigte van maat= skaplike gemeenskapswerk.

Vir sommige lede sal die beëindiging van die groep, die afsluiting van sy maatskaplikewerk-terapie beteken. Vir ander mag dit slegs 'n aspek wees, afhangende van sy nood. Hiermee hou die maatskap= like groepwerker rekening en help die kliënt, indien daar voortge= gaan word met verdere terapie.

Verslagskrywing is essensieel en die werker mag dit nooit laat verlore gaan nie. Die werker is nooit 'n groeplid nie, maar al= tyd die professionele terapeut.

Wanneer maatskaplike groepwerk in 'n instansie gebruik word as me= tode, is sekere administratiewe aspekte noodsaaklik, onder andere personeel, fasiliteite, fondse, evaluasiekriteria en indiensoplei= dingskemas.

Ten slotte word 'n samevattende gevolgtrekking gemaak wat 'n voortvloeisel uit die navorsing is. Daar word ook sekere rig= lyne gegee met betrekking tot die rol wat die maatskaplike groep= werk kan inneem.

HOOFSTUK VIII

## SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKINGS EN TOEKOMSPERSPEKTIEF

Die mens as "materiaal" van maatskaplike werk, lewe in vier primêre of basiese verhoudings, naamlik tot God, sy medemens, homself en die kosmos. In die maatskaplike werk waar die mens met 'n mens werk, is 'n duidelike omlynde lewens-, wêreld- en mensbeskouing noodsaaklik. Hierdie studie is gedoen vanuit 'n Christelike lewens-, wêreld en mensbeskouing, wat die kern van die verhandeling vorm. Die mens as totaliteit word gesien as eenheidswese en unieke wese wat verskil van stof, plant, dier, medemens en God. Vanweë die sonde is die mens 'n gebroke wese, maar nog steeds 'n ewigheidsbestemde wese. Al is die beeld van God in die mens geskend, is dit nie weggeneem nie. Die mens is 'n geroepe wese met 'n taak en opdrag. Die mens is antwoordgewende wese en verbandwese. Die mens kan dus nooit alleen staan nie, maar is aangewese op sy vier primêre verhoudings.

Die ideaal vir die maatskaplike werk is die volwaardige maatskaplike funksionering van die mens. Die twee kern-elemente van maatskaplike funksionering kom neer op rolvervulling en verhoudings. Die belangrikste rolle in die mens se lewe is die volgende: Die mens se rol in die huisgesin en huwelik, die mens as opvoedeling en opvoeder, arbeider, kultuurbeoefenaar, die mens in sy sport en ontspanning, as staatsburger en kerklidmaat. Waar daar wanverhouding in die lewe van die mens, in enige van sy verhoudings ontstaan, veroorsaak dit wan-funksionering wat die totale mens in al sy rolle raak.

In die lewe van die kliënt van maatskaplike werk bestaan daar wanverhouding en wan-funksionering. Dit bring nood in die lewe van

die mens. Die oorsprong van die nood kan herlei word tot die sonde self of straf op die sonde. Die mens kan homself ook in nood dompel as gevolg van 'n gebrekkige verantwoordelikheidsin en roepingsvervulling. Nood word verskillend beleef deur verskillende persone. Die onbevredigendste nood by 'n persoon op 'n bepaalde tydstip, kan die dominante nood genoem word. Hierdie dominante nood kan van persoon tot persoon en van situasie tot situasie verskil. Soos nood, is lyding ook 'n verskyningsvorm in die lewe van die mens. Nood kan die gevolg of oorsaak van lyding in die lewe van die mens wees. Nood en lyding wek die medelye van die medemens. Afhangende van die intensiteit van nood, kan die hulpverlener 'n vrywillige of professionele persoon wees. Die maatskaplike nood van die mens, strem die maatskaplike funksionering van die mens.

Die Christelik-gefundeerde taak van die maatskaplike werk, kan soos volg saamgevat word: Die hulp van een mens (maatskaplike werker) aan 'n ander mens (kliënt) in nood, binne 'n bepaalde struktuur, op 'n bepaalde wyse met in agneming van bepaalde uitgangspunte en beginsels, sodat die kliënt sy roeping kan vervul, terwyl die maatskaplike werker, in die uitvoering van sy taak, roepingsgehoorsaam is.

Die mensbeskouing en basiese uitgangspunte is van wesensbelang in die maatskaplike werk. God het Sy enig-gebore Seun gestuur om vir die mens te sterf en dit gee aan die mens die hoogste waarde. Die mens moet as individu aanvaar word soos hy is. Die mens het nie net regte nie, maar ook verpligtinge en verantwoordelikhede. Die ontkenning van hierdie verantwoordelikhede bring nood en lyding in die mens se lewe. Een van die belangrikste verantwoordelikhede en verpligtinge, omdat die mens 'n antwoordwese is, is die mens se beslissingsverantwoordelikheid. Die regverdiging vir

die bestaan van maatskaplike werk word gestaaf deur die uitgangspunt dat die mens 'n veranderlike is en kan verander en groei op 'n positiewe wyse. Alle mense moet ook gelyke geleenthede tot ontwikkeling hê, binne perke van hulle onderskeie vermoëns en moontlikhede.

In die uitvoering van sy taak, maak die maatskaplike werk gebruik van instaatstellende metodes wat nie direk met die kliënt te doen het nie, maar wel indirek. Die maatskaplike werk het ook drie terapeutiese metodes, wat verdeel word in twee primêre terapeutiese metodes, naamlik maatskaplike gevallewerk en maatskaplike groepwerk. Hulle word so genoem, omdat hulle direk op die individu gerig is. Die sekondêre terapeutiese metodes is maatskaplike gemeenskapswerk. Hierdie metode werk nie direk met die individu nie, maar wel via die gemeenskap tot die voordeel van die individu. Hierdie metodes behoort altyd in aanvulling tot mekaar gebruik te word vir die beste resultate.

Maatskaplike groepwerk is 'n selfstandige metode van die maatskaplike werk, maar met dieselfde doelstellings as maatskaplike werk. Die groep word as terapeutiese medium daargestel en aangewend in die herstelling of verbetering van die maatskaplike funksionering van die mens. Die metode van hulpverlening moet altyd gekies word in ooreenstemming met die nood van die kliënt. Daar word onderskei tussen die proses in maatskaplike werk wat strek vanaf aanmelding van die kliënt tot en met sy selfstandige funksionering los van die hulp van die maatskaplike werk. In hierdie proses kan verskillende metodes gelyktydig of na mekaar gebruik word. 'n Volgende proses wat onderskei word, is die proses in maatskaplike groepwerk. Daar word onderskeid gemaak tussen 'n strukturele en 'n terapeutiese proses waar beweging en verandering by die kliënt teweeg gebring word. Laasgenoemde proses bestaan uit die

volgende drie fases, naamlik bevraagtekening, ("unfreezing"), verandering ("changing") en stabilisering ("refreezing"). Dit beteken dat die groeplede gelei word om hul bestaande waardes en norme te bevraagteken, deur introspeksie toe te pas. Na aanleiding van die maatstaf wat die maatskaplike werker aan die groep voorhou, toets die lede hul bestaande waardes en norme en vind dat dit in mindere of meerdere mate nie meer bevredigend is nie wat op sy beurt weer lei tot 'n strewe om te verander. Die nuut gekose waardes en norme moet gestabiliseer word in die groep om ook uit te dra na al die lewensrolle wat elke lid vervul. Hierdie proses dui op innerlike verandering, groei en ontwikkeling wat by die kliënt plaasvind. Die proses wat deur die maatskaplike groepwerker gevolg word, bestaan uit meer fases, maar sluit hierdie proses in. Elk van die fases of sub-prosesse is in sig self 'n proses. Daar moet verder onderskei word tussen die prosesse wat in die groepfasette voorkom. Elk van hierdie fasette is self ook 'n proses, naamlik, groepsvorming, strukturering, ontwikkeling van die atmosfeer, moreel en klimaat, die ontwikkeling van groepsnorme en -waardes, ontwikkeling van groepkontrole en -beheer en ontwikkeling van groepverhoudings asook interaksie.

Daar kan verskillende soorte groepe in die maatskaplike werk gebruik word, afhangende van die bepaalde doel. Daar is inligtingsgroepe, onderlinge ondersteuningsgroepe, groei-georiënteerde, taakgeoriënteerde, probleemgesentreerde en maatskaplike aksiegroepe.

In maatskaplike groepwerk is individualisasie 'n belangrike aspek. Dit verskil van maatskaplike gevallewerk in dié sin dat individualisasie alhoewel baie belangrik, 'n onderdeel van die groepwerkmetode uitmaak. Die rol van die individu in die groep kom daarop neer dat die individu die groep sy eie moet maak met behulp van die instaatstelling deur die maatskaplike werker. Alleen die heelhartige samewerking van die individu in die groep sal die

behandeling suksesvol maak. Die individu moet dus uit die groep neem soveel hy nodig het vir die oplossing van sy probleem en die herstelling van sy maatskaplike funksionering. Hy moet egter na vermoë aan die groep teruggee ten einde ander lede te help in die herstelling van hul maatskaplike funksionering. Die teenwoordigheid van ander individue in die terapeutiese proses en die invloed wat dit op die individu het (deur interaksie), beklemtoon juis die waarde van hierdie metode. Wanneer die individu sy probleem kan hanteer en die nuut aangeleerde waardes en norme in sy lewe gestabiliseer het, verloor die groep sy waarde vir die individu. Hy kan dus weer selfstandig maatskaplik funksioneer.

Die maatskaplike groepwerker is die professionele helper wat die mens help in die oplossing van sy probleem en nood as kenner of wetenskaplike, gids en instaatsteller. In die beoefening van sy taak beantwoord hy aan sy roeping en opdrag. Dit verg besondere eise, kennis, bedrewenhede en vaardighede van die maatskaplike werker met 'n Christelike mensbeskouing. Die maatskaplike groepwerker benodig, behalwe die algemene wetenskaplike kennis, vaardighede en bedrewenhede, ook besondere kennis, vaardighede en bedrewenhede in die hantering van die groepe asook individue binne groepsverband. In die uitoefening van sy taak gehoorsaam hy die basiese uitgangspunte van maatskaplike werk.

Na aanleiding van die voorafgaande, enkele slotgedagtes én toekomsperspektiewe:

- Met inagneming van die wese van die mens en die moontlikhede wat die beroep maatskaplike werk stel, het ondersoeker deur die loop van die ondersoek tot 'n alhoemeer oortuigde standpunt gekom dat maatskaplike groepwerk as terapeutiese metode van die maatskaplike werk meer gebruik kan word en nie tot sy reg kom in die meeste welsynsinstansies in Suid-Afrika nie.

- Dit is in die beroepsbeoefening van maatskaplike werk onverantwoordelik teenoor die kliënt om slegs een terapeutiese metode te gebruik terwyl daar ten minste nog twee ander metodes is.
- Die terapeutiese metodes staan nooit los van mekaar nie, maar behoort aanvullend tot mekaar gebruik te word.
- Aangesien maatskaplike groepwerk 'n jong metode is wat maar die afgelope paar jaar in Suid-Afrika sy bestaansreg begin vind het, is baie navorsing en deurdenking van hierdie metode, sy wesenskomponente, taak, doel en toepassingsmoontlikhede baie belangrik. Baie navorsing oor verskeie aspekte van die metode is belangrik.
- In enige beroep of professie is 'n grondige kennis van die grondstof, materiaal of objek waarmee gewerk word, noodsaaklik. In die maatskaplike werk word met die mens gewerk. In Suid-Afrika bestaan daar die neiging om weg te skram van 'n duidelik omlynde mensbeskouing. Sommige skole vind dit selfs onnodig. Dit word baie sterk aanbeveel dat veel meer aandag, veral by die opleiding van maatskaplikewerk-studente, gegee moet word aan hierdie aspek. 'n Duidelike omlynde mens-, lewens- en wêreldbeskouing is essensieel vir die beoefening van maatskaplike werk.
- Die mens se lewe bestaan uit vier primêre verhoudings - tot God, die medemens, die kosmos en homself. Die taak en terrein van die maatskaplike werk val primêr op die verhouding van die mens tot sy medemens en kosmos. Aangesien hierdie vier verhoudingsvlakke van die mens mekaar so nou raak, moet daar, waar daar versteurings in een van die verhoudingsvlakke bestaan, ook aandag gegee word aan ander verhoudingsvlakke. Dit noodsaak die gebruik van interdissiplinêre spanwerk. Met verantwoordelikheid moet hierdie aspek in die maatskaplike werk hanteer word.

- Vir die sukses van maatskaplike werk is dit belangrik dat meer klem gelê word op die dominante nood van die mens en dat die maatskaplike werker in sy hulpverlening nie by 'n simptoom van die probleem of nood vassteek nie.
- Met inagneming van die besondere betekenis van die begrip "terapie" en die besondere wyse waarin dit in die maatskaplike werk van toepassing is, word aanbeveel dat die begrip baie meer tot sy reg sal kom in die teorie en praktyk van maatskaplike werk.
- Tot 'n baie groot mate hang die maatskaplike werker se suksesvolle optrede in sy werk van die toepassing van die basiese beginsels van maatskaplike werk af. Die integrasie van die uitgangspunte by die maatskaplike werker se mensbeskouing en by sy persoonlikheid is 'n belangrike aspek van opleiding en die vorming van die beroepspersoonlikheid.
- Die Woordeboek vir Maatskaplike Werk is 'n groot begin op die weg van eenvormige terme in die maatskaplike werk. Die verskil in betekenis van 'n enkele begrip by die verskillende skrywers en skole van maatskaplike werk, maak die teorie van die beroep onnodig ingewikkeld. Eenvormige terme sal soveel ongerief en misverstand uitskakel.
- Met die vinnige ontwikkeling van die groepsdinamika wat al as deelwetenskap beskou word, moet daaraan gedink word om dit by universiteite in te stel. Dit sou beteken dat die studente wat groepsdinamika in hul verskillende beroepe benodig, die teorie en praktyk van groepwerk met behulp van groepsdinamika ontvang. Dit sal aansienlike tyd bespaar asook die standaard van opleiding ten opsigte van groepwerk kan verhoog. Die toespitsing van die eie beroepsproblematiek met die daaraan verbonde teoretiese vorming en praktiese werk sal dan die spesifieke taak van elke beroepsopleiding afsonderlik wees.
- By die formulering van die doel van maatskaplike groepwerk,

moet dit konsekwent en in ooreenstemming bly met die doel van maatskaplike werk. Die beroepsmetode kan tog nie heel vreemde doelstellings in verhouding met die beroep beoefen nie.

- Die groep moet beskou word as 'n terapeutiese medium vir die individuele lede wat die groep self as oefenskool moet aan= wend in die oplossing van sy probleem met behulp van die maatskaplike groepwerker.
- Die plek van die individu mag nie ontken word nie, want hy bly nog die unieke individu met 'n unieke probleem selfs in 'n terapiegroep wat rondom 'n gemeenskaplike nood geselekteer is. Die bereiking van die groepsdoel kan nie dien as maat= staf van doelbereiking van die maatskaplike groepwerker nie. Sy taak is eers afgehandel as die doel van elke individu be= reik is en die individu weer bevredigend maatskaplik funk= sioneer in sy samelewingsrolle.
- Maatskaplike groepwerk het 'n taak ten opsigte van die Kleurling en verstedelikte Bantoe. Of hierdie dienste werklike maatskaplike groepwerk moet wees of eerder kulturele vormingswerk moet uitgetoets word.
- Groepwerk met gesinne is 'n nuwe gedagterigting wat aandag moet ontvang in aanvulling tot kollektiewe gevallewerk.
- Die dienste van maatskaplike werksters wat na hul troue nie by 'n welsynsinstansie werksaam is nie, kan baie oordeelkun= dig aangewend word ten einde sekere groepe te hanteer. Die beleid van "uitwaartse beweging" moet gevolg word. Kliënte moet buite kan ontmoet word sodat of omdat hulle nie na die maatskaplike werkers kom nie. Hierdie groepe kan ook veran= der na voorkomingsgroepe van bepaalde aspekte.

Aan die einde van die ondersoek is die wete so sterk dat daar aan verskeie aspekte van die ondersoek net geraak is en dat nog meer nie deurskou is tot die diepte daarvan nie. Trouens, indien dit

moontlik sou wees om die metode in al sy aspekte oop te vlek en te ken, sou dit beteken dat dit nie moontlik is dat verdere ont=wikkeling kan plaasvind nie en dan kan alleen stagnasie en agter=uitgang volg.

Ondersoeker hoop dat ander navorsers, ondersoekers en veral beoe=fenaars van die beroep sal voortgaan met verdere en diepere onder=soeke oor hierdie metode van maatskaplike werk.

## BRONNELYS

### BOEKE


1. Bakker, P.S.; Nijkerk, K.J.; Van Stegeren, W.F. en Wierenga, C.F. *Supervisie van groepswerkers.* Alpen aan den Rijn. Sociale en Culturele reeks. N. Samson, 1965.

2. Banning, W. *Inleiding tot de sociale ethiek.* Den Haag N.V. Servire, 1949.

3. Bartlett, Harriet M. *Analysing social work practice by fields.* New York, National Association of Social Workers, 1961.

4. Bartlett, Harriet M. *The common base of social work prac=tice.* New York, National Association of Social Workers, 1970.

5. Batten, R.T. *The non-directive approach in group and community work.* London, Oxford University Press, 1967.

6. Beal, G.M. en andere *Leadership and dynamic group action.* Iowa, The Iowa State University Press. 4th printing, 1967.

7. Bennett, M.E. *Guidance and counseling in groups.* New York, McGraw-Hill Book Co. 1963.

8. Berkhof, H. *De Mens onderweg, een Christelijke mensbe=schouwing.* s'Gravenhage, Boekencentrum, 1963.

9. Berkouwer, G.C. *De Mens het beeld Gods.* Kampen, J.H. Kok, 1957.

10. Bennis, W.G.; Shepard, H.A. en andere *The planning of change.* New York, Holt, Rinehart and Winston, Inc., 1962.

11. Bettinghaus, Erwin P. *Persuasive communication.* New York, Holt, Rinehart and Winston, Inc., 1968.

12. Biestek, F.P. *The casework relationship.* London, George Allen and Unwin Ltd., 1961.

13. Bion, W.R. *Experiences in groups and other papers.* New York, Basic Books Inc., 1961.

14. Bisno, H. *The philosophy of social work.* Washington D.C., Public Affairs Press, 1952.

15. Blignault, F.W. en Fourie, H.P. *Kommunikasiekunde.* Unisa publikasie. Handboekreeks no. 6A, 1970.

16. Botha, D. *Maatskaplike groepwerk.* Pretoria, J.L. van Schaik Bpk., 1972.

17. Boehm, W. *Objectives of the social work.* Englewood Cliffs, N.J. Prentice Hall Inc., 1958.

18. Boehm, W. *Objectives in the social work curriculum of the future. Vol. II.* New York, Council on special work education, 1959.

19. Bopape, M. *The definition of social group work: A comment.* Publikasie van die Universiteit van die Noorde, Reeks A no. 11, 1970.

20. Brocher, T. *Groepsdynamica in het vormingswerk.* Groningen, Wolters-Noordhoff, 1971.

21. Cartwright, D. and Zander, A. *Group dynamics research and theory.* London, Taristock Publication, 1953.

22. Clarke. *Principles and practice of social work.* London and New York, D. Appleton Century Company, 1947.

23. Conference on *building social work knowledge.* New York, National Association of social workers, 1964.

24. Couwenberg, S.W. *De vereenzaming van de moderne mens.* 's Gravenhage N.V. Uitgevers Maatschappij, 1958.

25. Coyle, Grace L. *Group work with American Youth.* New York, Harper, 1948.

26. Cronjé, G. *Die wysgerige antropologie en die menswetenskappe.* Pretoria, J.L. van Schaik Bpk., 1966.

27. Cronjé, G. *Grondslae in die maatskaplike werk.* Ongepubliseerde rede uitgespreek by geleentheid van die kursus vir maatskaplike werkers aan die Universiteit van Pretoria op 12 Oktober 1966.

28. Cronjé, G. *Professionele maatskaplike werk.* Pretoria, J.L. van Schaik Bpk., 1965.

29. Davis, James H. *Group performance.* London, Addison-wesley Publishing Company, 1969.

30. Davidson, E.H. *Social casework.* London, Baillière. Tindall and Cox, 1965.

31. De Klerk, W.J., Duvenage, B. en Van Wyk, J.H. *Roeping en werklikheid.* Potchefstroom, Potchefstroom Herald (Edms) Bpk., 1972.

32. De Klerk, W.J. *Rousmart - die pastorale sorg oor bedroef=des na die oorlye van 'n dierbare.* Johannesburg, Boekhan=del De Jong., 1968.

33. Du Preez, M.S.E. *Maatskaplike groepwerk — 'n teoretiese uiteensetting.* Pretoria, McGraw-Hill Boekmaatskappy, 1972.

34. Duvenage, B. *Inleiding tot die Calvinistiese etiek.* Dik=taat, PU vir CHO.

35. Edelson, M.E. *Sociotherapy and Psychotherapy.* Chicago, The University of Chicago Press, 1970.

36. Eloff, D.J. *Enkele aspekte van belang by die ontstaan en ontwikkeling van maatskaplike werk.* Potchefstroom, Pro Rege Pers, Bpk., 1968.

37. Fedder, R. *The high school principal and staff develop group guidance.* New York, Columbia University Press, 1962.

38. Frankl, V.E. *Medische zielzorg.* Utrecht, Erven J. Bijle=veld.

39. Frankl, V.E. *Man's search for meaning: An introduction to logotherapy.* New York, Washington Square Press, 1969.

40. Friedlander, W.A. *Concepts and methods of social work.* Englewood Cliffs, N.J. Prentice-Hall Inc., 1958.

41. Grosheide, F.W. en Van Utterzon, G.P. *Christelijke encyclo=pedie.* Kampen, J.H. Kok, 1961.

42. Habermehl, D.N. *Ons dagelijks werk.* Kampen, J.H. Kok, 1959.

43. Hamilton, G. *Theory and practice of social casework.* New York, Columbia University press, 1959.

44. Harper, E.B. en Dunham, A. *Community organisation in action.* New York, Association Press, 1963.

45. Hinckley, R.G. and Hermann, L. *Group therapy in psychotherapy.* Minneapolis, University of Minnesota Press, 1951.

46. Hearn, G. *Theory building in social work.* Toronto, University of Toronto Press, 1958.

47. Heasman, K. *Christians and social work.* London, SCM Press Ltd., 1965.

48. Heyns, J.A. *Die nuwe mens onderweg.* Pretoria, Tafelberg Uitgewers Bpk., 1970.

49. Hofmeyr, L. *Die groepsgesprek in maatskaplike groepwerk.* Pretoria, McGraw-Hill Boekmaatskappy, 1972.

50. Hugo, E.A.K. *Die mens in nood.* Pretoria, Academica, 1971.

51. Hunt, J. Mc V. and Kogan, L.S. *Measuring results in social casework — a manual on judging movement.* New York, Family Service Association of America, 1952.

52. Irving, James. *Social organisation and social disorganisation.* Grahamstown, Rhodes University College, 1949.

53. Jackson, J.A. *Role.* London, Cambridge University Press, 1972.

54. Johnson, J.A. *Group therapy : A Practical approach.* New York, McGraw-Hill Co., 1963.

55. Joubert, D.D. en Steyn, A.F. *Groepsdinamika.* Stellenbosch, Universiteits-Uitgewers en -boekhandelaars (Edms) Bpk., 1971.

56. Kahl. O.G. *Gemeenskapsorganisasie.* Diktaat, PU vir CHO.

57. Kamphuis, M. *Om de leefbaarheid van de bestaan.* Lochem, De Tijdstroom, 1959.

58. Kemp, C.G. *Foundations of group counseling.* New York, McGraw-Hill Book Co., 1970.

59. Kittel, G. *Theological dictionary of the New Testament. Vol. III.* Michican, W.M.B. Eerdmans Publishing Co. 1965.

60. Konopka, G. *Group work in the institutions.* New York, Association Press, 1954.

61. Konopka, G. *Social group work: A helping process.* New York, Prentice Hall Inc., Engelwood Cliffs, 1963.

62. Klein, Alan. *Social work through group process.* Albany, School of social welfare, State University of New York, 1970.

63. Kooistra, R. *Facts and values; A Christian approach to to sociology.* Ontario, The Association for reformed scientific studies, 1963.

64. Lifton, W.M. *Working with groups, group process and individual growth.* New York, John Wiley and Sons, 1967.

65. Mayer, John E. and Timms, Noel. *The client speaks.* London, Routledge and Kegan Paul, 1970.

66. Mc Cary, J.L. *Six approaches to psychotherapy.* New York, The Dryden Press, 1955.

67. McCullough, M.K. and Ely, P.J. *Social work with groups.* London, Routledge and Kegan Paul, 1971.

68. Middleman, R.R. *The Non-verbal method in working with groups.* New York, Association Press, 1968.

69. Moltzer, M.J.A. *Maatschappelijk Werk.* 2de druk, s'Gravenhage, Nijgh en van Ditmar Uitgeverij, 1948.

70. Montelius, M. *Working with groups: A guide for administration of group services in public welfare.* Washington, U.S. Department of Health, Education and Welfare. Welfare Administration Bureau of Family Services, 1965.

71. Nederlands Gesprekcentrum. *Helpen in deze tijd.* Kampen, J.H. Kok, 1960.

72. Northen, H. *Social work with groups.* New York, Columbia University Press, 1969.

73. Olmsted, M.S. *The small group.* New York, Random House, 1959.

74. Parihar, B.S. *Group process.* Allahabad, Kitab Mahal, 1968.

75. Perlman, H. *Persona, social role and personality.* Chicago, University of Chicago Press, 1968.

76. Pont, A.D. *Sensitiwiteitsopleiding.* Pretoria, Christelike Kultuuraksie no. 7, Junie 1973.

77. Radhakrishnan, S. en Raju, P.T. *The Change of man.* London, George Allen and Unwin Ltd., 1966.

78. Ross, M. *Community organization, theory and principles.* New York, Harper and Bros. 1955.

79. Ruitenbeek, H.M. *Group therapy today.* New York, Atherton Press, 1969.

80. Ruygers, H. *Noodlijdend is de mens.* Antwerpen, Uitgeverij Paul Brand, 1962.

81. Salzberger-Wittenberg, Isca. *Psycho-analytic insight and relationships.* London, Routledge and Kegan Paul, 1970.

82. Swartz, E.F. *The social welfare forum.* New York, Colombia University Press, 1964.

83. Schwartz, W. *Group work in public welfare.* Illinois, American Public Welfare Association, 1968.

84. Skidmore, R.A. en Thackery, M.G. *Introduction to Social Work.* New York, Meredith Publishing Co., 1964.

85. Slavson, S.R. *Analytic group psychotherapy with children, adolescents and adults.* New York, Columbia University Press, 1950.

86. Smalley, R.E. *Theory of social work practice.* New York, Columbia University Press, 1967.

87. Spier, J.M. *Inleiding in de wijsbegeerte der wetsidee.* Kampen, J.H. Kok, 1950.

88. Stoker, H.G. *Beginsels en metodes in die wetenskap.* Potchefstroom, Pro Rege-pers Bpk., 1961.

89. Stoker, H.G. *Praktiese Calvinisme.* Potchefstroom, Pro Rege-pers, 1956.

90. Stroup, H.H. *Social work, an introduction to the field.* New York, American Book Co., 1960.

91. Swift, L.B. *Concepts and methods of social work.* New York, Prentice Hall Inc., 1958.

92. Theron, J.S. *Fundamentele aspekte van die maatskaplike werk.* Pretoria, Mededelinge van die Universiteit van S.A., 1969.

93. Thierry, H. *De Bedreigde men in de moderne sameleving.* Den Haag, J.N. Voorhoeve, 1956.

94. Thomas, E.J. *The socio-behavioral approach and applications to social work.* New York, Council on social work education, 1967.

95. Timms, N. *Social work, an outline for the intending stu= dent.* London, Routledge and Kegan Paul, 1970.

96. Towle, Charlotte. *Common Human needs - An interpretation for staff in public assistance agencies.* New York, National Association of Social Workers, 1957.

97. Trecker, H.B. *Group work in the psychiatric setting.* New York, Whiteside Inc., 1956.

98. Trecker, H.B. *Social group work: principles and practi= ces.* New York, Association Press, 1965.

99. Van den Berg, H. *Sociologie van de hulpverlening.* Meppel, J.A. Boom en Zoon Uitgevers, 1964.

100. Van den Dam, J.P.A. *Maatschappelijk werk.* Utrecht, Uitge= verij het spectrum, 1958.

101. Van der Linden, H.B. *Van nummer tot mens.* Arnhem, Vuga-boekerij, 1962.

102. Van Dijk, R. *Gestalten en getijden in de sociale werklijk= heid.* Amersfoort, Uitgeverij A. Roelofs van Goor, 1964.

103. Van Dijk, R. *Mens en medemens.* Wageningen, NV Gebr. Zomer en Keunings Uitgeversmij. Tweede druk.

104. Van Loon, P.C.J. *Doelmatigheid van het maatschappelijk werk.* 's Hertogenbosch, L.C.G. Malmberg, 1950.

105. Van Rooyen, I.J.J. *Maatskaplike funksionering en die maat= skaplike werk.* Pretoria, Mededelings van die Universiteit van S.A., 1963.

106. Van Stegeren, W.F. *Groepswerk: een nederlandse oriënte= ring.* Deventer, Van Loghum Slaterus, 1971.

107. Van Wolters, J.B. *Vorming.* Groningen, Wolters Noordhoff, 1965.

108. *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal.* Hoof=redakteur: P.C. Schoones. Pretoria, Voortrekkerpers, 1971.

109. Vinter, R.D. *Group work practice.* Michigan, Campus Publi=shers, 1967.

110. Waterink, J. *De mens in de Psychologische beschouwing der twintigste eeuw.* (Titelblad verlore).

111. Whitaker, D.S. *Psychotherapy through the group process.* London, Tavistock Publications, 1965.

112. Willey and Strong. *Group procedures in guidance.* New York, Harper and Brother's Publishers, 1957.

113. Wilson, G. and Ryland, G. *Social group work practice.* Boston and Cambridge, Houghton Mifflin Co. The Riverside Press, 1949.

114. *Woordeboek vir maatskaplike werk.* Saamgestel deur die Vaktaalkomitee vir maatskaplike werk. Pretoria, Die Staatsdrukker, 1972.

115. Wurth, G.B. *Mensbeschouwing en maatschappelijk werk.* Kampen, J.H. Kok, N.V., 1957.

SKRIPSIES, M.A. VERHANDELINGE EN D.PHIL PROEFSKRIFTE

1. Behr, B.J. *Programbeplanning as bedrewenheid in groepwerk met spesiale verwysing na enkele groepe in Pretoria.* Onge=publiseerde M.A. verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1968.

2. Botha, D. *Groepwerk in inrigtings.* Ongepubliseerde D.Phil proefskrif. Universiteit van Pretoria, November 1965.

3. Botha, D. *Groepwerk in kinderinrigtings met spesiale verwy=sing na 'n Pretoriaanse inrigting.* Ongepubliseerde M.A. verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1964.

4. De Vos, A.S. *'n Ondersoek na die betekenis van die begrip diagnose in die gevallewerkmetode.* Ongepubliseerde D.Phil proefskrif. Die Randse Afrikaanse Universiteit, 1972.

5. Heyns, P.M. *Die invloed van groepterapie op nywerheidskool=seuns.* Ongepubliseerde M.A. verhandeling. Universiteit van Stellenbosch, 1971.

6. Kruger, J.J. *Programbeplanning as bedrewenheid in groep=werk: 'n Ondersoek na die toepassing van groepwerk in 'n Plek van Veiligheid.*

7. Kruger, J.J. *Die behandeling van blanke persone in staats=toevlugte in Suid-Afrika met besondere aandag aan groepwerk as metode in die maatskaplike werk.* Ongepubliseerde M.A. verhandeling. Universiteit van Pretoria, Januarie 1967.

8. Le Grange, A.C. *Programbeplanning as bedrewenheid in groepwerk: 'n Ondersoek na die toepassing van groepwerk in 'n Plek van Veiligheid en Bewaring in Port Elizabeth.* Ongepubliseerde M.A. verhandeling. Universiteit van Port Elizabeth, Januarie 1968.

9. Pieterse, F.P. *Professionele mannekrag as faktor in maat=skaplike werk in die R.S.A.* Ongepubliseerde M.A. verhande=ling. Potchefstroomse Universiteit vir CHO, Oktober 1971.

10. Theron, J.S. *Die begrip maatskaplike werk met besondere aandag aan mens- en lewensbeskouing.* Ongepubliseerde D. Phil proefskrif. Universiteit van Pretoria, 1965.

11. Viljoen, R.J. *'n Kritiese ontleding van die vrouewerksen=tra in Pretoria.* Ongepubliseerde M.A. verhandeling. Universiteit van Pretoria, 1956.

12. Van Niekerk, S.C. *Professionele selfkennis en beskikbaar=stelling/diensbaarheid van die maatskaplike werker met be=sondere verwysing na die gevallewerksituasie.* Ongepubli=seerde skripsie. Potchefstroomse Universiteit vir CHO, 1972.

13. Winckler, A.T. *Maatskaplike werk navorsing met besondere verwysing na die Republiek van Suid-Afrika.* Ongepubliseer=de M.A. verhandeling. Universiteit van Suid-Afrika, Janua=rie 1964.

TYDSKRIFARTIKELS


1. Bartlett, Harriet M. "Toward clarification and improvement of social work practice - a working definition of social work practice" in *Social Work.* Vol. III no. 2, 1958.

2. Bearden, Alan. "Group work training for child care officers" in *Social Service.* Spring, 1969.

3. Behr, B.J. "Groepwerk. 'n Studiestuk vir gebruik deur professionele beamptes van die Departement Volkswelsyn en Pensioene" in *Volkswelsyn en Pensioene.* No. 1, 1969.

4. Botha, D. "Groepwerk as hulpmiddel vir die nasorg van oudgevangenes" in *Maatskaplike Werk.* Maart 1969.

5. Bornman, M.S. "Groepwerk as metode in maatskaplike werk soos toegepas deur die Suid-Afrikaanse Vroue Federasie" in *Volkswelsyn en Pensioene.* No. 2, 1970.

6. Departement Volkswelsyn en Pensioene. "Evaluasieverslag oor groepwerk by Excelsior Plek van Veiligheid en Bewaring, Durban" in *Volkswelsyn en Pensioene.* No. 1, 1964.

7. Departement Volkswelsyn en Pensioene. "Verskuiwing van die klem in maatskaplike werk na voorkomingsdienste" in *Volkswelsyn en Pensioene.* No. 8, 1962.

8. Feldman, R.A. "Group integration, intense interpersonal dislike and social group work intervention" in *Social Work* Vol. 14 no. 3, Julie 1969.

9. Gee, H en Kemp, P. "Starting an adolescent group" in *British Journal of Psychiatric Social Work.* Vol. X no. 1, Spring 1969.

10. Hofstein, S. "The nature of process" in *Journal of Social Work Process.* Vol. XLV, Philadelphia, 1964.

11. Kasius, Cora. "Are social work principles emerging internationally" in *Social Casework.* Vol. XXXIV no. 1, Jan. 1953.

12. Louw, D.A. "Groepsterapie met adolessente" in *Rehabilitasie in Suid-Afrika.* Maart 1971.

13. Parsloe, P. "Some thoughts of social group work" in *The British Journal of Psychiatric Social Work*. Vol. X no. 1, Spring 1969.

14. Pieterse, J.E. "Die metodes van maatskaplike werk" in *Mens en Gemeenskap*. Jrg. III no. 1, Junie 1962.

15. Pieterse, J.E. "Groepwerk as metode in maatskaplike werk" in *Mens en Gemeenskap*. Jrg. 11 no. 1 April 1961.

16. Poggenpeol, F.P. "Die voorwerp van maatskaplike sorg in *Trooster*. Mei 1964.

17. Ross, S.D. "A behavioral approach to the group treatment of parents" in *Social Work*. Vol. 14 no. 3, Junie 1969.

18. Solomon, R. "Social work with the adult outpatient" in *Social Work*. Vol. 13 no. 4, Okt. 1968.

19. Theron, J.S. "Die praktiese waarde van die filosofie van maatskaplike werk" in *Volkswelsyn en Pensioene*. Jrg. 2, Vol. 2 no. 1, Junie 1967.

20. Van der Griendt, L.A.A. "Groepswerk met verslaafden" in *Tijdschrift voor maatschappelijk werk*. Jrg. 24, no. 2, Januarie 1970.

21. Van der Ploeg, J.G. "Het mensbeeld in het maatschappelijk werk" in *Tijdschrift voor maatschappelijk werk*. Jrg. 10, no. 10, 22 Mei 1956.

22. Van Niftrik, G.C. "Op weg naar een antropologie" in *Tijdschrift voor maatschappelijk werk*. 15 Des. 1956.

23. Venter, R. "Oriëntering vir die huwelik deur middel van groepwerk" in *Volkswelsyn en Pensioene*. Des. 1969.

24. Viljoen, R.J. "Die fundamentele in die maatskaplike werk" in *Volkswelsyn en Pensioene*. Jrg. 7, no. 1, Junie 1972.

25. Wyers, N.L. "Adaptation of the social group work method" in *Social Casework*. Vol. 50, no. 9, Nov. 1969.